

**TEOLOGIESE MOTIEWE VIR 'N MISSIONÊR  
DIAKONALE BEDIENNING VAN DIE KERK**

**OP WEG NA 'N BEGRONDING VAN DIE MISSIONÊR  
DIAKONALE EKKLESSIOLOGIE**

deur

Johannes Jacobus Knoetze

As gedeeltelike vervulling van die vereiste vir die graad Doctor Divinitatis  
(DD) aan die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van Pretoria.

Promotor: Prof Dr JJ Kritzinger  
Departement: Godsdiens en Sendingwetenskap

Mei 2002

## **INHOUDSOPGAWE**

<b>DEEL 1: AGTERGROND TOT DIE MOTIVERING VAN DIE MISSIONÊRE DIAKONAAAT</b>	<b>1-12</b>
<b>HOOFSTUK 1: BELANGRIKHEID VAN 'N STUDIE IN DIE MISSIONÊRE DIAKONAAAT</b>	<b>2-12</b>
1. INLEIDEND	2
2. DIE TEOLOGIE VRA NA BESINNING OOR DIE TERM MISSIONÊRE DIAKONAAAT	3
3. DIE KONTEKS VRA NA BESINNING OOR DIE MISSIONÊRE DIAKONAAAT	5
3.1 Kerklike konteks	5
3.2 Die Suid Afrikaanse konteks	8
3.2.1 Algemeen	8
3.2.2 MIV/Vigs	9
3.2.3 Armoede	10
4. DOELSTELLINGS EN WERKSWYSE	11
<b>DEEL 2: BEGRIPSVERHELDERING</b>	<b>13-100</b>
<b>HOOFSTUK 2: DIE DIAKONALE DIMENSIE IN DIE BEGRIP SENDING</b>	<b>14-48</b>
1. INLEIDING	14
2. 'N HISTORIESE BLIK OP DIE DIAKONALE DIMENSIE IN DIE SENDINGBEGRIP	15
2.1 Inleiding	15
2.2 Sendingparadigma van die Oosterse kerk	16
2.3 Die middeleeuse Rooms-Katolieke paradigma	20

2.4 Die Protestants Reformatoriese sendingparadigma	22
2.5 Sending na die Verligting	24
2.5.1 Die verheerliking van God	24
2.5.2 Gedring deur die liefde van Christus	25
2.5.3 Die evangelie en kultuur	25
2.6 Sending as uitbreiding 1900-1910	25
2.7 Sending as kerk vir volke (Volkskerk) 1910-1920	27
2.8 Jerusalem 1928, en daarna	27
2.9 Sending as proklamering, dialoog en bevryding 1960-1970	29
2.10 Sending as verkondiging en kerkgroei 1970-1980	31
2.11 Paradigmaverskuiwings in die sending	32
3. 'N HISTORIESE BLIK OP ENKELE BEPALENDE BESLUIE WAT GELEI HET TOT DIE SENDINGBEGRIIP IN DIE NED GEREF KERK	33
3.1 Die stigting van die kerk in Suid-Afrika	33
3.2 Sendingwerk deur die kerkverband	35
3.3 Enkele verskuiwings in die Suid-Afrikaanse sendingkonteks	37
4. VERSKILLENDE BENAMINGS VIR DIE VAKGEBIED: SENDING OF MISSIOLOGIE	38
5. SENDINGBEGRIPE	39
5.1 Woorde wat gebruik word om die begrip sending te omskryf	39
5.1.1 apostello en pempo	40
5.1.2 kerygma en didache	41
5.1.3 martyria/martyreo	42
5.1.4 euangelion/euangelizomai	43
5.1.5 Gevolgtrekking	44
6. MOTIVERING EN INHOUD VAN SENDING	45
6.1 Motivering van sending	45
6.2 Inhoud van sending	46
7. SAMEVATTING	47

<b>HOOFSTUK 3: DIE MISSIONÊRE DIMENSIE IN DIE BEGRIP DIAKONAAT</b>	<b>49-77</b>
1. INLEIDING	49
2. ENKELE ONTWIKKELINGSFASES IN DIE DIAKONAAT VOLGENS KARRES	53
3. ONTWIKKELING VAN DIE DIAKONAAT AAN DIE SUIDPUNT VAN AFRIKA	55
3.1 Aanvanklike organisering van die diakonaat	55
3.2 Diakonale dade deur die kerk	56
4. DIENSBEGRIPPE IN DIE OU EN DIE NUWE TESTAMENT	57
4.1 Woorde wat gebruik word om die begrip: diens (diakonia), te omskryf	58
4.1.1 diakonia, diakonein, diakonos	58
4.1.1.1 Die aard en karakter van die diens van Jesus Christus	59
4.1.1.2 Die wesenselemente van die diakonia	59
4.1.2 douleuo/douleuein/doulos	63
4.1.3 latreuo/latreia	64
4.1.4 leitourgeo/leitourgios	64
4.1.5 therapeuo	65
4.1.6 hyperetein	66
4.1.7 Gevolgtrekking	66
4.2 Diakonale beskrywings in die Ou en Nuwe Testament	66
4.2.1 Die diakonaat is omvattend gerig op die totale skepping	67
4.2.2 Die diakonaat is spesifiek gerig op die mens	67
4.2.3 Die diakonaat is begrond in die geboorte van God	68
4.2.4 Die diakonaat is gegrond in: God se opheffing van grense	69
4.2.5 Die diakonaat by die profete	70
4.2.6 Die nagmaal as hart van die diakonaat	70
5. DIAKONALE BEGRIPPE	72
5.1 Liefde	72

5.2 Barmhartigheid/ontferming	73
5.3 Geregtigheid	74
6. GRENSE VAN DIE DIAKONAAT	75
7. GEVOLGTREKKING	76
<b>HOOFSTUK 4: DIE BEGRIP MISSIONÊRE DIAKONAAT</b>	<b>78-100</b>
1. INLEIDING	78
2. VERHOUDING TUSSEN SENDING EN DIAKONAAT	78
2.1 Die verhouding is vasgelê in die wese van die Drie-enige God	78
2.2 Die verhouding is vasgelê in ons bekering	80
2.3 Die verhouding is vasgelê in die wese van die kerk	81
2.4 Die verhouding van Woord en daad binne 'n sendingperspektief	83
2.4.1 Woord en teken in die Evangelie van Johannes	83
2.4.2 Die verhouding Woord en daad by Paulus	84
2.4.3 Woordpare wat die verhouding uitdruk	84
2.4.4 Gevolgtrekking: Die verhouding, woord en daad in sending	85
2.5 Die verhouding van Woord en daad binne die diakonale perspektief	86
2.6 Gevolgtrekking	88
3. WAT WORD BEDOEL MET DIE TERM MISSIONÊRE DIAKONAAT	89
3.1 Missionêre diakonaat is sentripetaal en sentrifugaal	89
3.2 Waarom missionêre <i>diakonaat</i> ?	91
3.3 Waarom <i>missionêre</i> diakonaat?	94
3.4 Missionêre diakonaat en die samelewing	94
3.5 Die doel van missionêre diakonaat	96
3.5.1 Die verhouding tot God	96
3.5.2 Die verhouding tot die naaste	97
3.5.3 Die verhouding tot die self	98
3.5.4 Die verhouding tot die omgewing	98
4. MISSIONÊRE DIAKONAAT: 'N BEGRIPSOMSKRYWING	99

<b><u>DEEL 3:</u></b>	<b>‘N TRINITARIESE BEGRONDING</b>	
	<b>VAN DIE MISSIONÊRE DIAKONAAAT</b>	<b>101-159</b>
<b>HOOFSTUK 5:</b>	<b>GOD DIE VADER, BRON, OORSPRONG EN</b>	
	<b>VERVULLING VAN MISSIONÊRE DIAKONAAAT</b>	<b>102-125</b>
1.	INLEIDING	102
2.	GOD: ONS VADER	102
2.1	Ons Vader wat vir ons sorg	102
2.2	Ons Vader wat ons liefhet	103
2.3	Ons Vader die Almagtige	104
2.4	Ons Vader die Aanbiddelike	105
2.5	Ons Vader die Getroue	106
3.	GOD DIE VADER AS SKEPPER VAN DIE MENS	107
3.1	Geskape na God se beeld	107
3.2	In of tot vryheid geskep	109
3.3	As sosiale wesens geskep	110
3.4	Kreatief geskep	111
3.4.1	Werk	112
3.4.2	Seksualiteit	113
4.	GOD DIE VADER WAT RED	114
4.1	Inleiding	114
4.2	God se redding lei tot ‘n credo	115
4.3	God se redding is die kern van die godsdienst	116
4.4	Redding en verkiesing	117
5.	GOD DIE VADER WAT ONTFERM EN REGEER	118
5.1	Die ontferming van God	118
5.1.1	Die Vader wat ontferm deur te stuur	121
5.1.2	Die Vader wat ontferm deur te praat	122
5.2	Die Vader regeer	123
6.	DIE NOODSAAKLIKHEID VAN DIE PATEROLOGIE	

VIR MISSIONÊRE DIAKONAAAT	124
<b>HOOFSTUK 6: JESUS CHRISTUS: MODEL VAN DIE MISSIONÊRE DIAKONAAAT</b>	<b>126-144</b>
1. INLEIDING	126
2. JESUS AS MESSIAS/KONING	128
3. JESUS AS DIENSKNEG	132
4. JESUS AS PROFEET	135
5. JESUS AS PRIESTER	139
5.1 Priesterskap in die Ou Testament	139
5.2 Jesus, 'n herinterpretasie van die priesterskap in die Ou Testament	140
5.3 Jesus en die hoëpriesters in die Johannes evangelie	142
6. JESUS AS MODEL VIR DIE MISSIONÊRE DIAKONAAAT	144
<b>HOOFSTUK 7: DIE HEILIGE GEES AS BEMAGTIGER VAN DIE MISSIONÊRE DIAKONAAAT</b>	<b>145-159</b>
1. INLEIDING	145
2. DIE GEES IN DIE OU TESTAMENT	147
3. DIE HEILIGE GEES IN DIE NUWE TESTAMENT	149
4. DIE WERK VAN DIE HEILIGE GEES	152
4.1 Inleiding	152
4.2 Die rol van die Heilige Gees in Missionêre Diakonaat	152
<b><u>DEEL 4:</u> EKKLESIOLOGIES–ESKATOLOGIESE BEGRONDING VAN DIE MISSIONÊRE DIAKONAAAT</b>	<b>160-203</b>
<b>HOOFSTUK 8: MISSIONÊRE DIAKONAAAT: VERGESTALTING VAN DIE KONINKRYK; VOORTSPRUITEND</b>	

**UIT DIE VERBOND; EN ESKATOLOGIESE HOOP 161-176**

1. INLEIDING	161
2. DIE KONINKRYK AS BASIS VIR DIE MISSIONÊRE DIAKONAAT	161
3. DIE VERBOND AS DIE VERONDERSTELLING VAN DIE MISSIONÊRE DIAKONAAT	165
4. ESKATOLOGIE AS VERVULLINGSBELOFTE VAN MISSIONÊRE DIAKONAAT	173
5. ENKELE GEVOLGTREKKINGS VIR DIE MISSIONÊR-DIAKONALE BEDIENING	176
<b>HOOFSTUK 9: 'N MISSIONÊRE EKKLESIOLOGIE</b>	<b>177-201</b>
1. INLEIDING	177
2. OORSIGTELIKE BESKOUIING OOR DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE KERK	177
2.1 Roeping tot diens	177
2.2 Kerklike ontwikkelingsmodelle in die Ou Testament	180
2.3 Kerklike ontwikkelingsmodelle uit die Nuwe Testament en daarna	182
3. DIE IDENTITEIT VAN DIE KERK	185
3.1 Die roeping van die kerk	185
3.2 Enkele teologiese perspektiewe (basisbegrippe)	185
3.3 Die eenheid van die kerk	190
4. DIE ROEPING VAN DIE KERK	197
4.1 Die kommunikasie van die evangelie	197
4.2 Die dienskarakter van die kerk	198
4.3 Geroep tot dissipelmaking	199
5. DIE KERK EN KONTEKS	200
6. SAMEVATTING	202



**DEEL 5: OP WEG NA ‘N MISSIONÊR-DIAKONALE  
EKKLESIOLOGIE 204-240**

**HOOFSTUK 10: OP WEG NA ‘N MISSIONÊR-DIAKONALE  
EKKLESIOLOGIE 205-234**

1. INLEIDING	205
2. DIE INSTELLING VAN DIE MISSIONÊRE DIAKONAAAT	205
2.1 Inleiding	205
2.2 1 Pet 2:4-10	206
2.3 Gevolgtrekking	210
3. DIE MISSIONÊRE DIAKONAAAT BEDIEN ‘N OMVATTENDE NOOD	212
3.1 Inleiding	212
3.2 God se verlossingsplan	213
3.3 Luk 4:16-30	214
4. VERSKILLENDE GESTALTES VAN DIE MISSIONÊRE DIAKONAAAT	218
4.1 Eksemplariese diakonaat – die voorbeeld van die lewe	218
4.2 Karitatiewe diakonaat – dade van barmhartigheid	219
4.3 Koinoniale diakonaat – gemeenskapskeppend	220
4.4 Sosiale diakonaat – die eise van geregtigheid	220
4.5 Industriële diakonaat – die arbeidsterrein	221
4.6 Politieke diakonaat – die eis van bevryding	222
4.7 Revolusionêre diakonaat – gestalte van ongeduld	222
4.8 Ekumeniese diakonaat – samewerking tussen kerke	223
4.9 Ekologiese diakonaat – Ons en ons omgewing	223
4.10 Pogings tot vergestaltung van die missionêre diakonaat	224
4.10.1 Die “Comprehensive approach”	224
4.10.2 Wêrelddiakonaat	226
4.11 Gevolgtrekking	228
5. EENHEID AS GETUIENIS VAN DIE MISSIONÊRE DIAKONAAAT	229



5.1 Die eenheid van die kerk	229
5.2 Die eenheid van die bediening	230
5.2.1 Leitourgia	230
5.2.2 Kerugma	231
5.2.3 Koinonia	232
5.2.4 Diakonia	233
<b>HOOFSTUK 11:    IMPLEMENTERING VAN DIE MISSIONÊRE                     DIAKONAAT IN DIE EKKLESIOLOGIE</b>	<b>235-240</b>
1. INLEIDING	235
2. GEHOORSAAMHEID AAN DIE EVANGELIE	236
3. INLIGTING OOR EN IDENTIFIKASIE VAN NOOD	237
4. AANSPREEK VAN DIE NOOD	238
5. DIE KERKSTRUKTUUR EN DIE MISSIONÊRE DIAKONAAT	238
6. SAMEVATTING	239
<b>BRONNE GERAADPLEEG</b>	<b>241-254</b>



**DEEL I:**

**AGTERGROND TOT DIE MOTIVERING VAN DIE MISSIONÊRE  
DIAKONAAT**

Hierdie gedeelte van die studie bestaan uit een hoofstuk as inleiding en motivering tot die studie. Die lewe is almeer geïntegreerd en word almeer holisties benader. Dit opsigsself vra dat daar na die bediening van die kerk gekyk sal word, dat daar 'n baie meer geïntegreerde, holistiese bediening sal wees. Daar sal in hierdie hoofstuk gewys word op die teologiese sowel as kontekstuele nood wat vra na 'n missionêr-diakonale bediening. Dit bied ook 'n oorsig oor die geheel van die studie.

## HOOFSTUK 1

### BELANGRIKHEID VAN 'N STUDIE IN MISSIONÊRE DIAKONAAT

#### 1. INLEIDEND

Die begrip Missionêre Diakonaat is nie 'n totaal nuwe begrip nie, maar 'n redelike jong begrip binne die teologie. Met die begrip word eerstens gepoog om die gesonde spanning tussen die *kerugma en diakonia* aan te dui, en tweedens om dit sinvol te handhaaf.

In die literatuuroorsig is gevind dat daar inderdaad baie gewerk is op die twee afsonderlike temas: sending en diakonaat. Daar is wel ook 'n hele aantal werke wat handel oor sekere aspekte van die diakonaat in die sending. Veral die Wêreldraad van Kerke het vroeër reeds, maar veral vanaf die sestigerjare, al meer gefokus op sosiale nood. So het die kerk al meer aandag gegee aan sake soos ontwikkeling (vgl Pieterse 2001:109; Bruwer 1994:19-28). Dit blyk ook dat baie navorsers en skrywers die diakonale aspek eenvoudig aanvaar as deel van die sending, en visa versa. So word dit telkens slegs maar 'n onderafdeling van 'n bepaalde studie (vgl Karres 1969, Verkuyl sd, Jongeneel 1991). In die sending word daar nie werklik aandag gegee aan die diakonaat as sodanig nie, daar word meer aandag gegee aan sosiale omvorming en bevryding. Daar kon nie 'n studie gevind word wat spesifiek Missionêre Diakonaat begrond nie, die naaste hieraan was Crafford (1966). Tog is dit 'n saak wat in 'n mindere of meerdere mate deurlopend aandag gekry het. Bosch het byna in elke studie (1968, 1979, 1980, 1991) hierdie spanning tussen woord- en daadverkondiging probeer aandui. In die tagtiger jare het JH Smit 'n reeks artikels geskryf wat direk of indirek hierop betrekking het (1981, 1982, 1988a, 1988b, 1990, 1991).

Die studie is uiters noodsaaklik en wel om die volgende redes:

- Die term Missionêre Diakonaat, sowel as die praktyk daarvan, is problematies, daarom is dit noodsaaklik om teologies hieroor te besin.
- Die studie is uiters aktueel, aangesien dit handel oor 'n saak wat die kerk in sy diepste wese raak, terwyl die kerk (Ned Geref Kerk) tans in Suid-Afrika weer duidelikheid moet kry oor sy rol in 'n nuwe bedeling.

- Daar is min of geen navorsing gedoen oor spesifiek Missionêre Diakonaat nie, alhoewel die spanning tussen Woord- en daadverkondiging van die vroegste tye kom en dit gereeld tot spanning binne die Christendom lei. Die studie wil hieraan aandag gee in die nuwe konteks waarin die kerk in Suid-Afrika hom tans bevind, nie as 'n stuk bevrydingsteologie nie, maar juis reformatories as Missionêre Diakonaat. “Die naam ‘reformatories’ het nie 'n *kerklike* betekenis nie (lidmaatskap van byvoorbeeld die Gereformeerde of Nederduits Gereformeerde Kerk). Dit het ook nie 'n *konfessionele* konnotasie nie (aanvaarding van bepaalde belydenisskrifte uit die sestiende eeu). Dit sny deur kerklike en konfessionele grense. Dit het 'n *lewensbeskoulike* betekenis, dit bind mense uit verskillende kerke saam wat op dieselfde wyse na God se skepping kyk” (Van der Walt 1995:26).
- Die studie is uiters belangrik vir die kerk (veral die Ned Geref Kerk), omdat daar ter wille van geloofwaardigheid en identiteit, in die praktyk hieraan aandag gegee sal moet word.

## **2. DIE TEOLOGIE VRA NA BESINNING OOR DIE TERM MISSIONÊRE DIAKONAAT**

Die studie handel oor beide begrippe, sending en diakonaat, asook hulle verhouding tot mekaar in die teologie en praktyk. Dit is baie duidelik uit die literatuur dat die twee begrippe duidelik geskei en onderskei word. In die studie sal dit duidelik blyk dat die begrippe duidelik verskillende beklemtonings het, maar dat dit in wese om die een bediening van die Woord gaan, en dat daarteen gewaak moet word om dit te skei. So ‘n teoretiese skeiding gee aanleiding dat die praktyk van die bediening geweldig verskraal word. Verder gee die feit dat dit ook in die kerklike strukture, by twee (afsonderlike) kommissies behoort daartoe aanleiding dat dit nie in die praktyk van die kerk se lewe tot die wese van die kerk se bediening hoort nie. Dit blyk baie duidelik uit die verslag van die sub-kommissie Sendingdiens en Diakonaat aan die ASSK vergadering 4 Maart 1998, nl dat sendingkommissies die fisiese nood doodeenvoudig aan die diens van barmhartigheid oorlaat wat, as gevolg van die oorlewingstryd van die bestaande werk, nie ook nog aandag kan gee aan 'n sendingdimensie van die barmhartigheid nie. So verwys Smit (1991), in navolging van Bosch (1979), na ‘n aantal eensydige benaderings wat omskryf word as:

- Verskraalde evangelie
- Verwaterde evangelie
- Funksionele evangelie
- Amptelike evangelie
- Ekklesiosentriese benadering.

Hy pleit vir 'n Koninkryksbenadering, want die kerk bestaan nie ter wille van homself nie, maar ter wille van die wêreld. Dit is juis in 'n poging om aan hierdie eensydige benaderings te ontkom dat aandag gegee moet word aan die Missionêre Diakonaat.

Sending en diakonaat is twee omvattende begrippe wat beide tot die wese van die ware kerk behoort. Dit is ook twee begrippe wat byna al die werk van die kerk kan insluit. In die praktyk is dit egter die geval dat sending en diakonaat, as gevolg van ekonomiese en ander omstandighede, al meer afgeskaal, gekanaliseer, verpolitiseer of geprivatiseer word. Die vraag is egter wat verstaan word onder die term Missionêre Diakonaat. Die term Missionêre Diakonaat sou vanuit twee gesigspunte beskryf kon word, nl

- Die tradisionele diakonale dienste in die sending bv sendingskole, hospitale, ens.  
Met ander woorde, hier word gekyk na die diakonale dimensie van die sending.
- Of dit kan beskryf word vanuit die sendingdimensie van die diakonaat bv straatkinders, bejaardesorg, ens.

Dit wil dus voorkom of daar 'n keuse gemaak sal moet word of die Missionêre Diakonaat beskryf gaan word vanuit of die missionêre of diakonale aspek daarvan. Die diakonaat het nog altyd, veral binne die Ned Geref Kerk, in 'n mindere of meerdere mate binne die sending gefunksioneer. In die huidige situasie is dit ongelukkig so dat meeste van hierdie oorspronklike diakonale dienste in die sending bv sendinghospitale, sendingskole ens aan die staat oorgegee is. Daar word ook nie - volgens die sendingtradisie dat sending daar ver is - nuwe sendingvelde ontwikkel nie. Die kerk sal dus werklik opnuut moet dink oor sending, en begrip kry vir die

plaaslike sending en diakonaat.

Aan die ander kant is dit waar dat die diakonaat nog altyd baie na binne gerig was en is, miskien veral binne die Gereformeerde tradisie. Karres (1969:8) skryf oor die Nederlands gereformeerde protestantisme die volgende: “Nog in de dertiger jaren was de leus, die de diakenen in velerlei toonaard werd ingeprent: geen dubbele bedeling! Wij zorgen voor *onze eigen armen* (klem myne) geheel”.

In hierdie studie sal gefokus word op beide die sendingdimensie “om te stuur” (Dubose 1983:24-27) in die diakonaat, sowel as die diakonale dimensie in die sending. Daar word doelbewus gekies om die twee nie te skei deur vanuit òf die een, òf die ander dimensie te skryf nie, want die twee begrippe gryp in mekaar in, daarom word vanuit die Missionêre Diakonaat geskryf, en nie vanuit die sending of die diakonaat as sodanig nie. Die eerste en primêre opdrag wat God aan die mens gee (Gen 1:26-28), is nie "geestelik", bv om te bid of kerk te bou nie, maar om die tuin te bewerk, die wêreld te regeer en te bewaak. Christus se latere sendingbevel (Matt 28:19) mag nooit in isolasie van hierdie eerste kultuuropdrag gesien word nie (Van der Walt 1995:20-23).

Volgens die Skrif moet ons *in* ons kulturele aktiwiteit die verlossing in Christus verkondig. God se twee opdragte is een. Die een faset daarvan is dus nie belangriker as die ander nie, omdat dit geesteliker of heiliger as die ander sou wees. Ware Christelike evangelisering is altyd sosiale aksie en ware Christelike sosiale aksie is altyd evangeliserend van aard! Die terme “evangelisering” en “sosiale aksie” is bowendien baie eng en uiters vaag (Van der Walt 1995:20).

### **3. DIE KONTEKS VRA NA BESINNING OOR MISSIONÊRE DIAKONAAT**

#### **3.1 Kerklike konteks**

Die kerk bevind hom tans in 'n uiters onsekere en "identiteitslose" tyd in Suid-Afrika. Daar word opnuut besin oor die roeping van die kerk, aangesien die kerk ook 'n identiteitskrisis beleef, veral rondom sy bediening na buite. Dit blyk baie duidelik uit die volgende verslag van die Kommissie vir Sendingdiens en Diakonaat aan die ASSK.

Daar is indringend besin oor die werksterrein van hierdie kommissie. Wat word bedoel met sendingdiens en dan diakonaat? Wanneer is dit sending-gerigte diakonaat? Gaan dit hier bloot om interkerklike hulpverlening? Het gewone gemeentediakonaat ook 'n missionêre dimensie en wat behels dit? Hoe verskil die werk van hierdie kommissie van byvoorbeeld die SKDB's en die AKDB? Is daar hoegenaamd plek vir hierdie kommissie in 'n nuwe sendingsituasie waarin sendingskole, sendinghospitale en ander sodanige inrigtings verdwyn het? Het ons sendingbetrokkenheid steeds 'n diakonale dimensie? Sou daar nie ten minste oorweging gegee moet word aan 'n ander naam vir die kommissie nie? (4 Maart 1998).

Dit is 'n feit dat daar nie anders oor die sending gepraat kan word as vanuit 'n trinitariese sowel as holistiese benadering nie: dus, die sending van die ganse Kerk van Christus wat gerig is op die ganse wêreld en die ganse mens. Dit is dan ook wel waar dat: "Swart kerke (bv die SARK-groep) al meer sosiaal-polities betrokke geraak het, terwyl die blanke kerke (bv die drie Afrikaanse Susterskerke) hulle al meer piëtisties-individualisties uit die politiek-sosiale sfeer onttrek het. Ons sou die een groep die Ekumeniese Christene, en die ander die Evangeliese Christene kon noem" (Van der Walt 1995:2).

Binne Suid-Afrika is dit ook so dat elke gemeenskap en bevolkingsgroep 'n sendingveld geword het. Elke gemeenskap en bevolkingsgroep stel dan ook besondere eise aan die sending, aangesien Suid-Afrika 'n Derde Wêreldland is met 'n baie sterk Westerse inslag, waar pre-modernisme, modernisme, post-modernisme en totale ongeskooldheid hand aan hand loop. Daar is 'n "afvalligheid" by die gevestigde kerke en jonger kerke wat al meer teologies selfstandig word. Finansiële bly die jonger kerke egter in meeste gevalle totaal en al afhanklik van die gevestigde kerk.

Die vraag ontstaan of die kerk besig is met sending, òf diakonaat, òf Missionêre Diakonaat wanneer hy die jonger kerke ondersteun. Moet en mag hierdie kerke afhanklik bly van die gevestigde kerke? Dit is ook so dat 'n sendingveld binne die gevestigde kerk ontstaan het, wat geweldige eise aan die bediening stel. Sending is dus nie meer 'n geografiese begrip (sending oor landsgrense heen nie), of kleurbegrip (van wit na swart nie), maar het 'n geestelike begrip geword



(oorskryding van grense tussen geloof en ongeloof). Die verhouding tussen *diakonia en kerugma* moet bepaal word, asook op watter voorwaardes hulle geskei en onderskei kan word.

In die tweede plek is dit so dat daar al meer klem gelê word op die totale nood van mense in die Suid-Afrikaanse situasie, en dus noodwendig op die diakonaat. Skielik pak die regering 'n HOP-program aan. Daar word klem gelê op die agtergeblewenes, regstellende aksie word toegepas wat sy eie maatskaplike-, en geloofskrisisse skep. Die subsidies wat die barmhartigheidsdienste van die kerk van die staat ontvang het, word skielik verminder. Dit beteken dat die kerk sy diakonale werk in 'n groot mate afskaal. Daar word groot klem gelê op ontwikkeling, en die kerk raak ook daarby betrokke, bv KOD (Kerklike Ontwikkelingsdiens). Omdat die armoede-vraagstuk, asook die sendingveld in Suid-Afrika al groter word, is die verhouding tussen sending en diakonaat uiters aktueel. 'n Verdere vraag is wát die verband moet wees tussen Christelike diensbetoon en die diens van staatkundige en humanitêre sosiale instellings (De Villiers 1995:558-569). Vroeër was die vraag binne die konteks van 'n welvaartstaat en welvaartsfilosofie. Vandag is dit al meer in 'n sosialistiese konteks.

'n Derde probleem wat bepalend is om Missionêre Diakonaat te verstaan, is die feit hoe ons die kerk en die rol van die kerk sien. Dit is 'n wesenlike vraag of 'n tradisionele blanke Ned Geref Kerk 'n relevante bediening in die huidige konteks in Suid-Afrika sal kan lewer.

As 'n mens die besondere en onbenydenswaardige posisie van die NG Kerk in oënskou neem, is dit baie duidelik dat dit slegs fundamenteel sal verander as die NG Kerk een word met die Verenigende Gereformeerde Kerk. As een kerk sal die vroeëre NG Kerkfamilie meer invloed in die samelewing hê. Slegs kerkvereniging sal die geloofwaardigheidsprobleem van die NG Kerk uit die weg ruim en sorg dra dat blanke lidmate nader aan die nood, in swart geledere, sal kan kom. Kerkvereniging is, met ander woorde, ook gesien vanuit die gesigspunt van barmhartigheidsdienste, afgestem op die HOP, prioriteit nommer een (De Villiers 1995:568).

Missionêre diakonaat is belangrik vir die praktyk van ons Christenskap. Die kerk, veral die Ned Geref Kerk, se geloofwaardigheid word sterk in twyfel getrek. Dit is ook waar dat die Kerk in baie gevalle letterlik *vér* van die nood af is, die nood in armblanke gemeenskappe, maar ook en

veral van nie-blanke gemeenskappe. Belangriker is dat die Ned Geref Kerk nie meer oor behoorlike barmhartigheidsdienste beskik wat uitreik na mense buite die kerk nie. Om net 'n idee te kry oor die veelsydigheid van die nood (in Suid-Afrika), word slegs enkele standpunte of gevolgtrekkings deurgegee.

### **3.2 Die Suid Afrikaanse konteks**

#### **3.2.1 Algemeen**

Hendriks (2001 b:65-72) maak die volgende opmerkings uit die gegewens van sensus 1996:

- Die Suid-Afrikaanse samelewing is besig om te verstedelik, wat aanleiding gee tot 'n sukses ge-oriënteerde samelewing wat individualisties ingestel is en waar gesinne en families dikwels in die slag bly.
- Die 1500 jaar oue Christendom paradigma, waar daar 'n noue verhouding tussen die staat en die kerk was, het geëindig in 1994 toe 'n sekulêre bedeling aangebreek het. Vroeër was die kerk, die staat, en die staatsinstellings, bv skole verantwoordelik vir die morele waardes in die samelewing wat deur wetgewing bepaal is. In die nuwe bedeling staan "menseregte" voorop, en elkeen moet vir hom- of haarself besluit.
- Die manier waarop mense oor die waarheid dink, verander vinnig. Vir ouer mense is die waarheid in tradisies gesetel, en sekerheid in hoe dinge altyd gedoen is. Vandag se samelewing is meer gebruikers ge-oriënteerd en word meer rasioneel benader en volgens feite bestuur.
- Die jonger geslag is deel van 'n post-moderne reaksie teen die Westerse kapitalistiese lewenstyl. "Life itself, experience, feeling, are becoming more and more important" (Hendriks 2001 b:68).
- Daar is ook 'n duidelike paradigmaskuif in gesag en kommunikasie, ons vind 'n verbruikers mentaliteit. Die kerk sal opnuut moet leer hoe om as dienskneg te kommunikeer, vanuit die mag van liefde en geloofwaardige getuienis.

Of al die bogenoemde opmerkings waar is van die 74% van die swart bevolking van Suid-Afrika is nie 'n uitgemaakte saak nie. Dit wil voorkom asof meeste van die gevolgtrekkings vanuit westerse denkpatrone gemaak word, aangesien dit tog duidelik is dat die AOK steeds en drasties groei. Hierdie kerke is in baie opsigte ook baie wetties in hulle opvattinge. Daar sal dus opnuut

gesorg moet word, veral rondom die Missionêre Diakonaat, dat die Suid-Afrikaanse kerk en Christendom veral vanuit 'n Afrika perspektief benader sal moet word en nie alleen vanuit 'n westerse perspektief nie.

### 3.2.2 MIV/Vigs.

Daar sal nie hier ingegaan word op die agtergrond, of 'n detail bespreking van MIV/Vigs nie. Slegs enkele statistieke en die invloed daarvan sal kortliks bespreek word.

**Statistiese gegewens** (Fast Facts 2002:5).

- Ongeveer 25% van alle verwagte moeders by voorgeboorte klinieke was HIV positief.
- Volgens die Mediese Navorsings Raad se verslag was 40 % van menslike sterftes tussen die ouderdom van 15-49 in die jaar 2000 as gevolg van Vigs, terwyl dit in 1995 slegs 9% was. Dit maak Vigs die grootste oorsaak van sterftes.
- 75 000 babas – 30% van babas van MIV positiewe moeders – word jaarliks MIV positief gebore.

**Die invloed van MIV/Vigs** (Fast Facts 2002:6-9).

- Die jaarlikse sterftes aan Vigs sal van 120 000 per jaar in 2000 styg tot tussen 354 000 en 383 000 in 2005 en tussen 545 000 en 635 000 in 2010.
- In 2005 sal alreeds 3,6 miljoen mense gesterf het aan Vigs.
- Volgens die Ontwikkelingsbank van Suid-Afrika sal Vigs-verwante sterftes in 2016 meer wees as die geboortes van daardie jaar.
- Ten minste 1 miljoen Suid-Afrikaanse kinders sal in 2004 wesies wees as gevolg van Vigs.
- In 2005 sal Vigs die volgende verspreiding onder Suid- Afrika se geskoolde werkers hê: 13% hoogs geskoolde werkers, 23% geskoolde werkers, 32% semi- of ongeskoolde werkers sal MIV positief wees.
- Daar word bereken dat daar 2 400 gemeenskaps gebaseerde gesondheidspanne nodig sal wees vir tuisversorging van Vigs pasiënte.
- Die sterftes in tronke in Suid Afrika het met 584% toegeneem in die laaste vyf jaar, hoofsaaklik as gevolg van Vigs. In 2010 sal daar jaarliks 45 000 gevangenis sterf as gevolg van Vigs.

### Die kerk en MIV/Vigs

Dit is uit die bogenoemde baie duidelik dat hierdie nie die regering alleen se probleem is nie en dat die kerk voor geweldige uitdagings te staan kom (vgl Froise 2000:25-26).

- Mense word gekonfronteer met die dood en die lewe hierna. Sal die kerk daar wees wanneer mense die dood in die gesig staar? Wanneer families en gesinne die verlies van 'n geliefde moet verwerk?
- Daar is behoefte aan gemeenskaps-gebaseerde versorgingseenhede vir die siekes. Ook die gesinne moet versorg word, veral waar kinders wees agtergelaat word. Hier het die kerk 'n geweldige verantwoordelikheid teenoor die weduwees, wewenaars en die wese.
- Terminaal siek mense is gewoonlik die armste onder die armes, werkloos en dikwels verstoot deur die gemeenskap, familie en vriende. Die kerk het hier definitief 'n verantwoordelikheid, asook 'n rol om te speel.
- Die kerk moet 'n rol speel in die voorkomings- en versorgingsprogramme, maar ook om gesonde mense weer terug te lei en te begelei na die Bybelse beginsels vir verhoudings.

### 3.2.3 Armoede

Die grootste oorsaak van armoede in Afrika en Suid-Afrika is werkloosheid, en dit wil voorkom asof die gaping tussen ryk en arm al groter word.

Dr. Lawrence Schlemmer suggests that we may be heading towards an “enclave society” in which a form of socio-economic apartheid exists, with the employed sector of society progressing while the unemployed or marginally employed battle to survive. Professor Servaas van der Berg confirms this viewpoint when he says: “Unemployment is the primary cause of poverty and a major factor behind the widening socio-economic inequality” (Froise 2000:18).

Dit is nie altyd so maklik om onderskeid te maak tussen die feite en simptome van armoede en die oorsprong daarvan nie. “Not only are there several different dimensions of material and non-material poverty, but there is also a complex interaction between cause and effect, which makes it difficult to describe a state of poverty without considering those factors, themselves aspects of poverty, that cause further misery” (Wilson & Ramphela 1989:14).

Ten spyte van al die vooruitgang sal 46 % van Suid-Afrika se volwassenes ongeletterd bly (Fast Facts 2002:8). Nog 'n voorbeeld is dat die getal graad een leerlinge in KwaZulu-Natal met 20% of 67 000 afgeneem het tussen 1998 en 2001. Hierdie afname word toegeskryf aan ekonomiese tekorte wat veroorsaak word deur die versorging en begrafniskoste as gevolg van die Vigs pandemie. Een van die grootste probleme van die Christendom in Suid-Afrika is 'n gebrek aan visie om werklik die politiek-sosiaal-ekonomiese probleme aan te spreek. Dit is duidelik dat daar nie na enkelvoudige oplossings gekyk moet word nie, ook nie enkelvoudige bedienings nie, maar na 'n omvattende benadering.

#### **4. DOELSTELLINGS EN WERKSWYSE**

Faktore wat beperkend op die studie kan inwerk, is die omvattendheid van die begrippe sending en diakonaat. Die gevaar bestaan dat daar te wyd of te eng met hierdie begrippe gewerk kan word, sodat die verband tussen die twee of verskraal of heeltemal gerelativeer word. 'n Verdere beperkende faktor is die feit dat die studie vanuit die Ned Geref Kerk geskryf word, en verder vanuit 'n spesifieke bedieningsituasie in die Ned Geref Kerk. Gedagtig hieraan is die doel van die studie om binne die nuwe situasie waarin die kerk (veral die Ned Geref Kerk) hom in Suid-Afrika bevind, 'n omvattende, bevrydende, inspirerende visie te bied deur tot 'n missionêr-diakonale ekklesiologie te kom.

Die studie sal die volgende indeling volg.

**DEEL I INLEIDENDE OPMERKINGS**

Hoofstuk 1: Belangrikheid van 'n studie in die Missionêre Diakonaat

**DEEL 2 BEGRIPSVERHELDERING**

Hoofstuk 2: Die diakonale dimensie in die begrip Sending

Hoofstuk 3: Die missionêre dimensie in die begrip Diakonaat

Hoofstuk 4: Die begrip Missionêre Diakonaat

**DEEL 3 TRINITARIESE BEGRONDING**

Hoofstuk 5: God die Vader as bron, oorsprong en vervuller van die Missionêre

Diakonaat

Hoofstuk 6: Jesus Christus as model van die Missionêre Diakonaat

Hoofstuk 7: Die Heilige Gees as bemagtiger van die Missionêre Diakonaat

DEEL 4 EKKLESIOLOGIES-ESKATOLOGIESE BEGRONDING

Hoofstuk 8: Missionêre Diakonaat: Vergestaltung van die Koninkryk;  
voortspruitend uit die verbond; en eskatologiese hoop.

Hoofstuk 9: 'n Missionêre ekklesiologie

DEEL 5 'N MISSIONÊR-DIAKONALE EKKLESIOLOGIE

Hoofstuk 10: Op weg na 'n missionêr-diakonale ekklesiologie

Hoofstuk 11: Implementering van die Missionêre Diakonaat in die ekklesiologie



**DEEL 2:**

**BEGRIPSVERHELDERING**

In hierdie gedeelte van die studie handel dit oor die begrippe: Missionêr en Diakonaat, en die verband tussen die twee.

**Hoofstuk 2.**

Hier handel dit oor die uitklaring van die betekenis van die missionêre begrip. Telkens gaan dit egter om die verhouding met die diakonale. Aan die hand van 'n kort historiese oorsig sal gekyk word na die ontwikkeling van die sendingbegrip. Hierna volg 'n meer teoretiese beskouing van die verskillende begrippe wat vir die sending gebruik word.

**Hoofstuk 3.**

Hier word primêr gekyk na die begrip diakonaat, maar dan veral na die missionêre dimensie daarin of die verband met die missionêre. Ook hier sal enkele opmerkings gemaak word oor die ontwikkeling en 'n kort historiese oorsig oor die beginjare van die diakonaat in die Kaap sal gegee word. Enkele diakonale begrippe sal ook van naderby bekyk word.

**Hoofstuk 4.**

Hier word die begrip Missionêre Diakonaat bespreek. Die twee sake van hoofstuk 2 en 3 word nou bymekaar gebring en daar word gekies vir 'n nuwe verhouding. Die twee, sending en diakonaat, hoort saam. Dit kan onderskei word, maar mag nooit geskei word nie. Laastens word gepoog om 'n begripsomskrywing te gee van wat bedoel word met Missionêre Diakonaat.

## HOOFSTUK 2

### DIE DIAKONALE DIMENSIE IN DIE BEGRIP SENDING

#### 1. INLEIDING

Dit is sekerlik so dat 'n begripsomskrywing eerder moet volg op die teologiese begronding. Daar word hier verkies om dit juis voor die fundering te doen aangesien:

- die sending nie 'n onbekende begrip binne die teologie is nie;
- daar baie goeie fundering is van die sending deur skitterende teoloë (vgl. Verkuyl, Bavinck, Bosch), en dit daarom nie nodig is om dit weer volledig te fundeer nie; en
- elke persoon die Bybel met 'n ander bril (bepaalde voorveronderstellings) lees.

Hierdie hoofstuk handel nie oor die "hoe" van die sending nie, maar uitsluitlik oor die "wat", en baie meer spesifiek oor die diakonale dimensie in die sending. Wat word verstaan wanneer daar gepraat word van sending? Wat word alles ingesluit en uitgesluit in sending? Is sending net Woordverkondiging of het dit ook 'n diakonale dimensie? Die teologiese vertrekpunt van die studie is dat die sendingbegrip die volgende twee hoofsaake omvat:

- Sending is God se sending (*missio Dei*)
- Sending is die kerk se sending/sendinge (*missio/nes Ecclesiae*)

John Taylor en Johannes Aagaard wys daarop dat die *missio Dei* gestalte vind in verskillende besondere *missiones*. Ons kan dus nie net praat van *missio Dei* nie, maar ons moet ook praat van *missiones Dei*. Met die woord *missiones* (meervoud) word juis benadruk dat God nie net take opdra aan sekere mense of groepe nie, en dat die sending van God ook verskillende dimensies het. Die *missio Dei* is baie spesifiek ook 'n roeping tot *diakonia*. Daar is verskillende dienste wat nie net op die kerk gerig is nie, maar ook op die samelewing, byvoorbeeld gemeenskapsontwikkeling (vgl Odendaal 1986:190-196). Dit is die deelname aan hierdie verskeidenheid van bedieninge – *kerugma, diakonia, koinonia, leitourgia* - wat die *missio Dei* in vervulling laat gaan. In God se sending gaan dit dus juis oor die verhouding tussen woord en daad (Verkuyl sd:17), en die feit dat dit gemeenskapstigend is.

Voorts word ook die term soos *missiones ecclesiae* gebruik om te poog om God se handeling in



die geskiedenis te herken. Asook *missiones hominum*. Die term wil aandui dat ook nie-kerklike werk wat teen onheil gerig is, en waarvan die bedoeling helend is, bewustelik of onbewustelik deelname is aan die *missio Dei* in die wêreld. *Missio hominum* is dus, “alles wat werkelyk gerig is op heil, bevrijding, losmaking van die boeien van het onrecht, alles wat ‘salvation-oriented’ is heeft te maken met de *missio Dei* en staat binne de perspektief van het Messiaanse Rijk” (Verkuyl sd:19).

Die kerk se enigste bestaansdoel, sy enigste sin en betekenis is daarin geleë om deur God gebruik te word in sy handeling met die wêreld (NG Kerkorde, Artikel 53). Dit gee egter nie aan die kerk die reg om te dink dat hy reeds gearriveer het nie. Dink maar aan Paulus se gebede vir die gemeente in Efese (Ef 1:15-23; 3:14-21). Ook die kerk moet steeds groei, deur die sending, om heilig te lewe (1 Pet 1:15). Sending vind plaas daar waar geloof en ongeloof mekaar ontmoet. Daarom is sending wesentlik deel van elke handeling van die kerk. Dit is 'n kerk se daed, bediening, wat God se sending sigbaar maak (Bavinck 1960:93).

Daar sal in die hoofstuk aandag gegee word aan die verhouding tussen sending en diakonaat in die verstaan van sending in verskillende tye en situasies, asook die verskillende benaminge en omskrywings van sending deur verskillende skrywers.

## **2. ‘n HISTORIESE BLIK OP DIE DIAKONALE DIMENSIE IN DIE SENDINGBEGRIP**

### **2.1 Inleiding**

Lukas kan beskou word as die eerste geskiedskrywer oor die Christelike sending. Die stigtingsuur van die kerk was ook die geboorte-uur van die sending (Hand 2). Sending was die sending van die kerk, en die kerk was missionêre kerk, daarom speel geografiese uitbreiding 'n geweldige rol. Volgens Hand 1:8 is daar ook 'n duidelike program, dat die evangelie vanaf Jerusalem sal uitbeweeg na Judea, Samaria en tot aan die uithoeke van die aarde. Gaandeweg, soos gemeentes gestig word en groeipyne ondervind word, ontwikkel daar die neiging om op die gemeentelike probleme te konsentreer ten koste van die verhouding van die kerk tot die wêreld. Handeling beskryf hoe die evangelie uitbrei tot aan die uithoeke van die aarde, van daardie tyd. Reeds in hierdie eerste geskiedskrywing van die Christelike sending word die evangelie met woord en



daad bedien. Die eerste gemeente lê hulle heelhartig toe op die leer van die apostels – *didache*, die onderlinge verbondenheid – *koinonia*, die breek van die brood en die gebede – *proseugias* (Hand 2:42). Tog is daar reeds by hierdie eerste gemeente spanning tussen woord en daad, wat die *koinonia* versteur. Die versteuring is van so 'n aard dat spesifieke mense aangewys word vir die *diakonia* in die gemeente (Hand 6). Dit gaan dus hier om die herstel van die versteuring in die Christen-gemeenskap. Die *diakonia* dien hier die *koinonia*, en dit het 'n sterk missionêre dimensie (Hand 6:7) (Odendaal 1986:195). In die vroeë kerk speel die dade van gelowiges soos gebede, die onderlinge meededeelsaamheid, die versorging van die weduwees, tekens en wonders, alles 'n bepalende rol in die uitbreiding van die Koninkryk.

## 2.2 Sendingparadigma van die Oosterse kerk.

Hier vind 'n verskuiwing plaas weg van die Joodse denke na 'n Griekse denke. Die Christendom, wat as 'n beweging begin het, verander nou na 'n institusie, en die historiese prediking van Jesus wat voortgeleef het, kom leef nou in die konteks van die eerste generasies van Christene en die vroegste Nuwe-Testamentiese geskrifte. Die apokalipties-eskatologiese karakter het verdwyn, die hoop vir 'n nabye *parousia* is opgegee, en daar is ingepas in die wêreld. Dit gee aanleiding daartoe dat monnike die rondreisende sendingpredikers vervang in onge-evangeliseerde gebiede. Iets van die bediening van die *charismata* van die Christelike sending tot en met die derde eeu bly nou in die slag (Bosch 1991:191).

Met die uitbreiding van die Christendom was dit nie net die woordverkondiging wat die sending suksesvol gemaak het nie, maar die gelowiges se uitleef van hulle Christenskap, hulle dade. Hulle het nie net liefde gepraat nie, maar dit ook geleef. Die baie ooreenkomste tussen die Christendom en ander gelowe was van groot hulp vir die sending en die verdediging van die Christelike geloof. Die boodskap van God wat mens geword het, verlossingsoffers en 'n nuwe lewe was nie totaal onbekende taal nie. Dit gee daartoe aanleiding dat Christenskap baie maklik gesien is as die vervulling van ander gelowe (Bosch 1991:193). Ten spyte van die hulp wat die baie ooreenkomste met ander godsdienste gebied het, was dit juis die ooreenkomste wat dit vir die Christendom moeilik gemaak het, aangesien die Christendom maklik in die vorm van die ou geloof opgeneem is, sonder dat enige werklike bekering plaasgevind het.

In die eerste jare van die Christelike geloof het die kerk hoofsaaklik uit die gewone volk bestaan

en het dit geen kulturele kleur gehad nie. Dit het egter verander toe die Christendom die enigste amptelike godsdiens in die Romeinse Ryk geword het. Skielik word die kerk die draer van kultuur en beskaafdheid. Net Christene is beskou as beskaafde en opgevoede mense. Sending is skielik 'n beweging van "the superior to the inferior" (Bosch 1991:193). Ander gelowe is skielik ondergeskik aan die Christendom, nie om teologiese redes nie, maar eerder sosiale, kulturele en politieke redes. Die Christelike lewenswyse, of die liefdesdade, is dus nie meer so belangrik soos om aan die regte "geloof" te behoort nie. Dit gee aanleiding daartoe dat die kerk sy diensknegsgestalte verloor.

Ook die Griekse filosofie het 'n geweldige invloed gehad op die Christelike beweging. Dit kan duidelik gesien word in die tendens om geloof te definieer en in sistematiese leerstellings vas te vang. Die ontologie -**God se wese**- word belangriker as die geskiedenis -**God se dade**. God se openbaring is nie langer verstaan as God se self-mededeling deur dade nie, maar die kommunikasie van "waarhede" aangaande die wese van God, byvoorbeeld die Drie-eenheid, en die twee nature van Christus. Dit word belangriker om te verwys na wie God is, as om oorweging te skenk aan God se verhouding met die mens. Vir die Grieke was die kern idee kennis - *gnosis* of *sophia*. Volgens die Grieke word redding gevind in rasonele kennis en nie kennis deur ervaring nie. Hier vind dus 'n verskuiwing plaas, nie alleen in die verlossingsbegrip nie, maar ook in die kennisbegrip, aangesien vir die Jode kennis deur ervaring gekom het. "Die Hebreeuse *dabar* beteken woord en gebeurde, albei met 'n element van openheid, ongefikseerdheid, historiese beweging. Die Griekse *logos* is nie dieselfde as *dabar* nie. Dit is veel meer staties" (Bosch 1979:106). Kerkvergaderinge hou hulle besig met noukeurige verklarings van geloof, wat beslissend en finaal was. Wie nie daarmee saamgestem het nie, is uit die kerk geskop. "The message became doctrine, the doctrine dogma, and this dogma was expounded in precepts which were expertly strung together" (Bosch 1991:195). Die kerk-in-beweging word die gevestigde kerk in sy ortodokse gestalte, waarbuite geen redding is nie.

Hier is dus 'n duidelike spanning tussen woord en daad. Sou dit hier wees waar die moontlike skeiding tussen woord en daad in die evangelie verkondiging plaasgevind het, sodat daar net vasgehou word aan pragtige dogmas sonder om dit te leef? Dit is duidelik dat die Griekse filosofie vandag nog 'n bepaalde invloed op ons christenskap het. Kennis, nie noodwendig geloofskennis (ervarings/daad kennis) nie, maar Godskennis (ontologie) is steeds vir baie die spil

waarom alles draai. Die kerk sukkel steeds om hom met mense in nood te vereenselwig en om hulle werklik deel van die gemeenskap van die gelowiges te maak. Een van die oorsake is dat die evangelie steeds as dogma (wat ons glo) gebring word, eerder as goeie nuus (hoekom ons glo). Verder is dit in baie opsigte waar dat die evangelie steeds verkondig word as “superior to the inferior”. Dit is steeds vir baie gelowiges belangriker om die “regte” geloof te hê, as om liefdesdade te leef.

Aangesien die wederkoms nie dadelik plaasgevind het nie, het daar ook ‘n klemverskuiwing in die eskatologiese boodskap van die kerk gekom. Die Christelike boodskap van die aankondiging van God se naderende heerskappy verander na die proklamering van die enigste ware universele geloof. Die spanning tussen die “nog-nie” en die “alreeds” van die Koninkryk word opgehef wanneer Christus se opstanding verkondig word as ‘n afgehandelde “vervulling” van al God se beloftes, en dit nie langer gesien word as die eerste vrugte van die opstanding van alle gelowiges nie (Bosch 1991:196).

Dit het vir die kerk belangriker geword om te weet *wanneer* Christus gekom het, as om te weet *waarom* Hy gekom het. Die aanvanklike eskatologiese betekenis is verder misken deur ‘n pneumatologie van die inwoning van die Gees waarin die siel geestelik word en eindelik bevorder word tot ‘n engel. Prediking fokus byna net op God en die individuele siel, sonder om iets te sê oor die verhouding van die evangelie tot die natuur en die strukture in hierdie wêreld. Die verwagting van “‘n nuwe hemel en ‘n nuwe aarde” is vergeestelik. Die vergeesteliking het ‘n duidelike invloed op die verlossingsbegrip, wat ‘n invloed het op die verstaan van sending en diakonia, en die verhouding tot mekaar. Die Hebreeuse begrip wat vir redding gebruik is – *yasha* – beteken primêr om mense te red van gevaar of katastrofe, of om gevangenes te bevry. Dus redding *vir* die wêreld. Die Grieke se begrip vir redding – *soteria* – het gedurende hierdie tydperk veral die betekenis gehad van verlossing van die liggaamlike bestaan. Dus redding *vanuit* hierdie wêreld. “Salvation came to be understood exclusively in terms of ‘eternal life’ ” (Bosch 1991:197).

Wanneer die evangelie so vergeestelik word, word woordverkondiging belangriker as daadverkondiging. Dit is dan nie vreemd dat gedurende hierdie tyd die verstaan van die kerk verander nie. Reeds in die Nuwe Testamentiese tekste vind ons die situasie dat die mobiele

bediening van apostels, profete en evangeliste begin ruimte maak vir 'n meer gevestigde bediening van ouderlinge en diakens. In Lukas se geskifte dui hy spesifiek die Heilige Gees as die Gees van sending aan, wat die apostels toerus en bekwaam vir hulle bediening in sending situasies. Nou word die Gees se werk gesien as die opbou van die kerk in heiligheid. Die Gees word die Gees van waarheid, lig, lewe en liefde sonder enige bewussyn van 'n Gees wat uit beweeg en die Goeie Nuus aan die wêreld bring. Die kerk word nie net na binne gerig nie, maar verloor ook sy dienskneggestalte in die wêreld. 'n Goeie voorbeeld hiervan is Cyprianus se siening van kerklidmaatskap. "What do we care about pagans who are not yet enlightened, or about Jews, who have turned away from the light and remained in the darkness?" (Bosch 1991:201). So word "kerk" en "sending" twee groothede wat langs mekaar bestaan en soms selfs teenoor mekaar staan (Bosch 1979:97).

By die Ortodoksie vind ons dat sending so 'n kerklike karakter begin vertoon, dat die Kerk die doel en die vervulling van die evangelie is, eerder as die instrument van die sending (Bosch 1991:207). Die kerk is tog deel van die boodskap wat dit verkondig. Sending is nie 'n funksie van die kerk nie, dit is ook nie die verkondiging van "etiese waarhede of beginsels" nie, dit is om mense te roep om lidmate van die Christelike gemeenskap in 'n sigbare konkrete vorm te word. Die kerk is dan die doel van sending en nie visa versa nie. Ekklesiologie bepaal die missiologie. So 'n verstaan van sending het ook verrykende gevolge vir die doen van sending. Dit beteken dat individue en groepe mense alleen betrokke kan raak by sending as die kerk hulle stuur en onderhou, "the Church *as such* is mission" (Bosch 1991:207). Die Ortodokse verstaan van sending is ook duidelik na die skeuring van 1054. Terwyl die Rooms-Katolieke Kerk, die Protestante en die sendinggenootskappe voortgegaan het met uitreike na die heidene, het die Ortodokse Kerk sy sending verander van evangelisasie na 'n soeke vir eenheid. Die klem val hier eerder op bewaring en restourasie as 'n na buite gerigtheid die duister in. Die kernwoorde hier was "tradisie", "ortodoksie", en "die Vaders" (Bosch 1991:212).

Hierdie paradigmaskuif was onvermydelik, want die Christelike beweging sou anders in die klein Joodse wêreldjie gebly het. Hellenisme was die kultuurvorm van die tyd, en daarom het Hellenisme universalisme beteken. Ten spyte van die Hellenisering van die Christelike geloof, is daar nie afgewyk van die Christelike waarheid nie, en is daar soms teen 'n prys vasgehou aan die fundamentele elemente van Christelike geloof, die kanonisiteit van die Ou Testament, die

historisiteit van Jesus, die vleeslike opstanding van Jesus, ens. Die monnike speel hierin 'n belangrike rol. Gedurende hierdie tyd sien ons dat daar 'n al groter na-binne gerigtheid plaasvind, dat die spanning tussen woord en daad al groter word, en dat daar al meer klem gelê word op die kennis ten koste van die daad. Die klem val nou op verlossing uit die aardse, in plaas van op vernuwing van die aarde. So word die betrokkenheid by die wêreld verskraal tot barmhartigheidsdiens, en sending beteken nou niks anders as kerkuitbreiding nie.

Die gees van globalisering vandag sou goedsikks met die universalisme van destyds vergelyk kon word. Daarom is dit belangrik vir die Missionêre Diakonaat om raak te sien dat die ekumene, asook die eenheid van die kerk, 'n al groter rol moet speel. Dieselfde spanning tussen woord- en daadverkondiging word steeds beleef, want vanuit die kerk word steeds sterker klem gelê op die kennis (woord), as op die daadverkondiging. Die klem val dikwels steeds op die verlossing uit hierdie aarde in plaas van op verlossing van die aarde.

### **2.3 Die middeleeuse Rooms-Katolieke paradigma**

- Die individualisering van redding

In die vierde en begin vyfde eeu leer Pelagius dat “we have the power of accomplishing every good thing by action, speech and thought” (Bosch 1991: 215). Pelagius sien dus nie vir Christus as Verlosser wat vir menslike sondes gesterf het nie, maar eerder as die model wat ons roep om Hom na te volg. Clemens en Origenes leer dat die totale verdorwenheid van die mens alleen oorkom kan word deur 'n radikale bekering, waar daar 'n ontmoeting en belewenis is van die genade van God in Christus. Augustinus is die eerste Christelike teoloog wat Paulus se lering van redding deur geloof ernstig neem. Hy worstel met die vraag: “Op watter basis word 'n persoon gered?” Sy gevolgtrekking is dat ons alleen tot geloof kan kom as ons die verlossing subjektief aanvaar, en dit kan alleen die uitverkorenes doen. So lei Augustinus se teologie daartoe dat verlossing 'n persoonlike saak word, en dat die wêreld geïgnoreer word. Die hoop van die Koninkryk van God word 'n hoop vir die “hemel”, wat ons eendag sal ontvang as ons hier goed geleef het ( Bosch 1991:216). Die verpersoonliking en vergeesteliking van die geloof, die ignorering van die wêreld, skuif dus die daadverkondiging byna heeltemal uit die prentjie.

Die kerk as instituut het dan in hierdie tyd ook begin besluit oor strawwe vir sondes, asook presies wat sonde is, en wat nie. Redding kan alleen deur die kerk verkry word. In hierdie proses

word die soteriologie losgemaak van die Christologie en ondergeskik gestel aan die ekklesiologie. Waar verlossing so losgemaak word van Christus, bepaal Hy ook nie meer ons sending in die wêreld nie, en word sending alleen die kerk se sending. Dit het tot gevolg dat die spanning tussen woord en daad vergroot, aangesien die kerk wel met daade besig is, maar hierdie daade dan nie noodwendig gemotiveer is uit dankbaarheid en liefde vir God nie, eerder 'n liefde vir die kerk. Hierdie daade is dan ook gewoonlik na binne gerig, aangesien dit handel oor instandhouding eerder as groei.

- Die verkerkliking van redding.

Die Donatiste het, in die tradisie van Tertullianus, aangedring op 'n absolute skeiding tussen Kerk en staat. Augustinus het hulle teengestaan hierin: "Augustine insisted that the church was not a refuge from the world but, existed for the sake of a world that was hurting. All including 'good church people', were sinners, and the self-righteousness of the Donatists might be more vicious than the sins of others" (Bosch 1991:218).

Sending is gebaseer op die goddelikheid, heiligheid, en onveranderlikheid van die kerk; in die klassieke Katolieke siening was sending die "selfrealisering van die kerk". Dié verstaan van sending het sy oorsprong by Cyprianus se bekende *extra ecclesiam nulla salus est* (daar is geen redding buite die [Rooms Katolieke] kerk nie). Die verkerkliking van die teologie en sending by Cyprianus en Augustinus lei dus tot 'n fundamentele verandering in die verstaan van die doop. Die verantwoordelikheid van die sendeling is om die "bekeerling" so gou as moontlik tot doop te bring. "Since the act of baptism conferred a character indelibilis on a person baptized, nobody could ever undo his or her baptism; even where somebody had resisted baptism, he or she became a fidelis (believer)" (Bosch 1991:221). Wanneer mense gedoop is, is hulle nie meer voorwerp vir sending nie, maar van die kerklike tug. Sending word dus skerp gereduseer tot 'n verkondigingsprogram. Gedooptes moes, of hulle nou die doop verstaan het of nie, en of hulle vrywillig gedoop is of nie, konformeer aan dit wat van gedooptes verwag word (Bosch 1979:109).

Augustinus lê baie sterk klem op die plaasvervangende offer van Christus vir die sondaar. Hiermee ontwikkel die tendens al verder om verlossing slegs as redding van die "siel" te verstaan 'n geïndividualiseerde subjektiewe ervaring. Dit gee aanleiding dat hierdie lewe en verlossing in

615429507  
i 16027954

werklikheid teenoor mekaar staan, sodat geloof nie altyd in daade uitvloei nie.

#### **2.4.1 Die Protestants Reformatoriese sendingparadigma.**

Met die reformasie is die eeue oue eenheid van die kerk aan flarde geskeur. Daarom vind elke fragment dit nodig om sigself te identifiseer en te legitimeer. So is verlossing al meer gesien as iets wat alleen deur die kerk bemiddel kan word – by die Rooms-Katolieke slegs deur middel van sakramente, en by die Protestante hoofsaaklik deur die verkondigde Woord. Hierdie siening lei selfs tot isolasie tussen kerk en samelewing. Die Reformatore het egter ook ‘n belangrike regstelling in die sendingbegrip gebring. Sending begin nie eers as iemand oorsee gaan nie, dit is ook nie ‘n “operasionele teorie” nie, en ook nie afhanklik van onafhanklike “sendinggenootskappe” nie. Daarom moet ons nie die reformatore se sending beoordeel vanuit so ‘n sendingbegrip nie. Die vertrekpunt van die Reformatore was nie wat mense vir God moet of kan doen nie, maar wat God alreeds vir mense gedoen het (Bosch 1991:244). Dit beteken nie dat die kerk passief was nie.

Sending is gesien as die kerk se oorsteek van die grens na die wêreld. Die Reformatore vind egter die wêreld steeds binne die kerk, en sien dus hulle eintlike taak binne die grense van die historiese Christendom. Vir Luther was geloof lewendig en aktief. Dit kon nie onoperasioneel wees nie. Hy het dikwels gesê ons word nie deur werke gered nie, maar bygevoeg as daar geen werke is nie, dan is daar iets fout met geloof. Aan die ander kant was sending en wêreldbetrokkenheid vir Luther nie ‘n vanselfsprekendheid nie, omdat hy apokalipties gedink het en gemeen het die Laaste Dag staan voor die deur (Bosch 1979:123). By Calvyn tree die roeping van die gelowige duideliker na vore as by Luther. Die Reformatore Luther, Calvyn, Bucer en andere het ook totaal en al gebreek met die idee om mense met mag/geweld te evangeliseer (Bosch 1991:245).

Die feit dat die sending weer as *missio Dei* verstaan is, dit wat God alreeds vir die mens gedoen het, en nie (net) deur die ekklesiologie gevorm is nie, gee daartoe aanleiding dat die gesonde spanning tussen woord- en daadverkondiging weer na vore tree.

- Lutherse Ortodoksie en sending

Die bekende sestiende eeuse defenisie van die kerk vind ons by die (Lutherse)Augsburg



konfessie van 1530. Daar word die ware kerk onderskei deur die suiwer verkondiging van die evangelie en die suiwer bediening van die sakramente. Die Roomse Kerk antwoord op die Konsilie van Trente (1545-1563) waarvolgens die ware kerk herken word in sy eenheid. In 1559 voeg die Franse Konfessie en die Belgiese Konfessie (1561) 'n derde kenmerk by Augsburg se Konfessie, naamlik die toepassing van die tug.

The Reformational descriptions of the church thus ended up accentuating differences rather than similarities. ... In all these instances the church was defined in terms of what happens inside its four walls, not in terms of its calling in the world. The verbs used in Augustana (1530) are all in the passive voice: the church is a place where the gospel *is taught* purely and the sacraments *are administered* rightly. It is a place where something is done, not a living organism doing something (Bosch 1991:248-249).

Dit is belangrik om raak te sien dat die kerkbegrip deur beide groepe bepaal word deur dit wat hulle meen by die opponerende groep afwesig is. In geen geval word die kerk, soos in die Nuwe Testament, kragtens haar betrokkenheid in die wêreld beskryf nie. So word ook die nagmaal deur die Reformatore sowel as die Roomse Kerk nie in terme van sending bespreek nie, maar in terme van die teenwoordigheid van Christus in die brood en die wyn (Bosch 1979:122). Die Protestantse kerkbegrip word steeds bepaal deur die bogenoemde drie faktore: Woordverkondiging, sakramentsbediening en tug. Daarom blyk dit noodsaaklik te wees dat daar opnuut gekyk sal word na 'n Nuwe Testamentiese ekklesiologie, waar die kerk beskryf word aan die hand van sy betrokkenheid in die wêreld: missionêr-diakonaal. Alhoewel die reformasie die gesonde spanning tussen woord en daad terugbring deur die soewereiniteit van God te verkondig, asook die werklikheid van die genade en die hoop as werklikheid in hierdie wêreld, sien ons dat die kerk steeds die objek van die bediening bly en nie gesien word as die subjek van die bediening nie. Daar is steeds 'n na-binne-gerigtheid. Die teologie het hom hoe langer hoe meer met die kerk self besig gehou, veral met die verlede en die korrekte leer.

- Piëtistiese deurbraak

Die Piëtisme het 'n groot rol gespeel in die ontwikkeling van die Protestantse sendingidee. Sending is nie meer gesien as die plig van die koloniale regering nie, maar het teruggekom na die kerk en na die gelowiges. Christene kon hulle nie net identifiseer met die sending nie, maar het ook aktief daaraan deelgeneem. Nie die korrekte leer nie, maar die korrekte lewe en die

persoonlike geloofservaring gee die deurslag (Bosch 1979:132). Dit gee aanleiding tot die opbloeï van ekumene in die sending en oor die grense van nasies en belydenisse, byvoorbeeld die Morawiërs. Die Piëtisme het Duitsland gelei om die voorste sendingland te wees deur middel van leiers soos Francke en Von Zinzendorf. Vir Von Zinzendorf gaan dit spesifiek oor die bekering van enkelinge, alle ander hulpmiddele staan in diens van die bekering. Dit gee daartoe aanleiding dat die maatskaplike lewe geheel en al buite die gesigsveld val. Kerkplanting was ook hier geen sendingdoel nie. By die Piëtisme word bekering dus vergeestelik en word daar alleen aandag gegee aan die woordverkonding. Bosch (1979:202-211) praat in hierdie geval van “’n verskraalde evangelie”.

- Anglo-Amerikaanse sendingteologie: die Koninkryk van God.

Richard Niebuhr het aangetoon hoe die idee van die Koninkryk van God van die begin af die Amerikaanse teologiese denke oorheers het. Hierdie begrip het in verskillende tye ook verskillende betekenis gehad. In die Puriteinse periode is daaronder “die soewereiniteit van God” verstaan. In die tydperk van die Groot Ontwaking het dit die “koningskap” van Christus beteken. Die Groot Ontwaking was ook in ’n sekere sin die einde van die Puriteinse era, sosiale betrokkenheid begin ook nou ’n al groter rol te speel. In die negentiende eeu, met die opkoms van die liberalisme en “Social Gospel”, word dit verstaan in terme van “Gods koninkryk op aarde”. Anders gestel: in die eerste periode val die klem op God se almag, in die tweede op sy genade, en in die derde op hoop. Die koninkrykstema is sterker in die Calvinistiese as in die Lutherse teologie (Bosch 1979:142-143). Nou kry daadverkondiging ook weer plek in die sending, al is dit soms met verkeerde bedoelings of intensies.

## **2.5 Sending na die Verligting**

Die sentrale gedagte van die Verligting is geloof in die mens en sy vermoëns. Daar is geen absolutes nie, vryheid is absoluut. Tog kom die volgende sending motiewe voor in die moderne era.

### **2.5.1 Die verheerliking van God.**

Vanaf Voetius tot Edwards was die klem op die soewereiniteit van God. God en God alleen kan die inisiatief neem om mense te red. Dit lei ook na die leer oor die predestinasie. “In Protestant orthodoxy, however, the emphasis on God’s initiative became wooden and rigid; people were

taught to wait in complete passivity upon the saving work of God in their souls” (Bosch 1991:285). Die Verligting het eerder die mens as God verheerlik; verlossing word rondom die mens se drome en verwagtings gebou.

### **2.5.2 Gedring deur die liefde van Christus.**

Daar word veral aandag gegee aan tekste soos 2 Kor 5:14 en Joh 3:16. Die aksent val op die mense as objekte van God se liefde. Daarom is dit nodig dat hulle gered word. Een van die ander belangrike sendingtekste wat oral in gebruik was in die tyd was Hand 16:9 “Kom oor ... en help ons”

### **2.5.3 Die evangelie en kultuur.**

The effect of the gospel on a nation was to “soften their manners, purify their social intercourse, and rapidly lead them into the habits of civilized life”. In the period following the First World War, one of the most popular missionary texts was the words of Jesus in John 10:10, “I came that they may have life, and have it abundantly”, and “abundant life” was interpreted as the abundance of the good things that modern education, healing, and agriculture would provide for the deprived peoples of the world (Bosch 1991:293).

Waar sendinggenootskappe sosiaal betrokke geraak het, maak hulle sekere kompromieë om geld te bekom, aangesien baie van die eerste bekeerlinge gewoonlik uit die armer gemeenskappe gekom het. So begin die sendinggenootskappe besighede en industrieë. Dit lewer weer eie probleme op, want bekeerlinge word maar net weer werknemers van die genootskap. Een van die grootste probleme hier was dat die kerke op die “sendingveld” presies gestruktureer is soos die op die tuisfront, terwyl hier ‘n heel ander sosio-ekonomiese sisteem gegeld het.

## **2.6 Sending as uitbreiding 1900-1910**

Reeds by die Wêreldsendingkonferensie van 1910 word daar in "global terms" gedink, naamlik wêreldsending. Die probleem is egter dat die jonger kerke steeds maar randfigure was wat nie werklik 'n bydrae gemaak het nie. Gedurende die tydperk 1880-1920 het die Westerse denke van die veronderstelling uitgegaan van die superioriteit van die Westerse kultuur oor die ander kulture. Hulle was ook van die oortuiging dat God in sy voorsienigheid die Westerse nasies



gekies het omdat hulle unieke kwaliteite het, om die “waarde draers” van Sy saak te wees tot aan die eindes van die wêreld. Dit het baie goed by die kolonialisme ingepas. Die mens self word dan ook die bron van absolute gesag, “The Revolution’s Declaration of Human Rights formulated this in the following words: ‘The principle of sovereignty resides essentially in the Nation: no body of men, no individual can exercise authority that does not emanate expressly from it’ ” (Bosch 1991:299). Die *diakonia* in die sending kry dus in hierdie tydperk ‘n baie spesifieke gestalte naamlik om “waarde draers” of “kultuurdraers” te wees.

Tot en met Edinburgh 1910, en selfs nog daarna, was die dominante verstaan van die sending uitbreiding. Die Protestantse sendingontwaking van die agtiende en negentiende eeu sien sending as geografiese uitbreiding. Voor Edinburgh 1910, was daar verskeie groot sendingkonferensies: New York 1854, Liverpool 1860, London 1878 en 1888. Indien ons dit vergelyk met Edinburgh, kan Edinburgh gesien word as die eerste werklike “World Missionary Conference” (Yates 1994:9). Die Edinburgh konferensie verteenwoordig die hooggety van sendingtoesiasme en Westerse sendingbewussyn. Sending staan nou in die teken van die verowering van die wêreld. Wat die doel van die sending aanbetref, praat Edinburgh van die uitbreiding van die Christendom, die kerstening van die volkslewe, die maak van bekeerlinge, die bring van mense tot Christus, die evangelisering van die wêreld, en die uitbreiding van die Christelike invloed (Bosch 1979:162).

Volgens Yates (1994:8) kan die twintigste eeu gesien word as die eeu van die Amerikaners, wat kulturele en historiese redes gevind het om sending te sien as uitbreiding: “the thrust towards extension, expansion and encompassment belongs to the substantive meaning of nineteenth and twentieth century American Protestantism” (Yates 1994:11).

Die wagwoord van die SVM (Student Volunteer Movement) “the evangelisation of the world in this generation” is tekenend hiervan. Oor die wagwoord van die SVM was nie almal ewe opgewonde nie. Gustav Warneck waarsku teen: “the Americans and their inadequately grounded missiology. ... Mission involves discipling the nations, and the apostles did not rush from place to place, but organised churches and established and visited them” (Yates 1994:18).

## 2.7 Sending as kerk vir volke (Volkskerk) 1910-1920

In die vorige dekade is baie klem gelê op individuele bekering. In die Europese (Duitse) tradisie het die Morawiese sendinggenootskap baie meer klem gelê op die warm gemeenskap van gelowiges wat Hernhut self verteenwoordig het. Sending word gesien as die verantwoordelikheid van die kerk, met die doel om kerke te plant. Hier vind ons die *Volkskirche* benadering, waar die doel was om 'n kerk vir volke te stig, wat die spesifieke individualiteit van die ras of etniese groep verteenwoordig.

Die nasionale staat het die heilige kerk en die heilige koninkryk vervang. Later word hierdie idees ingelees in die Ou Testamentiese konsep van die volk wat deur God uitgekies is. Bosch (1991:300) gee Warneck weer waar hy dit skerp formuleer:

It is a special charisma of the Germans to respect foreign nationalities and thus to enter selflessly, without prejudice and with consideration, into the peculiar qualities of other peoples; and again: If the missionary is no longer capable of appreciating his own *Volkstum* [peculiar national character], he cannot be expected to appreciate the foreign *Volkstum* which he is supposed to cultivate in his converts.

Wanneer Bosch oor die sending en kolonialisme praat, maak hy die gevolgtrekking dat waar in vroeëre eeue die skeiding tussen mense godsdienstig van aard was, die skeiding wat nou ontstaan het, gegrond was op beskawing (soos deur die weste geïnterpreteer). Dit gee aanleiding tot 'n verdere kriteria vir skeiding naamlik etnisiteit of ras, wat die matriks word waaraan beskawing gemeet word. Die beskaafdes het nie net meerderwaardig gevoel teenoor die "onbeskaafdes" nie, maar ook verantwoordelik gevoel vir hulle. So skryf D. Schellong, aangehaal in Bosch (1991:313): "Since the Enlightenment, 'good' means to know what is 'good' for *others*, and to impose it on them"

## 2.8 Jerusalem 1928, en daarna

Werke van Allen: *Missionary Methods: St Paul's or Ours?* (1912) en *The Spontaneous Expansion of the Church* (1927), het gehandel oor die verhouding tussen die jonger kerke en die ouer kerke. Fleming se werke: *Contacts with Non-Christian Cultures, Whither Bound in Missions?* en *Attitudes towards Other Faiths* het baie krities gekyk na die rol van die sendeling. Dit het aanleiding gegee tot 'n vooraf konferensie in Kairo in 1927 (Yates 1994:59-65).

Great anxiety was being expressed that in the handling of the issue of the Christian message and its relation to other faiths, there was a discernible shift into syncretism, and the missionary movement was in danger of moving towards the “social gospel” position, then widely adopted in North America. Their fears were expressed by a German professor of theology, Karl Heim: “the kingdom of God means nothing more than the league of Nations, democracy and the coming of militant capitalism” (Yates 1994:65).

RH Tawney, 'n Christen ekonoom handig 'n werk in oor "Christian commitment to the economic and social structures of national and international life", wat die klem laat val op die "comprehensive approach" wat die merkteken van die konferensie word (Yates 1994:66). Tawney se siening kan soos volg weergegee word: “my purpose ... is to insist that the churches are neglecting an essential part of their mission, unless they foster the zeal for social righteousness and disseminate the knowledge by which such zeal may be made effective” (Yates 1994:69).

So kom die Jerusalem konferensie onder andere tot gevolgtrekking dat dit die werk van die Christelike kerk is om die boodskap van Christus aan individue te bring, en om 'n Christelike omgewing/beskawing te skep waarin alle mense kan groei tot hulle volwaardige geestelike statuur. Ons vind dus hier 'n poging “...to hold together those who saw their work in race relations, in education, or rural development, as the building of God's kingdom and those who, while accepting social concern and individual relief as legitimate activities of the Christian church, drew back from theological simplism” (Yates 1994:70). Hier vind ons weer 'n pertinente poging om die gesonde spanning tussen woord- en daadverkondiging te verantwoord.

By die Tambaran konferensie in 1938 het dit duidelik geword dat die inheemse kerke se oorlewing en ontwikkeling 'n al groter plek inneem in die verstaan van sending (Yates 1994:120). Dit gee aanleiding daartoe dat gedurende die jare 1920-1940 die verhouding van die Christendom tot ander godsdienste sterk onder die loep kom. Kraemer sê: “The missionary's task is to stand in dialectical relation to other religious traditions, saying both ‘yes’ and ‘no’, seeking to discern where God is at work and what is a corrupt response, in style of Paul and Barnabas at Lystra (Acts 14), Paul at Athens (Acts 17) and Peter's response to the Roman centurion, Cornelius (Acts 10)” (Yates 1994:113).

Yates beskryf die jare 1950-1960 in die sending as 'n klem op "presence and dialogue". So sien Warren sending as "...to unveil the Lord who is already there, not to take Christ to some place from which he is absent, but to go into all the world and discover Christ there ... to uncover the unknown Christ" (Yates 1994:142).

Gerald Anderson skryf op grond van twee artikels wat in 1915 gepubliseer is, dat vier groot skuiwe in die sending plaasgevind het:

- ander godsdienste word nie langer gesien as totaal en al vals nie;
- sending beteken minder preek en meer transformerende aktiwiteite;
- die klem val nou op redding in die hier en die nou; en
- die klem in sending verskuif van die individu na die gemeenskap (Bosch 1991:322).

Sedert die twintiger jare is daar telkens geworstel met die verhouding tussen woord- en daadverkondiging. Ons sien ook dat sending minder vergeestelik is, dit begin handel oor die hier en die nou, dat daar weer gekyk word na die gemeenskap en dat daar ook aandag gegee word aan transformerende aktiwiteite.

## **2.9 Sending as proklamering, dialoog en bevryding 1960-1970.**

Sedert die sestigerjare kry ons 'n radikale breek met wat as norme vir lewe, geloof en goeie gedrag bekend gestaan het. Vanuit die Roomse kerk is daar gebeure soos Vatikanum 11, wat baie jong kerkleiers ingesluit het van Afrika en Asië. Pous Johannes XXIII se ekumeniese visie, wat ook ander kerke en gemeenskappe ingesluit het, het die wens uitgespreek vir 'n 'ekumeniese raad vir die hele kerk'. Die Roomse kerk het ook dokumente soos *Lumen Gentium* en *Ad Gentes* oor die kerk en sending aanvaar, wat sending verstaan as proklamasie, teenwoordigheid en dialoog. 'n Verdere dokument was *Nostra Aetate*, oor die verhouding met die ander godsdienste. Ander gelowe is nou gesien as gerespekteerde entiteite waarmee Christene in dialoog moet gaan (Yates 1994:173).

In Latyns-Amerikaanse state was die Rooms-Katolieke kerk dominant en daar het hierdie dokumente daartoe meegehelp dat die bevrydings teologie baie sterk na vore getree het. Tien jaar na Vatikanum 11, het Pous Paul VI die dokument *Evangelii Nuntiandi* uitgereik met die doel:

... to ensure that the church of the twentieth century may emerge even better equipped to

proclaim the gospel to the people of this century. (EN, 2). The gospel message was regarded as unique ... irreplaceable, admitting of neither indifference nor accommodation to the principles of other religious beliefs or of any compromise, for on it depends the whole issue of man's salvation ... it is truth itself (EN, 5) (Yates 1994:186).

Die dokument het ook na die bevryding beweeg "There was recognition that evangelisation must deal also with the life of nations, delivering a message which is 'relevant ... in our age ... about liberation' (EN, 29)" (Yates 1994:187). Tog het die dokument hom baie sterk uitgespreek teen enige vorm van geweld.

Ook die "World's Student Christian Federation" se 1960 konferensie oor "The life and mission of the church" gee 'n radikale sekulêre interpretasie van die *Missio Dei*. "The assembled students were challenged 'to move out of the traditional Church structures in open, flexible and mobile groups' and 'to begin radically to de-sacralise the Church' " (Newbiggin 1995:8).

Hier vind dus 'n verskuiwing in die doelwit van sending plaas: die mikpunt is nie meer kerkgroei nie, maar die doen van God se geregtigheid in hierdie wêreld. Hierdie siening is verder gevoer by die Wêreld Raad van Kerke (WRK) se byeenkoms in Uppsala 1968: "The concept of 'mission fields,' identified as geographical areas lying beyond the frontiers of Christianity, was replaced by the concept of 'priority situations for mission', identified as situations where, irrespective of the presence or absence of the church, action for human dignity was called for" (Newbiggin 1995:9).

Die spanning tussen die evangeliese en ekumeniese groepe in die WRK was duidelik sigbaar by Uppsala 1968 se verslag oor "Renewal and Mission".

Stott said that he failed to find in the report any concern for spiritual hunger comparable to that which had been pressed in regard of physical hunger and poverty. The prior concern of the church should be in relation to the millions of people who, being without Christ, were perishing. The World Council, in its basis, confessed Jesus is Lord: the Lord sends his Church to preach the Good news and make disciples. I do not see this assembly very eager to obey its Lord's command (Yates 1994:198).



Stott is heeltemal reg in sy argumentasie dat die diakonia nie op die voorgrond geskuif kan word ten koste van die kerugma nie. Bosch (1979:227) dui aan dat die verband tussen kerugma en diakonia is soos die twee lemme van 'n skêr wat op mekaar sluit en bymekaar gehou word deur die koinonia as die "as" waarom die twee lemme van die skêr sluit. Wanneer ons dan die verband tussen die kerugma (die inhoud van die prediking) en die diakonia ontdek, sal ons 'n stap vorder met die koinonia. Die koinonia sal die diakonia ook baie meer aanvaarbaar en geloofwaardig maak, aangesien dit nie meer net gesien sal word as die afdraande verkeer van die rykes en magtiges na die armes en hulpeloses nie. Wanneer ons diakonia en koinonia skei, is paternalisme die onvermydelike gevolg (Odendaal 1986:194-196).

### **2.10 Sending as verkondiging en kerkgroei 1970-1980.**

Daar was ook stemme wat opgegaan het teen hierdie humanitêre en sekulêre siening van sending. Die "Wheaton Deklarasie" van 1966, en die "Frankfurt Deklarasie oor die Fundamentele Krisis in Sending" van 1970 was hoofsaaklik die werk van Peter Beyerhaus. Al meer is by die WRK se byeenkomste gekyk na eenheid en sosiale geregtigheid. In die WRK se verslag van die Nairobi (1975) byeenkoms "Confessing Christ Today" word daar 'n ernstige oproep gemaak vir 'n holistiese benadering "... in taking with full seriousness both the call to personal conversion and the call to action for God's justice in the world" (Newbigin 1995:9).

Die vorige besluite van die WRK het tot gevolg gehad dat vir byna twee dekades "ontwikkeling" as die hoofdoel van sending gestel is. Ontwikkeling is dan hoofsaaklik verstaan as Europa en Noord -Amerika wat die derde-wêreld lande sou ophef. Newbigin (1995::6) het gesien dat hierdie fase beweeg het na 'n fase wat hy beskryf het as: "the revolution of rising expectations".

Everywhere people demand and governments promise "the right to life, liberty, and pursuit of happiness", and everywhere people grow impatient and rebellious when the promise is not fulfilled:... The inner relationship between this expectation of a new world and the Christian gospel of the reign of God is one of the issues that must be discussed in any contemporary theology of mission (Newbigin 1995:7).

Beyerhaus stel in 1970 die Frankfurt Deklarasie op wat in sewe beskrywingspunte opgedeel is, waarvan die sewende een bevestig "the reality of Christ's second coming for an eschatological approach to mission over against an ideology of progress or revolution" (Yates 1994:199).

Rene Padilla het geglo dat Jesus se werk 'n sosiale en politieke dimensie het, naamlik die koninkryk van God. Ons kan nie maak asof ons in 'n ander wêreld of vanuit 'n ander wêreld kom nie. So beteken statistieke oor hoeveel mense elke uur sterf sonder die evangelie niks, as daar nie ook bereken word hoeveel van daardie mense sterf van die honger nie. Die kerk is nie 'n religieuse klub van 'n ander wêreld nie, maar 'n teken van die koninkryk van God met 'n opdrag om 'n nuwe samelewing te bou deur offers (Yates 1994:202).

In die tydperk na 1970 is daar 'n merkwaardige vooruitgang in evangeliese denke oor sosiale geregtigheid, die armes en dialoog as benadering tot ander godsdienste. Ten spyte van McGavran se kritiek is 'n "holistiese" sendingbenadering aanvaar, alhoewel met sterk klem op die evangeliese verstaan van die sending. "The title of the Manila Conference, following Lausanne, in 1989, 'Proclaim Christ until He Comes', with its sub-title 'Calling the Whole Church to take the Whole Gospel to the Whole world', expressed both the continuing emphasis on proclamation and this newly "comprehensive outlook" (Yates 1994:221).

### **2.11 Paradigmaverskuiwings in die sending.**

Bosch (1991:187-189) dui die volgende paradigma verskuiwings in die sending aan:

- Die Weste "the home of christianity", het sy dominante posisie in die wêreld verloor. Dit het ook duidelik geword by Bangkok (1973): "... that theologies designed and developed in Europe can claim no superiority over theologies emerging in other parts of the world."
- Die onregverdigde strukture van onderdrukking en uitbuiting word meer as ooit die stryd aangesê.
- Vooruitgang, die god van die verligting, blyk 'n valse god te wees.
- Daar is groter bewustheid van die beperkte bronne tot die mensdom se beskikking en 'n groter ekologiese bewustheid.
- Ons is nie net in staat om God se skepping te vernietig nie, maar ook om die mensdom uit te roei. Die kernoorlog is 'n groot bedreiging, daarom die oproep vir regverdigde vrede.
- Christene het die superioriteit van Christenskap oor ander gelowe vir te lank net aanvaar. Godsdienstvryheid word nou as basiese mensereg aanvaar. Daarom word ons gedwing om nuut te gaan dink oor ons Christenskap en ander gelowe, en hoe ons teenoor hulle getuig.

### 3. 'N HISTORIESE BLIK OP ENKELE BEPALENDE BESLUTE WAT GELEI HET TOT DIE SENDINGBEGRIP IN DIE NED GEREF KERK.

#### 3.1 Die stigting van die kerk in Suid-Afrika.

Na die stranding van die *Haarlem* aan die Kaapse kus in 1647, het Leendert Janszens en Nicolaas Proot met 'n latere memorandum by die Kompanjie aangedring om met 'n nedersetting aan die Kaap te begin. Onder die argumente was dat moontlike kolonisasie die geleentheid sou bied om die inboorlinge in aanraking te bring met die Woord van God en die Christelike geloof. Die aankoms van Jan van Riebeeck vyf jaar later staan dan ook onder die teken van hierdie sending uitdaging (Van der Watt 1976:47).

Dit is duidelik dat wanneer die *Verenighde Oost-Indische Compagne* (V O C) op 6 April 1652 'n nedersetting aan die suidpunt van Afrika begin, die idee van 'n permanente blanke volksplanting afwesig was. In Oktober 1652 gee die Bewindhebbers egter toestemming tot die vestiging van die eerste Vryburgers aan die Kaap. Die VOC het in sy handelsywer die belange van die "Kercke Christi" nie vergeet nie. Volgens die Sewentiende eeuse patroon is volksplanting en kerkplanting as twee kante van dieselfde onderneming gesien. Alhoewel daar eers in 1665 'n vaste kerklike struktuur kom, was die kerk reeds sedert 1652 aan die Kaap teenwoordig. Onder die klein bevolking van ongeveer 100 kompanjiesdienare was daar ook gelowiges, lidmate van die Gereformeerde kerk in Nederland, en hierdie mense het die kerk met hulle saamgebring. Waar die vaste ampte nog ontbreek het, is die werk in die hande van die sieketrooster, Willem Barentsz Wylant, gelaat. Die godsdienstige sake is goed georden en gereeld behartig. So is die ontheiliging van die rusdag en die wegbly van kerklike byeenkomste swaar beboet (Van der Watt 1976:2-5).

Jan van Riebeeck het in sy bekende formuliergebed 'n geleentheid gesien om onder die "wilde brutale menschen" (die inboorlinge) die "ware Gereformeerde Christelijcke Leere", mettertied voort te plant en uit te brei. Die sendingbewussyn spreek hier in geen onduidelike taal nie. Met die koms van slawe na die Kaap is hierdie sendingbewussyn 'n verdere hupstoot gegee. In die huise en die werksinkels van die Kompanjie en op die landerye kom die Christene en heidene in noue kontak met mekaar en word die sendingtaak vir die kerk al meer aktueel. Hier was geen sprake van georganiseerde sending nie. Dit het spontaan plaasgevind, koloniste wat self moes worstel om 'n eie bestaan het dikwels slawekinders saam met hulle eie kinders onderrig, en in

baie gevalle is die slawe en Hottentotte in die familiekring opgeneem wanneer daar “Boeke gevat is” (Van der Watt 1976:48). Meer amptelik was dit die sieketrooster, Willem Wylant, wat op eie inisiatief die werk aangepak het, en so pionier geword het op die sendinggebied. Diegene onder die nie-blankes wat die Christelike geloof aangeneem het, is opgeneem in die kerklike gemeenskap – so word die slavin Catharina van Bengale na haar doop “de eerbare jonge dochter” genoem (Van der Watt 1976:6). Wylant teken egter ‘n droewige prentjie van die plaaslike bevolking “‘n uiters arm, ellendige volk na siel en liggaam, en van alle kennis van God beroof.” Menslik gesproke was daar nie veel hoop nie en tog het Wylant bly glo dat God hulle uit die duisternis tot die lig sou bring. By wyse van aanmoediging is dan ook bepaal dat ‘n slaaf wat die Christendom aanneem sy vryheid kan eis (Van der Watt 1976:47-48).

Van Riebeeck gee ook aandag aan die opheffing van die swart inboorlinge deur met ‘n skool te begin. So is die onderwys en by name godsdiensonderwys as kersteningsmedium gebruik. Daar is ook ‘n “Armenfonds” gestig. Die kollekte by die kerklike dienste is hierin gestort en van tyd tot tyd gebruik vir die onderhouding van arm en behoeftige mense. Daar is veral omgesien na verwaarloosde kinders. So is byvoorbeeld opgeteken van ‘n diaken en sy vrou wat die kinders van ‘n Hottentot-vrou in hul huis opgeneem en versorg het (Van der Watt: 1976:7).

Die eerste amptelike sendeling wat na Suid-Afrika gekom het, was ‘n Duitser, George Schmidt, wat in 1737 hom kom vestig het op Genadendal in die distrik van Caledon. Die saamtrek van ‘n aantal Hottentotte op die sendingstasie het baie koloniste met vrees en afkeer vervul by die gedagte aan luiheid en werkloosheid, en die moontlikheid dat dit ‘n toevlugsoord kan wees vir dieuwe en moordenaars. Die Duitse sendeling is as ‘n indringer beskou, ook omdat net die godsdiensvorm van die owerheid in daardie dae erken is. Later het nog verskeie sendinggenootskappe gevolg. Tog was daar altyd die een of ander spanning tussen die Ned Geref Kerk en die sendingorganisasies. Dit lei daartoe dat die Ned Geref Kerk daadwerklik aangespoor was om onafhanklik en selfstandig sendingwerk te onderneem. Deur die toedoen van Ds Van der Kemp (1799) word in Kaapstad “de Zuid-Afrikaansche Maatskappy tot bevordering van Christus Koninkrijk” (die latere SA Sendinggenootskap) gestig. Waar die Ned Geref Kerk tussen 1652-1800 deur privaat inisiatief aan sendingwerk deelgeneem het, het die sendingwerk in die eerste deel van die negentiende eeu plaasgevind deur die SA Sendinggenootskap. Toe die kerk in 1824 sy eerste sinodale kerkverband daarstel, is die sendingwerk op vaste organisatoriese grondslag

deur die kerk aangepak (Van der Watt 1976:51-53).

In die beginjare van die Kerk aan die Kaap is die grondslag gelê vir die Christelike onderwys, die sending en barmhartigheidswerk. Dit is ook duidelik dat die sending, die barmhartigheid en die onderwys hand aan hand loop. Die evangelie is nie alleen met woorde verkondig nie, maar ook deur daad. Opheffing en fisiese versorging was deel van die uitbreiding van die Koninkryk. 'n Belangrike gesigspunt wat ons op hierdie stadium nie mag miskyk nie, is dat die plaaslike gemeente gegroei het deur sy sendingwerk.

### **3.2 Sendingwerk deur die kerkverband**

Die jaar 1824, met die eerste sinode van die Ned Geref Kerk, is 'n beslissende datum vir die sendinggeskiedenis. Tot en met hierdie datum was die sending gesien as 'n verlengstuk van die pastoraat en daarom moes sendingwerk deur die predikante en ampsdraers van die gemeentes self gedoen word. Dat die sinode van 1824 intens in die sending belanggestel het, is vervat in 'n herderlike brief aan die gemeentes, waarin gemeentelede opgeroep word om deur hulle lewe en voorbeeld hulle bediendes vir Christus te wen. Die instelling van die sendeling-amp om die sending meer toegespits te maak, het ongelukkig reeds die implikasie gedra dat die nie-blanke volkere voortaan al hoe meer afsonderlik bearbei sou word, die kiem vir die ontstaan van afsonderlike kerke is dus reeds hier teenwoordig. So het die Sinode van 1826 'n reglement vir die ordening van sendelinge opgestel wat bepaal "dat hy hom tot die heidene moet bepaal en nie mag inbreuk doen op die regte van gevestigde gemeentes nie". Hier vind ons dat daar 'n duidelike skeiding kom tussen die pastoraat en die apostolaat. Die eerste sendeling van die Ned Geref Kerk word op 14 November 1826 in die persoon van Leopold Marquard georden (Crafford 1982:36-38). Hierdie proses loop daarop uit dat in 1857 die beginsel van afsonderlike vergaderplekke vir gekleurdes nou amptelik goedgekeur is. Verder is besluit om, behalwe vir die binnelandse sendingaksie ook by die buitelandse sendingaksies betrokke te raak.

In die Missionêre Diakonaat wil ons juis die klem daarop laat val dat daar wel 'n onderskeid is tussen die pastoraat en die apostolaat, maar dat ons nie die twee terreine kan skei nie. "Een van die belangrike herontdekkings wat gedurende hierdie eeu (twintigste eeu) in die ekumeniese beweging gemaak is, is dat die eenheid en sending van die kerk onlosmaaklik aan mekaar verbonde en op mekaar aangewese is" (Saayman 1986:118). Die situasie het dit destyds

genoodsaak dat daar baie indringend aandag gegee moet word aan totaal onontwikkelde mense, wat totaal en al vreemd gestaan het teenoor die evangelie. Uit die geskiedenis blyk dit dat hierdie skeiding nie stand kon hou nie, omdat die verband tussen die sending en die groei van die sturende gemeente deurgeknip is. So kom daar 'n kraak in die fondament van die een heilige algemene Christelike Kerk. Uit die sendingwerk van die Ned Geref Kerk ontstaan dan die Ned Geref Sendingkerk (1881) en later ook die Ned Geref Bantoekekerk (1951). Die ontstaan van die kerke is prysenswaardig, maar dat dit nooit tot die groei van die Ned Geref Kerk gelei het nie, moet betreur word. Die planting of stigting van afsonderlike kerke het daartoe gelei dat sending in die Ned Geref Kerk al meer verword het tot 'n diens in die "sending/dogter" kerke, of hulpbetoon aan hierdie kerke, of skakeling met hierdie kerke. So word die verantwoordelikheid om die evangelie aan die nie-blankes te verkondig verplaas na die jong kerke.

Die huidige multikulturele situasie in Suid-Afrika (en wêreldwyd) noodsaak ons nou om indringend aandag te gee aan 'n nuwe verstaan van 'n meer omvattende sendingbegrip, die *missio Dei*, waar die verskillende bedieninge van die kerk juis weer in God se sending begrond word en nie in die praktyk van die dag nie. Die missionêre dimensie en intensie in die bediening van die kerk is onlosmaaklik aan mekaar verbonde. So word die kwaliteit van die missionêre intensie of konsentrasiepunte bepaal deur die kwaliteit en geloofwaardigheid van die missionêre dimensie.

Dit is inderdaad waar dat die Ned Geref Kerk altyd die Evangelie deur woord- en daadverkondig het, en dat daar altyd 'n sendingywer by die Kerk was. Die talle sendingskole, hospitale en sendingstasies regoor Afrika dien as bewys daarvan (vgl Crafford 1982; Van der Watt 1977:57-65). Later het die administrasie en die finansiële implikasies van hierdie instansies die Kerk genoodsaak om dit aan die regering oor te dra. Hiermee het die Ned Geref Kerk ongetwyfeld saam met ander Kerke en genootskappe 'n onberekenbare rol gespeel in die kerstening en opheffing van Afrika.

Die Ned Geref Kerk het egter as westerse kerk hier in Afrika aangekom, en kon nog nooit daarin slaag om 'n kontekstuele Afrika kerk te word nie. Die Ned Geref Kerk kon nog nie daarin slaag om in Afrika die groei van die plaaslike Ned Geref Gemeente te stimuleer deur sendingwerk nie, aangesien die eenheid-in-sending en sending-in-eenheid beginsel ontbreek het en die sending in die verlede eerder in 'n rasse onderskeid gesien is, as in 'n geloofsonderskeid. So het die Ned

Geref Kerk in sy bestaan hom geïsoleer (vgl. bv. die Cottesloe Beraad van 1960) van die ekumeniese beweging in Suid-Afrika, asook die plaaslike bevolking, in die sin dat dit 'n eksklusiewe blanke kerk gebly het. Hiervoor het die kerk dan in die onlangse verlede ook baie kritiek beleef, en is die groot werk wat op die sendingterrein gedoen is, dikwels misgekyk, omdat daarin dikwels 'n dualisme beleef is. Indien die Ned Geref Kerk werklik 'n geloofwaardige missionêre diakonale bediening wil vestig, sal die eenheid van die Kerk indringend aandag moet kry.

### **3.3 Enkele verskuiwings in die Suid-Afrikaanse sendingkonteks**

Die situasie rondom die sending in Suid-Afrika het geweldig baie verander, veral wat die Ned Geref Kerk aanbetref.

- Die Ned Geref Kerk het sy dominante posisie in Suid-Afrika verloor. Ander kerkgenootskappe tree net so sterk, indien nie sterker nie, na vore.
- Die jonger kerke van die Ned Geref Kerk familie (VGKSA, NGKA en RCA) neem 'n baie prominenter rol in op die kerklike terrein wêreldwyd, terwyl die Ned Geref Kerk nog sukkel om uit sy isolasie te kom na die apartheidsjare.
- Die Ned Geref Kerk kan nie meer die regering so maklik beïnvloed nie en sy teologie word ook nie noodwendig aanvaar deur die jonger kerke nie. Dit is eerder 'n geval dat die jonger kerke voorskriftelik begin raak. Vergelyk die hele kwessie rondom die Belydenis van Belhar.
- Onafhanklike swart kerke groei vinnig.
- Ander gelowe tree vinnig en baie sterk na vore in Suid-Afrika.
- MIV, armoede, werkloosheid, stakings en geweld neem geweldig toe. Kerke sal baie meer en baie indringender aandag daaraan moet gee.
- Beperkte hulpbronne bring al meer ekologiese vrae mee.

Met die enkele opmerkings uit die geskiedenis kan daar nou voortgegaan word met die begroning van die missionêre begrip met die klem op die diakonale dimensie.

#### 4. VERSKILLENDE BENAMINGS VIR DIE VAKGEBIED SENDING OF MISSIOLOGIE

Die rede waarom die verskillende benamings vir die vakgebied hier genoem word, is dat ons 'n idee kan kry van die omvang van wat verstaan word onder die sending. Die bedoeling is dus nie om die verskillende benamings te verdedig of te bespreek nie. Gevolglik word die benamings slegs puntsgewys aangedui soos wat ons dit by Verkuyl (sd:15-16) vind:

- Gustav Warneck - *Missionslehre*. Hy fundeer sending dogmaties daarin dat die christendom "*als die vollkommene und vollendete Offenbarung Gottes ... die absolute Religion ist*" (Verkuyl sd:45).
- Kuyper - *prosthetiek* na aanleiding van Hand 2:41, 5:14, 11:24 afgelei van die werkwoord: *prostithestai* - toegevoeg tot die gemeente. Alternatiewe voorstelle van Kuyper is *auxaniek* - vermeerdering, uitbreiding en *halieutiek*- vissers van mense.
- JI Doedes - kies die naam "*prosthetiek*". Hy omskryf die ondersoekveld van die sending, na die mees "profijtelijke methoden" om mense van buite die Christendom te kersten.
- Donald McGavran noem sy missiologiese skool: "Church Growth School". Hy beskou die geestelike belangriker as die stoflike en die siel belangriker as die liggaam. Diakonale programme en projekte sien hy uitsluitend as 'n middel tot 'n doel (Verkuyl sd:97). Hy beperk die sending tot die groei van die kerk. Mens sou ook kon praat van "*auxaniek*".
- Robert Speer van Noord Amerika voer die term "Missionary principles and practice" in.
- Nederland - AA van Ruler, JC Hoekendijk e a gebruik die term "*Theologie van het apostolaat*". Bergema se beswaar is dat ons met die term "apostolisch", "apostolaat" eerder kan dink aan die inhoud van die apostoliese "*marturia, didache, kerygma*" en aan die outentieke gesag en nie aan die doen van die "*apostellein*" (stuur) nie.



- Engeland - The Theology of Mission/missions.
- Frankryk - Science Missionaire.
- Verkuyl verkies die benaming Missiologie: "dat het veld van ondersoek niet primair de inhoud van de boodschap is, maar het missionaire handelen van God en van de mensen in zijn opdracht" (1981:16).

Wanneer ons dus van Missionêre Diakonaat praat, dan kies ons die begrip bo byvoorbeeld diakonale sending, omdat in die term "missionêre" reeds iets in opgesluit lê van God se daad wat ook ons opdrag is om daadwerklik te verkondig.

## 5. SENDINGBEGRIPPE

Na aanleiding van die verskeidenheid benamings is dit belangrik dat ons sal terugkeer na die Bybel en sal aandag skenk aan die spesifieke woorde wat gebruik word om die sendingbegrip aan te dui. Veral in 'n modernistiese en post-modernistiese samelewing, waar alles relatief geword het (ook die waarheid), en waar daar eerder gesoek word na 'n soort universalisme tussen verskillende godsdienste, is dit belangrik dat ons die sendingbegrip, wat gemotiveer word vanuit die uniekheid van Christus, weer vanuit die Bybel sal verstaan. Universalisme moenie met sending verwar word nie, want sending beteken letterlik om gestuur te wees. Universalisme veronderstel nie noodwendig 'n gestuurdheid nie (Peters 1972:21).

'n Ander belangrike faktor wat ons denke rondom sending beïnvloed, is die feit dat die kerk 'n universele verskynsel geword het en 'n heel nuwe betekenis aan sending kom gee het (vgl DuBose 1983:22-29, Newbiggin 1995:7).

### 5.1 Woorde wat gebruik word om die begrip sending te omskryf.

Wanneer die verskillende begrippe wat vir sending gebruik word hier weergegee word, is dit slegs om kennis daarvan te neem. Daar word nie gepoog om dit volledig te bespreek nie.

### 5.1.1 *apostello en pempo*

Die betekenis van beide bogenoemde woorde is ongeveer: "to cause someone to depart for a particular purpose - 'to send' " (Louw&Nida 1988:191).

Die woord *apostello* word meestal gebruik wanneer Jesus die dissipels uitstuur (Matt 10:5, Mark 3:14; 6:7, Luk 9:2, Joh 4:38; 17:18). Dit word ook gebruik om aan te dui dat God vir Jesus uitgestuur het (Matt 15:24, Mark 9:37, Luk 9:48, Joh 3:17, 34; 5:36, 38; 6:29, 57; 7:29; 8:42; 11:42; 17:3, 8, 21, 23, 25; 20:21, Hand 3:20). "*apostello* is a strengthening compound of *stello* and is common in Greek for 'to send forth', differing from *pempo*, which stresses the fact of sending, by its relating of sender and sent and its consequent implication of a commission, especially in Hellenistic Greek" (Bromiley 1985:67).

Jesus gebruik *apostello* om die gesag van sy sending aan te dui. Daardeur wil Hy bewys dat dit God is wat Hom gestuur het en ook verantwoordelik is vir sy woorde en werke. God verleen nie net gesag deur verantwoordelikheid te aanvaar vir Jesus se woorde en werke nie, Hy neem ook deel aan die woorde en werke van Jesus deurdát Hy die Sender is (Bromiley 1985:68). Om God se deelname aan sy sending aan te dui, gebruik Jesus die woord *pempo* (Joh 14:24).

Die woorde met die stam "stuur" het gewoonlik 'n drieledige betekenis. In die eerste plek is daar altyd 'n sender of 'n bron wat verantwoordelik is vir die stuur-aksie. In die tweede plek is daar altyd 'n medium (persoonlik of onpersoonlik) wat gestuur word. Derdens word die medium altyd met 'n doel gestuur, byvoorbeeld om 'n boodskap oor te dra of 'n taak te verrig. 'n Voorbeeld is: God (Sender) stuur sy Seun (medium) om die wêreld te red (doel). So is daar baie voorbeelde in die Ou en Nuwe Testament van mense wat gestuur word, hetsy deur God, of deur individue of deur gemeentes. "Mission may be thought of not simply as a 'going,' but specifically as a 'being sent'; it is a response as much as or more than it is an initiative. But does a person undertake mission as a response to a body of 'senders,' or rather in response to those who ask for and receive a stranger?" (Gittins 1993:36). In antwoord hierop moet ons sê dit is God se sending, daarom moet ons gehoorsaam wees aan Hom en gaan waar Hy ons ook al stuur, selfs al is ons nie welkom nie.

In die Nuwe Testament het *apostello* dan ook duidelik die teologiese betekenis begin kry van: "... 'sending forth to serve God with God's own authority', but only in context and not with any radical departure from its normal sense" (Bromiley 1985:68).

Wanneer ons oor sending wil praat, dan is hierdie die mees basiese begrip: om gestuur te wees (DuBose 1983:25). Dit is belangrik om daarop te let dat stuur in die Bybel nie net beteken dat iemand oor geografiese grense gestuur word nie (Matt 10:5-7). Wanneer iemand gestuur word, fokus die opdrag op die doel van die stuur. In die meeste gevalle is die doel van die stuur-aksie in die Ou Testament oordeel of verlossing. In die Nuwe Testament is dit die koms van die Koninkryk. Om enkele voorbeelde te noem: Moses word gestuur om die volk te bevry van slawerny. Jona word gestuur om 'n oordeel oor die stad Nineve aan te kondig. Die profete word gestuur om 'n oordeel aan te kondig oor Israel, omdat hulle gesondig het, of om genade aan Israel te verkondig omdat God hulle klaar gestraf het en hulle weer wil red (vgl verder Jesaja en Jeremia). Wanneer mense gestuur is in die Bybel, het dit nie net gegaan oor woordverkondiging nie. Die woordverkondiging het gewoonlik met daade gepaard gegaan. So kry die dissipels die volgende opdrag as Jesus hulle uitstuur: "Gaan verkondig: 'Die koninkryk van die hemel het naby gekom. Maak siekes gesond, wek dooies op, reinig melaatses en dryf duiwels uit. Julle het dit verniet ontvang, gee dit ook verniet' " (Matt 10:7-8).

Dit is tog opvallend hoeveel sendingteologieë nie veel aandag gee aan die "stuur"-gedagte nie. Sending word eerder begrond in die volgende begrippe: *kerygma*, *euangelion*, *martyria*, wat eintlik net verskillende diensterreine binne die sending is. Moontlik is dit omdat ons altyd aan gestuur-wees in geografiese terme dink, en die sendingsituasie so verander het dat daar doodeenvoudig nie meer net geografies oor die sending gedink kan word nie.

### 5.1.2 *Kerygma en didache*

"*Kerygma* ...denotes both the act and the content of proclamation. It can have such senses as 'news,' 'declaration,' 'decree,' 'announcement,' etc" (Bromiley 1985:435). In Matt 12:41 en Luk 11:32 word *kerygma* gebruik om te verwys na Jona se prediking. Telkens wanneer dit oor die daad van *kerygma* gaan, dan is dit effektief, nie op grond van menslike krag of wysheid nie, maar die effektiwiteit is geleë in die handeling van God en sy Gees (1 Kor 2:4). God gee die woord en die

opdrag (Tit 1:3). Hy is die een wat handel by die *kerygma*.

Our translation of *keryssein* as “preach” hopelessly weakens its meaning. It is only adequately rendered by “proclaim”, because it is not a transmission of doctrines or truths, but the proclamation of an all-decisive event which in principle changes the whole situation of the world. It is a proclamation of the “*basileia tou theo*”, of the Kingdom of God, of the new world embodied in Christ (Kraemer 1956:24).

Jeremias wys daarop dat daar twee vorme van prediking was in die vroeë christendom naamlik, *kerygma* en *didache*. “The latter (*didache*) meant preaching or teaching directed to the congregation, for example, the Sermon on the Mount. It was directed inward and should not be confused with *kerygma*, which was directed outward. Proclamation, *kerygma*, was missionary preaching to Jew and Gentile” (Hedlund 1991:160).

“We have learned to make a distinction between *kerygma* and *didache* (=teaching), but *didache* which is not pervaded in the life breath of *kerygma*, is not really authentic communication of the Christian message” (Kraemer 1956:24).

### 5.1.3 *martyria/martyreo*

*matyreo* beteken “to provide information about a person or an event concerning which the speaker has direct knowledge - 'to witness'” (Louw & Nida 1988:418).

“The term ‘witness’ expresses somewhat more strongly, the opposition to the foolishness, the obstinacy, and unbelief of a world that will not put its trust in Christ. The term ‘witness’ suggests something of the atmosphere of a trial, a lawsuit between Christ and the world, in which the apostles are witnesses” (Bavinck 1960:66).

Lukas se gebruik in Luk 24:48 en Handeling 1:8 bevat getuïenisse van Jesus wat welbekend was. Hierdie getuïenis kan alleen waarde hê as die bedoeling van die feite wat gegee word, aanvaar word. So word die getuïenis ‘n saak van geloof en belydenis. Aangesien die evangelie ‘n historiese openbaring is, is die getuïenis rondom die feite en die waarheid dieselfde. Dit handel om feite, nie mites nie. Die getuïes oor hierdie feite het ook die feite deurleef (Luk 24:47, Hand 1:8). Hulle het hierdie feite verstaan en is deur die Heilige Gees toegerus om as getuïes na die

wêreld te gaan. Ook Stefanus is 'n belydende getuie, en hy wys die erns van sy belydenis deur op grond daarvan te sterf.

Dit is dus duidelik dat daar 'n definitiewe element van lyding verbonde is aan getuie wees, aangesien ons getuig oor Hom wat gely het (Matt 10:24-25). Hierdie getuie wees in die wêreld beteken nie slegs mondelinge prediking nie, maar ook stille lyding ter wille van ander (Bosch 1979:74).

Die *martyria*, die getuienis deur woord en daad, het sy werklike oorsprong nie in die getuie self nie, maar in God. Die getuie is deel van God se sending, God bly die outeur. In die Ou Testament word veral hieraan uitdrukking gegee deur klem te lê op wat God doen eerder as op die mens se dade. As ons byvoorbeeld in Jes 40-55 (die gedeeltes oor die kneg van die Here) let op die sentraliteit van die begrip getuie, dan val dit op dat die "kneg" nie 'n aktiewe getuie is wat na die nasies uitgestuur is nie. Die werkwoord *josi*' in Jes 42:1 wil sê dat die kneg die reg aan die nasies sal sigbaar of duidelik maak, deur wie Hy is. Dus word die kneg se eie aktiwiteit nie beklemtoon nie. Die klem val eerder op die feit dat God in of deur hom werk. Hy word byvoorbeeld in die hofsaal ingebring om getuienis te lewer tussen God en die volke, maar hy is eintlik 'n waardelose getuie. Hy kan nie sien of praat nie (Jes 42:18-20; 43:8-13). Die doel is nie om te sê dat die getuie doof en blind is nie, maar dat Jahwe self in die laaste instansie die Getuie is (Bosch 1979:78).

#### 5.1.4 *euangelion/euangelizomai*

*euangelion* beteken goeie nuus of evangelie. *euangelizomai* beteken "to proclaim good news" (Bromiley 1985:267).

*euangelizomai* word ook gebruik vir die Hebreeuse stam *bsr*. "The term is especially significant in Is 40ff, where the messenger comes to Zion to proclaim the worldwide victory of God which initiates the age of salvation (52:7). This declaration is not just human word and breath, for God himself speaks through it, bringing to pass what is said by his own creative word" (Bromiley 1985:267).

Jesus self is die goeie nuus en die draer van die goeie nuus (Luk 4:16-21). Jesus se prediking en

dade is alles tekens van die Messiaanse tyd: nie net die vreugde en blydskap daarvan nie, maar ook van die naderende oordeel. Sy lewe verkondig en bevestig egter ten diepste die goeie nuus van redding vir elkeen wat glo (Bavinck 1960:66). Hierdie term wil die oorwinning en die vreugde wat Jesus gebring het, kom aandui. Daarom het dit buite die Nuwe Testament 'n tegniese term geword vir: "news of victory" (Bromiley 1985:269).

Evangelisasie is afgelei van die Griekse woord *euangelion*: goeie nuus. Om te evangeliseer beteken om die goeie nuus te proklameer. Die inhoud van die goeie nuus in die Nuwe Testament is dit wat God vir die mensdom in Jesus Christus gedoen het. Evangelisasie, die verkondiging van die goeie nuus, waar mense van ongelof tot 'n lewende geloof in Jesus Christus gelei word, is die hart van sending. In die gedeeltes wat handel oor die opstanding is die kern van die goeie nuus, wat ons moet verkondig en wat geproklameer moet word, ingebed (Joh 20:2, Mark 16:15, Hand 1:8, Luk 24:46-48, Matt 28:19-20). Rom 10:15: In this passage it is clear that the preacher is sent to proclaim the good news. Proclamation, therefore is clearly the content of the mission, and this means that evangelism is one of the basic purposes of the sending" (DuBose 1983:119).

### 5.1.5 Gevolgtrekking

Die bogenoemde sendingbegrippe maak dit baie duidelik dat die sending God se sending is (*missio Dei*). God is die Een wat met gesag die Goeie Nuus stuur en deelneem aan die sending. Dit is God se koninkryk wat geproklameer moet word in die wêreld, en waarvan die kerk geleer moet word, en wat die kerk moet gaan leer. Die gestuurdheid is dus om die grens tussen geloof en ongelof uit te wis. Sending kan dus nie verstaan word as slegs gestuur te wees na ongekerstendes nie, dit moet eerder verstaan word as: "the common witness of the whole church, bringing the whole gospel to the whole world" (Van Engen 1996:18).

Die sending is egter ook die *missio ecclesiae*, die kerk se sending. Die kerk is die *apostello*, die gestuurde met gesag. Dit blyk dat die basiese elemente van sending in die Nuwe Testament (vgl DuBose 1983:120) bestaan uit om gestuur te wees, met 'n bepaalde opdrag:

- Die verkondiging van die Goeie Nuus, hetsy deur *kerygma* of *didache*, binne en buite die kerk. In die verkondigde Woord roep Christus die nie-gelowiges tot die nuwe volk van God, dit wil sê tot die nuwe gemeenskap en gee aan hulle daarmee tegelyk die opdrag tot deelname

aan die sending. Die sending het dus ook die taak om te help met die vorming (of opbou) van 'n geloofsgemeenskap (kerk) en het die taak om die nuwe geroepenes onmiddellik in te skakel in die sendingwerk. Hier vervloei bepaald die grense tussen opbouwerk aan die kerk en die werk van die sending (Crafford 1966:86).

- Getuie wees, deur dit uit te leef, met ander woorde deur te doen.

The centripetal aspect of missions revealed in the Old Testament ... reminds us to be authentic witnesses who communicate the gospel by deed as well as by word. And it demonstrates the drawing power of just societies ordered under the God who desires for all men and nations ... *shalom* (Hedlund 1991:82).

Sending is nie bloot 'n opdrag nie. Sending is veel eerder die gevolg van 'n ontmoeting en verhouding met Christus (Bosch 1979:84). Hierdie verhouding met die lewende God kan nooit stagneer nie en daarom kan sending nooit stagneer in een bepaalde vorm nie. Ons sou dus kon sê dat sending reformasie tot gevolg het, maar sending is ook 'n voortdurende proses van reformasie. Om hierdie rede moet ons versigtig wees om sending binne ons beperkte verstaan in 'n definisie te probeer vasvang. "Ultimately, mission remains undefinable; it should never be incarcerated in the narrow confines of our own predilections" (Bosch 1991:9).

Die mees basiese of onderliggende (nie die enigste) begrip van die sending is dus, *apostello/pempe*, om gestuur te wees. Gestuur te wees met die gesag van God en die doel om die Koninkryk te proklameer, om te leer en te getuig van die evangelie. Sending is om gestuur te wees om alle mense aan die Verlosser, Jesus Christus, deur woord en daad bekend te stel, sodat deur die ontmoeting met Hom, die grens tussen geloof en ongeloof oorgesteek sal word, en daar gegroei sal word in die geloof.

## 6. MOTIVERING EN INHOUD VAN DIE SENDING

### 6.1 Motivering van sending

Die mens is geskape om God te eer. Die enigste opdrag wat die kerk het, is om die Woord van God te verkondig en uit te leef, en so God te verteenwoordig in hierdie wêreld. So is Israel se

verkiesing om 'n teken te wees van God as Skepper en Bevryder (Jes 49:6). Verkiesing is niks anders as roeping nie. 'n Roeping tot diens; 'n heilige verpligting tot getuigenis onder volke (Verkuyl 1981:128). God bemagtig ons vir hierdie roeping deur die verlossing van Jesus Christus en die uitstorting van die Heilige Gees. Hy stuur die Seun en die Gees, omdat Hy die wêreld so liefhet. Daarom is die enigste motivering wat daar vir die sending kan en mag wees, geleë in die liefde wat God vir die skepping het.

Reeds in die Ou Testament fungeer die begrip "presensie". Israel moet as God se volk teenwoordig wees tussen ander volke om God se barmhartigheid, geregtigheid, genade en bevryding te weerspieël (Verkuyl sd:128). God se opdrag aan die mens is om sy verteenwoordiger te wees, om oor die skepping te heers (as sy verteenwoordiger) en om sy naaste lief te hê (as sy verteenwoordiger). Enige ander motivering, hoe mooi en hoe prysenswaardig ookal, moet gesien word as 'n valse motivering. As God die mens met sy liefde oorweldig het deur woord en daad (Joh 3:16; Rom 5:8; 1 Tim 1:14), kan ons nie anders as om die evangelie te verkondig nie, en wee die kerk as hy dit nie doen nie (Joh 7:38; Hand 4:20; 1 Kor 9:16; 2 Kor 5:14).

## **6.2 Inhoud van sending**

"Julle, daarenteen, is 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig" (1 Pet 2:9). Hierdie teks gedeelte sal verder uitgewerk word by die hoofstuk oor die Missionêre Diakonaat aangesien dit juis hieroor handel.

Wanneer ons oor die inhoud van sending wil praat, dan gaan dit oor die feit dat ons geroep is om in hierdie wêreld te leef as Konings, Priesters en Profete, na die voorbeeld van Hom wat ons gestuur het: die Here, Jesus Christus (Heyns 1978:274). In die onderskeiding van die drie ampte gaan dit nie om 'n skeiding in die sendingwerk nie, daarmee wil slegs bepaalde fasette van die sendingroeping uitgelig word.

Daar sal in 'n latere hoofstuk, waar gehandel word oor Jesus Christus, spesifiek aan hierdie drie



ampte aandag gegee word om te wys hoe die Missionêre Diakonaat hierin gestalte vind.

## 7. SAMEVATTING

Wat word dan verstaan onder die begrip sending?

- Teologies omvat die sendingbegrip twee hoofsaake:
  - Sending is God se sending (*missio Dei*)
  - Sending is die kerk se sending/sendinge (*missio Ecclesiae*). Daarom is die kerk se enigste sin en betekenis daarin geleë om deur God gebruik te word in die wêreld.
- Sending moet omvattend verstaan word (Kritzinger 1988:34-36) en vertoon die volgende diensterreine
  - *kerygma* = verkondiging, evangelisering, uitnodiging tot geloof in die Naam wat die verlossing bring (Hand 4:12).
  - *diakonia* = liefdesdiens, diensbetoon, sosiale betrokkenheid (Hand 4:32).
  - *koinonia* = gemeenskapstigting, eenheid, samewerking (Hand 2:43-47).

Hierby sou ook die begrip *leitourgia* = aanbidding gevoeg moet word, aangesien dit in die sending juis ook gaan om die aanbidding en eer van God. Dit beteken dat sending die opdrag is van elke kerk, elke gemeente en elke lidmaat, en dat die evangelie gebring moet word aan elke mens, op elke plek, in elke situasie, sodat die totale nood van die mens aangespreek kan word.

- Die onvoltooide sendingtaak

Sending vind plaas waar geloof en ongeloof mekaar ontmoet. Daarom vind sending miskien juis binne in die kerk, binne in die erediens plaas, want in elkeen van ons is nog 'n stuk ongeloof (Mark 9:24; Rom 7:7-25). Die kerk, die gelowiges, mag nooit dink hulle het gearriveer nie. Dink maar aan Paulus se gebede vir die gemeente in Efese (Ef 1:15-23; 3:14-21). Ook die kerk moet deur die sending groei in heiligheid 1 Pet 1:15: "..., soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in julle hele lewenswandel heilig wees". Die primêre vorm van sending is sentripetaal (plaaslik) en word gekenmerk deur 'n geloofwaardige lewensstyl, wat getuig van die verlossing in Christus (Hand 2:37-47).

A man cannot only preach, he must also live. And the life that he lives, with all its little peculiarities, is one of two things: either it emasculates his preaching or it gives it flesh and blood. But in either case it does something. The approach is thus never simply a search for words; it is at every moment an approach to living people, an approach which discloses itself in our entire attitude toward life. And when we approach people they do not only listen to what we say, but, especially in the beginning, they pay attention to what we do" (Bavinck 1960:93).

Dit is in hierdie geval ook belangrik om daarop te let dat Jesus se groot sendingpreek in Lukas juis in sy tuisdorp Nasaret plaasvind (Luk 4:16 vv). Sending is definitief ook sentrifugaal, ons moet ook uitreik na mense in nood (Matt 28:19-20; Hand 13:1-3). Hieruit kan ons aflei dat die sentripetale sending en die sentrifugale sending nie teenoor mekaar staan nie, maar in gesonde spanning met mekaar. Netso staan ook die woord- en daadverkondiging in gesonde spanning met mekaar.

Sendingteologie is omvattend en daarom sal sending self omvattend wees. Sending kan daarom nooit abstrak, of in 'n "lugleegte" of as afsonderlike komponente beoefen word nie. Daar moet altyd gepoog word om die geheel raak te sien. Die mees vrugbare manier om hierna te kyk is om dit as drie sirkels te sien wat mekaar sny. Die eerste sirkel bestaan uit die Bybelse teks. Die teologie. Dit handel oor hoe ons God verstaan. Die tweede sirkel oor die geloofsgemeenskap, diegene wat die teologie beoefen. Die derde sirkel handel oor die spesifieke konteks waarin die teologie beoefen word (Van Engen 1996:22-26).

## HOOFSTUK 3

### DIE MISSIONÊRE DIMENSIE IN DIE BEGRIP: DIAKONAAT

#### 1. INLEIDING

In hierdie hoofstuk gaan dit weereens nie oor 'n volledige begroning van die diakonaat nie. Die doel is ook nie om hier 'n handleiding te gee oor die "hoe" van die diakonaat nie, maar oor: Wat verstaan ons onder diakonaat? En op wie is die diakonaat gerig? Wat is die reikwydte van die diakonaat? Oor begripsverheldering, en die missionêre dimensie in die diakonaat.

Noordegraaf (1991:9) wys die volgende redes aan waarom daar na 'n herverstaan van die diakonaat gekyk sal moet word.

- Die toenemende verandering in die wêreld ten opsigte van die missionêre en diakonale taak van die kerk: “dienend getuigen”;
- Die ontwikkelinge in die wêreldsending, in die lig van die ekumeniese beweging;
- Die verskuiwings op sosiaal-ekonomiese terrein en die wysigings in die maatskaplike bestel; en
- Die ontwikkeling na een monitêre-, wêreldwye samelewing.

Die diakonaat handel oor die verhouding tussen teorie (dit wat ons glo) en praktyk (hoe ons leef). Indien volstaan word met die teorie, kry ons 'n dooie stuk teologie of geloof wat niks vir niemand beteken nie (Jak 2:14-17; Gal 5:6b). “... 'n teologie wat nie meer aktueel is nie, is 'n valse teologie (H Bouillard). Die teologie hanteer 'n politieke hermeneutiek van die evangelie (J. Moltmann), want ook die hermeneutiek van die Koninkryk van God bestaan in die verbetering van hierdie wêreld (E. Schillebeeckx)” (Heyns 1975:9).

Die ander uiterste word gevind waar teologie skeef getrek word na die kant van die praktyk en dan uiting vind in die revolusionêre-, bevrydings- of politieke teologie, wat dan opgaan in blote sosialisme of humanisme. Revolusie word dan verstaan as die transendering van die histories-geworde en histories-gebonde situasie met die oog op meer vryheid vir meer mense, op meer plekke en onder meer omstandighede (Heyns 1975:2). Hier speel 'n verhouding met die lewende

Here dan 'n baie klein rol, indien enige. Nie 'n verhouding met die Here bepaal die optrede nie, maar die praktyk.

Dit is onmoontlik om in hierdie studie volledig op die problematiek rakende die verhouding teorie en praktyk in te gaan. Ek wil graag enkele ontwikkelingslyne soos ons dit aantref by De Ruijter (1992:17-29), as agtergrond deurgee.

By die klassieke denke sedert Aristoteles lê die "primaat" by die teorie. Dit is HG Geertsema wat aandui dat die verskuiwing van die klem na die praktyk voorberei is deur die wending na die mens as subjek. Hy bedoel daarmee die verandering in denke, waar die mens as denkende subjek self uitgangspunt word van sy denke. Hy wys veral op so 'n verandering, onder andere by Descartes (ek dink, daarom is ek) en by Kant, wat die outonomie van die menslike rede sterk benadruk. Hoewel beide tog ruimte laat vir die idêe van God, beteken hulle metodiese benadering dat kennis van die werklikheid vanuit die mens self voortkom. So is daar nie ewige en absolute waarhede nie, maar word die aardse werklikheid die maatstaf wat ons denke bepaal (De Ruijter 1992:18).

Dit is by Marx wat ons 'n totale wending kry. Daar is geen denkproses moontlik wat los van die werklikheid sou kon funksioneer nie. Die teorie kan ons op geen manier bo of naas die praktyk verhef nie. "In feite de kern van Marx' dialectiese metode: er is een dialectiek tussen teorie en praxis waarbij de teorie altijd in de praxis plaatsvindt" (De Ruijter 1992:19). By Marx is daar dus geen plek meer vir selfstandige teorie, sonder praktyk nie. So kry die begrip praxis by Marx meer en meer die betekenis van 'n revolusionêre proses, waarin die mens hom losmaak uit die vervreemde binding. "Het primaat van de praxis leidt bij Marx dus tot een specifieke visie op alle theorie" (De Ruijter 1992:19).

Tog kom die verskuiwing van subjektiwiteit (Kant en Descartes), al in die teologie voor by Augustinus, "... die aan de wil het primaat toekende boven het verstand. Hij baseerde zich daarvoor op de leer van het beeld Gods. Het wezen van God is Zijn wil. Daarom is de wil het wezen van de mens als beeldrager van God. Zo is zij voorwaarde voor alle menselijke kennis (De Ruijter 1992:21).

Duns Scotus het voortgebou op hierdie leer van Augustinus. Vir die teologie het hierdie standpunt ingrypende konsekwensies. Dit beteken dat dit in die teologie nooit kan gaan om spekulatiewe kennis van God nie. Teologie is geen rasonale dissipline nie, aangesien die betekenis daarvan alleen geleë kan wees in die heil as God se genadewerk. So bou Duns Scotus voort op die tradisie van Augustinus, waar die teologie altyd 'n praktiese heilsbetrokkenheid het. "Theologie is 'spida scientia'. Uiteindelik is ze meer dan 'scientia', ze is 'sapientia'" (De Ruijter 1992:22).

Thomas van Aquinas het, na die herontdekking van Aristoteles, gewerk aan die diens-insigte en motiewe in die teologie. Dit was ook deel van die verskil tussen die Rooms-Katolieke en die Protestantse tradisie. Terwyl die Rooms-Katolieke teologie hulle vir eeue toegelê het op Thomas van Aquinas, het die Protestantse teologie meer voortgebou op die lyn van Duns Scotus. Die fundamentele invloed van Thomas van Aquinas, wat vir eeue tiperend was van die Rooms-Katolieke teologie, was nooit 'n algemene grondtrek by die Reformatoriese teologie nie.

By Luther word dit duidelik dat in die tipering van teologie as "prakties" dit nie alleen gaan om suiwer kennis van God nie, maar eerder dat die teologie in feite gerig is op die verhouding tussen God en mens. Die praxis waarop die teologie hom rig, is die praxis van die verkondigde heil van God vir mense. Dit is een van die dominerende grondtrekke van die Protestantse teologie.

Augustinus' aanzet tot de thematiek van zonde en genade is bij Luther het theologisch hoofdmoment geworden in de rechtvaardiging van de goddeloze. Hij grijpt ook met vuur en verve terug op de lijn van Duns Scotus: *vera theologia est practica ... speculativa igitur theologia, die gehort in die hell zum Teuffel* (De Ruijter 1992:23).

Tydens die Aufklärung tree 'n duidelike anti-metafisiese wending in. Schleiermacher sluit hom hierby aan deur as uitgangspunt vir die teologie te neem nie die openbaring van God nie, maar die religieuse ervaring van die mense. "Tegenover de gedachte dat de theologie als wetenschap haar waarde in zichzelf zou hebben vanwege aard en inhoud van haar kennis, wordt hier uitgegaan van het standpunt dat theologie haar betekenis slechts ontleent aan het maatschappelijk verschijnsel van religie en kerk" (De Ruijter 1992:24).

So ondergaan die praktiese karakter van die teologie 'n sterk radikalisering in die vorm van politieke teologie en nog later die bevrydingsteologie. By die bevrydingsteologie funksioneer die teologiese teorie as tweede stap, naamlik as refleksie op die bestaande bevrydingspraktyk.

Liberation theology rejects the idea that truth is a timeless spiritual entity that, so to say, floats above the moving current of history. Salvation is Gods action in history, and therefore truth can be known only through participation in this action. In this instance, liberation theology is keeping much closer to the Bible than is the theology that uses the concepts of idealistic philosophy (Newbigin 1995:96).

Die lyn tussen bevrydingsteologie en diakonaat is inderdaad in sekere opsigte 'n baie fyn lyn. Daar is tereg dikwels oorvleueling. Newbigin (1995:109-120) gee na my mening baie goeie argumente hoekom daar van die bevrydingsteologie verskil kan word.

In die Praktiese teologie kry ons hoofsaaklik twee strome: enersyds is die vraag na die aard van die "praxis" waarmee die teologie hom besig hou. Andersyds is daar die vraag na die plek wat die teorie moet inneem. Daar is egter ook 'n derde benadering wat nie vanuit die problematiek van teorie en praktyk uitgaan nie, maar die wetenskaplike uitgangspunt neem in die geopenbaarde kennis van God as objek van die teologie. Hierdie benadering vind ons veral by Abram Kuyper.

Vanuit de bijbelse typering van het ambt als diakonia komt Kuyper tot de naam waarmee hy het vak typeert: diaconiologie. Consequent verstaat hij onder 'ambt' de diens van heel de gemeente. Het eigene van deze visie ligt m.n. daarin, dat het dilemma van theorie en praxis volledig doorbroken wordt door het uitgangspunt te kiezen in de openbaring. De normativiteit kan op deze manier nooit eenzijdig aan theorie of praxis toegekend worden (De Ruijter 1992:27).

Diakonaat het te doen met die koms van God se koninkryk in hierdie wêreld, daarom het dit te doen met verandering, vernuwing en verbetering van hierdie wêreld. Hierdie verandering, vernuwing en verbetering is 'n "proses" wat as 'n reformatoriese proses verstaan moet word, nie as 'n revolusionêre proses nie.

'n Reformatoriese lewe (proses) is: (1) die doelbewuste, (2) vreeslose, (3) positiewe

poging (4) van christene om, (5) in diepe afhanklikheid van God en (6) volgens Bybelse riglyne (7) sonder ophou (8) die relatief goeie verder te verbeter, (9) die kwaad in al sy vorme te bestry en so die (10) radikale, (11) totale, (12) integrale (13) vernuwing (14) van individu en (15) samelewing na te streef (Van der Walt 1991:15).

Indien die diakonaat as praxis van die Christelike geloof gesien word, dan blyk uit die bogenoemde baie duidelik dat die diakonaat, wanneer dit na buite gerig word, nie losgemaak kan word van die Woord wat ons oproep tot 'n lewende verhouding met Christus nie. Indien dit losgemaak word van die Woord, dien dit nie meer tot eer en verheerliking van God nie, maar eerder tot verheerliking van die mens. Nie die praktyk bepaal hoe geloof uitgeleef word nie, dit bepaal ook nie die praxis van geloof nie, alleen 'n Woord bepaalde lewende verhouding met God kan die diakonaat bepaal.

## **2. ENKELE ONTWIKKELINGSFASES IN DIE DIAKONAAT VOLGENS KARRES**

Karres (1969:24-32) beskryf die ontwikkeling van die Bybelse diakonaat in drie fases:

- Die eerste fase, is die tydperk waar diakonaat deur die gemeente self gedoen is (Hand 2:45). Hierdie fase word beskryf as charismatiese diakonaat. In die drie gedeeltes wat handel oor die charismata (1 Kor 12, Rom 12 en Ef 4:1-16) word gewys hoe die diens uit die gawes uit voortvloei. So kom Karres tot die gevolgtrekking uit Ef 4 dat die gemeentestruktuur alleen maar 'n diakonale struktuur kan wees. Die diakonaat moet in die harte van mense leef, sodat dit hulle in beweging bring tot diens aan mekaar (Karres 1969:25). Dit gaan dus nie in die diakonaat primêr oor 'n amp nie, maar oor 'n gees, 'n gesindheid. Die gesindheid van die Here Jesus Christus (Fil 2:5vv) moet in die gemeente heers. Wanneer dit in die diakonaat daarvoor handel dat dit in die gesindheid van die Here Jesus Christus moet geskied, dan is dit tog baie duidelik dat dit op die wêreld gerig is. Jesus het immers na die wêreld gekom.
- Tydens die tweede fase word die diakonaat deur die apostels gedoen (Hand 4:32-5:16).

Uit die bogenoemde gedeelte is dit duidelik dat die apostels nie alle diakonale werk alleen gedoen het nie. Die diakonale werk het steeds spontaan in die gemeente voortgegaan. Dit blyk dat hier 'n verdere dimensie bygekome het, naamlik dat die apostels die werk begin organiseer het (Neil 1973:93). 'n Verdere voorbeeld dat die gemeente betrokke gebly het by die diakonale werk, was die jongmanne wat betrokke was by die begrafnisse van Annanias en Safira, want ook dit is as barmhartigheidswerk beskou. Die diakonale werk mag nooit beperk word tot die ampte of die amptelike nie. Daar moet juis gepoog word om die gemeente deur middel van hulle verskillende gawes georganiseer, maar ook spontaan, te laat deelneem aan die diakonaat van die kerk (Karres 1969:31).

- Die derde fase is die diakens wat gekies is vir spesifiek "... die daaglikse versorging ..."  
(Hand 6:1,2).

Dit handel nie hier om 'n totaal en al nuwe amp nie, maar eerder om 'n gedeelte van die werk wat die apostels vroeër gedoen het. Daarom moes die werk ook voortgesit word op dieselfde wyse as wat die apostels dit gedoen het (Karres 1969:32).

Dit wil voorkom asof daar deur die eeue in die diakonaat ook 'n paradigma-verskuiwing gekom het en dat die diakonaat ontwikkel het van 'n beperkte siening wat gerigtheid en diens aanbetref, na 'n breër, meer Bybelse visie. Van armsorg en versorging van siekes het die diakonaat verbreed na "... helpen waar geen helper is, integrasie en gemeenskapsbevordering, werke aan welzijn van groepe en individue in knelsituasies, diens aan die gemeente en vooral diens aan die sameleving" (Noordegraaf 1991:16). Nie net maatskaplike en sosiale ontwikkeling het hierin 'n rol gespeel nie, maar ook teologiese opvattinge. Hoe ons oor die kerk dink, het ook hiertoe bygedra.

De kerk is er niet om zichzelf, maar ten dienste van de wereld. In de beweging die van God uitgaat naar de wereld toe is de gemeente niet meer dan middel, voertuig van de zending van God gericht op humanisering van de wereld. De Christelijke gemeente moet als kerk voor anderen excentrisch leven in belangelose diens aan die naaste. Haar blik moet niet gericht worden op die redding van zondaren, maar op het vestigen van die *sjaloom*, die totale verzoening van die mensheid met elkaer omdat God allen met zich verzoend heeft (Noordegraaf 1991:18).



In die sewentiger jare het die sogenaamde "funksionele ekklesiologie" 'n geweldige aantrekkingskrag gehad. Dit het beteken dat die wêreld die agenda vir die kerk bepaal. Hierdie verbreding in die diakonale perspektief moet in sekere opsigte as 'n wins beskou word, mits die kerk as geloofsgemeenskap getrou bly aan sy belydenis in die Drie-enige God en nie ontaard in net nog 'n sosiale aksie groep nie. Wanneer ons met diakonaat na buite (en binne) besig is, moet ons altyd die volgende vrae vra:

Was the goal to spread cells of the redeemed throughout the world, so that by feeding on the Word of God written and being dependable members of Christ's body Christians might leaven society as far as it could be leavened? Or was the goal to bring into being a better world order in which men and women would find the good life, while following any one of a dozen different religions or ideologies? (Glasser & McGavran 1983:26).

Die bedoeling van die diakonaat is juis om die koninkryk van God ook sigbaar te laat word in hierdie wêreld, en ons sal slegs die koninkryk herken as ons die Koning van die Koninkryk ken.

### **3. ONTWIKKELING VAN DIE DIAKONAAT AAN DIE SUID PUNT VAN AFRIKA**

#### **3.1 Aanvanklike organisering van die diakonaat**

Vanaf die eerste jare van die volksplanting aan die Kaapse suidpunt is armsorg onderneem. By gebrek aan behoorlike kerklike organisasie, is die armsorg aanvanklik deur die owerheid alleen waargeneem. Hierdie armsorg van owerheidsweë het by wyse van kerklike diakonie en met behulp van sieketroosters geskied. 'n Interessante gebruik wat van ongeveer 1663 dateer, was om tydens die Nagmaalsviering 'n insameling vir die minderbevoorregtes te doen. Met die konstituering van die eerste gemeente in 1665 het die Kaapstadse Kerkraad die diens van barmhartigheid oorgeneem. So is dan ook dadelik die amp van diaken as amp van barmhartigheid ingevoer. Aanvanklik was daar net een diaken, in 1669 was daar reeds twee diakens, en tot aan die einde van die bewind van die VOC was daar vier diakens. Aan elkeen van die vier was daar 'n spesifieke taak opgedra. Die diaken-skriba moes die notule van die kerkraadsvergadering hou, die korrespondensie voer en 'n register van al die stukke hou. Dan was daar die diaken-ontvanger wat al die gawes vir die armes in ontvangs moes neem, die bussies oopmaak, en kwitansies

uitreik. Die derde diaken het as onderkerkmeester opgetree. Hy het die diakonie huisies verhuur en repareer. Met die sterfgeval van 'n behoeftige het hy die doodskis en ander roubenodigdhede voorsien. In geval van 'n boedel het hy die kerk se reg daarop laat geld. Laastens vind ons die diaken-uitgewer of betaalmeeester wat die aalmoese moes uitdeel en toesien dat die geld nie verkwis word nie (Du Toit 1955:39-40). In 1753 is 'n uitvoerige *Instructie voor het Collegie van diakenen* opgestel wat 'n omvattende armsorg-program bevat het (Van der Watt 1976:53-54).

### 3.2 Diakonale dade deur die kerk

Die kerk het nie alleen die armesorg waargeneem nie, maar was ook aktief betrokke in die gemeenskap. Onder die armes het dan ook getel bejaardes, weduwees, siekes en vry swartes, dit wil sê slawe wat vrygemaak is, maar behoeftig was. Ons vind ook 'n pleegsorg stelsel vir kinders wat verwaarloos is. So is ook byvoorbeeld liggaamlik gestremde persone in pleegsorg geplaas, indien hul eie mense nie vir hule kon sorg nie (Du Toit 1955:43-45).

Daar is erns gemaak met die uitgebreide kindersorg en stoflike behoeftes is voorsien. Erns is ook gemaak met godsdiensopvoeding, skoolonderrig en die opleiding in die een of ander ambag. Die eerste skooltjie het bestaan uit slegs 17 leerlinge: 12 blankes, 1 Hottentot en 4 slawekinders. Vir baie jare was die skole "gemeng", en eers in 1676 is 'n beweging op tou gesit om 'n skeiding op basis van kleur te bewerkstellig. Dit was veral die kerklike instansie wat die wenslikheid van en noodsaaklikheid van so stap ingesien het (Van der Watt 1976:58). Bekend was die diakonie skool. Reeds in 1807 het die gemeente 'n brei- en naaldwerk skool vir dogters opgerig. Die weeskind was 'n integrale deel van die gemeenskap en in 1814 is die eerste weeshuis opgerig op inisiatief van mev MA Moller. Alhoewel dit nie 'n kerklike inrigting was nie, het dit noue bande met die kerk gehad. Daar is ook vir die rekening van die diakonie mediese dienste verskaf aan die armes (Van der Watt 1976:55).

In reaksie teen die Engelse onderwysstelsel het die kerk ook privaat skole opgerig. Tydens die Sinode van 1847 is 'n sinodale Opvoedingskommissie aangestel om die opleiding van onderwysers van kerkweë te onderneem. So is rondgaande skole vir verafgeleë distrikte onderneem. In 1889 was daar reeds 29 sulke skole met 685 kinders. Sedert 1919 het die Kaapse Kerk meer as 150 kerkkoshuise, beter bekend as Goeie Hoop tehuse, opgerig om jaarliks 7 000

behoefte plattelandse kinders onder dak te neem en so die smaad van die “dom plattelandse boerekind” uit te wis (Du Toit 1955:45-47).

By die Sinode van 1894 vind ons die stigting van ‘n kerklike arbeidsburo met die doel om werk te verskaf aan werkloos onder die armes. By die volgende sinode is gerapporteer dat 232 arm seuns aan werk gehelp is.

Ons sien dus dat die Kerk van die vroegste tye af in Suid Afrika besig was met omvattende diakonale werk. Hierdie diakonaat het meer ingesluit as net barmhartigheidswerk, dit was ook onderrig in die Christelike geloof, bv by huisgodsdien, opheffing deur onderwys en werkskepping, versorging van kinders oor die breë spektrum van die bevolking, deur pleegsorg, weeshuise, kerkkoshuise.

Dit is jammer om te sien dat hierdie na buite gerigtheid van die diakonaat later al meer na binne gekeer geraak het hoe swaarder dit met die blankes begin gaan het, sodat daar later eintlik maar net na eie behoeftes omgesien is. Sedertdien sukkel die kerk nog om van hierdie na binne gerigtheid ontslae te raak. Dit is een van die doelwitte van hierdie studie om te help om die kerk, veral wat sy diakonaat betref, weer op die wêreld te rig. Hiervoor is dit nodig dat ons onself net weer vergewis van diakonale begrippe en dimensies soos wat ons dit in die Bybel vind.

#### **4. DIENSBEGRIPPE IN DIE OU EN DIE NUWE TESTAMENT**

In die lig van die subjektivisme, bevrydings- en politieke teologieë, asook die sosialisme en humanisme wat al meer op die voorgrond tree in Suid-Afrika, is dit noodsaaklik dat ons sal terugkeer na die Bybel en sal aandag skenk aan die spesifieke woorde wat gebruik word om die diensbegrip aan te dui. As ons net by die persoon van die diaken begin of selfs net die woord "diaken" soek in die Nuwe Testament, dan staan ons teleurgesteld en vind ons nie veel rakende die diensaspek nie. Ons uitgangspunt moet egter nie die diaken wees nie, maar die Christelike en gemeentelike lewe, wat in opdrag van God die basis is vir die werkterrein van versorging en diens aan die hulpbehoewendes. Ons moet dus eerder oor die diakonale roeping van die kerk praat, en dit nie net beperk tot die diaken amp nie (Steenbergen 1991:11).

#### 4.1 Woorde wat gebruik word om die begrip: diens (diakonia), te omskryf:

##### 4.1.1 *diakonia, diakonein, diakonos.*

Letterlik beteken die woord diakonaat "diensbetoon". *Diakonein* beteken om aan tafel te bedien.

*diakonia/diakoneo* = "to render assistance or help by performing certain duties, often of a humble or menial nature" (Louw & Nida 1988:460).

Die woordgroep *diakonein* besit die nuanse dat dit om 'n persoonlike diens (Bromiley 1985:152) gaan wat aan iemand anders bewys word. Vanuit die letterlike betekenis om aan tafel te bedien, gaan dit om die diens van die medemens in die algemeen, met name dan die medemens wat minder het (vgl Luk 22:26,27) (Noordegraaf 1991:10-11).

Diakonia het ook wyer betekenis as net tafeldiens. Apostelskap word ook as een diakonia gesien (Hand 6:4). So beskryf Petrus apostelskap as diens by die vul van Judas se plek in die apostelkring (Hand 1:17,25). Paulus praat so daaroor in sy toesprake (Hand 20:24; 21:19) en op vele plekke in sy briewe, bv 2 Kor 11:23. Hy is 'n diaken van Christus, net soos Epafras (Kol 1:7) 'n "diaken van God" is. Ook Timoteus (1 Tess 3:2) word diaken van Christus genoem (1 Tim 4:6) en diaken van die gemeente (1 Kor 3:5). In hierdie gedeeltes gaan dit primêr oor die diens van die Woord.

Vir die Grieke is diens onwaardig "... we are born to rule not to serve. Service acquires value only when it promotes individual development, or the development of the whole as service of the state. ... the idea of self-sacrificial service finds little place" (Bromiley 1985:152). In die Septuagint vind ons selde die woord *diakonein* (Ester 1:10; 2:2; 6:3; Spr 10:4). Ons vind wel ander woorde wat vertaal word met "diens", wat hieronder bespreek sal word. Die verstaan van die begrip *diakoneo*, en woorde van dieselfde stam soos in die Nuwe Testament gebruik, se oorsprong moet dus nie by die Grieke of die Jode gesoek word nie. Dit is baie duidelik dat dit 'n heel besondere betekenis binne die Nuwe Testament het. Jesus het dit met 'n eie inhoud kom vul. "By exalting service and relating it to love of God, Jesus both sets forth a completely different view from that of the Greeks and purifies the Jewish concept" (Bromiley 1985:153).

Die oorsprong van die diens moet dus eerder gesoek word by die heel besondere lewenshouding van Jesus Christus wat nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien (Mark 10:45). Crafford merk dan heeltemal tereg op dat: “Die wesenlike van die Nuwe Testamentiese diakonia vind ons egter eers in die diensbegrip van Jesus Christus self en die inhoud wat Hy daaraan gee deur sy lewe en leer” (Crafford 1966:16).

#### **4.1.1.1 Die aard en karakter van die diens van Jesus Christus.**

Crafford (1966:19-24) beskryf dit soos volg:

- Jesus bring 'n bepaalde omkeer in die bestaande wêreldorde. In sy koninkryk word nederige diens juis tot lewensideaal verhef, teenoor die ideaal van heerskappy van die wêreldvorste. “De ware lewenshouding van de volgeling van Jezus is die van de dienaar, de diaken, die zich met inzet van eigen persoon dienstbaar maakt aan de ander en zo een teken van tegenspraak in een wereld waar machthebbers gloriëren in hun machtsuitoefening” (Noordegraaf 1991:12).
- Die diepste betekenis van die Here Jesus Christus se diensbeskouing is die feit dat dit gerig is op sondaars (Luk 19:10). Daarom sal hierdie diensideaal onbegryplik en sinloos bly, totdat ons hierdie strewe van Christus ontdek en dit ook ons strewe maak.
- Die diens van Jesus is gegrond en hang saam met die liefde van God vir die wêreld. Hy het immers na hierdie wêreld toe gekom juis omdat God die wêreld so liefhet (Joh 3:16).
- Die diens van Jesus realiseer in sy gemeenskap met sy dissipels, die diens kwalifiseer die gemeenskap.
- Die diepste motief agter die diens van Jesus is dat dit sal strek tot eer van God.

#### **4.1.1.2 Die wesenselemente van die diakonia**

Volgens Crafford (1966:91-94) is die wesenselemente van die diakonia die volgende:

- Die een diens van Jesus Christus wat gerig is op die wêreld en die mensdom in nood. “God en de medemensen zijn, zo hebben de volgelingen van Jezus van Hemzelf gehoord, onlosmaaklijk met elkaar verbonden. God is niet los verkrijgbaar: Hij spreekt en handelt door mensen heen” (Tieman & Zunneberg 1990:17). Diakonia het dus as doel die heil, die herstel en die verlossing van die totale skepping. Berkhof wys daarop dat die heil wat die Here

skenk, nie alleen gaan om die verlossing van die siel en die verhouding met God nie. Die heil is gerig op die behoud van die totale mens en al sy verhoudings. Die verlossing is 'n volkome verlossing. Dit is die antwoord op die mens se Gods- en selfvervreemding, op sy skuld en sy nood (Noordegraaf 1991:13).

- Deel van die diens is selfverloëning en vernedering wat voortspruit uit die selfoorgawe aan Christus en die naaste. Dit bevat selfs 'n element van lyding. *Diakonia* kan nooit losgemaak word van die kruis van Christus nie. Die diepste woorde oor die diakonaat word gespreek op die kruisweg, by die Avondmaal, en die voorafgaande voetwassing. “Dat houdt ook in dat het echte diakonaat nooit bestaat zonder een waarachtig mede-lijden, dat tot persoonlik lijdin mag worden en zelfs de kans op het martelaarschap in zich sluit. Niet toevallig is de eerste martelaar van de Kerk de eerste diaken, Stephanus, geweest!” (Karres 1969:15).
- Omdat die diens aan Christus gebonde is, kan dit alleen uit geloof voortkom. “Acts of compassion, therefore, acts by which the church tries to share in and to bear the pain of those who suffer, are not an escape from the real business of fighting for liberation, or an alternative to it: they are an authentic part of the victory of the Lamb” (Newbiggin 1995:108). Hiertoe is die genadegawes van die Gees nodig (vgl Venter 1996:34-39). Hy sê onder andere:  
Op grond van sy oorwinning skenk Christus *domata* (dienste) (Ef 4:8) met *charismata* om sy liggaam op te bou en toe te rus vir hulle dienswerk. Waar dit in die *charismata* meer gaan om gawes tot opbou, gaan dit in die *domata* meer om bepaalde bedieningswyses wat deur Christus ingestel is. Die *domata* berus op roeping of aanstelling deur die Heilige Gees (Venter 1996:35).
- Die diens is ten nouste verbonde aan die liefde tot God en tot die naaste (1 Joh 4:20-21). Die diakonaat hoort dus tot die wese van die Christelike gemeente. Gelowiges is daar om God, mekaar en die wêreld te dien. Waar nood verlig word, word God verheerlik, want daar is die kerk besig om deur sy dae die intrede van Gods Koninkryk in die wêreld te verkondig. Daarom is die diakonaat ook nie net 'n liefhebbery van sommige wat uit die goedhartigheid van die mens voortkom nie, en staan en val dit nie by die graad van sosiale bewoënhed nie, maar is dit 'n opdrag van die Koning van die kerk (Noordegraaf 1991:14).



Die diakonia van die kerk, as verskyningsvorm van die Koninkryk, wys ook profeties heen op die volmaakte Koninkryk van God waarin die nood nie meer sal bestaan nie. As die kerk dus ontrou is aan die diakonale taak, is hy ontrou aan die wese van Gods Koninkryk wat hy moet openbaar en ontrou aan die wil van God wat blykens die optrede van Christus gerig is op die heil en die verlossing van die hele mens (Crafford 1966:94).

- Diens is verbonde aan die gedagte van gemeenskap (*koinonia*). Gemeenskap met Christus skep gemeenskap met die naaste. In Hand 2:42 lees ons: "Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede". Die woord diakonaat kom nie hier voor nie, maar die diakonale kernwoord hier is "de gemeenskap" (Steenbergen 1991:23) (onderlinge verbondenheid). Die begrip "onderlinge verbondenheid" word egter vooraf-gegaan deur "die leer van die apostels". Die onderlinge verbondenheid ontstaan dus nie van onder af van hoe mense oor mekaar voel en wat hulle aan mekaar doen nie. Onderlinge verbondenheid kan alleen ontstaan en bly bestaan van bo af: deurdadig God in Christus sy volk regeer en bou met sy Woord en Gees en deurdadig die gemeente hulle hou aan die leer van die apostels. So word die onderlinge verbondenheid een innerlike verbondenheid (Hand 4:32), "een van hart en siel". Die Gees dra vrug wanneer mense besef God stel ons in staat om ander te dien met ons besittings. Daarom hou ons nie alles vir onself nie (Hand 4:32).

"Op enkele plaatsen in het Nieuwe Testament kan het woord 'gemeenschap' zelfs zonder meer aanduiding zijn van de stoffelijke gaven die christenen met elkaar delen (Rom 15:26, 'handreiking'; 2 Kor 9:12,13, 'delen', hier verbonden met diakonia, 'hulpbetoon'; Hebr 13:16, 'mededeelzaamheid', hier aangeduid als de 'offers' van de gemeente). Het tastbare middelpunt van die gemeenschap is ook hier *de maaltijd* ('het breken van het brood')" (Steenbergen 1991:24).

- Diens is in besonder gerig op die opbou van die gemeente, wat geskied in die eenheid van die gemeente (Ef 4:4-12). Hieraan kan ware diens erken word - dit is elke daad wat die liggaam van Christus bou. *diakonia/diakonein* omvat alle werk wat spontaan of georganiseerd in die diens van Christus in en deur die gemeente gedoen word, tot opbou en uitbou van die gemeente. Binne die omvattende *diakonia* begrip, het die diakonaat 'n spesifieke betekenis,

naamlik die hulpbetoon aan diegene wat in sosiaal maatskaplike nood verkeer. Ons mag nie hierdie werk laat vervaag onder die algemene begrip diensbetoon nie, maar mag ook nie hierdie werk losmaak van die diens van getuienis, pastoraat en voorbidding nie. Die *diakonia* as versorging van die minderbevoorregtes is ten nouste verbonde aan die diens van die versoening deur die verkondiging van die evangelie (Noordegraaf 1991:13).

- Diens het altyd 'n missionêre kant, omdat dit in sy wese diens van Christus is. “Diakonaat en verkondiging van Gods boodskap (de missio) zijn as hol en bol met elkaar verbonden. Een diakonale gemeente is missionair, een missionaire gemeente is diakonaal” (Tieman & Zunneberg 1990:19).
- Die finale doel van diens is altyd die eer en die verheerliking van God. Die doel van die diens spruit voort uit die oorsprong daarvan naamlik God. In liefde handel Hy deur sy Seun Jesus Christus te stuur as die groot Diakonos om ons te kom verlos. Wat is die inhoud van die verlossing wat die Here skenk? “De kern van het heil is ongetwijfeld de *vergeving* van de zonde, de versoening met God, bevrijding uit de schuld (Matt 1:21). Maar direct met deze kern verbonden is de redding van het mensenleven uit het kwaad van de armoede, ontmenselijking, onrecht, demonie, ziekte, verslaving, honger, vervreemding” (Noordegraaf 1991:46).

God stuur egter nie net sy Seun nie, Hy stuur ook die Heilige Gees om gelowiges toe te rus vir hulle diens in die wêreld. God het gelowiges uit hierdie wêreld uitgekies deur sy genadige handeling in sy Seun, en toegerus tot diens in sy koninkryk. Verkiesing is 'n genadehandeling van die Here. Hy neem die slawe in Egipte aan, en kies Israel in haar swakheid sodat Hy haar kan red. Die doel van die verkiesing is funksioneel: verkiesing is vir diens. “The election of Israel, ..., is never passive but active. Israel is not so much the *object* of divine election as *subject* in the service asked for by God on the ground of election” (Hedlund 1991:36).

Daar moet altyd in gedagte gehou word dat die gemeente in die eerste plek voor God staan, en dan ook geroep en gestuur is na die wêreld. Dat die diakonale werk as meer verstaan word as net barmhartigheid, is inderdaad meer Bybels, maar die totale betekenis van die diakonaat gaan



verlore as ons maar net nog 'n maatskaplike aksie groep word. Dan verloor die kerk sy identiteit as belydende geloofsgemeenskap (Noordegraaf 1991:18).

Hierdie diens wat van ons verwag word, is nie net geleë in ontwikkeling en strukturele verandering soos wat die klem dikwels in ons tyd val nie. In Matt 25:31-46 word diensbetoon omskryf met die gee van voedsel en drank, voorsiening van klere en blyplek, die versorging en besoek van siekes en gevangenes. "Telkens gaat het om eenvoudige dienst, die betrekking heeft op het eerst noodzakelijke voor het gewone, aardse leven en in een zeer persoonlijke verhouding tot de ander wordt gegeven" (Karres 1969:13).

Die volgende vyf begrippe wat in die Nuwe Testament vir diens gebruik word, elk met 'n eie nuanse en betekenis, word almal in ons vertaling eenvoudig met diens vertaal.

#### **4.1.2 *douleuo/douleuein/doulos*:**

*douleuo* het die volgende betekenis: "to serve, normally in a humble manner and in response to the demands or commands of others" (Louw & Nida 1988:461).

Die woord gee uitdrukking aan die onderworpenheid van diegene wat dien. Vir die Grieke was diens 'n afskuwelike saak. In die Nuwe Testament kry die woord religieuse betekenis. Christene word slawe van God of Christus genoem (Rom 1:1). "Dat is een ere-titel. Een christen brengt niet eigen verlangens en plannen tot uitvoering, maar die van Jezus Christus die hem verlost heeft uit slavernij van de zonde en hem zo uit de vrijheid heeft gesteld" (Noordegraaf 1991:10).

Die Joodse gebruik van die woord *doulos* het die betekenis van: "when the thought is that of the illegality and unreason of service. ... When one people falls subject to another, *douleuein* is the proper word to describe it (Judg 3:8; 1 Sam 17:9)" (Bromiley 1985:183).

In die Nuwe Testament word daar eerder gepraat van *doulos christou* as van *doulos theou*. Jesus kom verlos mense van die *douleia* van die sonde (Gal 3:13; 4:4-5). So word vryheid tot kindskap verkry (Gal 4:5; Rom 8:15, 23). Hierdie nuwe verhouding tot God is ook 'n roeping tot 'n nuwe diens. Met die verlossingswerk van Christus word gelowiges nou diensknegte in navolging van

Christus, en word daar nuwe betekenis aan hulle lewens gegee. Hierdie nuwe verbintenis aan Christus is 'n verbintenis tot geregtigheid (Rom 6:19), heiligheid (1 Tess 3:13), en 'n nuwe lewe (Rom 6:4), en vind uitdrukking in die beskrywing van Christene as *douloi* van Christus (1 Kor 7:22; Ef 6:6) (Bromiley 1985:185).

Die inherente betekenis van *doulos/douleuo* wil dat die gelowige se lewe aan iemand anders behoort. Daar word opgetree om iemand anders se belange te bevorder. Louw & Nida (1988:461) beskryf dit as volg: "to serve, normally in a humble manner and in response to the demands or commands of others". Ons kry dus inderdaad 'n nuwe diens, 'n nuwe roeping om as slawe van Christus die koninkryk van God hier te bou en te vestig, deur diens aan God, maar ook diens aan ons medemens.

#### **4.1.3 *latreuo/latreia***

Letterlik beteken *latreuo*: "vir betaling dien. Het zelfstandig naamwoord *latreia* = loondienst word ook wel gebruik vir die verering van de goden" (Noordegraaf 1991:10).

In die Septuagint kom die woord 90 keer voor, meestal as die dien van God en spesiaal dan vir offerdiens. Ook in die Nuwe Testament word dit gebruik vir diens van God of die gode. Nooit word dit gebruik vir intermenslike diens nie. Louw & Nida (1988:533) se semantiese verklaring lui: "to perform religious rites as part of worship".

Wanneer *latreuo/latreia* gebruik word vir diens, sit daar dus iets in van "tot eer van God", dit word dus nie gebruik om die verering van mense aan te dui nie, wel gode.

#### **4.1.4 *leitourgeo/leitourgios*:**

*Leitourgia*, met verwante woorde *leitourgein* en *leitourgios*, se betekenis druk presies uit waarom dit gaan. Dit is saamgestel uit twee ander woorde: *leos/laos*, wat die gewone lid van die volk van God aandui; en *ergon*, werk, wat oorgeneem is in ons woord energie. Liturgie dra dus eenvoudig die betekenis van: werk vir die volk, volksdiens waaraan almal deelneem. Eenersyds is dit ook amptelike diens aan die volk, deur die wat in die amp staan, om die volk te mobiliseer vir die diens waarvoor hulle self geroep is en wat gerig is op die hele mensdom en die hele wêreld

(Karres 1969:18).

In buite-bybelse Grieks het hierdie begrip verskeie betekenisse gehad: polities, algemeen, en kulties.

Politically the term refers to the rendering of specific social services at one's own expense, either out of patriotism or vainglory, or under compulsion. ... Popular. A weaker sense develops whereby the group simply applies to any rendering of service, e.g., slaves to masters, friends to friends, mothers to young, members to the body, courtesans to patrons, etc. ... Special cultic. The main concept is that of rendering service to the deity (Bromiley 1985:527).

In die Septuagint word dit 'n sosiaal-politieke begrip, veral met betrekking tot die tempeldiens. In die Nuwe Testament (met name Hebr) word dit gebruik as aanduiding vir Christus se werk as Hoëpriester. In Rom 15:27 en 2 Kor 9:12 word die term gebruik vir die kollekte aan die heiden christene, 'n diakonale daad aan die armes in Jerusalem (Noordegraaf 1991:10).

#### **4.1.5 *therapeuo*:**

*therapeuo* beteken: "to serve willingly" (Bromiley 1985:152).

Louw & Nida verklaar dit semanties saam met *diakonia*: "to render assistance or help by performing certain duties, often of humble or menial nature" (1988:460). In die Nuwe Testament word *therapeuo* nooit gebruik om sekulêre diens aan te dui nie. Verder word dit slegs een keer in Hand 17:25 gebruik vir aanbidding. 'n Baie meer algemene gebruik is "genesing", nie in die sin van mediese behandeling nie, maar eerder die genesing wat die Messias bring (Bromiley 1985:332).

Die wonderwerke en genesings van Jesus is net so deel van sy bediening as die prediking. Dit is nie minder belangrik nie. Daardeur wil Jesus aandui dat die koninkryk van God reeds aangebreek het in hierdie wêreld. Daarom kry ook die dissipels die opdrag en die bevoegdheid om siekes gesond te maak (Matt 10:1, 8). Dit wil voorkom of dit hier gaan om diens te verrig ter wille van hulle wat "siek" is, en so bewys te lewer van die Koninkryk van God wat reeds aangebreek het.

Later word *therapeuo* ook 'n sinoniem vir genesing.

#### **4.1.6 hyperetein**

*hyperetein* druk 'n diensverhouding uit; veral die verhouding tot die Heer in wie se diens daar gestaan word (Noordegraaf 1991:10). 'n Goeie voorbeeld mag dalk hier help: Joh 18:36

The meaning here may be that Jesus is not the kind of king who has *hyperetai* that will fight, or that he has *hyperetai* but in a kingdom that permits no fighting. The disciples can be *hyperetai* as well as friends; as friends they are close to their king, but as *hyperetai* they work with him to achieve his goals" (Bromiley 1985:1233).

#### **4.1.7 Gevolgtrekking**

Dit is duidelik dat die begrip diakonaat 'n omvattende begrip is wat 'n klomp ander dienste insluit, maar wat ook duidelik te onderskei is van die ander woorde wat met diens vertaal word. Alhoewel dit duidelik te onderskei is van ander vorme van diens, kry die ander begrippe wat vir diens gebruik word alleen hulle volle betekenis wanneer dit in verband gebring word met die diakonaat. Die begrip is so uniek juis omdat dit nie sy begroning by mense het nie, maar in die Here Jesus Christus alleen. Daarom kan die diakonaat ook nie vanuit die mens alleen geskied nie. Dit is as gevolg van ons redding (verkiesing), ons verhouding met God, dat ons ook die verantwoordelikheid opgelê word om diakonaal te leef. Die diakonaat is ook nie gerig op die verheerliking van die mens nie. Die diakonaat is daarop gerig om die koninkryk van God al meer te laat realiseer in hierdie wêreld, sodat die diakonaat alleen tot eer en verheerliking van God kan strek. Diakonaat mag dus nooit net na binne op die kerk gerig wees nie, maar moet juis die Koninkryk van God laat aanbreek in die wêreld. Dit kan dus in die diakonaat nooit gaan om ontwikkeling alleen, of bevryding van strukture, of selfs genesing net ter wille van mense nie. Die diakonaat is primêr gerig op die eer en verheerliking van God.

#### **4.2 Diakonale beskrywings in die Ou en Nuwe Testament**

Daar sal in hierdie gedeelte gepoog word om aan te toon dat die diakonaat deel is van die wese van die kerk, en onlosmaaklik deel is van ons geloof, omdat dit tot die wese van God behoort. Mens kan nie sê: "Ek glo" en nie 'n diakonale lewe lei nie. In die tweede plek sal daar gepoog word om te wys dat die diakonaat nie grense het nie, maar gerig is op alle mense. Derdens dat dit

in die diakonaat nie net gaan om geestelike of fisiese nood nie, maar om die totale mens en sy omstandighede. In die Ou Testament kry ons vele omskrywings van die diens wat verrig **moet** word ter wille van die naaste. Die diens is nie 'n amptelike diens nie, maar spruit voort uit die geloofsverbintenis met God. So vind ons ook dat die volk Israel geroep word tot diens van God en die naaste. Deur hulle was God besig om die mens se lewe, wat deur sonde verduister is, te herstel na sy oorspronklike bedoeling.

#### **4.2.1 Die diakonaat is omvattend gerig op die totale skepping**

Die diens waartoe ons as gelowiges geroep word, is 'n omvattende diens. Dit het nie net op die mens betrekking nie, maar op die skepping. Die opdrag om die aarde te versorg, is reeds aan die mens gegee by die skepping (Gen 2:15). Dieselfde Hebreeuse stam (*smr*) word hier gebruik vir bewaar en vir oppas in 4:9. Die mens moes nie net sy broer nie, maar ook die skepping oppas. Ook die verhouding tussen mens en skepping is deur die sonde versteur (Gen 3:17-19).

Die aarde is God se eiendom (Ps 24:1), ons is slegs rentmeesters daarvan. Ons is geroep om namens God te sorg vir sy skepping. Daarom gee die Here iets soos 'n Sabbatsjaar (Lev 25) en 'n Jubeljaar. Die bedoeling is dat die aarde kan rus. Die spontane opbrengs van daardie jaar was vir die armes en die wilde diere bestem (Eks 23:11; Lev 25:7). So toon die Here Hom as God wat sorg vir mens en dier (Ps 36:7-9), maar ook vir die aarde, en Hy roep mense om Hom hierin te volg.

#### **4.2.2 Die diakonaat is spesifiek gerig op die mens**

Gen. 4:9 "Toe vra die Here vir Kain: 'Waar is jou broer Abel?', en Kain antwoord: 'Ek weet nie. Moet ek dan my broer oppas?' " Twee belangrike woorde is: "broer" en "oppas" - so is die een mens aan die ander gegee: "dat geeft de verantwoordelijkheid aan die daaruit voortvloeit: waakzaam en beskermend zorg te dragen voor het leven van de ander" (Steenbergen 1991:12).

Maar Kain wys die verantwoordelikheid van die hand. Daarin wys hy wat die sonde veroorsaak het. Die verbreking van die band met God (Gen 3) lei ook tot die verbreking van die band met die naaste. "The man does not exist as a human being on his own; there is one there who questions him. Neither does the brother as brother exist alone. The question, 'Where is your brother?'

presumes that the brother knows where his brother is; the two are linked together be it in friendship or in enmity" (Westermann 1987:304).

Hierin lê die wortel van die dood, dat ons ons broers haat. Jesus het egter juis gekom en sy lewe vir ons afgelê sodat ons deur sy liefdevolle genade, ook ons lewens vir ons broers sal aflê, deur onder andere ons aardse besittings met hulle te deel (1 Joh 3:11-17).

#### **4.2.3 Die diakonaat is begrond in die gebooie van God**

In die gebooie wat die Here vir Israel gee, sorg Hy telkens dat ryk en arm mekaar ontmoet. Telkens word die volk opgeroep om dié te versorg wat nie regte het nie. So verklaar Deut 15:4: "As jy maar net luister na die Here jou God en gehoorsaam is aan al hierdie gebooie... sal daar nie 'n arme onder jou wees nie..." Armoede hoort nie in 'n samelewing wat na God se wette georden is nie. Tog is God ook bewus van die sondige werklikheid waarin hier geleef word. Daarom verklaar Deut 15:11 "Daar sal altyd armes in jou land wees, en daarom het ek jou beveel om vrygewig te wees..." Hierdie is nie 'n teenstrydigheid nie, maar bring die spanning tussen ideaal en werklikheid na vore. Die bevrydende waarheid is dat God se wet nie gebonde is aan hierdie werklikheid nie, maar oproep tot daadwerklike hulpbetoon (Noordegraaf 1991:37).

Die motivering hiervoor word gevind in Deut 6:5 "Daarom moet jy die Here jou God liefhê met hart en siel en met al jou krag". Die verhouding tot God, tot die naaste en tot die wêreld behoort nie net onlosmaaklik aan mekaar nie, maar behoort ook tot die nuwe lewe waartoe ons vrygekoop is. God kan dus nie liefgehê of gedien word los van die naaste nie (1 Joh 4:20). God het 'n verhouding met Israel wat voortspruit uit sy genade en liefde, daarom word ook die gebod rakende die naaste met eweveel klem aan Israel gegee.

Lev 19:18: "Jy mag nie wraak neem of 'n grief koester teenoor jou volksgenoot nie, jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Ek is die Here". Met "naaste" word in hierdie verband die volksgenoot bedoel. Maar daar word ook ten opsigte van die vreemdeling wat in die land woon die volgende gebooie gegee (Lev 19:33-34): "Wanneer daar 'n vreemdeling by julle in julle land woon, mag julle hom nie onderdruk nie. Julle moet hom soos 'n medeburger behandel en hom liefhê soos julle self. Julle was immers self ook vreemdelinge in Egipte. Ek is die Here julle God" (Deut

10:19). Die gebod van die liefde word dan gekonkretiseer in die gebooie wat mense leer om te deel dit wat hulle van God ontvang het. Om dié rede word Israel opgeroep tot verantwoordelikheid vir die sorg van diegene in hulle midde wat swak en kwesbaar is. Wanneer God dan aan hulle voorgehou word as die God wat sorg, is die bedoeling dat hulle God so sal ken en Hom daarin moet navolg (Deut 10:17-20; Ps 146:5-10) (Steenbergen 1991:14).

Die lede van die volk word geroep om persoonlik verantwoordelik te wees vir diegene in nood. Dit handel in Deut altyd om 'n persoonlike daad van verlossing. Ons mag dus nie agter die geheel wegkruip nie. Die armes is nooit oorgelewer aan 'n neutrale instansie bv die kerk of die diakonie, of barmhartigheidsdienste nie. Hulle bly altyd tog persoonlik deel van 'n gemeenskap of 'n gemeente, en die lede dra persoonlik verantwoordelikheid vir diegene in nood (Karres 1969:55). Daarom kan die naaste ook nooit 'n vae, onpersoonlike begrip wees nie. Dit is altyd aan 'n persoon gekoppel.

In Deuteronomium, wat ook bekend staan as die diakonale credo van Israel, word verskillende groepe mense genoem as voorwerpe vir diens. Hier is veral drie groepe, nl die vreemdeling, die wees en die weduwee. Ons kan ook die leviet hier byvoeg.

Zeer opmerkelyk is dat van deze drie groepen *de vreemdeling* de grootste zorg en beskerming ontvang. Alleen voor hem is er wel een gebod tot naastenliefde! (Deut 10:19); van hem wordt nadrukkelijk ook gezegd dat God zelf 'de vreemdeling liefde bewijst' (Deut 10:18) - met de motivering dat hij herinnert aan de nooddijd in Egypte, en daarom ook recht heeft op de goddelijke liefdesdaad. Nooit mag Israel vergeten: 'een zwervende Arameeër was mijn vader (Deut 26:5) (Karres 1969:54).

Vergelyk ook Deut 10:18-20; 14:28, 29; 24:19; 26:12-15; Lev 19:9; 23:22. Die verantwoordelikheid word gemotiveer vanuit die verhouding met die Here (Lev 19:14, 32; 25:17, 36, 43). Dit is duidelik dat die diakonaat soos dit hier gevind word 'n baie duidelike missionêre dimensie gehad het.

#### **4.2.4 Die diakonaat is gegrond in: God hef grense op**

Spr 22:2 "Voor die Here is ryk en arm gelyk; Hy het hulle almal gemaak". Die uitgangspunt hier is die skeiding en teenstelling wat in sosiale en maatskaplike opsig gegroei het tussen mense. Ryk

en arm staan nou teenoor mekaar, maar dit mag nie so bly nie! Wanneer daar in 'n verbondsverhouding met God geleef word, mag geen onderskeid tussen mense geld nie. Ryk en arm leer mekaar sien en aanvaar as mense wat deur God gemaak is en voor Hom gelyk is. Spr 22:2 wil dus nie sê dat ryk en arm 'n skeppingsordening is wat gehandhaaf moet word nie, maar eerder dat ryk en arm albei skepsels van God is, geroep om nie langer teenoor mekaar te leef nie, maar saam met mekaar (Steenbergen 1991:13). Dan sal die arme nie langer die ryke verwens nie. Die ryke sal besef dat hy geroep is om die arme te dien met dit wat die Here vir hom gegee het. So word vervreemding omgesit in ontmoeting, om aan die ontmoeting diensbaar te wees is die diakonale roeping van God se volk. Hierdie roeping omvat 'n veel groter terrein as dié van rykdom en armoede, dit hef alle grense tussen mense op.

#### **4.2.5 Die diakonaat by die profete**

By die profete word die diakonale roeping ook direk verbind met die verhouding tot God. Vandaar dat hulle oproep om terug te keer na God onmiddellik die eis om bekering tot die naaste insluit. “Er klinkt een profetisch protest tegen een anti-diakonale *cultuur*, waarin men zwelgt in overdaad maar ‘niet weet van recht doen’ (Amos 3:10); maar evenzeer tegen een anti-diakonale *religie*: men neemt godsdienstige vormen en ceremonies in acht maar bekommert zich niet om de nood van de naaste: ‘onrecht met feestelijke vergadering!’ (Jes 1:13)” (Steenbergen 1991:15).

In Esegïel loop die ongehoorsaamheid aan die diakonale roeping uit op 'n belofte van die Here dat Hy self sal omsien na dié wat in nood verkeer. Dit word uitgespreek teen die agtergrond van die leiers van die volk wat nie gehoorsaam is aan die Here nie (Es 34). Hierdie belofte dat die Here self sal sorg, vind dan ook sy vervulling in die groot *Diakonos*, die Here Jesus Christus self, wat Hom kom bekendstel as die Goeie Herder (Joh 10:11) In hierdie profesie vind ons telkens uitgesproke “diakonale” begrippe van versorging. Die versorging waarvan hier gepraat word, omvat die hele lewe en alle mense – daar is ook “skape van 'n ander kraal” (Joh 10:16) (Steenbergen 1991:16).

#### **4.2.6 Die nagmaal as hart van die diakonaat**

Jesus skaam Hom nie om saam met mense te eet wat nie deur die gemeenskap erken word nie (Luk 15:1-3). In die spysiging van die 5 000 en die 4 000 verkondig Hy hoe in Hom die



Messiaanse heilstyd begin het, waarin armes, hongeriges en minderbevoorregtes versadig sou word (Matt 14:13-21; 15:29-39). Die hoogtepunt van die maaltyd tydens Jesus se aardse lewe is die Pasga, waartydens Hy die nagmaal instel as teken en seël van sy lyding en as voorsmaak van die maaltyd van die toekoms (Matt 26:26-29). Die diakonaat kan nie losgedink word van die Avondsmaalgemeenskap waarin Jesus dit gestel het nie.

En dan niet in wat vaak ten onrechte het “laaste avondmaal” wordt genoemd, in het teken van het kruis - maar in dit “eerste” avondmaal als belofte van het nieuwe rijk, waarbij de lofzang nieuw gezongen kan worden omdat de levende Heer present is met gejuich (Hand 2:46), omdat men deelgenoot werd van het avondmaal van de komende bruiloft van het Lam (Op 19:9) (Karres 1969:15).

In Luk 12:37 maak Jesus sy eie woorde waar, wanneer Hy as Here sy knegte aan die tafel laat aansit en hulle bedien. In Luk 22:27 sê Hy duidelik: "Ek is in julle kring soos die een wat dien." In die voetwassing kry hierdie diens 'n nuwe omvattender betekenis (Joh 13:1-20). Nêrens anders toon Jesus so duidelik wat dien vir Hom beteken nie:

- Hy gee homself om ons te reinig en te verlos,
- Hy gee homself om die mees nederige diens te verrig, ter wille van ons aardse lewe.

Die diens wat Jesus kom lewer is dus nie net geestelik van aard nie, maar ook praktyk gerig. Wanneer daar in die Ou Testament van die redding gepraat word, is dit in terme van historiese gebeurtenisse: redding van siekte, gevaar, vyande en verdrukking. Daarom is “om God te ken” vir die Bybelskrywers nie ‘n intellektuele kennis of mistieke ervaring nie, maar dit is om geregtigheid en genade in konkrete situasies te beoefen. Hierdie leer verander nie in die Nuwe Testament nie. Daar is geen kennis van God los van die liefde van God nie. En daar is geen liefde van God los van liefde vir die naaste nie (1 Joh 4:8; 3:14-24) (Newbiggin 1995:97).

Die selfverloënende diens van Christus is nie vir eendag nie, maar dit het hier en nou reeds betekenis, net soos die voetwassing betekenis het vir die dissipels. Nêrens anders roep Hy ons dringender om sy voorbeeld as dienskneg te volg as in Joh 13:15 nie: "Ek het vir julle 'n voorbeeld gestel, en soos Ek vir julle gedoen het, moet julle ook doen." Geen wonder nie dat die woorde van Matt 20:26 "Elkeen wat in julle kring groot wil word, moet julle dienaar wees; en

elkeen wat onder julle eerste wil wees, moet julle slaaf wees" nog vier keer in die evangelies herhaal word (Matt 23:11; Mark 9:35; 10:43; Luk 22:26).

Die diakonale gemeenskap waartoe ons geroep is, berus op die deelname aan die geloofs offergawe; aan die weg wat Christus vir ons gebaan het. As lede van Christus is ons ook lede van mekaar. Daarom is daar in die Nuwe Testament 'n noue verbinding tussen die heilige Nagmaal, die koinonia, en die diensbetoon. Hier word spesifiek verwys na die woorde van 1 Kor 10:16,17 waar daar sprake is van die gemeenskap met die bloed en met die liggaam van Christus deur die brood en die beker. Vers 17 spel dit baie duidelik uit: "Omdat dit een brood is, is ons, al is ons baie, saam een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood".

We horen in deze verzen hoe er een onlosmakelijke verbondenheid is tussen de gemeenschap met Christus en de gemeenschap met elkaar. ... Juist de viering van het Avondmaal wil ons bevrijden van de zucht naar individualisering die zovelen, met name in onze tijd in zijn greep heeft (Noordegraaf 1991:53).

## 5. DIAKONALE BEGRIPPE

### 5.1 Liefde

1 Joh 4:16b "God is liefde; wie in die liefde bly, bly in God en God bly in hom." Liefde behoort tot die wese van God. Dit is juis vanuit God se liefde dat Hy diakonaal met die mens, deur sy gebooie en later deur sy Seun Jesus Christus handel. Vanuit Deut 7:8 blyk dit duidelik dat God se liefde 'n daad van verlossing, bevryding en hulp is. Daarom word die volk opgeroep om te antwoord op die liefde van God deur in sy weë te wandel en sy gebooie te onderhou, met hulle hele hart en hulle hele siel. Daarom moet hierdie antwoord op God se liefde gestalte vind in dankbaarheidsdade (Oosterhoff 1991:49).

Die liefde behoort tot die wese van die Bybelse opdrag van die diakonaat. Lev 19:18: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself". Gelowiges mag nie die naaste afpers, sy omstandighede misbruik, of die loon wat hy verdien het teruggehou nie. Regverdigheid moet in die regspraak geskied, en dan mag daar geen onderskeid gemaak word tussen 'n volksgenoot of 'n vreemdeling nie (Lev 19:10). Dit is duidelik dat die naasteliefde waartoe opgeroep word, nie slegs 'n gevoel of 'n

geneigdheid is nie, maar dat dit 'n liefdevolle daad teenoor die medemens is deur hulle by te staan en in hulle nood te voorsien, veral wanneer hulle self nie kan nie. Naasteliefde is om nuwe lewensmoontlikhede vir die naaste moontlik te maak (Oosterhoff 1991:48). So moet in die liefde tot die medemens die liefde van God sowel as die liefde tot God gestalte kry (1 Joh 4:20).

Jesus kom leer dat die vervulling van die wet net om een saak handel, naamlik die liefde, liefde tot God en liefde tot die naaste. Jesus beveel gelowiges selfs om hulle vyande lief te hê (Matt 5:44). Uit die Bybel is dit duidelik dat met liefde die liefdesdaad bedoel word. Die Bybel verwys na 'n daad-werklike liefde tot bevryding van die medemens, wat lei tot diens van sy welsyn en lewensgeluk, soos wat die geval was met Christus se liefdesdiens aan sondaars (Oosterhoff 1991:50).

## **5.2 Barmhartigheid / ontferming**

"Bijbelse barmhartigheid is een daad die iemand doet, niet om zelf gediend te worden, maar om de ander te dienen, hem te helpen in zijn nood en zo mogelijk daaruit te heffen" (Oosterhoff 1991:53). Barmhartigheid en liefde is baie nou aan mekaar verbonde. Mens sou heeltemal tereg barmhartigheid die vergestaltung van die liefde kon noem. Soos die liefde vind ook die barmhartigheid sy oorsprong by God. Telkens in die Bybel word gesê dat God genadig en barmhartig is (Eks 34:6; Deut 4:31; Ps 103:8; 111:4; 145:8).

In Sag 7:9 vind ons die opdrag: "Laat reg geskied aan almal, bewys liefde en barmhartigheid aan mekaar;" en dan verklaar vers 10 wat hierdie opdrag behels: "moenie die weduwee en die weeskind, die vreemdeling en die arme verdruk nie; moenie bouse planne teen mekaar bedink nie".

Ook Jesus Christus se koms na hierdie wêreld was 'n daad van barmhartigheid tot verlossing en vergewing van sondes (Luk 1:50, 54, 72, 78; Ef 2:4-7). Petrus roem in die barmhartigheid van God in die opstanding (1 Pet 1:3). Paulus roem in God die Vader van barmhartighede (2 Kor 1:3). Paulus roep op tot barmhartigheid (Rom 12:1, Fil 2:1), nie net om eie belang nie, maar juis gerig op die belang van ander (Fil 2:4). Barmhartigheid moet in elke geval (Ef 4:32) met blydschap verrig word (Rom 12:8).

Ook Jesus roep op tot barmhartigheid (Luk 6:36). Jesus toon deur sy hele lewenswyse wat barmhartigheid is.

Zijn barmhartigheid hield bij een innerlijke bewogenheid of een diep medelijden alleen niet op, maar kreeg gestalte in een daad. Ook ging zijn barmhartigheid niet alleen over lichamelijke noden en ziekten. Hij werd over de schare met barmhartigheid bewogen, toen Hij ze zag voortgejaagd en afgemat als schapen die geen herder hebben (Matt 9:36) (Oosterhoff 1991:53).

Barmhartigheid mag nooit net beperk word tot die stoflike hulpverlening nie. Barmhartigheid as diakonale kernwoord is 'n omvattende begrip. Dit sluit ook maatskaplike wantoestande in, soos byvoorbeeld verontregting en verdrukking. Barmhartigheid is dus gerig op die hele mens (sowel as alle mense), liggaamlik sowel as geestelik, daarom sal daar ook geprotesteer word teen onregverdige sosiale strukture.

### 5.3 Geregtigheid

Die woord geregtigheid “betekent in de wortel ook hulp aan die hulpeloze, deur belagers te verdrijven. Het is in weze verwant aan hulp of heil” (Karres 1969:55). Geregtigheid in die Bybel is in die eerste plek nie 'n juridiese of etiese begrip nie, maar 'n religieuse begrip. Mense dui aan dat hulle in die regte verhouding met God staan deur sy gebooie te onderhou. Wanneer in Deut 6 die gebooie aan die volk voorgehou word, sê Moses in vers 25 (1933 vertaling) “En dit sal geregtigheid vir ons wees as ons sorgvuldig al hierdie gebooie hou voor die aangesig van die Here onse God soos Hy ons beveel het”. Geregtigheid is gehoorsaam wees aan God se gebooie.

Geregtigheid, wat God betref, beteken dat Hy getrou is aan sy Woord. Geregtigheid en trou is by God sinoniem (Ps 36:6-7; 40:11; 96:13; 143:1; 1 Joh 1:9). Daarom vind geregtigheid ook sy grond in die liefde van God (vgl Oosterhoff 1991:57).

Geregtigheid is een van de gestalten van de liefde, waarin het recht van de ander op de voorgrond staat en waardoor die ander gediend en geholpen wordt om “tot zijn rech te komen”. Daarom kan er in het broederschap van Israel geen bedelaar zijn, of juist: geen arme, want zo ver strekt de geregtigheid zich uit dat in het Hebreeuws zelfs het woord

bedelaar niet voorkomt! (Deut 15:4) (Karres 1969:55).

Geregtigheid in die Nuwe Testament is baie nou verbonde aan die Here, Jesus Christus. Alleen Hy kan ons tot ware geregtigheid lei. “Zijn (Jezus) gezag bestond in *diakonein*, in beschikbaarheid en solidariteit. Door als dienaar, als *diakonos* met de mensen te zijn kon Hij vorm geven aan gerechtigheid, vrede, liefde en heelmaking. Dat zijn begrippen die de sfeer en structuur van dat komende rijk van God aangeven” (Tieman & Zunneberg 1990:18). 'n Duidelike omskrywing van die geregtigheid word gevind in Rom 6:15-23 (vgl Karres 1969:57-60), waarop die indikatief [“het julle diensbaar geword aan die geregtigheid” (vers 18)] deur 'n imperatief gevolg word: “so moet julle nou julle lede diensbaar stel aan die geregtigheid tot heiligmaking” (vers 19). Dit is nie genoeg as slegs die verhouding met God in orde is nie, die verhouding met God is selfs op die spel as die verhouding met die naaste nie in orde is nie, as daar geen oog is vir die naaste nie (Karres 1969:58).

Geregtigheid kom tot volle openbaring in die koms van die Messias. Hy red die arme en die wat om hulp roep, die wat geen helper het nie. Hy ontferm Hom oor die geringe en die arme. Hy bevry mense van onderdrukking en geweld. In navolging van die Messias moet die diakonaat sy taak met liefde, barmhartigheid en geregtigheid uitoefen (Oosterhoff 1991:59). Geregtigheid en barmhartigheid is nie van mekaar los te maak nie.

Hoezeer gerechtigheid en barmhartigheid identiek zijn, blijkt ook hieruit, dat in het latere Jodendom het woord gerechtigheid zonder meer gelijkstaat met barmhartigheid en weldadigheid. Daarvan het we een voorbeeld in Mattheus 6:1, waar Jezus zegt dat gerechtigheid niet voor de mensen moet gedaan worden om door hen te worden opgemerkt (Oosterhoff 1991:57).

## 6. GRENSE VAN DIE DIAKONAAT

Is die diakonale roeping van die gemeente net beperk tot die gemeente self, of is dit ook gerig op die mense buite die gemeentegrens? “Het antwoord moet luiden: de grens wordt bepaald door de grens die God Zelf stelt aan de liefde waarmee Hij in Christus mensen zoekt, en aan het liefdegebod dat Hij ons geeft. Dat wil zeggen: er is geen grens!” (Steenbergen 1991:43).

1 Tess 5:14-15 “Ons druk julle dit op die hart broers: wys die leegleërs onder julle tereg, praat die kleinmoediges moed in, help die swakkes, wees met almal geduldig. Sorg dat niemand ‘n ander mens kwaad vir kwaad vergeld nie. Beywer julle liever altyd vir die belange van julle medegelowiges en van alle mense”. Wat is dan die verhouding tussen medegelowiges en alle mense? Aangesien die bron van ons diens gevind word in ons diens aan Christus, is die eerste terrein vir die diakonale roeping die gemeenskap waar die evangelie geglo en verkondig word; nl die gemeente (Steenbergen 1991:43). Die “belange van alle mense”, dit gaan nie hier om die behoud van alle mense ter wille van medemenslikheid wat betoon word nie, maar dit gaan oor die verhouding wat daar met Christus bestaan (Steenbergen 1991:44). Tog kan in die gemeente die liefde tot mekaar nie die einddoel wees nie, want die “philantropia” (menseliefde) van God soek in Christus alle mense en wil niemand uitsluit nie (Tit 2:11; 3:4). Deur die liefde van Christus word die gemeente gedring om haarself na buite tot alle mense te rig, sodat waar die evangelie verkondig word, dit ook deur dankbaarheidsdade gelewe word. Wanneer gepraat word van alle mense beteken dit dat daar geen menslike grens mag wees wat die diakonaat keer nie, niemand mag uitgesluit word nie. Hierdie liefde teenoor alle mense is iets anders as die algemene liefde teenoor mense. Dit is nie maar net ‘n vae gevoel nie. Egte liefde rig die gelowige altyd op die konkrete mens wat God oor sy pad bring, maak nie saak wie hy is nie (Steenbergen 1991:45). Vergelyk ook Luk 10:29-37 en Jak 1:27; 2:13.

## 7. GEVOLGTREKKING

Die diakonaat is:

- die mees omvattende diensbegrip, aangesien die inhoud en die begronding daarvan in die Here, Jesus Christus self gevind word;
- gerig op alle nood, geestelik sowel as fisies;
- gerig op die totale skepping, dit gaan nie om die menslike nood alleen nie, maar om die skeppingsnood;
- nie net beperk tot 'n groepie uitgesoekte mense nie, maar is gerig op alle mense, veral hulle wat geen regspraak het nie; en
- ook nie die roeping van 'n groepie uitgesoekte mense (diakens) nie, maar is die roeping van



elkeen wat bely dat Jesus die Here is.

Die diakonaat hoort dus tot die wese van die kerk.



## HOOFSTUK 4

### DIE BEGRIP MISSIONÊRE DIAKONAAT

#### INLEIDING

Reeds uit die vorige twee hoofstukke het dit duidelik geword dat sending en diakonaat nie so maklik geskei kan word nie. Alles wat dus in die vorige twee hoofstukke gesê is oor die sending en die diakonaat afsonderlik, geld ook vir hierdie hoofstuk waar oor die twee saam gehandel word, nl die begrip Missionêre Diakonaat. Hier word nie 'n volledig teologiese begroning gegee nie. Dit volg in deel twee van hierdie studie. Tog kan hierdie hoofstuk ook nie geskryf word as daar nie basiese beginsels op die tafel is nie.

Basiese beginsels wat in deel twee uitgewerk sal word, is:

- Missionêre Diakonaat het sy oorsprong in die Drie-enige God, Vader, Seun en Gees. God se karakter en sy handeling met mense getuig van Missionêre Diakonaat.
- In Jesus se werke word juis die sending en die diakonaat saamgevat.
- Die Heilige Gees rus ons toe om missionêr-diakonaal te gaan leef.
- God se verbond met die mens vra, maar maak dit ook moontlik, om missionêr-diakonaal te leef.
- 'n Missionêr-diakonale lewenswyse geskied binne 'n koninkryksperspektief.
- 'n Missionêr-diakonale lewenswyse het juis vir die hier en die nou betekenis omdat dit eskatologies gerig is.

## 2. VERHOUDING TUSSEN SENDING EN DIAKONAAT

### 2.1 Die verhouding is vasgelê in die wese van die Drie-enige God

Reeds in die eerste verse van die Bybel is dit duidelik dat daar 'n eenheidsverhouding tussen woord en daad is. Gen 1:3 "Toe het God gesê: 'Laat daar lig wees!' En daar was lig". God as Skeppergod sit telkens sy woorde om in daad. As God later die noodkrete van sy volk in Egipte hoor, dan neem Hy hulle lyding ter harte (Eks 3:7) en dan handel Hy deur "af te kom" (Eks 3:8),



en Moses te stuur om die volk te verlos (Eks 3:10). God stuur egter nie net vir Moses nie, maar Hy handel ook deur vir Moses 'n belofte te gee (Eks 3:12), deur Homself bekend te maak aan Moses (Eks. 3:14), deur Moses 'n opdrag te gee (Eks 3:16), deur vir Moses tekens te gee (Eks 4:3,6), deur Moses te begenadig, en Aäron saam te stuur (Eks 4:14-16). Inderdaad het God nie net die volk se klagtes gehoor nie. Hy het ook nie net vir Moses gestuur nie, maar Hyself het gehandel en sy volk op wonderbaarlike wyse gered. Netso handel God telkens in die lewens van individue, rigters en profete.

In Hand 1:1 lees ons die volgende: "My eerste boek, Teofilus, het ek geskrywe oor alles wat Jesus gedoen en geleer het, van die begin af tot op die dag van sy hemelvaart". Dit is belangrik om daarop te let dat Jesus se daade - dit wat Hy gedoen het – voorop gestel word. Jesus het nie net gepreek nie, maar sy totale bediening, sy werke, die manier wat Hy Homself tuisgevind het tussen alle groepe mense, moet alles gesien word in die groter konteks van sy gestuurdheid na hierdie wêreld. Jesus se daade, sy lewenswyse, is nie minder belangrik as sy prediking nie. Lukas noem selfs in Hand 1:1 eers Jesus se daade voor hy noem van Jesus se lering. Jesus self verwys in Joh 5:36 daarna dat sy getuienis groter is as die van Johannes, want "die werk" wat die Vader Hom gegee het, en waarmee Hy besig is, lê getuienis af oor Hom en bevestig dat Hy deur die Vader gestuur is. Ons moet as navolgers van Christus na Jesus se bediening as geheel kyk, die manier (gesindheid) waarmee Hy met mense werk. Jesus se prediking is altyd ingebed in sy daade, wat weer gedra word deur sy prediking (Bavinck 1960:90). In Jesus se bediening is Woord en daad onlosmaaklik deel van mekaar.

In Joh 21:25 lees ons: "Daar is nog baie ander dinge wat Jesus gedoen het". Hier word selfs niks gesê oor wat Hy geleer het nie. Christus se koms na die wêreld was niks anders as sending nie (Joh 13:20). Hierdie sending word egter in die dienskneggestalte uitgevoer (Fil 2:7). Christus self sien sy sending as diakonia aan die wêreld. Mark 10:45: "Die Seun van die mens het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe as losprys te gee vir baie mense". Die roeping van die dissipels en die roeping van die kerk beteken dus dat ons deel kry aan Christus se sendingtaak, sowel as aan sy diakonaat. Die roeping beteken verder dat ons ons lewenshouding sal rig op die voorbeeld wat Hy vir ons gestel het, om dienskneg te wees, ook en veral in ons sending.

Netso is die Heilige Gees met ons; Hy rus ons toe vir ons missionêr-diakonale taak in hierdie wêreld (Hand 1:8). So bring Jesus in Joh 20:22 die Heilige Gees direk in verband met die sending van die apostels. Wanneer Hy hulle uitstuur, dan blaas Hy op hulle as 'n simbool van God se Gees wat oor hulle sal kom en sê: "Ontvang die Heilige Gees". Hier vind ons dat die Vader, die Seun en die Heilige Gees saam ter sprake is in Johannes se weergawe van die sendingopdrag "soos die Vader my gestuur het, stuur ek julle ... ontvang die Heilige Gees" (Smit 1982:24).

## 2.2 Die verhouding is vasgelê in ons bekering

Die vraag is wat bedoel Jesus as Hy sê: "Bekeer julle ..." (Matt 4:17; Mark 1:15). Bekering (*metanoia*) in die Nuwe Testament het 'n positiewe betekenis: *Meta-noia* beteken eenvoudig "to think again", tot ander insigte kom, "to have second thoughts". Dit is om van mentaliteit of ingesteldheid te verander. "...het is een totale heroriëntatie van gedachten, gevoelens, emoties, wil en van daaruit komen tot nieuwe levenspatrone, nieuwe gedragingen en handelingen (de vruchten der bekering) ten gevolge van de boodschap van het Rijk, die in Jezus Christus met ongekende actualiteit voor ons staat" (Verkuyl sd:273).

Indien ons bekering so verstaan, val veral twee aspekte op:

- Eerstens dat bekering die hele lewe omvat, ook die maatskaplike gedrag.

Though in English a focal component of repent is the sorrow or contrition that a person experiences because of sin, the emphasis in *metanoeo* and *metanoia* seems to be more specifically the total change, both in thought and behavior, with respect to how one should both think and act (Louw & Nida 1988:510).

God maak my 'n "nuwe mens" (Joh 3:3; Ef 4:23-24). My verlossing, my "nuutheid" raak nie net my persoonlike lewe nie, maar plaas my in nuwe verhoudings. Ek staan in 'n nuwe verhouding tot God (Rom 5:1; 8:1). Ek staan in 'n nuwe verhouding tot my naaste (Rom 12; Ef 4:23-5:5). Bekering raak my totale menswees. Verkuyl (sd:273) merk heeltemal tereg op: "...zodat het onbíbels is scheidings te maken tussen persoonlike bekering en participatie in het maatschappelijke leven". Bekering is dus nie net iets persoonlik en geestelik nie, maar vind juis uitdrukking in 'n nuwe lewenswyse na buite (Bromiley 1985:642).

So word die werk van die Gees *in, aan en oor* die mens geleidelik 'n werk *deur* die mens, met ander woorde hy word self in beweging gebring deur en ingeskakel in die groot genesingsarbeid van die Heilige Gees. So oorrumpelend en meesleurend is die krag waarmee die Gees God se heilsplan met die wêreld in die lewe van die enkeling uitvoer, dat die bekeerling nie 'n verwonderde toeskouer kan bly nie, maar in 'n blymoedige deelnemer verander word (Heyns 1978:315).

- In die tweede plek is dit duidelik dat bekering 'n eenmalige (*conversio actualis*) en 'n voortgesette daad (*conversio continua*) is (Heyns 1978:317). So is bekering in die Nuwe Testament nie 'n gebeurtenis wat eenmalig gebeur en eenmalig voltrek word nie. Dit is eerder 'n permanente proses van lewensvernuwing, van voortdurende heroriëntering te midde van al die veranderende situasies waarin gelowiges lewe (Verkuyl sd:273).

Bekering sal dus gesien word in die daade wat gedoen word (Jak 2:14). Gelowiges kan alleen as gestuurdes van die Here Jesus Christus missionêr leef wanneer hulle daade getuig dat Hy deur hulle leef in hierdie wêreld. Geloof kan alleen opreg bely word wanneer daade van geloof getuig. "Bij belijden zijn wij altijd geneigd te denken aan iets verbaals, aan documenten en geschriften, maar belijden werd in de oud-christelijke kerk primair gezien als een zaak van *dienen*. Belijdende kerken zijn die kerken waar het diakonaat bloeit, want de daad is de maat der liefde" (Verkuyl sd:289).

### **2.3 Die verhouding is vasgelê in die wese van die kerk**

As die kerk verstaan word as die gemeenskap van die gelowiges, of dan die gemeenskap van mense wat tot bekering gekom het, dan is dit duidelik uit die vorige paragraaf (2.2) dat die kerk nie bloot die status quo in die samelewing sal kan handhaaf nie. Die doel van die kerk is tog om God te verheerlik, en die status quo doen dit meestal nie. Daarom sal die kerk/gelowiges alles in hulle vermoë moet doen om die Koninkryk van God, wat reeds gekom het, meer sigbaar te laat word op elke terrein van die samelewing. Dit is dus in die wese van die kerk opgesluit dat hy missionêr en diakonaal in hierdie wêreld teenwoordig sal wees. "To glorify God, we must reveal his nature and purpose to all mankind, by our words and deeds" (Armstrong 1979:39).

Sending en diakonaat hoort tot die wese van die apostelamp (Hand 6:2). Die apostolaat bestaan uit twee belangrike elemente. Eerstens is 'n apostel beklee met volle gesag om op te tree namens Christus. In werklikheid bestaan hierdie gesag juis in diensbereidheid of diakonia (Mark 3:14,15; 9:35; Joh 13:14), net soos Christus se gesag en koningskap verwesenlik is in die kneggestalte. In die Koninkryk is heerskappy en gesag gelyk aan diens (Matt 20:20-28). In die tweede plek ontvang apostels die taak om die evangelie uit te dra aan die wêreld (Matt 28:18,19). Die apostoliese gesag sluit dus die missionêre opdrag in (Hand 1:8). Die missionêre opdrag berus op die gesag van Jesus (Matt 28:18, Mark 16:20). “The thing that seems to stand out above all else in the sending forth of the Church then, is that it is sent with power and authority to extend the work of Jesus in the world. This work is service, *diakonia*, the second great characteristic of the ministry of Jesus and of the Church” (Barnett 1979:17).

So kry ook die gemeente wat tot geloof kom in die Here Jesus Christus nie net deel aan sy sending nie, maar ook aan sy diakonia. Die kerk kan dus met reg vanuit die Nuwe Testamentiese getuienis sê dat die deelname aan Christus se sending in die wêreld en deelname aan sy diakonia behoort tot die gemeente van Jesus Christus. Dit kan en mag ook nie anders nie, want die verhoogde Christus wil sy omvattende diens nog steeds in en deur sy gemeente voortsit. Die kerk is sending en die kerk is diakonia (Crafford 1966:125). Tot die geloof hoort die evangelie wat verkondig word, en tot die liefde hoort die evangelie wat konkreet uitgeleef word. Die Heilige Gees rus die gemeente toe met genadegawes, en dit is afgestem op getuienis en diens (Gal 5:6, 13). Berkhof stel dit baie suiwer wanneer hy verklaar: “Het getuigenis zonder de diakonia blijft leeg; zoals de diakonia zonder het getuigenis stom blijft” (De Ruijter 1992:162).

Binne die Suid-Afrikaanse konteks beteken dit dat lidmate (veral van die Ned Geref Kerk) sal moet leer dat genade, geloof en grondbesit, eredienste en die verskaffing van toepaslike energie of elektrisiteit, Woordbediening en watervoorsiening, gebed en gesondheid, lofprysing en gedeelde luukshede, samesang en skole, Bybelstudie en behuising, kategese en kultuur, en Paasfees, Pinkster en puttoilette alles deel is van kerkwees, en getuienislewering in diens van 'n arm wêreld (Müller & Van Deventer 2001:90).

## 2.4 Die verhouding van Woord en daad binne 'n sendingperspektief

### 2.4.1 Woord en teken in die Evangelie van Johannes

'n Ontleding van die verhouding tussen woord en teken in die Evangelie van Johannes kan ons help om tot die regte verhouding te kom tussen woord en daad. Die sinoptici beskryf die wonders van Jesus as daad van mag (dunamis), waardeur die eskatologiese koninkryk van God deurbreek in die geskiedenis. Volgens die Johannes evangelie stel Jesus se wondertekens nie soseer die simboliese en sigbare deurbraak van die koninkryk van God voor nie, maar is dit deel van sy werke self. Hy is besig om sy eie identiteit as gestuurde van die Vader, bekend te maak deur sy werke (Du Rand 1990:25).

In die evangelie van Johannes is dit duidelik dat die teken en die woord nie van mekaar geskei kan word nie, omdat hulle 'n onlosmaaklike eenheid vorm in die struktuur van die openbaring van Jesus. Die teken alleen wek nie geloof nie, maar eers saam met die woord gebeur dit. Die teken word in werklikheid eers 'n verstaanbare teken as dit met die Woord toegelig word. Met die teken gaan die begeleidende en verklarende Woord, byvoorbeeld die vermeerdering van die brode (Joh 6:14), gevolg deur die verklarende woord in Joh 6:35. In Joh 9:5 gaan die woord "Ek is die lig van die wêreld" gepaard met die genesing van die blinde man se oë; in Joh 11:25 gaan die Woord "Ek is die opstanding en die lewe" gepaard met die opwekking van Lasarus (Crafford 1966:135-138).

Die teken bewys nie die waarheid nie, maar openbaar net 'n ander faset van die waarheid. Die teken kan ook weerstaan word deur ongeloof (Joh 3:19-20; 11:47; vgl ook 9:41; 15:27). Jesus se wonders is nie gedoen tot bevestiging van die Woord asof die Woord nie genoegsaam is nie. Sommige glo in Jesus sonder dat hulle eers die wondertekens gesien het (Joh 17:20; 20:29). Die teken en die Woord tree gelyktydig en afsonderlik, beslissend en openbarend op. Die teken volg nie net op die Woord nie. Met die uitspraak van die woord het ons reeds met die werklike gebeure te doen. As die Here vir iemand sê: "Jou sondes is vergewe", vind die daad van vergifnis terstond plaas en word die man aangespreek as lid van die koninkryk van God. Woord en teken openbaar op dieselfde oomblik dieselfde waarheid. Die uiteindelijke doel van die wondertekens is "... sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en sodat julle deur te glo, in sy

Naam die lewe kan hê” (Joh 20:31) (Du Rand 1990:25).

#### **2.4.2 Die verhouding Woord en daad by Paulus.**

In Rom 11:13 gebruik Paulus die woord diakonia vir sy bediening onder die heidene (sending), sodat sy eie mense jaloers sal word. Dit is interessant dat Paulus, die apostel van die heidene, nie na homself verwys as gestuurde van Christus nie, maar eerder na homself verwys as diaken van Christus (2 Kor 11:23); diaken van God (2 Kor 6:4); diaken van die nuwe verbond (2 Kor 3:5). In hierdie gevalle wys die titel duidelik primêr terug na die diakonia van die Woord (Hand 6:4) en nie na die diakonia van die tafels nie (Hand 6:2).

Paulus smee ook vir sy diens nuwe woorde: diakonia van die Gees en diakonia van die geregtigheid, teenoor die diakonia van die dood en die oordeel (2 Kor 3:7-9); en diakonia van versoening (2 Kor 3:6). Dit is belangrik om in die briewe aan Rome en Korinte waar Paulus sy diens van die Woord so goed verduidelik, tog ook te let op hoeveel tyd hy spandeer aan die diens van die gemeente in Jerusalem (2 Kor 8 en 9). Hierdie diens het vir hom geestelike en teologiese betekenis. As die heidene dan aan die geestelike gawes deel gekry het, moet hulle dan nie hulle stoflike gawes met die mense in Jerusalem deel nie? (Rom 15:27)

#### **2.4.3 Woordpare wat die verhouding uitdruk**

Geestelike en liggaamlike nood, en die aandag aan die onderskeie aspekte, is in die Bybel so nou met mekaar verweef, dat daar telkens dieselfde woorde voor gebruik word (Karres 1969:147-150).

- Arm en ryk:

Wanneer oor armes gepraat word, word uitsluitlik gedink aan mense vir wie dit onmoontlik is om vir hulleself te sorg, en daarom (nie as bedelaars nie, maar as reghebbendes) op die hulp van sy medemens aangewys is (vgl Lasarus, Luk 16:19-31). Tog skets die Bybel die vervreemding van God ook as armoede. Diegene wat van God vervreem is, is “ellendig of hulpeloos en arm” (Ps 40:18; 70:6; 86:1) (Karres 1969:147).

- Honger, dors en versadig:

In Joh 4:13 antwoord Jesus die Samaritaanse vrou “Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer

dors kry; maar wie van die water gedrink het wat Ek hom sal gee, sal in alle ewigheid nooit dors kry nie”. En in Joh 6:35 “Ek is die brood wat lewe gee. Wie na My toe kom, sal nooit weer honger kry nie ...” Vergelyk ook die volgende gedeeltes: Amos 8:11, Ps 42:3, Matt 5:6, Mark 6:42; 8:9.

- Siek en gesond:

Onbelyde skuld maak mens siek (Ps 32). Die feit dat Jesus die genesing begin deur vergewing van sondes aan te kondig, wys na die sonde as diepste grond vir siek wees (Matt 9:1-8). Jak 5:16 “Bely julle sondes eerlik teenoor mekaar en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word”.

- Melaats en rein:

Volgens Karres (1969) is Ps 51:4 ‘n tipiese gebed van ‘n melaatse. Hierdie mening word deur ander teoloë gedeel. “It is quite possible that the primary psalm in 51:3-19 was used in a ritual of repentance and healing for a sick person and was designed for recitation in a private sick room, aided perhaps by a priest...” (Tate 1990:11). So vind ons ook iets van hierdie onaanvaarbaarheid/onreinheid/melaatsheid by die kneg van die Here in Jes 53:3.

- Blind en sien:

In Joh 9 genees Jesus die blinde man wat eindelijk deur die Jode verban word, en dan spreek Jesus die Fariseërs aan oor hulle geestelike blindheid. In dié verband kan die volgende gedeeltes ook bestudeer word: Matt 15:14; 23:16, 24; 23:17, 19.

Dit is by hierdie ongemaklike ontmoetingspunt tussen ryk en arm, tussen versadig, honger en dors, tussen siek en gesond, tussen rein en onrein, tussen blind en sien wat die kerk in sy kerkwees tot in die wese van sy bestaan getoets word.

#### **2.4.4 Gevolgtrekking: Die verhouding, woord en daad in sending**

Dit is duidelik dat die tekens van Jesus nie gelykgestel kan word met *diakonia* soos ons dit verstaan nie. Christus se tekens is gelaai met besondere openbaringsinhoud, die openbaring van die Messiaanse Ryk. In die Messiaanse Ryk gaan dit nie alleen om geestelike en morele nood nie, maar ook oor materiële, fisieke, sosiale, kulturele en politieke nood. Die Messias tree nie net op

as prediker nie, maar ook as Dienaar (*Diakonos*). “En om Hem heen geschieden de *tekenen* van het Rijk: blinden zien, kreupelen gaan, leprapatiënten genezen, hongerigen krijgen te eet, eenzamen ontvangen gemeenschap. ... Het is tegen deze achtergrond gezien ook begrijpelijk dat Paulus de vervulling van de diakonale taak ziet als een vorm van *belijden van ons geloof* (2 Kor 9:13)” (Verkuyl sd:289).

Deur die *diakonia* moet die verkondigde Godsryk werklikheid word, en deur die *kerygma* word aan die *diakonia* inhoud en betekenis gegee. Indien enige van die bedienings verwaarloos word, lei dit noodwendig tot die verskraling van die boodskap en Koninkryk. “Als in zending en evangelisasie deze primaire taak ‘to tell the story of Jesus’ wordt verwaarloosd of ingeruild, dan wordt het meest elementaire van de taak verwaarloosd. ... want het belijden van Jezus zonder ‘imitatio Christi’, zonder het volgen van Jezus is zinloos” (Verkuyl sd:272).

Die motief van die dienste in die sending moet altyd die bevestiging en verkondiging van die groot dae van God deur die Here Jesus Christus wees. In hierdie dae word die verkondigde woord sigbaar gemaak. Dit moet die norm wees dat die dae deur die Woord gedra word en vise versa. Belangrik is die begrensing van diakonia in die sending. Sodra die dienste kom op die vlak van die "social gospel" wat nie meer verband het met die verkondiging nie, dan is dit vir die sending 'n teken dat hy in sy diakonia die grense reeds oorskry het. Dan het dit tyd geword dat die organisasies (hospitale, skole, ens.) - en nie die diakonia nie - oorgedra word aan ander liggame of organisasies (Crafford 1966:144).

## **2.5 Die verhouding van Woord en daad binne die diakonale perspektief**

Diakonaat gaan nie in sending op nie, maar die daad roep om die woord, hiervan is daar talle voorbeelde in die Bybel. Telkens as Jesus wonderwerke of enige ander handeling doen, word dit 'n verkondigingsgeleentheid. Vergelyk: die verdroging van die vyeboom (Mark 11:20), die voete was (Joh 13), die ontmoeting met die Samaritaanse vrou (Joh 4), die viering van die Paasfees (Matt 26:26-30). Dieselfde vind ons by die verhale van Stefanus (Hand 6:8-7, 53), en Filippus (Hand 8:12, 40). Stefanus moet verduidelik wat en hoekom hy dinge doen waarmee hy besig is (Hand 6:8). Omdat sy dae die gemeentegrense oorskry en tot heil word vir die naaste in die omgewing, kom die mense in opstand teen hom.



Filippus tree aanvanklik nie met groot vrymoedigheid op nie (Hand 8), die engel van die Gees moet hom aanmoedig, die kamerling moet hom uitvra, ook selfs om gedoop te word. Die inisiatief lê nie by Filippus nie, maar hy ontwikkel die genade wat aan hom geskenk is, sodat hy in Hand 21:8 beskryf word as 'n evangelis, wat behoort tot die sewe diakens. “De enige conclusie, die men uit Philippus ontwikkeling verantwoord kan trekken is deze: dat daad en woord niet absoluut van elkaar zijn te scheiden en dat verkondiging en dienst twee kanten zijn van dezelfde opdracht” (Karres 1969:142).

In Hand 6:7 word beskryf hoe selfs 'n aantal priesters gelowig geword het. Karres (1969:145) merk op dat priesters tot die besittende klas behoort het. Rykdom is beskou as deel van die heilstoestand waarin die regverdige sigbaar die seën van God geniet. Daarom is hierdie bekerings 'n totale deurbraak. “Het is goed en bemoedigend zo te mogen ontdekken hoe het echt diakonale leven van de gemeente op zichzelf een wervende kracht bezit, waardoor ook de felste tegenstanders zich gewonnen moeten geven. Daarom behoort het tot de essentie van het diakonaat dat het ook een missionaire kant heeft” (Karres 1969:146).

Die diakonaat kry sy diepste sin en betekenis in die kruisdood van Christus. So bly diakonia altyd verbonde aan die eenmalige daad van die kruis, en bly dit 'n getuienis van Hom wat gekom het om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie (Mark 10:45). As diens losgemaak word van die oerbron en daarmee ook die getuieniskarakter verloor, is dit geen diakonia meer nie.

Wie alleen volstaat met diakonale projecten, ... laat de kern van de christelike heilsprediking los. ... Hoe wordt duidelijk dat deze daad geschiedt in de naam van Jezus Christus en niet in de naam van een humanistische ideologie? Heil is toch meer dan humanisering. Heil is ten principale verzoening met God door het geloof in Christus. Daarom vraagt de diakonale daad als uiting van liefde van Christus altijd weer om het getuigenis van Zijn reddende liefde (Noordegraaf 1991:219).

Daarom begin die diakonaat van die kerk by die nagmaalstafel en gaan dit daarvan uit, omdat dit altyd verbonde bly en uitgaan in die geloof wat die gekruisigde en opgestane Christus bely. Die diakonaat moet in die wêreld beoefen word verbonde aan die gemeente van Christus en deur

gehoorsaamheid aan die werking van die Heilige Gees.

## 2.6 Gevolgtrekking

Uit die bogenoemde blyk dit duidelik dat sending (woordverkondiging) en diakonaat nooit geskei kan of mag word nie, maar dat dit wel om prinsipiële redes kan en moet onderskei word. Ook die praktyk vra onderskeiding, maar wel nie 'n geskeidenheid nie. Bybels vind ons wel verskillende roepings en gawes, en verskillende aksente en prioriteite in die gemeente. “Liefde tot God en liefde tot de naaste, woord en daad, viere en diene, zingeving en vormgeving van het leven - ze horen bijeen binnen het gelovend mens-zijn, ze zijn niet los van elkaar verkrijgbaar...” (Tieman & Zonneberg 1990:137).

Die een gaan nie in die ander op nie, maar indien ons die onderskeiding tot skeiding maak, kan dit tot verskraling van die evangelie lei, soos wat dikwels gebeur in die sending en die diakonaat onderskeidelik. Beide sending en die diakonaat het die eer van God en die heil van die mens in die oog. Eerstens gaan dit om die eer van God:

As Christians we glorify God in order that he may be glorified by others. What we as members of the church do and say affects what others think about him who is the head of the church, Jesus Christ. We are not going to win many disciples for Christ if our actions deny the faith we profess with our lips. In order to be true to itself and faithful to its God-given mission, the church must be the instrument of God's glory. Jesus established a fellowship of which he himself was the very core and the source of power. He commissioned the disciples to spread the good news throughout all the earth (Matt. 28:18-19) (Armstrong 1979:40).

In die tweede plek gaan dit om die heil van die mens: “Heil is in de Bijbel altijd heil voor de totale mens in al zijn relaties: tot God, tot de naaste en tot zijn leef omgeving. Zending en diakonaat spreken beide op een onderscheiden wijze van de 'enige troost in leven en sterven'. Daarom is het getuigenis altijd verboden met de daad” (Noordegraaf 1991:219).

Dit gaan om die herstel van die mens en sy verhoudings: om te kan word wat God die mens bedoel het om te wees. Dit geld nie net vir gelowiges nie, maar vir alle mense (Luk 10:19; Joh

3:16). Dit geld selfs vir die hele skepping (Rom 8:18). Dit gaan dus hier om die realisering van die koninkryk van God, wat nie net geestelik verstaan moet word nie. Nêrens in die Nuwe Testament word die koninkryk vergeestelik en beperk tot die geestelike nood van die mens nie. Die koninkryk word deur Christus aangekondig en geleef as 'n gerigtheid op die totale nood van die mens. In die koninkryk gaan dit dus om die totale heil van die mens (Verkuyl sd:270).

Die realisering van die koninkryk kan alleen bereik word deur 'n omvattende bediening aan die totale mens. Hierdie omvattende bediening staan dan bekend as die Missionêre Diakonaat.

### **3. WAT WORD BEDOEL MET DIE TERM MISSIONÊRE DIAKONAAT?**

#### **3.1 Missionêre Diakonaat is sentripetaal en sentrifugaal**

Missionêre Diakonaat vind sy oorsprong in die Here, Jesus Christus. Jesus se sending en sy diens was nie net gerig op die skares nie. Jesus se sending en diens was ook gerig op die twaalf wat Hy geroep het om sy dissipels te wees. Dit is so dat Jesus dikwels die dissipels "alleen" geleer en gedien het (Joh 13). Tog is dit waar dat wanneer Jesus met die mense (missionêr-diakonaal) besig was, hy eintlik ook besig was om die steeds teenwoordige stuk ongeloof in die dissipelkring aan te spreek. Jesus se bediening het ook altyd 'n koinoniale dimensie gehad. Wanneer Jesus byvoorbeeld die brood vermeerder, sorg Hy nie net vir die mense nie, maar ook vir die dissipels. Wanneer Hy byvoorbeeld die gelykenis van die saaiër vertel, leer Hy nie net die mense wat die saad moet ontvang nie, maar ook vir hulle wat die saad saai. Daarom begin Missionêre Diakonaat daar waar Jesus teenwoordig is, binne die kerk, waar gelowiges en ongelowiges saamkom. Daar waar geloof en ongeloof mekaar in die gemeente ontmoet. Daar waar ryk en arm, gesond en siek saamgebind word deur die liefde van Christus. Daar waar koinonia is, daar sal Missionêre Diakonaat plaasvind.

Die Missionêre Diakonaat van die kerk (Armstrong 1979:45) is tweeledig: "The first part is to develop and nurture its own members. The members of a servant church must surely serve one another (Heb 3:13; 1 Tess 4:18; 1 Pet 1:22; Gal 6:2). This is what is meant by Christian fellowship. This is part of our mission, to be a fellowship, in which there is mutual give-and-take" (Armstrong 1979:41). Die eerste been van die Missionêre Diakonaat van die kerk is om 'n

gemeenskap te wees waarin individuele lidmate kan groei. So skryf Paulus ook aan die gemeente in Efese (Ef 4:8, 11-13).

Missionêre Diakonaat moet ook plaasvind daar waar die kerk met die wêreld besig is. Daar waar geloof en ongeloof mekaar ook buite die kerk ontmoet. Dit is die tweede been van die Missionêre Diakonaat, om die goeie nuus na almal uit te dra: Mark 16:15 "Gaan die hele wêreld in, en verkondig die evangelie aan die hele mensdom". Paulus wy sy hele lewe aan hierdie opdrag, soveel so dat hy selfs aan die kerk 'n kosmiese dimensie gee (Ef 3:8-10). Hierdie dimensie van die Missionêre Diakonaat wat in ons bekering vasgelê is, mag nie verwaarloos word nie. Niemand is 'n christen op grond van sy persoonlike ervaring van genade en verlossing nie, maar alleen op grond van sy bediening.

Om uitverkies te wees, om as verlose te mag leef, is nie net 'n groot voorreg nie, dit is ook 'n geweldige verantwoordelikheid. God stel nie een mens oor 'n ander aan nie, maar Hy hou ons verantwoordelik vir mekaar. God onderwerp die hele skepping, uitgesonder die medemens, aan die mens (Gen 1:28). God het mense as gelykes geskep (Gen 1:20-23), om verantwoordelikheid vir mekaar te neem (Gen 4:9), om mekaar se helpers te wees (Gen 1:20), en te heers oor die skepping, oor die *oikos*. Israel, God se uitverkore volk, kry dan ook duidelik die opdrag om verantwoordelik op te tree teenoor hulle wat geen regspraak of mag het (vreemdeling, weduwee, wees, arme) binne eie volksverband nie. Tog is Israel ook deur God geroep om tot seën te wees vir die nasies, op grond van die verbond met die aartsvader Abram (Gen 12:3). Dit is duidelik dat die gelowige 'n verantwoordelikheid het in die gemeenskap waarin hy leef, teenoor diegene wat deel is van die gemeenskap, maar ook teenoor diegene wat nie deel het aan die gemeenskap nie. Hierdie verantwoordelikheid stop egter nie net by diegene in die onmiddellike gemeenskap nie, maar die verantwoordelikheid is teenoor alle mense wêreldwyd.

Wanneer Israel wel vra vir 'n koning, word dit beskryf as 'n stuk verwerping van God (1 Sam 8:7). Die verantwoordelikheid om om te sien na dié wat geen regte het nie, word aan die koning opgedra. "... historical books show that appeal was made to the king even in cases which we should leave to lower courts: the theft of a sheep (2 Sm 12:6), a family blood feud (2 Sm 14:4-11), the substitution of a child (1Ki 3:16-28), the recovery of a house and land (2 Ki 8:3)" ( De

Vaux 1973:152). Tog bly die versorging steeds ook die verantwoordelikheid van die volk (vgl die profete, bv Amos). In die Nuwe Testament tree die verantwoordelikheid en die nederigheid, wat ons teenoor ons medemens moet openbaar, baie sterker na vore. Jesus maak dit baie duidelik dat dit nie daaroor gaan om te heers nie, maar om te dien (Mark 10:35-45). Hierdie diens is nie beperk tot 'n bepaalde groep of klas mense nie, maar sny oor alle grense heen (Joh 13:1-17). In Hand 2 sien ons duidelik hoe medegelowiges verantwoordelikheid aanvaar vir mekaar se nood. In 2 Kor 8 en 9 sien ons hoe gemeentes verantwoordelikheid aanvaar vir mekaar se nood (ekumeniese diakonaat). In Hand 8:26 sien ons hoe God vir Filippus stuur om die Ethiopiër te ontmoet in sy nood van onkunde (van nie verstaan nie) (Hand 8:31). In Hand 10 sien ons hoe God vir Petrus na Kornelius stuur. Kornelius, 'n kaptein in die Italiaanse regiment, "... het baie gedoen om die armes onder die Joodse volk te help..." (Hand 10:2). Wanneer daar oor die owerheid gepraat word in die Nuwe Testament (Rom 13:4,6), dan word die owerheid beskryf as diaken en liturg deur God aangestel. God het inderdaad nie een mens oor 'n ander aangestel om oor mekaar te heers nie, maar om verantwoordelikheid vir mekaar te aanvaar (Gal. 6:2, 10).

Missionêre Diakonaat is sentripetaal. Dit begin by die eie, want dit sal 'n valse diakonaat wees as ons nie in die kerk mekaar se nood dra nie, maar net die nood buite die kerk wil aanspreek. Netso is dit 'n valse verkondiging as ons nie die ongeloof in ons eie geledere aanspreek nie, maar net die ongeloof buite die kerk aanspreek. Die feit dat daar in eie geledere nood en ongeloof is, beteken nie dat die opheffing daarvan 'n voorwaarde is om na buite missionêr-diakonaal betrokke te raak nie. Indien die kerk net met sy eie nood (sentripetaal) besig is, is dit net so 'n valse diakonaat en evangelie, as wat dit is om net sentrifugaal betrokke te wees. Dit is nie 'n kwessie van of sentripetaal of sentrifugaal betrokke wees nie, maar eerder sowel sentripetaal as sentrifugaal (Hand 1:8). Jesus stuur die dissipels ook eerste na die Jode (Matt 10:5-8), maar as hulle ongelowig bly, en nog voor die nood by hulle opgehef is, stuur Hy die dissipels na al die nasies (Matt 28:19; Rom 9-11).

### **3.2 Waarom Missionêre Diakonaat?**

Waarom moet die diakonaat by die sending betrek word? Dikwels word die diakonale betrokkenheid in die sending net gesien as 'n lok- of 'n vangmiddel om die mense by die evangelie uit te kry. Dan word die diakonaat eenvoudig verswelg deur die verkondiging, en bring

dit 'n stuk valsheid mee. Daarom kan die Missionêre Diakonaat nie alleen maar daarin opgaan om strukture te verander nie, maar dwing die evangelie ons tot persoonlike kontak met individue (Noordegraaf 1991:219).

Diakonaat is wesenlik deel van kerkwees en Christenwees. Dit is deel van die evangelie, van die koninkryk wat reeds aangebreek het (Luk 17:21).

Diakonaat is wezenlijk voor het gemeente-van-Christus-zijn. Het is ook wezenlijk voor het christen-zijn. Hieruit vloeit voort dat kontak met anderen, aan wie om Christus' wil het evangelie wordt gebracht, ook een diakonaal aspekt heeft. Er is niet maar een heel nauwe band tussen evangelisatie en diakonaat. Neen, er is een wezenlijke band. Geen evangelisatie zonder diakonaat (Velema 1991:207).

Ons verkondig nie 'n "pie in the sky" evangelie nie, ons verkondig die verlossing wat die hele mens en sy omstandighede hier en nou insluit; ons verkondig die koninkryk van God. Die diakonaat is alleen maar 'n onderstreping van die liefde van Christus wat ons verkondig. Daarom mag die diakonale hulp wat ons verleen nie gekoppel word aan enige voorwaardes nie. "De verlening van deze hulp is niet afhankelijk van het tot geloof gekomen zijn van de ander! Hy moet niet eerst de prijs van de bekering betalen, alvorens geholpen te worden. Zo gaat het niet in evangelieverkondiging en diakonale hulp. We hebben een alomvattende boodschap en willen die ook naar zijn diakonaal aspekt overbrengen" (Velema 1991:209).

Die Missionêre Diakonaat gee gestalte aan die *missio Dei*, dit is God wat ons gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer (Fil 2:13). Daarom vind die Missionêre Diakonaat plaas in navolging van Christus, en kan dit nooit net na binne gerig wees nie. Christus het tog nie net die gelowiges lief nie (Joh 3:16), hy het juis gekom vir hulle wat nog ongelowig is (Luk 19:10). Diakonale diensbetoon is om Christus se wil te laat geskied. Dit is diensbetoon in Christus se Naam en betoning van sy liefde. Daarom moet die verhouding met Christus eksplisiet in hulpverlening aan die orde kom. So verbreed die liefde van Christus die diens tot 'n stuk evangelie waarin die redding van die totale mens (geestelik en fisies) na vore tree. Redding geskied alleen deur die herstel van die verhouding met God. Indien hierdie verhouding nie herstel word nie, word ons menswees altyd bedreig (Velema 1991:214).

Daarom moet die koninkryk (geestelik en fisies) gebring word na alle mense in hulle nood (Jak 2:14-17). Diakonaat is net so deel van die evangelie en die koninkryk as die kerygma. Sending sonder daad is dood, net soos wat geloof sonder daad dood is (Gal 5:6b; Jak 2:17). Gensichen (1971:85) dui aan dat daar dikwels gepoog word om 'n valse antitesis te bring tussen sending en diens: "...humanization has nothing to do with evangelization, and the mission is concerned with the salvation of souls but not with the conditions of man's material existence. ... If that happens, a strong reminder would be indicated that mission and service, proclamation and demonstration have a common ground in the purpose of God and in the very *raison d'être* of the Church in the world".

Netso wys Gensichen (1971:86) daarop dat daar dikwels 'n valse sintese tussen sending en diens bestaan:

Thus, J. Merle Davis, one of the great pioneers of social action in missionary service, maintained a generation ago that medical, educational and agricultural aid, social services of all description constituted in themselves what Davis called 'evangelization' ... Today A. Th. van Leeuwen puts it even more bluntly when he says that 'the development concept must determine our concept of missionary proclamation' ... In that case one wonders why there should be any such thing as missionary proclamation at all".

Wanneer die Missionêre Diakonaat aan bv ontwikkelingsprojekte deelneem, sal baie spesifiek nagedink moet word oor die kerklike aspek van die werk. Wat onderskei sulke diakonale werk van nie-kerklike ontwikkelingswerk? Wat dien as motivering vir die betrokkenheid by ontwikkelingsprojekte? Is dit westerse vooruitgangsoptimisme of sosialistiese ideologieë? Of lê aan die hart hiervan 'n Bybelse getuigenis van God se barmhartigheid en geregtigheid? Missionêre Diakonaat mag nooit opgaan in die bevordering van ekonomiese groei, emansipasie van 'n bevolkingsgroep, of slegs bevryding van die agtergeblewenes nie (Noordegraaf 1991:214). Dit is dus van wesenlike belang dat wanneer ons besig is met die diakonaat in die sending, ons seker moet maak dat dit wel gemotiveer is vanuit die liefde van Christus en nie bloot vanuit humanitêre redes nie.

### 3.3 Waarom *Missionêre* Diakonaat?

Waarom nie die term diakonale sending gebruik nie? Soos reeds gesien in Hoofstuk 2 is daar verskeie begrippe wat vir die sending gebruik word. Vele debatte is al gevoer oor die verhouding sending en evangelistiek, of sending en apostolaat. Wil dit dieselfde sê? Is dit verskillend? Selfs binne die studie van die sending vind ons verskillende velde in die sending-wetenskap, sending-geskiedenis, sending-teologie, sending-filosofie. Met die term missiologie word gepoog om die nodige verbande te lê tussen sending, evangelistiek, apostolaat en ander terme wat gebruik word, asook om die vakgebied as geheel te omskryf. “Missiologie vatten wij zo op als de *wetenschappelijke, wijsgerige en theologische* discipline, die het veelomvattend verschijnsel ‘zending’ *beschrijft, kritisch toetst, en voorschrijft*. Als *zendingwetenschap* is de missiologie *descriptief*, als *zendingsfilosofie kritisch*, en als *zendingstheologie praescriptief of normatief*” (Jongeneel 1986:111). Daar word in hierdie studie spesifiek gekies vir die term *Missionêre* Diakonaat omdat die begrip “missionêr” reeds ‘n omvattende begrip is, wat in vele opsigte al die bogenoemde punte saamvat en omvat as een saak (Jongeneel 1986:21-111).

### 3.4 *Missionêre* Diakonaat en die samelewing

In die *Missionêre* Diakonaat gaan dit om die herstel van verhoudings tussen God en mens, mens en mens, en mens en natuur. In ‘n samelewing wat bestaan uit pre-, en postmoderniste, moderniste, ongeletterdes, tradisionaliste, armes en rykes, verskillende gelowe en volke, gaan dit oor die totale verhouding van alle mense (in nood), wat 'n komplekse terrein is om verskeie redes:

- Eerstens, die menslike nood het soveel verskyningsvorme: Daar is agtergeblewenes, waar die nood na ontwikkelingshulp is. Armes, straatkinders, vlugteling, weduwees en wese se nood is na die fisiese, na kos en klere en finansies, maar dikwels ook na reg en geregtigheid, aangesien diesulkes maklik uitgebuit word. Rampslagoffers ondervind nood dikwels tydelik, maar omvattend, bv huisvesting, kos en klere. Bejaardes se nood is versorging, veral ook mediese versorging. In gevangnisse is die nood meer geestelik van aard, na rehabilitasie en heraanvaarding in die samelewing (versoening). Hierby moet ook die geestelike nood van mense gevoeg word wat geestelik ly as gevolg van ongelooft, of siekte of ander omstandighede. By al hierdie voorbeelde is die eintlike nood miskien om mense in die vermoë te stel om 'n lewensvatbare bestaan te kan voer. Hier sal gekyk moet word na elke



persoon se individuele omstandighede en gawes. Dit is maklik om moedeloos te word as ons sien hoe groot die nood werklik is. Dit is egter belangrik om te onthou dat juis hierdie veelheid van menslike nood die rede is waarom Christus na hierdie aarde toe gekom het (Joh. 10:10b).

- Tweedens: Die feit dat die kerk nie die enigste hulpverleners in die samelewing is nie, kompliseer die Missionêre Diakonaat nog verder. Indien daar ander instansies is wat beroepsmatig diens lewer, veral om die menslike kwaliteit te verbeter en mense te help, het die Missionêre Diakonaat dan nog enige rol te speel? Daar is ook verskeie ander vrywillige aksiegroepe wat ontstaan uit die inisiatief van landsburgers, wat selfs 'n Christelike karakter dra. In watter verhouding staan sulke groepe tot die Missionêre Diakonaat? In hoeverre kan met sulke groepe saamgewerk word? (Noordegraaf 1991:159).
- 'n Derde probleem is dat die kerk deel is van die samelewing, daarom kan die kerk nie altyd objektief wees wanneer samelewingsprobleme bespreek word nie. Die lidmate is deel van die politiek, ekonomie en sekularisasie wat in die samelewing plaasvind. Die sekularisasie van die samelewing het 'n geweldige invloed ook op die Missionêre Diakonaat (vgl Noordegraaf 1991:166). Sosiologiese studies wys daarop dat die kerk gewoonlik op twee maniere reageer op sekularisasie; enersyds poog die kerk om hom af te sonder en op so 'n manier te beskerm teen die eietydse ontwikkeling. Andersyds poog die kerk om soveel moontlik aan te pas by die gesekulariseerde samelewing. In die eerste geval dreig die kerk om sy invloed in die samelewing te verloor, en in die tweede geval word die eie identiteit van die kerklike en godsdienstige waarde aangetas.

Is daar dan enigsins plek en behoefte aan Missionêre Diakonaat? Ja, mits dit vasgelê is in die wese van God, gemotiveer en bedryf word deur die liefde van Christus, tot eer van God en nie net om menslike nood te verlig nie. Tweedens moet die Missionêre Diakonaat die versoening van die mens met God in oog hê. Ongelukkig het die verandering in die samelewing en die "voorskrifte" van die samelewing die dienste van die kerk geweldig beïnvloed. Die vraag is hoe moet die Missionêre Diakonaat dan in die veranderde samelewing geskied? Die Missionêre Diakonaat moet geskied in noue verbondenheid aan, nee, eerder vanuit die Woord van God.

De principiële eenheid van woord en daad sluit een zekere *orde* niet uit. Het is niet toevallig dat we spreken over *woord* en daad, in die volgorde. Het Nieuwe Testament laat zien dat het Woord is als het zaad van het Koninkrijk, waardoor de gemeente in het aanzijn wordt geroepen, vergaderd en gebouwd (vgl bv Luk 8:4; Rom 10:8). Daaraan paart zich de *diakonia* van de Christelike gemeente. Deze diakonia is meer dan een hulpdienst en zeker niet te plaatsen in een middel-doel-verhouding” (Noordegraaf 1991:220).

Hierdie prinsipiële orde moet nie metodies tot 'n praktiese beginsel gemaak word nie. Woord en daad in die praktyk het nie 'n vasgestelde orde nie, maar die samehang is belangrik. Daarom kan die kerk hom nóg onttrek nóg onkrities aanpas by die samelewing. Die kerk moet eerder die samelewing binnedring (vgl Noordegraaf 1991:68). Dit beteken dat die kerk die samelewing waaragtig moet vernuwe deur die Woord en Gees van God. Die kriterium vir die vernuwing is nie die veranderde samelewing of die nood nie, maar die Koninkryk van God wat reeds aangebreek het. Daarom moet opnuut erns gemaak word met die getuienis van die Skrif in die situasie van vandag. Die Missionêre Diakonaat het alleen plek en toekoms in die samelewing as dit getrou bly aan die liefde van God, en as die groot taak aangepak word met die wapenrusting van God (Ef 6:10-20).

### **3.5 Die doel van Missionêre Diakonaat**

Indien die Missionêre Diakonaat gemotiveer word vanuit die liefde van Christus kan die doel daarvan niks anders wees as die doel van Jesus se sending nie: "... om te soek en te red wat verlore is" (Luk 19:10). Missionêre Diakonaat sal poog om tekens van die koninkryk op te rig in hierdie wêreld, deur die Woord in sy verskillende bedieningsvorme aan mense te bring. Hierdie tekens sal hoofsaaklik uitdrukking vind in verhoudings wat herstel is. Alleen so sal die koninkryk aanbreek en deurbreek in mense se lewens.

#### **3.5.1 Die verhouding tot God**

Die eerste bedoeling van die Missionêre Diakonaat is om die mens bewus te maak van die versoening, die genade en liefde van God, om mense bewus te maak dat die genadejaar van die Here reeds aangebreek het (Luk 4:18-19). Dit bly hierdie persoon se keuse om hierdie liefde en

genade, die uitnodiging tot bekering, te aanvaar. Bekering mag ook nie 'n voorvereiste of vereiste wees vir die gee van die diakonaat nie. Die bedoeling van die Missionêre Diakonaat is in die eerste plek nie om mense se omstandighede beter of gelukkiger te maak nie, maar om mense in die regte verhouding met God te plaas. Want om in die regte verhouding met God te leef, is fundamenteel vir die welsyn van elke mens (vgl Noordegraaf 1991:182).

### **3.5.2 Die verhouding tot die naaste**

Die Missionêre Diakonaat se doel is om die mens in die regte verhouding te stel met sy medemens. Mense is nie oor mekaar aangestel nie, allermens gelowiges oor ongelowiges, daarom kan Missionêre Diakonaat nie vanuit 'n meerdere - mindere verhouding geskied nie. Missionêre Diakonaat geskied vanuit 'n verhouding van liefde en omgee. Armstrong (1979:53) beskryf dit soos volg:

By evangelism I mean reaching out to others in Christian love, identifying with them, caring for them, listening to them, and sharing one's faith with them in such a way that they will freely respond and want to commit themselves to trust, love, and obey God as a disciple of Jesus Christ and a member of his servant community, the church. ... The word 'service' is intended to imply a style of evangelism that is caring, supportive, unselfish, sensitive, and responsive to human need. It is evangelism done by the servant church, whose people are there not to be served but to serve".

Missionêre Diakonaat het nie ten doel om 'n eenvormigheid te bring deur te poog om alle mense op dieselfde sosiale- en ekonomiese vlak te plaas nie. Missionêre Diakonaat het nie ten doel om die armes te laat krepeer en die verdruktes verder te verdruk nie. Missionêre Diakonaat het ten doel dat die mens nie oorgegee bly aan die sondige natuur en strukture nie, maar om die koninkryk van God te laat kom in mense se lewens. Vanuit die Nuwe Testament (Matt 10; 1 Petrus) is dit duidelik dat geloof in die Here Jesus Christus nie beteken dat die aardse probleme en lyding verby is nie. Daarom het die Missionêre Diakonaat ook nie al die antwoorde nie. Wat dit wel het, is die liefde en die omgee, die hoop.

A Christian does not have all the answers to the problems that beset humanity. Being a Christian does not make one an expert in economics, or medicine, or politics, or international relations, or business, or managing a household, or anything else. What the

world needs is not spiritual jacks-of-all-trades, but Christian men and women who will practice their faith in their daily lives (Armstrong 1979:43).

Die Missionêre Diakonaat se doel is dat die verantwoordelikheid teenoor die medemens nagekom sal word, dat in die voetspore van Jesus geloop sal word, dat die kruis opgeneem word en ook die tweede myl ter wille van die naaste geloop word. Die Missionêre Diakonaat se doel is dat mense sal besef dat almal voor God gelyk is, ryk en arm, siek en gesond, verdruk en bevoorreg, gelowig en ongelowig. God het dalk net aan party mense 'n groter verantwoordelikheid gegee ten opsigte van die naaste.

### **3.5.3 Die verhouding tot die self**

Missionêre Diakonaat het ten doel dat die individu homself sal sien soos wat God hom bedoel het om te wees, naamlik beeldraer van God. As mens het ons die opdrag om te heers oor die skepping, omstandighede kan nie maar net gelate aanvaar word nie. God het die mens nie net die opdrag gegee om te heers nie, maar ook die opdrag om die skepping te bewerk. Daar moet dus weer 'n werksetiek geskep word by mense wat moedeloos geword het met hulle omstandighede. Die Missionêre Diakonaat wil dus nie net mense by die punt bring om verantwoordelikheid vir ander te neem nie, maar ook om verantwoordelikheid vir hulle eie lewens en omstandighede te aanvaar. Die Missionêre Diakonaat wil mense lei om in die regte verhouding met God te leef, verantwoordelik te leef teenoor God, teenoor mekaar, teenoor die skepping en teenoor die self.

Die self kan ook verstaan word as die gelowiges wat die Missionêre Diakonaat doen, want uit die bogenoemde is dit duidelik dat Missionêre Diakonaat na twee kante sny. In Missionêre Diakonaat is daar nie net "ontvangers" of net "gewers" nie. Die praktyk leer dat dié wat gee dikwels die meeste ontvang, en dié wat ontvang die meeste gee. Daar moet altyd 'n bewustheid wees van die feit dat ons maar net rentmeesters is. Wat ons is en wat ons het, is genade, dit behoort aan die Here, ook die mense met wie gewerk word, is skepsels van God.

### **3.5.4 Die verhouding tot die omgewing**

Behalwe in die Bybel tref mens reeds by Franciscus van Assisi die motief van 'n harmoniese verhouding tussen mens en natuur aan. Franciscus het die natuur nooit gesien as iets wat bloot

daar is ter wille van die nut wat dit vir die mens het nie. In elke deeltjie van die natuur is die heerlijkheid van God weerspieël gesien, hoewel hy die natuur nooit self as God beskou het nie (Conradie 1996:39). Missionêre Diakonaat het ten doel om die mens se verhouding met die omgewing te herstel of te vernuwe. Die mens moet die omgewing bewaar en daarvoor heers. Missionêre Diakonaat wil die ekologie bewaar en waar menslik moontlik in balans probeer hou. Daarom sal die Missionêre Diakonaat hom ook bemoei met ontwikkeling - in die vorm van verstedeliking, tegnologie, landbou, medies, ens – om ook toe te sien dat die ontwikkelinge nie die ekologie bedreig en so God se skepping vernietig nie.

#### **4. MISSIONÊRE DIAKONAAT: 'N BEGRIPSOMSKRYWING**

Missionêre Diakonaat is 'n omvattende begrip, met vele kante, daarom is dit nie so eenvoudig om dit in 'n enkele definisie vas te vang nie. Om duidelikheid te kry oor die kompleksiteit van die Missionêre Diakonaat kan daar allegories daarna gekyk word aan die hand van die Chinese spreekwoord wat sê: Leer 'n mens eerder visvang as om vir hom 'n vis te gee.

Tog is dit nie so eenvoudig om mense te leer visvang nie, want daar is verskeie faktore wat 'n invloed kan hê op hierdie leer proses.

- Soms is die mense te honger om te leer visvang en moet daar eers maar net visse uitgedeel word (noodleniging).
- Voor mense kan leer visvang, moet hulle eers gehelp word aan viswaters, nette en visstokke (bemagtiging).
- Voordat mense suksesvol kan visvang, moet hulle eers leer “hoe” dit gedoen word (opleiding).
- Mense moet ook geleer word om saam vis te vang bv op bote of met nette om meer effektief te wees (gemeenskapskepping/onderlinge hulp).
- Soms is daar wette wat sekere mense verbied om vis te vang – diskriminasie (geregtigheid)
- Soms is daar min of glad nie meer visse in die rivier nie, dus moet mense ook geleer word van bewaring van hulpbronne en volhoubare ontwikkeling. Want as daar nie meer visse oor is nie, help dit nie jy kan visvang nie (ekologie).

- Mense moet ook geleer word om visse onderling te deel, ook met mense buite hulle eie kring (wêrelddiakonaat)
- Soms het die kerk net twee vissies ... maar wanneer dit beskikbaar gestel word, word daar 'n teken van die koninkryk opgerig en maak dit die wonder moontlik.

Die bogenoemde is verskillende gestaltes van die Missionêre Diakonaat, wat by 'n missionêre diakonale ekklesiologie verder uitgewerk sal word.

Missionêre diakonaat, kan dus omskryf word, as die heilshandelinge van die Drie-enige God, Vader, Seun en Gees wat as dankbaarheidsdade van die kerk gestalte vind in verskillende vorme van die diakonaat wat - as uitdrukking van God se liefde en betrokkenheid by die wêreld in nood - ook 'n missionêre dimensie verkry en op alle mense en alle nood in alle omstandighede gerig word. Missionêre Diakonaat vind plaas daar waar die liefdesdade van God aan die wêreld verkondig word deur dankbaarheidswoorde wat gedra word deur dankbaarheidsdade.



### **DEEL 3:**

## **‘N TRINITARIESE BEGRONDING VAN DIE MISSIONÊRE- DIAKONAAT.**

Noudat daar duidelikheid is oor die begrip Missionêre Diakonaat, sal dit begrond word in die Drie-eenheid: Vader, Seun en Gees.

### **Hoofstuk 5.**

In hierdie hoofstuk word die Missionêre Diakonaat in die wese / daade / selfopenbaring van die Vader begrond. Dit gaan om sy sending. Hy stuur die Seun, die Gees, die Kerk na die wêreld, vanuit ‘n hart vol barmhartigheid. Dit gaan dus nie net om sy volk nie, maar die hele wêreld (mens, dier, skepping) wat met Hom versoen moet word. Die Vader is die bron, die oorsprong en die vervulling van Missionêre Diakonaat.

### **Hoofstuk 6.**

Jesus Christus as die gestuurde is die unieke openbaring van God. Met woord en daad verkondig Hy. Die een kan nie sonder die ander nie. In sy koning-wees, priester-wees en profeet-wees is Missionêre Diakonaat sentraal. Jesus Christus is die model van die Missionêre Diakonaat, Hy het dit vir ons kom verkondig en kom voorleef.

### **Hoofstuk 7.**

Ook die Heilige Gees is belangrik vir die Missionêre Diakonaat. In die hoofstuk sal veral gekyk word na die werk van die Heilige Gees met betrekking tot die Missionêre Diakonaat. Dit is die Gees wat heelmaak, troos, tot geloof roep, die geloof werk, vernuwend werk. Dit is die Gees wat die gawes gee. Dit is die Gees wat die nuwe hemel en die nuwe aarde tot stand bring. Die Gees is die skepper en die bemagtiger van die Missionêre Diakonaat.

## **HOOFSTUK 5**

### **GOD DIE VADER, BRON, OORSPRONG EN VERVULLING VAN MISSIONÊRE DIAKONAAAT**

#### **1. INLEIDING**

Wanneer in hierdie hoofstuk oor God as Vader gepraat word, kan dit nie anders gedoen word as aan die hand van God se handeling nie. Daar sal ook nie gepoog word om 'n dogmatiek te skryf oor God nie. Hier sal alleen aandag gegee word aan daardie handeling van God wat sekere eienskappe van God as Vader sal blootlê met betrekking tot die Missionêre Diakonaat. Wanneer in hierdie hoofstuk na God verwys word, handel dit rondom die Vaderbeeld van God. Hier sal dan ook veral op die Ou Testament gefokus word om so ver moontlik oorvleueling te voorkom, want die Vader sit sy werk voort deur die Seun Jesus Christus, en die Heilige Gees. Die werk van die Drie-Enige God kan wel onderskei word, maar nooit van mekaar geskei word nie.

#### **2. GOD: ONS VADER**

##### **2.1 Ons Vader wat vir ons sorg**

God is te groot om oor te praat, daarom kan alleen oor God gepraat word in terme van beelde. Jesus kom leer ons dat God ons Vader is, dit is hoe Hy wil hê dat daar oor God gedink moet word. Daarmee wil Jesus by gelowiges vertroue en sekerheid kom skep in hulle verhouding met die Vader. Hy wil hierdie verhouding met die Vader kom aandui as naby, intiem, en sag. Hy wil dat ons verborge, veilig, en versorg voel by die Vader (Burger1997:15).

Wanneer God Vader genoem word, impliseer dit dat Hy sorg en wil sorg soos wat aardse vaders veronderstel is om te sorg. Dit is belangrik om te weet, dat die Skepping, die wêreld, 'n Vader het wat sorg. Jesus het telkens met die dissipels gepraat oor God se sorg. Matt 6:8 "... julle Vader weet wat julle nodig het...", Matt 6: 30 "As God dan die gras van die veld ... versier, hoeveel te meer sal Hy dan nie vir julle sorg nie ...", Matt 6:31-32 "Julle moet julle dus nie bekommer en vra: Wat moet ons eet of wat moet ons drink of



wat moet ons aantrek? nie ... Julle hemelse Vader weet tog dat julle dit alles nodig het.” Die Vader sorg nie net vir ons geestelike behoeftes nie, maar ook vir die behoeftes van elke dag.

In die Ou Testament word God se sorgsame Vaderskap met beelde omskryf.

- Deut 1:31 Hy is ‘n Vader wat sy kinders dra “soos ‘n man sy seun dra”.
- Deut 32:10 Hy is ‘n Vader wat sy kinders “vertroetel en versorg soos die appel van sy oog”.
- Hos 11:1-4 Hy is die Vader wat sy kinders liefhet. Hy leer hulle loop, dra hulle op sy arms, lei hulle “met sorg en liefde”, gee hulle gereeld kos.
- Hos 11:8 Hy is die Vader wat sy straf bedwing, uit liefde vir sy kinders. “Ek kan dit nie oor My hart kry nie. My liefde brand te sterk”.
- Ps 103:8, 13 “Lankmoedig en genadig is die Here ... vol liefde ... Soos ‘n vader hom ontferm oor sy kinders, so ontferm die Here Hom oor die wat Hom dien”.

Die Vader sorg, Hy maak voorsiening vir sy kinders, nie net vir hulle nie, maar vir die hele wêreld. So omvattend is sy sorg dat ‘n paar plekke selfs na God verwys as moeder (Jes 66:13; 49:15; Ps 131:2). Die Vader se sorg beteken dat ons veilig is, al loop alles ook verkeerd, want ons het ‘n Vader wat ons gered het van die ewige dood en dit is onomkeerbaar (Burger 1997:19-20).

## **2.2 Ons Vader wat ons liefhet**

Dit is belangrik om te verstaan dat liefde groter is as sorg. Nie almal wat vir mense sorg, is noodwendig vir hulle lief nie. Die Vader se liefde vir sy skepping is nie maar ‘n algemene liefde nie, maar sy liefde toon besondere eienskappe wat dit spesifiek en uniek maak (vgl Burger 1997:24-32).

- God se liefde is genadig. Dit is onverdiend. God se liefde word nie deur die mens ontlok nie, maar het sy oorsprong in God self. Hy het die skepping, die mens, die wêreld lief, nie oor wat ons is nie, maar oor wat Hy is. Hierdie genadige liefde van God maak dat die mens in die middel van sy lewe weer voor kan begin.

- God se liefde is omvattend. Die Vader gee sy liefde vir goeies, maar ook vir slegtes (Matt 5:45). Hy wil God en Vader wees vir almal, vir die uitgeworpenes, die sondaars, die randfigure, die veragtes, die armes en die geringes. Dit is wat God se liefde so uniek maak. Hy het vir ons gesterf “terwyl ons sy vyande was” (Rom 5:6-8). Daarom verwag God ook van gelowiges, as nuutgemaakte mense, om deur sy liefde hulle vyande en alle ander mense lief te hê.
- Die Vader se liefde is vrymakend. Israel se unieke identiteit tussen die oosterse volke het saamgehang met die bevryding uit Egipte. Dit was hoe hulle God leer ken het, as ‘n God wat verlos en bevry. Dit is ook die manier waarop Jesus oor Homself en oor die Vader praat (Joh 8:36). So kom getuig ook die Gees van die Vader saam met ons gees dat ons kinders van God is (Rom 8:15-16).
- Die Vader se liefde het ‘n prys gekos. God het ons wat ver was, naby aan Hom gebring, maar dit het Hom sy bloed gekos (Ef 2:13-14). Wanneer ons die liefde van God wil verstaan, moet ons na die kruis kyk, want deur die kruis het die Vaderhuis oopgegaan vir elkeen wat wil ingaan.
- Die Vader se liefde het ‘n plan. ‘n Planlose lewe, waarin mense sonder enige verantwoordelikheid net verbruik, gaan alle mense en die planeet se einde beteken. Liefde wat maar net alles toelaat, liefde sonder wil of plan is geen liefde nie. Daarom is die Vader se liefde ‘n heilige en jaloerse liefde. Hy het ons gemaak. Hy weet wat ons kan wees en kan doen. God is jaloers op die plan vir ons lewe en wil dat ons daarby sal uitkom.

God die Vader is ‘n Persoon wat kan voel, Iemand met ‘n hart.

### **2.3 Ons Vader: die Almagtige**

Die Bybel praat oor God die Vader as die Almagtige. Dit beteken nie dat die Vader die enigste een is wat handel in hierdie lewe nie. Die Vader het aan die mense wat Hy gemaak het, ‘n baie groot mate van vryheid en verantwoordelikheid gegee. Dikwels word

hierdie vryheid en verantwoordelikheid deur die mens misbruik tot sy eie nadeel. Dan word die gevolge voor die deur van die Vader gelê, want Hy is mos almagtig. Juis om hierdie rede praat Hendrikus Berkhof van God se mag as 'n "weerlose" mag. Want op die manier wat die Vader sy mag uitoefen, stel Hy Homself oop vir seerkry, is Hy self verwondbaar en kwesbaar. Hierdie "weerloosheid" van die Vader het te doen met die manier waarop Hy toelaat dat sy teenstanders teen Hom in opstand kom en die wyse waarop Hy hulle reaksie teenoor Hom aanvaar en ondergaan (Burger 1997:35-44).

Die vraag is nou wat die Vader sal toelaat voordat Hy ingryp. Hier kan slegs twee Bybelse beginsels weergegee word. Eerstens, die Vader sal nie toelaat dat die wêreld wat Hy geskep het heeltemal tot niet gaan nie. Want juis deur die sterwe van sy Seun aan die kruis, kom begin Hy om die nuwe hemel en die nuwe aarde te vestig. Die tweede beginsel wat ons leer is dat die Vader sy kinders bewaar dat hulle nie bo hulle kragte versoek word nie. Daar sal nooit iets met ons gebeur waarvan die Vader nie weet nie. Hierdie belofte van bewaring is nie dat 'n persoon nie sal ly en selfs sal sterf nie. Die bewaring wat Hy beloof is 'n "met-ons-wees" in elke situasie van hierdie lewe en tot anderkant die dood (Burger 1997:38).

#### **2.4 Ons Vader: die Aanbiddelike**

Dikwels word daar soveel klem gelê op wat die Vader alles vir die mens kan doen, dat daar nie aandag geskenk word aan die reg en die eise van gehoorsaamheid aan die Vader nie. Dit wat die Vader van ons verwag kry geen aandag nie, soveel so dat baie mense nie meer 'n aanvoeling het vir God se reg en heiligheid nie. Tog is dit duidelik uit die Bybel dat daar geen manier is waarop ons die sorg van God kan losmaak van sy geregtigheid en sy wil nie (Matt 6:33). As Vader het Hy beslis 'n wil vir sy kinders. Hy wil dat hulle barmhartig sal wees soos Hy is (Luk 6:36); Hy wil dat hulle volmaak sal wees soos wat Hy is, deur hulle vyande lief te hê (Matt 5:43-48); Hy wil dat hulle regverdig sal leef soos Hy regverdig is (1 Joh 2:29). Ef 5:1-2 "Omdat julle kinders van God is en Hy julle liefhet, moet julle sy voorbeeld volg. Lewe in liefde soos Christus..."

As Skepper het die Vader 'n verantwoordelikheid teenoor elke stukkie skepping. Hy het die reg om dit te beskerm teen bedreiging en vernietiging. God is nie 'n aannemer van die persoon nie, daarom kan sommiges nie op bevoordeling bo die res van die skepping reken nie. Ongelukkig het mense (veral westerlinge) dikwels min begrip vir die pyn van die res van die skepping. Christus het die dissipels geleer bid "Onse Vader" en nie "my Vader" nie. Die Vader het ook ander kinders en ander belange, ons kan nie voorkeur behandeling verwag nie.

Die Vader het reg op ons lewe, omdat ons aan Hom behoort. In die Ou Testament word twee redes genoem vir die Here se besittingsreg op Israel: Hy is hulle Maker (Deut 32:6,9), en Hy is die Een wat hulle verlos en bevry het uit Egipte. In die Nuwe Testament vind ons dieselfde patroon. Deur die dood van Christus is ons losgekoop (Gal 4:5), en wie losgekoop is deur die Vader, behoort nie meer aan homself nie, maar is die eiendom van God (Heidelbergse Kategismus, Sondag 1) (vgl Burger 1997:47-55).

### **2.5 Ons Vader: die Getroue**

Die een eienskap van God wat die ander omsluit, en daaraan 'n unieke waarde gee, is die getrouheid van die Here. God se getrouheid is net 'n ander kant van sy liefde, wat standvastig en onveranderlik is, omdat dit deel is van sy wese. Gutierrez word deur Burger (1997:61,62) aangehaal waarin hy getrouheid as tweeledig, beskryf. Eerstens is trou om nie te vergeet nie, maar om beloftes te onthou (Jes 49:15-16). In die tweede plek vra dit ook van die Vader dat Hy soms sal vergeet, en in Christus 'n nuwe begin met ons maak, soos in Jer 31:34b "Ek sal hulle oortredinge vergewe en nie meer aan hulle sondes dink nie". So kom waarborg die Vader aan ons sy trou en 'n nuwe begin, met die tekens van die brood en die wyn. Alleen op grond van God se getrouheid kan ons geloofsekerheid besit (Joh 10:28-29).

Die bogenoemde karaktertrekke of eienskappe van God is die grond van die Missionêre Diakonaat. God het die mens deel gegee aan hierdie eienskappe toe Hy die mens na sy beeld geskape het. Dit is juis hierdie eienskappe van God wat van die gelowige vra om soos God te leef: missionêr-diakonaal.

### 3. GOD DIE VADER AS SKEPPER VAN DIE MENS

#### 3.1 Geskape na God se beeld

Die Bybel maak dit duidelik dat God die Skepper van die hemel en die aarde is. Die Bybel begin dan ook met die woorde: “In die begin het God die hemel en die aarde geskep”. Die Bybel begin nie met die bestaan van God nie, maar met die aktiwiteite van God. God se aktiwiteite word deur sy woorde bepaal, sodat die bestaan van God (in die Bybel) begrond word deur die aktiwiteite van God. Mense ervaar alleen die Goddelike werklikheid deur God se werke in hierdie wêreld (DuBose 1983:78).

‘n Tweede belangrike opmerking wat gemaak moet word, is dat die mens ‘n baie besondere plek in God se skepping inneem. Baie van God se aktiwiteite in hierdie wêreld vind deur die mens plaas. God het nog nooit die skepping van Homself losgemaak nie. Die Bybel maak dit duidelik dat God vir die skepping en vir die mens as deel van die skepping sorg en dit versorg (Gen 1; Ps 33; 104). "Al bewijst deze God zijn liefdevolle zorg aan heel zijn schepping, zijn bijzondere zorg gaat uit naar de mens die in die schepping geplaatst is als een mens, geschapen naar zijn beeld en gelijkenis, als zijn kind en zijn dienaar (Gen 1:16-28)" (Noordegraaf 1991:29).

Wanneer daar oor die Missionêre Diakonaat gedink word, moet altyd onthou word dat dit *missio Dei* is. God is die Een wat dit doen. Hy is die Een wat sorg en versorg. Hy is die Een wat die middele tot beskikking stel. Tog word en is die Missionêre Diakonaat ook *missio ekklesia*, omdat God verlore mense gebruik om Hom hier en nou te verteenwoordig, en Hy so deur hulle sy versorging op aarde voortsit. Die beginsel hieragter is die *imago Dei*, die beeld van God, na wie alle mense geskape is (Stone 1996:19). Wanneer ons na God se openbaring aan die mens kyk, en die kommunikasie van die mens bestudeer, sien ons,

... human issue of communication amounts to the confession that man is a mystery in himself and to himself, that he cannot be explained out of himself, but can be understood only in God, his Maker. In the Bible understanding in God

means essentially understanding in the light of Jesus Christ, through whom we understand” (Kraemer 1956:14).

Hierdie punt beklemtoon baie duidelik dat alleen God ons mense se innerlike motiewe en wese ken, en dat kennis van die self alleen verkry kan word deur kennis van God, en nie andersom nie. Die beginsel van die Bybel is dat God die mens geskape het om met Hom te kommunikeer en dialoog te voer. God het die mens as sy vennoot geskep om in gemeenskap met Hom te lewe, want alleen so kan die mens aan sy skeppingsdoel beantwoord (Kraemer 1956:14-15).

Die roeping van God bring mee dat mens slegs waarlik mens kan wees in verhouding met ander mense (Noordegraaf 1991:30). God roep ons om mekaar tot hulp te wees en mekaar te dien met ons gawes en om in gemeenskap met mekaar te leef. Dit het geweldige implikasies vir die diens van die kerk. Dit beteken dat die kerk as geroepenes hom nie van die nood van enige mens kan onttrek nie. Die Ou Testament gee geen basis vir onttrekking uit die wêreld nie, die boodskap is eerder om tot seën te wees (Gen 12:3).

‘n Toegewyde Godgesentreerde lewe het ook ‘n holistiese diensdimensie wat gerig is op die wêreld (vgl Hedlund 1991:26).

Spirituality is not moments apart from the crowd or segmented retreats from the world. It is the way we experience and interpret both our activity and our inactivity, both our worship and our politics. Indeed, it is precisely a holistic spirituality that can help us to overcome the dualisms in our life and to see that our politics may very well be an expression of worship to God. ... Our prayers are no more or less a response to whom God is than is our public policy. Spirituality is a matter of who I am, but never apart from what I do. It is being and doing in union. And so, while "who I am" is never fully disclosed by "what I do," "what I do" is always incorporated into and is never separate from "who I am" (Stone 1996:7).

Die Missionêre Diakonaat kan dus nooit los verstaan word van die Drie-Enige Skeppergod nie. Dit beteken dat die mens getrou moet wees aan die beeld waarvolgens hy geskep is. Juis daarom kan ons nie anders as om 'n lewe van getuienis en diens te leef nie.

### **3.2 In of tot vryheid geskep**

Om na die beeld van God geskep te wees, beteken ook dat elke mens in of tot vryheid geskep is. Uit die boek Genesis is dit baie duidelik dat dit juis die mens se vryheid is wat hom onderskei van die res van die skepping.

Image-of-God freedom is a freedom to choose our future, a freedom to have a say in where we are headed. And if freedom is what constitutes us as humans, then to be robbed of that freedom, or to be seriously and unduly restricted in the use of that freedom, is, to that extent, to be dehumanized, to be stripped of at least one fundamental dimension that makes our lives human in the first place (Stone 1996:24).

Wanneer ons die eerste hoofstukke van Genesis lees, is dit duidelik dat hierdie vryheid waarin en waarmee ons geskep is, ook sekere verantwoordelikhede meebring. God gee aan die mens 'n baie duidelike opdrag om oor die skepping te heers. Alles word aan die mens onderwerp, behalwe sy medemens. Die verantwoordelikheid wat ons teenoor mekaar het, is om vir mekaar 'n hulp te wees, om vir mekaar om te gee en om vir mekaar te sorg (Gen 2:18, Gen 4; Deut). Hierdie boodskap om vir mekaar om te gee, kom dwarsdeur die Bybel baie sterk na vore.

Die vryheid waarmee God geskep het, is ook kenmerkend van die vryheid waarin Hy optree en wat aan ons gegee is. Vryheid as eienskap van God verwys na die vryheid van sy wil, en sy wil is in volledige harmonie met sy wese. Wat teen sy wese ingaan, wil Hy nie, en kan Hy ook nie doen nie. God kan byvoorbeeld nie onbetroubaar of onheilig wees in plaas van betroubaar of heilig nie. Hy kan in al sy vryheid net God wees. Daarmee bring selfs God se vryheid sekere "beperinge" mee. God se vryheid kan nie anders as om liefde te wees nie, want Hy is liefde (1 Joh 4:8). Daarom is die vryheid waarin die

mens geskep is ook nie 'n absolute vryheid nie. Dit is 'n vryheid wat onderworpe is aan die Een na wie se beeld ons geskep is.

Die missionêr-diakonale bediening gee aan die een kant juis aan die kerk die geleentheid om hierdie vryheid in volle afhanklikheid van God te leef. Aan die ander kant wil die Missionêre Diakonaat ook alle mense, in watter omstandighede ook al, bring tot hierdie vryheid in Christus, deur die woord- en daadverkondiging van God se liefde, geregtigheid, barmhartigheid, en sy omgee vir mense.

### **3.3 As sosiale wesens geskep**

Die skepping is nie bedoel vir een mens, een volk of een geslag van mense nie. Die gemeenskaplikheid van die skepping bestaan daarin dat geen individu of groep of volk die skepping eksklusief mag opeis nie (Heyns 1978:113). Die feit dat die skepping vir alle mense, alle geslagte en alle volke daar is, gee dadelik aan die Missionêre Diakonaat ook 'n ekologiese dimensie. As mense wat God verteenwoordig, het ons die verantwoordelikheid om die skepping te bewerk en te bewaar. Hierdie "bewerking en bewaring" kan alleen plaasvind in en deur God se omgee, dit is God se *missio Dei*.

Reeds aan die begin het God die mens in verskillende verhoudings geplaas: met God self, met die diere, met die tuin, en met sy medemens. Dit is juis hierdie sosiale eienskap wat ons baie duidelik by God waarneem. God is nie 'n God wat Hom onttrek en eenkant hou nie. God is juis die God wat van die begin van die skepping af gemeenskap met die mens en met die skepping soek. God word nie geken op spekulatiewe of teoretiese wyse nie, God word altyd geken deur verhoudinge. Dit plaas die moontlikheid van menslike lewe in kontekste waar die menslike gees gekrenk is, en menslik gesproke geen moontlikheid meer het nie (Jes 57:15) (Brueggemann 1994:55). So vind ons dat die Missionêre Diakonaat hom ook besig hou met alles wat die gemeenskap tussen God en mens, mens en mens, en mens en natuur bemoeilik. Dus sal die Missionêre Diakonaat hom ook bemoei met bv onbillike sosiale strukture, wat op watter wyse ook al diskriminerend van aard is.



Die skeppingsverhaal behoort genoeg te wees om ons daarvan te oortuig dat God 'n sosiale God is – 'n God wat begeer om met elke mens in 'n persoonlike verhouding te staan. Dit word gestaaf deur God se verbondsverhoudings in die menslike geskiedenis. In God se verskillende verbondsluitings met die mens word 'n gewone verhouding omgeskakel in 'n vennootskap. As hierdie vennootskap ons nog nie oortuig nie, dan kom toon God sy absolute solidariteit met ons deur sy menswording (Stone 1996:56). Hy word vir ons Immanuel (God met ons). Daar sal gewaak moet word om nie die Missionêre Diakonaat net op sosiale strukture en ekologieë en groot omvattende sake te rig nie. Ten diepste is God 'n persoonlike God, wat vir mense omgee, daarom is die Missionêre Diakonaat ook baie spesifiek op individue en hulle omstandighede gerig.

Die wonder is dat God ons nie indwing in 'n verhouding met Hom nie. Ons het 'n keuse. God het ons in vryheid geskep. God wil Immanuel (God met ons) wees. Hy wil nie God oor ons wees, in die sin dat Hy ons kom veroordeel nie, maar Hy wil ons red. Hy wil in verhouding met ons leef. Juis daarom stuur die Vader die Seun, om hierdie verhouding moontlik te maak. Omdat Hy dit moontlik maak, verwag Hy van die mense dat hulle in 'n verhouding met mekaar leef.

Relationships without freedom are characterized by domination and subordination, master and slave. ... It is precisely this lack of freedom in our relationships that turns cooperation into competition, service to neighbour into subjugation to neighbour, and compassionate leadership of others into domination of others. Rather than turning to others, we turn on others (Stone 1996:29).

### **3.4 Kreatief geskep**

Kreatiwiteit dien beide gemeenskap en vryheid. So kry Adam en Eva die opdrag “wees vrugbaar en vermeerder”, en aan hulle word die wêreld gegee om te kultiveer soos wat hulle wil. So is die mens deur God geskep om te skep. Dit is deel van die menslike natuur om nuwe dinge en produkte uit die aarde uit voort te bring. Kreatiwiteit sluit meer in as om iets anders te vorm uit dit wat reeds bestaan. Die feit dat die mens die moontlikheid besit om iets totaal nuut te skep, is die sentrale gedagte wanneer daar gesê word dat die mens na God se beeld geskape is (Stone 1996:34-35). Stone (1996:35-41) gaan verder, en

wys hoe kreatiwiteit in die Gods-beeld, in ons, en deur ons mismaak word. Die volgende dimensies van die lewe word as voorbeeld gebruik nl werk en seksualiteit.

### 3.4.1 Werk

Werk is nie maar 'n neweproduk van die sondeval nie. Dit was nooit die bedoeling dat werk 'n straf moet wees nie, dit het as gevolg van die sondeval 'n straf geword. Aanvanklik het God die mens geskep om in die tuin te woon en dit te bewerk (Gen 2:15). Werk is 'n fundamentele deel van die mens se geskiedenis na die Godsbeeld. Dit is juis een van die vele maniere waarop mense hulleself kreatief kan uitleef, en kan uitdrukking gee aan hulle basiese menswees. Dit bring ons vierkantig te staan voor die probleem van werkloosheid. Werkloosheid, om watter rede ook al, maak dit dus vir mense onmoontlik om hul geskiedenis na die beeld van God kreatief uit te leef deur sy werk. "It is for that reason that large-scale unemployment in our society is not merely a misfortune or an economic problem. It is a sin. It is an assault against the image of God in those human beings who are able to work, but who cannot find work. ... Underemployment is also a crushing attack on the image of God" (Stone 1996:35).

Nie net werkloosheid onder behoeftiges is 'n aanval op die beeld van God by die mens nie. Baie mense beleef ook nie sin, kreatiwiteit en vervulling in hulle werk nie. Die probleem kan tweërlei van aard wees: Eerstens kan mense aan onregverdigde arbeidspraktyke onderworpe wees. Tweedens kan dit voortspruit uit 'n negatiewe gesindheid teenoor werk. Hierdie ingesteldheid teenoor werk word meestal ekonomies en politiek beïnvloed en bepaal. Werk sal weer die beeld van God in die mens se lewe vertoon as ons geloof ons werk vernuwe tot 'n (mede)kreatiwiteit saam met God, soos wat werk bedoel was om te wees. Aangesien werk, en die geleentheid om te kan werk, deel is van ons geskiedenis na God se beeld, sal die Missionêre Diakonaat hom ook besig hou met werkskepping, arbeidspraktyke ens. Die Missionêre Diakonaat het ook die verantwoordelikheid om mense tot nuwe, bevrydende, bybelse insigte te bring met betrekking tot hulle gesindheid rondom werk. Die vermoë en die geleentheid om te kan werk, is tog 'n Godgegewe gawe. Hier is daar 'n groot opvoedingsproses nodig, wat deel

is van die Missionêre Diakonaat, omdat ons eie gesindheid rakende die saak juis in ons dade getoets sal word.

### **3.4.2 Seksualiteit**

Net soos die mens se kreatiwiteit as beeld van God deur die arbeidspraktyke skeefgetrek word, word dit ook gedoen deur seksuele aktiwiteite. Trouens, daar word soms selfs 'n verband getrek tussen werk- of lewensomstandighede en seksuele uitlewing. So is byvoorbeeld prostitusie 'n werk vir vele. Dikwels het armes geen keuse as om die bedryf te beoefen nie. Dit is egter nie net onder die (arm) prostitute wat hierdie kreatiwiteit in Godsbeeld skeefgetrek word nie, maar ook waar ander seksuele wanpraktyke gebeur by aborsie op aanvraag, homoseksualisme, verkragting, en die hoë egskeidingsyfer. "As long as human life in our society is reduced to production, consumption, and acquisition, and as long as value is determined by exchange value, we can only expect human sexuality to reflect the corruption of our image-of-God creativity" (Stone 1996:38).

Die Missionêre Diakonaat het ook te doen met hierdie moeilike terrein van die etiek. Hierdie sake kan nie alleen maar by bv Leer en Aktuele Sake hanteer word nie, want dit handel nie net oor etiese aspekte nie, maar oor die lewe self. 'n Saak soos prostitusie hoort vierkantig op die tafel van die Missionêre Diakonaat. Die etiese moet verkondig word, sodat die praktyk gestaak kan word, maar dit is nie genoeg nie. Dikwels wanneer die praktyk gestaak word, is die nood na versorging, in die omvattende sin (geestelik en fisies) op sy hoogste. Dan moet ook opleiding volg, sodat mense sinvol en menswaardig in 'n nuwe beroep kan staan. Tog is dit waar dat mense alleen menswaardig kan leef as hulle hulle waarde in God se oë besef. Die Missionêre Diakonaat sal dus ook ten diepste betrokke wees by ander seksuele wanpraktyke, soos verkragting, homoseksualisme en aborsie op aanvraag, asook by die opstelling van wetgewing daarvoor. Neem aborsie as voorbeeld. Die Missionêre Diakonaat sal nie net daarteen mag wees nie, maar ook met alternatiewe vorendag moet kom, bv aanneming, pleegsorg, ens. Dit hoort juis by die Missionêre Diakonaat en nie alleen by die Diakonaat nie, omdat baie van die gevalle wat aansoek doen om aborsie, los van die kerk leef. Daar sal dus na hulle gesoek moet word.

Seksualiteit gerig op God se beeld, is seksualiteit wat ontwikkel in, en gestem is op egte vryheid en 'n geloofwaardige gemeenskap. Die vryheid lê in die keuse van 'n seksuele verhouding sonder enige dwang of manipulasie. Dit is gemeenskaplike vryheid binne die konteks van verbintenis, wedersydse omgee en versorging. Kreatiwiteit as beeld van God sluit altyd 'n fundamentele verantwoordelikheid in teenoor ons wêreld, ons naaste en God. God het gesien dat dit nie vir die mens goed is om alleen te wees nie, en het toe vir hom 'n hulp gemaak wat by hom pas (Westermann 1987:227).

Die kwaliteite van vryheid, gemeenskap en kreatiwiteit is ten eerste en alleenlik kwaliteite van genade. Net deur genade kan ons vry, sosiaal en kreatief wees. "Grace is, simply, the presence and activity of God in the world. Grace is God's pure unbounded love for all of us" (Stone 1996:42). Die kreatiwiteit wat in genade aan die mens geskenk is, moet nie selfgerig wees nie, maar na buite gerig word. Anders kan hierdie kreatiwiteit 'n samelewing vernietig eerder as opbou.

## **4. GOD DIE VADER WAT RED**

### **4.1 Inleiding**

Die geskiedenis van die Ou Testament is die geskiedenis van God se handeling met die mens. Dit is ook waar dat die geskiedenis van God met die mens as reddingsgeskiedenis vertel word. Vanuit Gen 1-11 is dit baie duidelik dat God nie net met Israel besig is nie, maar met die hele mensdom. In Gen 3 lees ons dat Adam op God se roepe antwoord: "ek het u stem gehoor, maar ek het weggekruip, want ek was bang/skaam".

Translated into theological terms, this means that although man still hears the voice of God, he flees from him, and therefore the Bible does not describe the religious history of man as a quest for God, but as a divine seeking after man; in other words, "*Heilsgeschichte*" as God's persistent act. God will to be with man in order that they will be with each other in him. This is "*Heilsgeschichte*" (Kraemer 1956:20).

Die verbond met Noag is 'n teken van die heilsgeskiedenis, omdat dit die hele mensdom en skepping insluit. Vanaf Gen 12 werk God met 'n kleiner groep mense (Israel), maar die bedoeling is om die hele skepping te bereik. In Gen 12 kies God vir Abram om 'n verbond mee te sluit. Tog is dit duidelik in Gen 12 dat die redding van Gen 10 sowel as die oordeel van Gen 11 vervat word in die verbond: "Ek sal seën wie jou seën en hom vervloek wat jou vervloek. In jou sal al die volke van die aarde geseën wees" (Gen 12:3).

Dit is die redding wat van krag bly. Want God is die God van redding. Hy is nie die oorsprong van die slegte nie. Die Bybel leer nie 'n dualisme nie. Regdeur die geskiedenis bly die redding seëvier. God verkies redding bo straf. Juis hierin lê die missionêre. God se oordeel noodsaak die evangelie en sy liefde maak dit moontlik. Dit blyk baie duidelik uit God se handeling met Israel en die omliggende volke (Hedlund 1991:32).

Daar is 'n radikale verskil tussen die geloof van Israel en die gelowe van die omringende volke. Die essensie van Israel se geloof lê daarin dat God hulle voorvaders uit Egipte gered en deur die woestyn gelei het tot in die land Kanaän. Hulle het alleen maar 'n volk geword as gevolg van God wat vir hulle ingetree het. God het 'n verbond met hulle gesluit by Sinai, die verbond het hulle hele lewe gerig. Hulle fokus is op God wat gehandel het, steeds handel en altyd sal handel.

#### **4.2 God se redding lei tot 'n credo**

Die Pentateugverhaal, sowel as die heilsgeskiedenis van God, word rondom die redding uit Egipte gevorm. Dit word ook 'n historiese credo, wat in 'n paar sinne saamvat wat die hele boek Eksodus berig. Dit vertel hoe die Here vir Israel 'n God is en hulle gered het. Die belangrikheid van die credo blyk uit die feit dat dit veral op drie plekke in die Pentateug voorkom: in Eks 20 by die inleiding van die Tien Gebooie, in Deut 26 by die aanbieding van die eersteling, en in Deut 6 waar dit handel oor die oorlewering van God se daad van die een generasie na die ander. Later in die Nuwe Testament word 'n herhaling van hierdie credo gevind by die Here Jesus Christus in die samevatting van die wet.

### 4.3 God se redding is die kern van die godsdiens

Die erediens in Israel het op verskillende wyses die redding deur God uit Egipte gevier:

- Deut 26 - Aanbieding van die eerstelinge.
- Eks 12 - die instelling van die Pasga, wat vooruitwys na die kruis.
- Ps 136, e a - die kultiese psalms, tot God se lof, omdat Hy red.
- Ps 80, e a - die klaagpsalm, in afsmeiking van God se redding.

Belangrik is dat die blywende herinnering van die ontmoeting met die reddende God in die begin van Israel se geskiedenis in alle dele van die Ou Testament gedokumenteer is, met uitsondering van die wysheidsliteratuur. In die historiese boeke word vertel van nuwe dade van redding en bevryding. God se dade as Redder strook steeds met die omstandighede van die verskillende fases in die geskiedenis van Israel. Die ondervinding van redding is dus telkens nuut. Israel het ook die verskil geken tussen "brood van de zegen", wat die vrug is van die arbeid van mense, wat gesaai word, groei, en geoes word, en "brood der redding", wat in tye van hongersnood ontvang word as behoudende gawe van die God wat red (2 Kon 6-7) (Westermann 1981:43). Hierdie herinnering aan God se redding het oorgespoel na die Nuwe Testament. Dit vorm die basis van die Nuwe Testament, waarin die reddingsdaad van God volkome word in die kruisiging van die Here Jesus Christus.

Vir Israel bly Jahwe die Redder en daar word altyd weer redding van Hom verwag. Dat Jahwe die reddende God is, geld vir die volk sowel as die enkeling. Daar word oor God se reddingsdade berig, dit word in herinnering geroep, dit word aangekondig. Redding word van God afgesmeek, en die volk verlaat hulle op God se redding (Westermann 1981:42).

Dit is duidelik dat redding op verskillende maniere beleef word. Tog is dit duidelik dat God die Redder is en was en sal wees. Dit verkondig die Ou Testament, sowel as die Nuwe Testament. As Redder is Hy waarlik God. Die begrip *soteria* is dan ook een van die Nuwe-Testamentiese kernbegrippe (Westermann 1981:45). Dit is juis ook die redding wat tot die hart van die Missionêre Diakonaat behoort, omdat dit die hart is van die *missio*

*Dei*. Die Missionêre Diakonaat kom dus voort uit die hart van die reddende God, en nie uit die nood van die wêreld nie.

#### **4.4 Redding en verkiesing**

God is die God wat regeer, nie net oor sekere mense of oor 'n gedeelte van die samelewing nie, maar oor die heelal. Die Bybelse geskiedenis is dus 'n universele geskiedenis, met 'n baie besondere struktuur, naamlik die van seleksie wat telkens kleiner word, maar tog 'n invloed op die geheel het (*pars pro toto*).

Net na die vloed maak God 'n onvoorwaardelike verbond met Noag en sy nageslag, wat geld vir al die nasies. Direk hierna herhaal God die opdrag om te vermeerder en die aarde te vul. Daarna lees ons van die nasies, die heidene wat die vrug is van Noag se seën. Die nasies is in die agtergrond, maar hulle is die vrug van God se seën. Hierna volg die tragiese verhaal van Babel, en God begin weer voor. Later fokus Hy op die familie van Heber (Gen 10:25), en uit die nageslag van Heber word Abram gekies. Weereens sluit God 'n verbond tot voordeel of ter wille van die nasies. Uit Abram se kinders kies God weer net vir Isak. Uit Isak se twee seuns kies Hy net vir Jakob. Uit die twaalf stamme van Israel kies God net vir Juda, maar die ander bly altyd deel van die verhaal. Die wat gekies is, is egter gekies as draers van die seën tot voordeel van alle mense. Hulle is draers van die seën, nie voordeeltrekkers uit die seën nie. Die misverstaan van die verkiesing is baie duidelik uit die verhaal van Jona (Newbigin 1995:32-33). So loop God se geskiedenis met die mens deur die hele Ou Testament, totdat dit fokus op Jesus, as "... one who bears the whole purpose of cosmic salvation in his own person and who is hailed as the beloved Son in whom the Father is well pleased. He, the beloved Son, the chosen one, comes forth to announce that the long-awaited reign of God is at hand" (Newbigin 1995:35).

Redding en verkiesing is onlosmaaklik deel van mekaar. Israel is nie net God se volk deur sy verkiesing nie, maar ook deur 'n reddingsdaad aan die begin. Op grond van God se reddingsdaad kan gesê word dat Hy Israel verkies het. Israel se verkiesing word nie vermeld voor Deuteronomium nie (Deut 7:6-8). Uit hierdie teks blyk dit duidelik dat verkiesing 'n interpretasie van die reddingsgebeure is. Hierdie verklaring word dan in

Deut 7 in verband gebring met die afsondering van die Kanaaniete en hulle godsdiens. So word die eerste gebod in Deut vir Israel ingeprent met die oog op die gevaar van sinkretisme. Die verkiesingsbegrip word gevorm vanuit die tradisies van God se reddingsdade (Westermann 1981:46).

God se verkiesing van Israel is nie gegrond op Israel se goeie hoedanighede nie, maar op God se liefde (Deut 7, Esg 16). God se verkiesing van Abram, Israel, die profete, die konings, die dissipels en die kerk, is om tot seën te wees. Wanneer God ons uitkies/red, dan doen Hy dit met 'n doel (Deut, Amos). "The purpose of the election is service, and when this is withheld, election loses its meaning. Primarily Israel is to serve the marginal in its midst: the orphan, the widow, the poor, and the stranger" (Bosch 1991:18).

Die wese van die Missionêre Diakonaat lê juis in hierdie bedoeling van die verkiesing. Die mens is nie uitverkies in die eerste plek om hemel toe te gaan, en hier passief te leef nie. Die mens is gered om tot seën te wees en hier aktief te leef. Dit blyk duidelik uit die feit dat elke keer wanneer Israel die verbond met God vernuwe, dan erken en vernuwe hulle ook hulle verpligtinge teenoor die uitgeworpenes in die gemeenskap.

## **5. GOD DIE VADER WAT ONTFERM EN REGEER**

### **5.1 Die ontferming van God.**

Die sondelose wêreld was eers die volmaakte verblyfplek waar God se barmhartigheid (*chesed*) geniet en beleef is. "Skepping is barmhartigheid. In die nood van elke skepsel is, na sy eie aard, voorsiening gemaak" (De Klerk 1976:6).

In Gen 2 vind ons die verhaal van hoe God die skepping rondom die mens bou (Von Rad 1961:76). Von Rad (1961:78) gaan selfs so ver om te sê ons kan dit nie God se tuin noem nie, maar dat die tuin juis vir die mens geskep is as 'n geskenk van God uit sy genadige ontferming. Van Selms verskil hier van Von Rad en meen God is die Skepper en bly die eienaar van die tuin (Van Selms 1984:51). Westermann sien dit soos volg:



Part of the story of the creation of human beings is concerned with providing for them. The fact that they have been created as living beings means they must be provided with means to live. Gen 2:8 is not a narrative about the creation of plants, but about the provision of nourishment for the human creatures” (Westermann 1987:207-208).

Hierdie hele verhaal van die skepping is gesetel in God se vaderlike liefde vir die mens. Hy stel van die begin af die lewensmiddele tot die mens se beskikking. Hy sorg vir die mens. Hy sien dat dit nie goed is vir die mens om alleen te wees nie en daarom skep Hy vir hom 'n hulp wat by hom pas, sy gelyke. Heel van die begin van die skepping af reik God in liefde en ontferming uit na die mens (Von Rad 1961:73-85). Die God wat vandag aanbid word, is steeds dieselfde God. Hy ontferm, voorsien en reik steeds uit na die mens. Die mens het egter verander, a g v die sonde kruip die mens weg vir God. Daarom het die Vader sy Seun gestuur, en stuur die Seun weer die uitverkorenes om sy sending voort te sit en die goeie nuus van God se versorging en ontferming te vertel. Ook hiervoor het God baie spesifiek voorsiening gemaak. Aangesien die mens geskape is na God se beeld, het Hy reeds met die skepping hierdie belangrike eienskap, om uit te reik en hulp te verleen, in die mens ingeskape.

Gen 2 acknowledges that people do not find the true meaning of human life in the mere fact of existence; if this were the case, then community with animals would be enough. But people find the meaning of life only in human community; it is only this that makes true humanity... The creator considers the-being-alone quite negatively: it is not good (Westermann 1987:226-227).

Wanneer die mens in sonde val, deur ongehoorsaam te wees aan God, en so God se beeld in hom skaad, laat God die mens nie maar net verlore gaan nie. Nee, juis in sy groot barmhartigheid en liefde reik Hy steeds uit na die mens in nood, deur ander mense. Een van die duidelikste en mooiste voorbeelde hiervan is die verskillende verbonde wat God met die mens sluit, maar wat sy hoogtepunt vind in die vervulling van die verbond met Abraham, wanneer Christus gebore word. Later gee God ook sy verbondswet waarin die lyne van barmhartigheid getrek word.

Ons kan God se ontferming sien in die volgende gesindhede: genadig, barmhartig, lankmoedig, liefdevol, soekend. “Gods ganse bemoeienis met die mens sou trouens gesien kon word as 'n barmhartige diens aan die in sonde gevalle mens. God sit sy liefde vir die skuldige, lydende mens voort tot Hy Hom met die mens in Christus verenig” (Heyns 1978:70).

Barmhartigheid in die Ou Testament is nie staties nie, maar toon ontwikkeling en klemverskille soos wat die sosiale struktuur van die volk van God verander, soos by tydens die woestyntyd en rigtertyd. Vanuit Ps 146 beskryf Prinsloo (1982:3) barmhartigheid as die Here se omsien na 'n groep weerlose mense. Hy gee beskerming aan die wat beskerming nodig het. Hy gee sekuriteit aan die wat ontnem is van familiesolidariteit. Hy word 'n Vader vir die weeskind. Die Here bewys barmhartigheid aan die sosiaal-verworpenes, aan die sosio-ekonomiese swakkelinge. Hy identifiseer Homself met die noodsituasie van die *personae miserae*, met die ellendiges, met die skuim van die bevolking. Jahweh, die Skepper van die hemel en die aarde, bemoei Hom met die uitgeworpenes van die wêreld. Wanneer mens noukeurig na verse 7 tot 9 van Ps 146 kyk, val dit op dat die Here hulle raaksien in hulle *konkrete lewensituasie*: vir iemand wat honger het, gee Hy brood; iemand wat blind is, se oë word geopen, ensovoorts.

God's identification with hurting people, it must be emphasized, is more than merely being nice or softhearted. It is a passionate and powerful movement of emotion and feeling from deep within. Interestingly, the very word for compassion used over and over in the New Testament means literally “to have one's guts wrenched”. If the life and ministry of Jesus is any clue to the character of God, then God's compassion is hardly superficial or passing. It is a gut-wrenching and deep-seated combination of tenderness and intensity (Stone 1996:55).

Die wêreld kan nie vir God “teruggewen” word deur pragtige belydenisse, teologieë en preke alleen nie. Dit sal ook nie “teruggewen” word deur barmhartigheid alleen nie. God se liefde en barmhartigheid kan nie vanuit die hoogte aan mense gebring word nie, nie uit

sinodale sentrums, en vanaf hoë kansels nie, maar in sinkgeboutjies, onder bome, in fabrieke en op die lande. Mense moet ook daar 'n stuk belewenis van God se teenwoordigheid en liefde kan ervaar. Missionêre Diakonaat vind plaas waar Christenskap geleef word. Gedring deur die liefde van God moet saam met en by mense in nood (geestelik en fisies) geleef word.

Prinsloo (1982:4) wys pertinent uit Ps 146:9b dat in die antitetiese parallisme die minderbevoorregte gekontrasteer word met die goddelose. Die konsekwensie hiervan is dat aan die swakkes nie maar net barmhartigheid bewys word omdat hulle swak is nie, maar omdat hulle regverdig is. God is nie aan die kant van die arme of "underdog" nie, Hy is aan die kant van die regverdige. God se ontferming is nie passief of sentimenteel nie, dit is 'n ontferming wat kant kies. Tog blyk dit dat gelowiges versigtig is om hierdie waarheid uit te leef. Elkeen lees maar vanuit sy eie situasie die Bybel met die "bril" wat hom die beste pas (Stone 1996:59).

### **5.1.1 Die Vader wat ontferm deur te stuur**

Die Ou Testament is belangrik vir die verstaan van sending, aangesien sending hier as *Missio Dei* geleer word. Ten spyte daarvan dat die Ou Testamentiese sendinggedagte sentripetaal is, vind ons dat God betrokke is by die wêreld juis deur te stuur: geroepenes, profete, engele, (Jesus, die Heilige Gees). In die Ou Testament is hierdie stuur gedagte in die eerste plek gerig op Israel en nie op die heidense volke nie. Dit het implikasies vir die verstaan van sending. 'n Gestuurde kan ook gestuur wees na sy eie mense, en steeds 'n sendeling wees, mits sending verstaan word as om gestuurde van God te wees. God stuur mense om verlossing, maar ook oordeel, aan te kondig (DuBose 1983:62-63).

Die gedagte is van wesentlike belang vir die Missionêre Diakonaat. Missionêre Diakonaat vind nie alleen plaas buite die gemeenskap van die gelowiges nie, maar ook daar binne. Juis omdat 'n persoon bv 'n prostituut deur die Missionêre Diakonaat tot inkeer kom, om so deel te word van die gemeenskap van die gelowiges, sal daar steeds met haar 'n missionêr-diakonale pad gestap word deur woordverkondiging en fisiese

versorging. So sou ook bv 'n drankverslaafde, wat al jare lid is van die gemeenskap van die gelowiges, Missionêr Diakonaal bedien moet word deur woord- en daadverkondiging.

Daar is egter ook 'n duidelike gerigtheid op die nasies. God se bedoeling met Israel is dat Hy hulle so wil seën, dat die mense van oor die hele wêreld na Jerusalem sal stroom om hierdie goeie en genadige God te kom aanbid (Jes. 2:1-5). Ons vind ook die verhaal van Jona waar hy gestuur word na die Nineve (geografies). Uit Jona se verhaal blyk dat, juis omdat Jona iets van God se genade verstaan, hy poog om God se redding te saboteer. Verkuyl stel dit soos volg: "Jona verwijt Jahwe, dat Hij buiten het verbond met Israëel dezelfde is als binnen het verbond," en hy voeg by: "Het is merkwaardig en ontstellend, dat het boek Jona eindigt met een open vraag" (Bosch 1979:55).

Waar die gestuurdheid dan eers net gerig is op Israel, ook die gestuurdheid van die Here Jesus Christus, word dit later in die Nuwe Testament 'n gestuurdheid na die wêreld, wanneer Christus die Ou Testamentiese verwagtings van Israel vervul het.

### **5.1.2 Die Vader wat ontferm deur te praat**

God handel in die Bybel met die wêreld en met mense deur te praat. God skep byvoorbeeld deur te sê: "Laat daar lig wees,". Ons lees telkens dat die woord van die Here tot die profete gekom het. Jesus dryf duiwels uit deur hulle aan te spreek, of genees siekes deur te praat. Die God van die Bybel is die God wat praat. "The word is the symbol par excellence that stands in human intercourse for communication" (Kraemer 1956:15)

Die feit dat ons menswees abnormaal is, in die sin dat ons nie beantwoord aan die doel waarvoor God ons geskep het nie, is 'n teken van ons swak kommunikasie met God. Dit het weer 'n invloed op al ons verhoudings en verskillende vorme van kommunikasie. "The break of real communication in human life, which perpetually characterizes our personal, social, economic, and political relations, filling human life with anxiety, fear and frustration, is the result of primordial break of communication with God in whom we nevertheless live and move and have our beings" (Kraemer 1956:18).

God kommunikeer met ons sodat ons vanuit ons verhouding met Hom kan antwoord op sy handeling in ons lewens. Die bedoeling van God se kommunikasie met ons is, dat ons almeer God se beeld hier op aarde verteenwoordig. Ons kan alleen maar Missionêr Diakonaal op hierdie aarde teenwoordig wees as ons leef as geskapenes na die beeld van die Vader. Dit moet ook die doel van ons kommunikasie wees.

As Missionêre Diakonaat dan *missio Dei* is, is dit van wesenlike belang dat die Missionêre Diakonaat ook gedoen sal word in gehoorsaamheid aan God. Daarom hoort gebed en Bybelstudie, die maniere waardeur God met ons kommunikeer, tot die wese van die Missionêre Diakonaat. Die rol van gebed in die Missionêre Diakonaat sal nooit oorbeklemtoon kan word nie.

## **5.2 Die Vader regeer**

Uit Gen 1:28 en 2:15 kan afgelei word dat God die mens aangestel het om onder Hom dienend besig te wees met die beheer van die aarde en die wat daarin woon. Die mens is geroep om hier 'n samelewing te vorm wat gerig is op die verheerliking van God se Naam en op die welsyn van die skepping (Noordegraaf 1991:29).

God het die mense aangestel as rentmeesters (*oikonomoi*). Elkeen sal moet rekenskap gee van sy bestuur en beheer (Luk 16:2, 10-12). Rentmeesterskap impliseer 'n veroordeling van 'n besittersmentaliteit (Noordegraaf 1991:31). Hierdie bybelse siening van rentmeesterskap, as verantwoordelike beheer, staan in gespanne verhouding met die waardes wat in die westerse samelewing 'n belangrike rol speel, soos sukses, materiële vooruitgang, selfverwesenliking, prestasie, ens.

Aangesien armoede 'n kwaad is wat nie tuishoort in 'n samelewing wat na God se wette georden is nie, verwag God van die mens, as rentmeester, dat hy so sal leef dat daar nie armes onder gelowiges sal wees nie (Deut 15:4). Tog hou die Vader ook in sy groot barmhartigheid tred met die gebroke werklikheid waarin ons leef, wanneer ons enkele verse verder in Deut 15 lees dat daar altyd armes in die land sal wees, maar dan met 'n

duidelike opdrag om vrygewig te wees teenoor die wat behoefdig is (Deut 15:11). Hier kom ons te staan voor die spanning tussen ideaal en werklikheid, waar die wet van God hom nie neerlê by die realiteit nie, maar oproep tot daadwerklike hulpbetoon (Noordegraaf 1991:37).

Die Missionêre Diakonaat kan nooit die status quo handhaaf nie, aangesien dit besig is met God se sending in hierdie wêreld. Die *missio Dei* is juis daarop gerig om die Koninkryk van God te laat realiseer in hierdie wêreld. God is groter as die werklikheid waarin die mens leef. God aanvaar ook verantwoordelikheid vir die mens se swak rentmeesterskap deur sy Seun te stuur om 'n nuwe lewe moontlik te maak. Dit is juis in die lewe van Christus dat ons sien hoedat God Hom nie neerlê by die gebroke werklikheid nie, maar daadwerklik help deur te heers oor die natuur, siekte, sosiale status, sonde en die dood. Christus is die nuwe lewensmoontlikheid.

## **6. DIE NOODSAAKLIKHEID VAN DIE PATEROLOGIE VIR DIE MISSIONÊRE DIAKONAAT**

Fernando (2001a:191-204) wys op die leer van God die Vader in die Nuwe Testament, en dui die belangrikheid van 'n goeie Paterologie aan. Fernando dui aan dat in Handeling, net soos vandag, ongelowiges aangetrek word deur die wonderlike voorsienigheid van 'n Vader wat sorg en versorg, veral in ons persoonlike behoeftes. Hy waarsku dat die kerk versigtig moet wees om nie net oor die wonderlike liefde en versorging van die Vader te preek en die ander belangrike leerstellings oor die Vader agterweë te laat soos bv sy soewereiniteit, sy heiligheid, sy geregtigheid en sy oordeel nie. Indien die volle leer oor die Vader nie verkondig word nie, lei dit maklik tot 'n "bekering" ter wille van die versorging (Fernando 2001a:199). So vind ons 'n kragteloze Christendom wat geen aandag skenk aan die eise van die evangelie nie, en dus nie 'n bekering tot God die Vader, wat ons hele lewe eis, nodig ag nie. Indien daar dan nie aan onmiddellike behoeftes voorsien word nie, is dit maklik om 'n ander sterker god te gaan soek wat kan voorsien, of terug te keer na die vorige god wat aanbid is.

Daar moet dus in die Missionêre Diakonaat baie spesifiek klem gelê word op die verlossing tot die ewige lewe. Nie net die behoeftes hier en nou, armoede, werkloosheid, siekte, ens moet aangespreek word nie, maar ook en veral die nood om die ewige verlossing. Dit sal die probleem van 'n onheilige lewe ondervang: "This lack of godliness is a problem in all societies that do not take into account the reality of a supreme and holy God to whom people are morally accountable" (Fernando 2001a:200). Fernando wys daarop dat hoewel mense in die Nuwe Testament aangetrek is deur die wonders en die versorging van God, is daar in die prediking gewys op die soewereine en heilige God wat aanspraak maak op mense se lewens. Mense is opgeroep tot bekering.

Die Missionêre Diakonaat moet, gegrond op 'n goeie Paterologie, omsien na alle mense met alle nood. 'n Wesenlike dimensie van die Missionêre Diakonaat is dat dit mense sal konfronteer met hulle aanspreeklikheid voor die Lewende Heilige God. Daar moet op gewys word dat God ongeloof, sonde en valsheid haat en veroordeel tot die ewige verdoemenis. "One of our greatest challenges today is to restore confidence in the power of the Word among Christians in a generation that has lost its belief in the power of words" (Fernando 2001a:203).

## HOOFTUK 6

### JESUS CHRISTUS MODEL VAN DIE MISSIONÊRE DIAKONAAT

#### 1. INLEIDING

Alles wat ons oor God die Vader en Missionêre Diakonaat gesê het, sou net so geld van die Here Jesus Christus. Die enigste manier hoe ons God werklik kan ken, anders as om na sy handeling in die wêreld te kyk is, om na die Seun Jesus te kyk. “Niemand het God nog ooit gesien nie. Sy enigste Seun, self God, wat die naaste aan die Vader is, die het Hom bekend gemaak” (Joh 1:18). Jesus is die Gestuurde van God na die wêreld.

Jesus word ook in ‘n baie besondere sin aan God die Vader verbind wanneer daar in die Nuwe Testament na beide verwys word met die benaming “Here”. Jesus is nie voor sy kruisiging “Here” genoem in die eintlike sin nie, en Hy wou ook nie graag Messias genoem word nie. Na sy opstanding word Here en Messias die populêrste benaminge vir Jesus. König (2001:118-121) sê dat Jesus na sy opstanding eintlik eers Here geword het. Op Pinksterdag sê Petrus op grond van die opstanding: “God het hierdie Jesus, wat julle gekruisig het, Here en Christus gemaak” (Hand 2:36).

Paulus skryf dat “op grond van sy opstanding uit die dood is Hy deur die Heilige Gees aangewys as Seun van God wat met mag bekleed is, Jesus Christus ons Here” (Rom 1:4). Jesus het God se heerskap, God se sending, God se doel met die mens op aarde kom voortsit. Jesus het nie gekom om sy eie werk of wil te doen nie, maar die werk en die wil van die Een wat Hom gestuur het (Dubose 1983:64-65). In die Johannes evangelie (4:34; 5:30,36; 6:38-40; 9:4), word dit baie duidelik gestel dat Hy een is met die Vader wat sy werk, sy liefde en sy sending betref.

Shenk wys daarop dat sending nie sy oorsprong het in Jesus die Messias nie, maar dat daar reeds ‘n sendingtradisie was in die Judaïsme voor Jesus (Shenk 1993:8). Jesus het egter nuwe betekenis aan die sendingbegrip van die Judaïsme kom gee, Hy het



proselietmakery soos dit voorgekom het by die Jode, skerp veroordeel (Matt 23:15). Die Jode se sendingbegrip het eerder die etiese status quo beklemtoon, en nie die onregverdigte sosio-politieke strukture aangespreek soos bv die profete van die Ou Testament dit doen nie. Jesus val dan die Joodse leiers aan, in ooreenstemming met die profetiese tradisie in die Ou Testament. Ware geloof in die Ou Testament het 'n diakonale dimensie, dit word gemeet aan die hantering van sosiaal uitgeworpenes wat geen mag het nie, bv weduwee, wees en vreemdeling (Jer 7:5-7; 22:3, Miga 6:8). Geloof wat nie 'n diakonale dimensie het nie, wat nie reg en geregtigheid laat geskied nie, kom onder die oordeel van God (Shenk 1993:8-9). In die lig hiervan sou ook gesê kon word dat sending wat geen diakonale dimensie het nie, geen sending is nie. Netso sou diakonaat wat geen missionêre dimensie het nie, geen diakonaat wees nie.

God se barmhartigheid vind juis sy hoogtepunt in die inkarnasie van Jesus Christus as lydende kneg van die Here. God het Hom van die begin af aan die mens verbind deur 'n werksverbond. Wanneer Adam nie daaraan gehoorsaam is nie, hef God nie sy verbond op nie. Die werksverbond word voortgesit in die genadeverbond, wat sy vervulling vind in die inkarnasie van Jesus Christus. Die motivering vir die inkarnasie is God se liefde, en sy soeke om die verlore nes te red (Heyns 1978:230-231).

Dit is ook baie duidelik dat God van die begin af reeds 'n totale redding in gedagte gehad het, en nie net die wen van siele nie (Jes 61:1-3, Luk 4:16-30). Hierdie omvattende bediening van Jesus, veral aan die uitgeworpenes, word deeglik deur Bosch (1991:84-122) behandel. Die kerk sal daarteen moet waak dat ons sending nie net geestelik van aard is nie, maar dat dit werklik oorgaan in dae van dissipelmaking.

Even so, personal conversion is not a goal in itself. To interpret the work of the church as the "winning of souls" is to make conversion into a final product, which flatly contradicts Luke's understanding of the purpose of mission. Conversion does not pertain merely to an individual's act of conversion and commitment; it moves the individual believer into the community of believers and involves a real - even radical - change in the life of the believer, which carries with it moral

responsibilities that distinguish Christians from "outsiders" while at the same time stressing their obligation to those "outsiders" (Bosch 1991:117).

Jesus se hele (aardse) lewe, sy hele wese word gekenmerk deur 'n missionêre dimensie en intensie, asook 'n diakonale dimensie en intensie, wat daarop gemik is om mense te bevry. Daar is 'n verskeidenheid profesieë wat uiteindelik in Jesus vervul is. In werklikheid is daar vier verskillende figure wat in Jesus vervul word: die Messias, die dienaar, die groot profeet, en die Seun van die Mens (König 2001:53).

## 2. JESUS AS MESSIAS KONING

In die Ou Testament, veral by die profete, word daar baie gesê oor die Messiaanse tyd (Jes 26-29; 40; Es 40-48; Dan 12; Joël 2:28-3:21), maar daar word nie baie gesê oor die Messias self nie. Alhoewel die titel Messias nie self in die Ou Testament gebruik word nie, word die woord tog gekwalifiseerd gebruik bv die Gesalfde van die Here. In die Ou Testament word mense vir 'n spesifieke taak gesalf, bv konings en priesters. Daar is ook een profeet wat gesalf is. "This use of anointing to indicate a specific office became later applied in a more technical sense of the one who, *par excellence*, would be God's chosen instrument in the deliverance of his people" (Guthrie 1981:237).

Die Griekse ekwivalent van Messias is *Christus*, wat gesalfde beteken. Hierdie titel word eintlik eers aan Hom toegeken ná pinkster. Die feit dat die eerste gelowiges Christene of Christus se mense genoem word, dui op die belangrikheid van hierdie titel (König 2001:66). Die hoop op die Messias het verskillende vorme aangeneem. Die mees dominante een is dan die van 'n Dawidiese Koning wat 'n aardse koninkryk vir die Israeliete sou kom vestig. Die hooftema van die profesieë laat min twyfel dat die Ou Testament 'n "politieke" Messias verwag het. In die Ou Testament word die idee van 'n totale verlossing, van die realisering van die sjalom aan die Messias gekoppel (König 2001:54-57).

Met die Christologie is hierdie holistiese Hebreuse benadering verskraal, ons praat by nie oor die leer van die Messias nie, maar eerder van 'n Christologie. In wese is dit dieselfde saak, maar die Messias begrip van die Ou Testament kan meer omvattend verstaan word.

“Messiah” implies a specific historical personality who poses as effective redeemer and liberator in a given context of oppressive alienation. Yet the term “Christ” in the Greek tradition often ignored the holistic Hebrew dynamics, with their social, economic, and political implications for faith, all of which are inherent in the language of “Messiah” (Shank 1993:39).

Die verlossing word verder verskraal deurdat ons net klem lê op die verlossing van sonde as 'n geestelike verlossing.

But the early Greek-inspired shift from the “horizontal”, temporal, historical mediation of the future to a largely “vertical”, ontological mediation down played the earthly accents and the social, economic, and political preoccupations of the biblical Messiah's work of salvation, redemption and restoration. Instead favoured the divine/heavenly (spiritual, eternal, immortal) preoccupations and accents of the Greek cultural ethos (Shank 1993:40).

So word die holistiese benadering van die Bybel aangaande die Messias, verskraal tot geestelike goeie nuus vir die lewe hierna.

Jesus kondig egter in Luk 4:16-31 die genadejaar van die Here aan. Dit is 'n omvattende begrip wat juis betrekking het op die verlossing hier en nou. Die Missionêre Diakonaat wil juis hierdie holistiese of omvattende benadering wat ook sosiale, ekonomiese en politieke verlossing insluit, beklemtoon. Dit is egter so dat daar as reaksie op die bogenoemde standpunt verskeie bevrydingsteologieë ontstaan het (Latyns Amerika, swart teologie, feminisme) wat as teologieë juis besig is om die klem te laat val op die horisontale verdrukking - sosiaal ekonomies, politieke, seksisties en rassisties. Dit dui op die belangrikheid daarvan dat teologie gekontekstualiseer moet word (Shank 1993:38). God het Immanuel, God met ons, geword, en juis daarom moet ons ons afvra wat beteken dit in ons spesifieke situasie. Hoe moet ons Christen wees? Die bevrydingsteologie het

juis, deur klem te lê op Bybelse uitsprake oor ongeregtheid vanuit die profete en Messiaanse tradisies, die exodus na vore gebring, asook die politieke dimensies van Jesus se bediening. Die bevrydingsteologie poog om in sy identifisering met die randfigure die Messias te verpolitiseer, netsoos die Jode gedoen het.

Baie mense daarbuite verwag ook van die Missionêre Diakonaat om politieke verandering of bevryding te weeg te bring. Alhoewel die Missionêre Diakonaat die politieke strukture en ideologieë sal aanspreek, soos wat Jesus gedoen het, is die Missionêre Diakonaat nie polities geïnspireer nie, maar Koninkryksgerig. Wanneer na Christus se bediening gekyk word, en die verlossing wat Hy bring, is dit 'n totale verlossing. Dit is nie net vertikaal of horisontaal van aard nie. Hierin lê ook die kritiek teen die bevrydingsteologie - dat dit die klem eensydig laat val op die horisontale. Tog het die bevrydingsteologie ook daartoe bygedra dat daar nuut gedink word oor die sending en die diakonaat van die kerk, en dat daar ook wyer gekyk word na onregverdige strukture en stelsels. Ons word nie verniet Christene genoem nie, ons moet die hoop wat die Messias bring, uitdra in hierdie wêreld, maar dan moet ons tog hierdie hoop aan die wêreld oordra soos Jesus dit gedoen het, vanuit die liefde van God en nie vanuit een of ander politieke agenda nie (Guthrie 1981:241).

Bosch wys daarop dat dit in die bergpredikasie duidelik is dat Jesus nie gekom het om 'n politieke ryk te vestig nie, maar dat dit ook nie beteken dat Jesus apolities was nie. Inteendeel, Hy het elke tradisionele sosiale struktuur bevraagteken. "His politics was, however, one of peace-making, of reconciliation, of justice, of refusing vengeance, and above all, of love of enemy" (Bosch 1991:70).

Jesus is egter tydens sy aardse lewe gedurig gekonfronteer met hierdie persepsie van 'n politieke bevryder. Ons sien dit die duidelikste in Mark 8:27-38 waar Petrus bely dat Jesus die Messias is, maar nie die lyding en sterwe van Christus wil aanvaar nie. Tog het die Ou Testamentiese profete dit duidelik gemaak dat die Messias verlossing sal bring van sosiale ongeregtighede, politieke verdrukking, en Jesus het die uitsprake op Homself van toepassing gemaak (Luk 4:16-30). Die doel van die Messias was om die mense terug

te bring na God en die Wet, en om God se volle verlossing te bring vir sy mense en vir die wêreld. Dit gaan dus nie oor die inhoud van die Messias se sending nie, maar die aard daarvan. Hoe sou Hy hierdie sending van God voltooi? Vanuit die Westerse Christendom word die dualistiese onderskeid gemaak tussen 'n "politieke Messias versus 'n godsdienstige Messias", 'n hemelse koningskap versus 'n aardse koningskap, wat hierdie hele punt van die aard van die verlossing verkeerd uitlê. Die ontkenning of eliminerings van die politieke, sosiale en ekonomiese implikasies van Jesus se Messiasskap vervals doodeenvoudig die holistiese verlossing waarvan die Ou Testamentiese profete so duidelik praat. Die vraag na die aard en die kwaliteit van die Messias se sending is per definisie politiek. "The issue is not one of whether political, social or economic concerns are included in Messiah's agenda, but rather of how they are dealt with" (Shank 1993:55).

Die Missionêre Diakonaat sal ook op die politieke, sosiale en ekonomiese terrein beweeg. Die Missionêre Diakonaat sal dus moet seker maak dat die betrokkenheid by die verskillende terreine altyd gegrond is in die evangelie, sodat die spesifieke terrein altyd aangespreek word vanuit die evangelie en nie vanuit 'n persoonlike of politieke agenda nie.

Die doop van Jesus help ons om te verstaan hoe Hy sy Messiasskap gesien het. Johannes probeer sy bes om vir Jesus te oortuig om Hom nie te doop nie, want Johannes weet dat sy doop " 'n doop van bekering tot vergifnis van sonde" (Mark 1:4, OAV) is, en hy weet dat Jesus sonder sonde is. Sy doop is dus nie vir Jesus bedoel nie. Tog dring Jesus daarop aan om gedoop te word, omdat dit die manier is waarop Hy en Johannes "alle geregtigheid moet vervul" (Matt 3:15, OAV). So kom vervul Jesus dan die geregtigheid vir sondaars. So voer Hy die wil van God uit. Jesus se doop is dus sy totale vereenselwiging met sondaars. Omdat Hy dit doen, daal die Gees op Hom neer, juis om Hom hiervoor te salf. Dan kom die stem uit die hemel: "Jy is my geliefde Seun. Oor Jou verheug Ek My" (Mark 1:11). Hier vind ons twee aanhalings (Ps 2:7 en Jes 42:1) wat dan die nuwe Messiaskoning verbind met die lydende dienaar. So word Jesus se rol as lydende Messias bevestig deur sy doop (König 2001:61-64).

Jesus is dus die Koning wat God se geregtigheid hier op aarde kom vestig deur as lydende dienaar van mense te kom leef. Indien die Missionêre Diakonaat daaraan meewerk om die Koninkryk van God te kom vestig, kan dit nie anders geskied as alleen deur lydende diens nie.

### 3. JESUS AS DIENSKNEG

Ons tref die gedagte van 'n dienskneg reeds in die Ou Testament aan, in die vorm van die Ebed Jahwe lieder (Jes 42:1-4; 49:1-6; 50:1-4; 52:13-53:12; 61:1-2). Die Jode van Jesaja se tyd het nie aan die dienaar gedink as 'n Goddelike wese nie. Tog leer die Nuwe Testament duidelik dat Jesus die rol van die Denaar vervul (Matt 8:17, Hand 8:32, Heb 9:28, 1 Pet 2:22-24).

Die identiteit van die kneg in Jesaja is:

- Hy is die uitverkorene van Jahwe en gesalf met die Gees van Jahwe (Jes 42:1)
- Hy is die nuwe verbond van Jahwe met Israel (Jes 42:6b)
- Hy is 'n lig vir die nasies (Jes 49:6)

Hierdie identiteit word die duidelikste in die roeping van die kneg:

- Hy moes ly, gemartel en gesmaad word (Jes 50:6) tot in die dood (Jes 53:8,9)
- Hy doen dit nie ter wille van Homself nie, maar ter wille van die oortreding en ongeregtigheid van die sondaars (Jes 53:5) (Crafford 1966:9-10).

In die Ou Testament word die Messias en die Dienskneg nooit aan mekaar verbind nie, maar in die Nuwe Testament word die twee figure byeengebring in die Here, Jesus Christus. In die Ou Testament wou die Jode nie 'n lydende Messias gehad het nie. In die Nuwe Testament word Jesus aanvaar as Messias, maar sy lyding is vir sy volgelinge onaanvaarbaar (Matt 16:22-23). Tog het Jesus as die Messias doelbewus die rol van dienskneg aangeneem (Fil 2:7) en gely tot die dood toe (Fil 2:8) (Hedlund 1991:162). Jesus verwys ook nooit na Homself as Denaar nie. Wanneer sy lyding en sterwe ter sprake is, verwys Hy eerder na Homself as “die Seun van die Mens” (Mark 9:31, 10:33). Tog is dit duidelik dat Jesus die rol van die Denaar vervul, al word Hy selde “Denaar” genoem. Dit is veral duidelik wanneer Hy die nagmaal instel: sy bloed sal vergiet word

“*tot vergewing van sondes*” (Matt 26:28), en dan voeg Hy by dat dit die bloed van die nuwe verbond is. Dit is belangrik, want hier het ons met die twee sake te doen wat telkens ter sprake kom in die Ebed Jahwe liedere; dat die dienaar vir die sonde sal sterf, en die verbond sal herstel (Jes 53:4-5, 12; 42:6; 49:8) (König 2001:70-73).

Jesus se lewe was diens. Sy hele lewenshouding is die van dienslewering. Hy het gekom om te soek en te red dié wat verlore is. So soek Hy verskeie mense in hulle nood op. Hy het by die uitgeworpenes gaan eet, onreines aangeraak, met mense van onderdrukte groepe gemeng, en selfs die mees gehate mense, soos die Romeinse owerste, gehelp. Hulle het nie nodig gehad om aan enige vereistes te voldoen om sy medelye te ervaar nie. Jesus het geweier om enige sosiale, etniese, politieke of godsdienstige skeidings te erken (Conradie 1995:125). In navolging van Christus mag die diakonaat dus nooit net na binne gerig wees nie, maar moet die diakonaat ook ‘n missionêre dimensie en intensie besit, en moet die diakonaat ook deur die missionêre roeping gedryf word, sonder dat daar enige grense aan gestel mag word

Jesus se dienslewering blyk ook duidelik uit sy woorde en daede, asook sy solidariteit met mense (Joh 10:11). Jesus is nie soos ‘n huurling, wat as hy ‘n wolf sien, sy skape los en weghardloop nie (Joh 10:12-13). Die eenheid wat daar bestaan tussen sy woorde en daede kom na vore in bv die saligsprekinge (Matt 5-7) en die wonders (Matt 8-9). Hieruit kan ons aflei dat daar ook eenheid tussen ons woorde en daede moet wees. Jesus se dienslewering is omvattend op elke terrein van die lewe.

- Dienslewering in die fisiese nood van mense:

Sy genesings- en voedingsverhale verteenwoordig die hart van Jesus se bediening.

- Dienslewering in die emosionele nood van mense:

By die uitdruwing van duiwels toon Jesus dat Hy vir mense se geestesgesondheid omgee. Jesus se vereenselwiging met die uitgeworpenes uit die samelewing, en sy optrede om hulle situasie te verander, toon ook sy betrokkenheid by die sosiale welsyn van mense. Die sosiaal uitgeworpenes (melaatses) se situasie is so verander dat hulle weer met die res van die samelewing geïntegreer is. Deur hulle kennismaking met Jesus, begin hierdie

mense hulleself in 'n ander lig sien. Hulle besef dat hulle waardevol is. Iemand wat nie sy eie waarde besef nie, kan nie onselfsugtig en nederig wees nie (Conradie 1995:128).

- Dienslewering en die geestelike nood van mense:

Jesus se diens is ook op die geestelike nood van mense ingestel. Daarom gaan Hy uit om te preek (Mark 1:38); het Hy die volmag om sondes te vergewe (Mark 2:10); het Hy gekom om sondaars te roep (Mark 2:17); en sê Hy aan sy dissipels dat hulle mense soos visse sal vang (Mark 1:16-20). Die Seun van die mens het gekom om verlore nes te soek en te red (Luk 19:9) (Conradie 1995:128-129).

- Kenmerke/aspekte van Jesus se dienslewering: barmhartigheid, nederigheid, selfoorgawe.

Die liefdesgebod word in woord en daad vervul met sy klem op armes en sy absolute gehoorsaamheid aan die Vader (Conradie 1995:122-124).

Christus is die bron en die voorbeeld vir ons diens (Fernando 2001 (b):207-221). In ons diens aan die wêreld openbaar ons gemeenskap met Hom en gehoorsaamheid aan die evangelie. Die diakonaat kan alleen funksioneer in verbinding met die verkondiging van die evangelie, alleen so word die koningskap van Christus sigbaar. Christus stel ook die norm vir ons diens. Die wyse waarop Hy dien, bepaal ook die wyse waarop ons dien. Christus het gekom om mense te soek wat verlore is. Hy het nie kom kyk of hulle sy diens waardig is nie. Daarom mag ons ook nie kyk of mense aanvaarbaar is of nie, ons moet soek wie verlore is.

Wie dient, doet dat als een mens die ook self de dienst van Christus nodig heeft. Dus als mede-zondaar en mede-hulpbehoevende. Dat sluit elk dienen "uit de hoogte" uit, alsmede alle eenrichtingsverkeer in het dienen. De diakonale dienst kan alleen verricht worden als we willen gaan staan naast diegenen die we dienen. En alleen in de wederkerigheid van geven en ontvangen (Koole en Velema 1991:46).

Jesus se hele lewe was 'n voorbeeld van dit wat Hy van ons vra, naamlik selfverloëning. Jesus het op die strate gebly, Hy het geen huis gehad nie en geen vaste inkomste nie.



Jesus het nie net vir die armes gepreek en hulle besoek nie. Jesus was arm. Hy het vir die armes arm geword (2 Kor 8:9), en na die wêreld gekyk deur hulle oë. Dit is juis in hierdie lewenstyl van Jesus waar ons die karakter en diepte van God se medelye ontdek (Stone 1996:70-71).

Hier is 'n baie belangrike gesigspunt wat ons nie moet miskyk in die Nuwe sowel as die Ou Testament nie. Die missionêre taak van die kneg in Jesaja was volgens Crafford (1966:11) dieselfde as die missionêre taak van Israel. "Ook Hy gaan nie uit na die nasies nie. Hy bewerk vir hulle die heil van Jahwe. Hy vertoon aan hulle volkome die lig en die heerlikheid van Jahwe. Sy missionêre betekenis is dus net soos dié van Israel, sentripetaal van aard".

Wanneer ons na die Nuwe Testament kyk, sien ons dat Jesus se bediening eerstens gerig is op Israel. Dit is eers as hulle Hom en sy boodskap nie aanvaar nie dat Hy Hom rig tot die heidene. Vir die Missionêre Diakonaat is hierdie 'n baie belangrike gesigspunt, dat ons ons nie net sal rig op die nood daar ver nie, maar ook plaaslik, in die kerk en op die voorstoep van die kerk, sodat die plaaslike kerk die lig en die heerlikheid van 'n God wat omgee, so sal laat skyn dat ons ook vir die mense om ons die heil sal bewerk. Dit sal 'n valse bediening wees as dit net daar ver beoefen word, en nie ook in ons eie gemeenskap nie.

#### **4. JESUS AS PROFEET**

Die groot taak van 'n profeet in die Ou Testament was om vir die volk te sê wat God se wil is. Hy moes veral God se oordele aan die volk bekend maak en hulle oproep om hulle sondes te bely en hulle te bekeer. Dit is nie net wat Jesus gedoen het nie, maar ook wie Hy is, wat behoort tot sy profetiese werksaamheid, want in sy persoon self openbaar Hy God (Heyns 1978:272; Jonker 1977:53). Jesus Christus self is die openbaring van God (Joh 1:1,14; 14:8-11; Kol 1:15; Heb 1:2-3). Jesus word dan ook dikwels 'n profeet genoem, maar daar word ook na Jesus verwys as *die* profeet (Joh 6:14). Johannes die dooper kan beskou word as die laaste Ou-Testamentiese profeet, terwyl Jesus *die* profeet is

wat belof is (Deut 18:15). Hy is groter as al die profete, daarom word ook telkens gesê dat Hy “groter is” (Matt 12:41,43; Heb 3:3). In die evangelies lees ons dan ook van Jesus se eensydige gerigtheid op Israel (König 2001:21-26). Jesus kom as ‘n Ou-Testamentiese profeet en daarom is Hy eerstens nie gerig op die heidennasies nie. Sy opdrag was om Israel tot bekering te roep sodat God sy plan deur Israel met die heidene kon uitvoer. As Israel gehoorsaam is, sal God hulle so seën dat die nasies na Israel sal stroom.

Maar Jesus was ook meer as net nog ‘n profeet, soos blyk uit die konteks van byvoorbeeld die Matteus evangelie. Hier is dit duidelik dat Jesus se bedieningskopus wyer is as net dié van Israel.

Two of these considerations come from the immediate context of 1:21. First, the mention of the four women in Jesus’ genealogy (1:3-6) points out that Jesus’ “people” included non-Jews who were sinful and helpless. Second, Matthew’s account of the visit of the magi (2:1-12) sharply contrasts the worship of the non-Jewish magi with the hostility of the Jewish leaders. ... “his people” are the marginalized and hopeless members of the society, both Jew and Gentile (Harvey 1998:127).

In sy hoedanigheid as profeet is Jesus God se laaste oproep aan Israel om hulle te bekeer, sodat God deur hulle die heidene kan bereik. As die Jode dan vir Jesus verwerp en kruisig, kom die keerpunt. In sy laaste gelykenisse het Jesus al vir Israel hieroor gewaarsku (Matt 21:43; 22:1-10; 23:37). So sou ons kon sê dat Jesus se beroemde sendingbevel die eerste aanduiding van die verandering in God se sendingmetode is. Nou probeer Hy nie langer deur Israel die heidene bereik nie, maar word daar direk na die heidene gegaan, om so Israel jaloers te maak, sodat hulle hul sal bekeer (Rom 9-11) (vgl Badenhorst & Theron 2001:233).

Hieruit kom ‘n belangrike perspektief vir die kerk na vore. God het die enigste genadeverbond met Abraham aangegaan, sodat sy nageslag die een verbondsvolk van God sal wees. Daarom het God nie twee volke nie. Israel en die kerk is een volk. Die ware Israel bestaan uit alle gelowiges, die gelowige Jode en die gelowige nie-Jode. Van

die begin af tot en met die wederkoms het God net een volk uitgekies. Reeds van die begin af het die ware Israel nie uit alle genealogiese afstammeling van Abraham bestaan nie, maar net uit die gelowiges uit Israel. Aan die anderkant is die heidene wat tot geloof in die God van Abraham gekom het, altyd by die volk van God gevoeg.

Die Missionêre Diakonaat sal altyd 'n appèl op mense se lewens maak, binne die kerk sowel as daarbuite. Wanneer daar gesê word bekering is nie 'n voorwaarde vir die Missionêre Diakonaat nie, word daar beslis nie bedoel dat die Missionêre Diakonaat nie daad-werklik oproep tot bekering nie. God se bedoeling met die Abraham verbond was van die begin af dat al die nasies daarby ingesluit sal wees (Gen 12:3). God het dus nie twee volke nie, en nie twee bediening nie. Hy het die een bediening van volkome verlossing wat geld vir alle mense. Die kerk is die ware Israel, en dit bestaan uit die Jode en die heidene wat glo. Daarom word die Ou-Testamentiese profesieë wat op Israel betrekking het, in die lewe van die kerk vervul (König 2001:30-31). Jesus is dan ook die finale openbaring van God (Heb 1:1-2). "The finality of Jesus follows from who Jesus is. Christ is God's final Word to mankind. God has spoken that Word to us in these last days. The finality of Jesus Christ rests upon the fact of the empty tomb" (Hedlund 1991:163).

Dit is belangrik om raak te sien dat Jesus se boodskap goeie nuus is vir sy volk, maar ook vir die wêreld. In die Lukas evangelie word Jesus dikwels indirek en direk aan die profete gekoppel. In die Lukas evangelie, veral in hoofstuk 9, speel Moses, Elia en Elisa 'n groot rol. Hier word na Elia en Elisa verwys veral om aan te toon dat die profeet, hetsy Jesus, Elia of Elisa, nie aanvaarbaar is vir sy eie mense nie en vandaar word dan uitbeweeg na die heidene (Ravens 1990:119-129). Ons sien dit reeds baie duidelik in Jesus se eerste preek in die Lukas evangelie, waar Hy Homself aandui as Gesalfde van God om die evangelie aan armes te verkondig, en om die genadejaar van die Here aan te kondig (Luk 4:18-19). Belangriker egter is die woorde waarmee Hy afsluit: "Vandag is hierdie Skrifwoord wat julle nou net gehoor het, vervul" (Luk. 4:21). Wat is dit wat hier vervul word? "What it was that was fulfilled, according to this prophetic text, was the promise of a transformed set of human relations involving the forgiveness of debts, the liberation of

prisoners, and the renewal of the agrarian economy” (Yoder 1985:81; vgl Badenhorst & Theron 2001:234).

Jesus kondig ‘n nuwe lewenskwaliteit aan wat reeds met sy koms aangebreek het. Sy teenwoordigheid vra ‘n besluit *vir* of *teen* hierdie nuwe lewensorde wat hier beskryf word as die “genadejaar van die Here”. Jesus verskil dan ook van bv Johannes die doper as Hy nie deelneem daaraan om Herodes te veroordeel vir sy polities gemotiveerde immoraliteit nie. Hy laat nie toe dat sy profetiese roeping gedegradeer word na die voorskryf aan regeerders wat hulle mag en wat hulle nie mag nie. Wat Jesus as profeet kom doen, is: Hy kom maak God se nuwe wêreld aan ons bekend deur God se soteriologie aan ons bekend te maak. Hierdie boodskap van Jesus dompel die mens in ‘n krisis deur hom op te roep tot geloof en bekering (Badenhorst & Theron 2001: 226). “... in soteriology we are not supposed to achieve, but to trust. Salvation is not a product, but a presupposition. We do not bring it about, but we accept it as a gift of grace mediated through faith. ... We do not achieve it so much as we accept it. It is not as basic to engineer it as to proclaim it” (Yoder 1985:91).

Hieruit kom ‘n verdere belangrike perspektief vir die kerk na vore. Ons profetiese roeping is nie om die verlossing te skep nie, God self skep die verlossing. Ons taak is om dit aan te kondig. Ons is nie geroep om ons vyande lief te hê, sodat hulle ons vriende kan word, nie. Aan die kruis is dit duidelik dat hulle nog altyd ons broers was. Ons is nie geroep om die brood van die wêreld vir die hongeres beskikbaar te stel nie, maar ons is geroep om die waarheid, dat dit nog altyd aan hulle behoort het, te herstel. “We are called only to let that truth govern our own choice of whether to be, in our turn, tyrants claiming to be benefactors” (Yoder 1985:91). Wanneer Missionêre Diakonaat as *missio Dei* beoefen word, dan is die mens slegs die instrument. God vra van die mens om die gawes wat Hy aan ons gegee het weer aan ander uit te deel. Ons is nie die besitters van God se genade nie, maar slegs die kanale waardeur dit vloei.

As profeet kom roep Jesus ons na ‘n nuwe sosiale lewenswyse. Hy kom herformuleer as’t ware wat dit beteken om God se volk te wees in die wêreld. Hierdie nuwe sosiale

lewenswyse is van die begin af duidelik in Jesus se lewenswyse. Na sy doop, waar Jesus Homself met die mense van hierdie wêreld verbind, word Hy deur die satan in die woestyn versoek. Uit die wyse waarop Jesus hierdie versoekinge hanteer, is dit baie duidelik watter lewenswyse Hy kies. “Jesus’ answer is a concrete alternative to those forms of the messianic temptation. His way will be an alternative to the way of the demagogue sweeping crowds along his unique power, to that of the collaborator scheming his way into the existing structures, domination” (Yoder 1985:80).

Jesus kom as profeet om God se Woord(e) en verlossing akkuraat weer te gee, dus as gestuurde van God. Daarom is Jesus se profesie ook niks anders as ‘n Goddelike Woord nie, waarin ook die ware identiteit van Jesus na vore tree. Jesus kom neem nie maar sy plek tussen die profete in nie, maar hy het unieke identiteit as Seun van God om God se Woord te spreek en God se daade te doen (Reinhartz 1989:10-12).

## **5. JESUS AS PRIESTER**

### **5.1 Priesterskap in die Ou Testament**

Die Bybel praat nêrens van ‘n priester wat geroep is om priester te wees nie, terwyl konings en profete deur God geroep of gekies is. Die tradisie vertel hoe God die stam van Levi aangewys het vir diens in die heiligdom, maar dit het geen spesifieke gawes van indiwidue van die stam vereis nie. “And yet a priest was made holy and sacred by virtue of his work” (De Vaux 1961:347).

Die werk van die priesters was die versorging van die heiligdom. Daarom is die priesters ook afgesonder vir die werk, en mag hulle nie hulself verontreinig het nie. In Israel het die volk na die heiligdom gekom om “met God te praat”, dit was dan die werk van die priester om ‘n Goddelike openbaring te gee (De Vaux 1967:349-353). Daar is ook drie tekste wat duidelik aandui dat die Torah en die onderrig die verantwoordelikheid van die priester was (Mig 3:11, Jer 18:18, Es 7:26). Die wet kom van God, maar Hy het dit aan die priesters toevertrou. Die Torah het veral gehandel oor die verhouding tussen God en mens en die priesters is erken as die interpreteerders van die wet.

Deel van die priesterskap was ook om offers te bring. De Vaux (1967:356) wys daarop dat om offers voor te berei, in die priesterlike werk eintlik laag op die prioriteitslys was, en beskryf die priesterfunksie dan as: “The priest’s role began when they had to use the blood, partly because this was the holiest part of the victim (Lv 17:11,14), but mainly because the blood had to be brought into immediate contact with the altar; similarly, it was always a priest who presented and who placed upon the altar that part of the sacrifice which belonged to God”.

Uit al die bogenoemde rolle wat die priester vervul het, is dit duidelik dat hy altyd as middelaar optree. Wanneer hy ‘n openbaring van God gee, of ‘n interpretasie of lering oor die torah, verteenwoordig hy God voor die mense. Wanneer hy ‘n offer op die altaar bring, verteenwoordig hy die mense voor God. Die Missionêre Diakonaat het ook ‘n priesterlike funksie om deur woord- en daadverkondiging God voor die mense te verteenwoordig deur sy liefde en genade bekend te maak.

## **5.2 Jesus, ‘n herinterpretasie van die priesterskap in die Ou Testament**

In die Nuwe Testament sien ons duidelik hoe Jesus hierdie rol as priester kom vervul. Op verskeie plekke in die evangelies, byvoorbeeld Matt 5-7, gee Jesus lering en interpretasies oor die wet. So vind ons op ander plekke lering oor die sabbat, ens. So gee Jesus ook lering oor die bring van offers, en poog ook telkens om die mense te leer dat Hy die volkome offer vir ons sondes is, dat Hy die Middelaar is wat versoening tussen ons en God bewerk (Heb 7:25). Hy is ook die Een wat ons vooruitgegaan het om vir ons plek voor te berei by die Vader, waar Hy ons ook verteenwoordig deur vir ons in te tree (Joh 16:27, Rom 8:34).

Die priesters, ook die Hoëpriester, moes uit die stam van Levi wees (Heb 7:12-14; 8:4). Tog weet ons dat Jesus uit die stam van Juda kom. Wanneer daar in die Hebreërbrief na Jesus verwys word as priester of Hoëpriester, dan word daarop gewys dat Hy nie uit die normale priesterorde, uit die stam van Levi kom nie. Jesus is dus nie ‘n priester in die oë van die wet nie. Jesus is hoëpriester volgens die orde van Melgisedek. Volgens die

skrywer aan die Hebreërs was Melgisedek baie groter as die Levitiese priesters, omdat Abraham (Levi se voorvader) aan hom 'n tiende van die oorlogsbuit gegee het. Dit was 'n teken dat hy belangriker was as Abraham en sy nageslag, insluitende Levi (Heb 7:1-10) (König 2001:39).

In Gen 14:18-20 lees ons dat Melgisedek die “koning van Salem en die priester van God die Allerhoogste” was. Die volgende wat ons van Melgisedek lees, is in Ps 110:4. In hierdie Messiaanse Psalm kry ons die belofte: “Jy sal altyd priester wees in die priesterorde van Melgisedek”. Die volgende wat ons van Melgisedek lees, is in die Hebreërbrief. “Melchizedek occupies a major place in the Letter to the Hebrews in that his name and his symbolism are used as a key to justify and explain the priesthood of Christ” (Tavard 1987:66).

Die naam Melgisedek word vertaal as “koning van geregtigheid” en sy koninkryk as “vrede”. Die feit dat Genesis ook niks sê oor die oorsprong of einde van Melgisedek nie, plaas hom in 'n ander klas as die ander aardse konings, omdat hulle koningskap gewoonlik oorgedra word van hul voorouers. “This is the primary point, which, in the reasoning of the author of Hebrews, ‘assimilates’ him to the Son of God” (Tavard 1987:67).

Die ooreenkoms tussen Jesus en Melgisedek is dat albei priesters is, maar nie een uit die stam van Levi nie. Hulle vorm dus hulle eie priesterorde. Hulle is dus nie priesters deur afstamming nie, maar God het hulle direk aangestel op grond van hulle innerlike kwaliteit (Heb 7:16). Jesus se priesterskap gaan dus ook nie soos die Levitiese priesterskap op 'n ander oor nie. Jesus se priesterskap is soveel meer as dié van die Leviete. God het Hom direk aangestel (Heb 5:4-5). God stel Hom onder 'n eed aan (Heb 7:20-21), en God doen dit op grond van Jesus se lewenskwaliteite en nie op grond van sy afstamming nie (vgl Nacpil 1998:214-218). “The new high priest, in contrast, remains unique, for he never dies; he is a priest for eternity. Moreover, the priests of the Old Covenant were themselves sinners, who had to suffer sacrifices in atonement for their sins before offering them for the people. The new high priest, however, is sinless” (Tavard 1987:68).

Omdat die hoëpriester 'n sondaar was, moes hy eers vir sy eie sonde geoffer het voor hy vir die volk se sondes kon offer (Heb 5:3; 7:27; 9:7). Hierteenoor het Jesus nooit nodig gehad om eers vir sy eie sonde te offer nie, want Hy het nooit sonde gehad nie (Heb 4:15; 7:26). Die offers van die hoëpriesters moes ook elke jaar herhaal word, omdat dit nie werklik versoening kon bring tussen God en mens nie. Teenoor hierdie tydelike offers van die priesters was Jesus se offer van ewige waarde vir alle mense se sonde. Christus is die eerste priester in die Bybel wat Homself geoffer het (Heb 9:12,14). Hiermee kan niks in die Ou Testament vergelyk word nie. Christus is ook die enigste en finale Middelaar tussen ons en God. “Daarom kan Hy ook die wat deur Hom na God gaan, eens en vir altyd verlos: Hy lewe vir altyd om vir hulle by God in te tree” (Heb 7:25).

### **5.3 Jesus en die hoëpriesters in die Johannes evangelie**

Kajafas se leierskap as hoëpriester staan in skerp kontras met die leierskap wat Jesus vir Homself uitstippel in die gedeelte oor die Goeie Herder (Joh 10). Kajafas, wat voorgestel word as “een” van die Sanhedrin, wil sy superioriteit aandui oor die mense wat hy lei as hy vir hulle sê: “Julle verstaan niks” (Joh 11:49). Dit was gebruik dat die hoëpriester jaarliks een dier geoffer het vir die volk (baie) se sonde. Kajafas wat bekend was met die gebruik, dra die betekenis hiervan oor as hy sê dat dit beter is as een man sterf vir die volk en die hele nasie nie verlore gaan nie. Hierteenoor dui Jesus aan dat Hy en diegene wat Hy lei 'n intieme en wedersydse kennis van mekaar het (Joh 10:14-15). Diegene wat deur Jesus gelei word, weet dat Hy die een is wat sy lewe vir hulle aflê.

Drie keer word daarna verwys dat Kajafas “daardie jaar hoëpriester was” (Joh 11:49, 51; 18:13). Hierdie herhaling wil nie net die beperktheid van Kajafas se priesterskap aandui nie, maar wil ook aandui dat hy die hoëpriester was die jaar toe Jesus gesterf het. Die woord wat hier vir jaar gebruik word ( $\epsilon\upsilon\iota\alpha\upsilon\tau\omicron\upsilon$ ) is dieselfde as wat in die Septuagint (Lev 16:34) gebruik word, waar die hoëpriester se werk rondom die jaarlikse offer beskryf word. “The triple notice that Caiaphas was high priest ‘that year’ thus also reminds the reader that it was the duty of Caiaphas to perform ‘that year’ the atonement sacrifice for the people” (Heil 1995:732).



Reeds vroeg in die Johannes evangelie word Jesus aangedui as die “Lam van God” (Joh 1:29, 36). Hierdie titel vir Jesus verbind Hom met die offergebruike van die Paasfees (Eks 12), asook van die dienskneg wat geoffer word as lam vir die sondes van die mense (Jes 52:13-53:12). “Moreover, as the good shepherd, Jesus assumes the sacrificial duty of a new kind of high priest who sacrifices not an animal, as in the Levitical tradition, but himself, the Lamb of God, for the ‘sheep’ who believe in him: ‘I am the good shepherd. The good shepherd lays down his life for the sheep’ ” (Joh 10:11)” (Heil 1995:732).

Die feit dat Kajafas dit nie van homself sê nie, maar profeteer oor Jesus se sterwe, staan in skerp kontras met Jesus se aandrag daarop dat Hy sy lewe uit sy eie aflê (Joh 10:17-18). Jesus se hoëpriesterskap kom dus na vore uit die feit dat Hy die Goeie Herder is wat sy lewe aflê, en die Lam van God, die een wat die sondes van die wêreld wegneem (Heil 1995:133). Die dood van Jesus oorskry by verre die verwagtinge van Kajafas wat die Sanhedrin adviseer dat dit beter is as Jesus sou sterf, want dan sou hulle ten minste hulle “heilige plek” (Tempel) kan behou en die Romeinse regering dit nie vernietig nie (Joh 11:48). Jesus se verlossingsdaad gaan baie verder as hierdie eng nasionalisme. Jesus het reeds aangedui dat Hy ook ander skape het wat nie aan hierdie kraal behoort nie, en hulle moet ook gelei word. “Hulle sal na my stem luister, en hulle sal een kudde wees met een herder” (Joh 10:16).

Waar Kajafas Jesus wil offer vir die Jode, kom offer Jesus Homself vir die Jode en nie-Jode, en gee aan hulle die ewige lewe, sodat hulle nie verlore sal gaan nie. Kajafas profeteer onwetend dat Jesus nie net vir die Jode sou sterf nie, maar ook om die kinders van God oor die hele aarde tot een volk bymekaar te bring (Joh 11:51-52). Waar Kajafas bereid is om vir Jesus te offer ter wille van die volk, het Jesus nie een van dié wat God aan Hom toevertrou het, laat verlore gaan nie (Joh 18:9). Jesus se uniekheid as Hoëpriester blyk verder uit die feit dat daar na beide Annas en Kajafas as hoëpriester verwys word. Hierdie verwarring bevestig die uniekheid van Jesus as die “een man” vir die mense (Joh 18:14).

## 6. JESUS AS MODEL VIR DIE MISSIONÊRE DIAKONAAAT

Jesus word in die Bybel as model voorgedhou van die *missio Dei*, Joh 17:18 “Soos U My na die wêreld toe gestuur het, het Ek hulle ook na die wêreld toe gestuur”. Ook Joh 20:21 bevestig “Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook”. Wanneer die dissipels later stry oor wie die belangrikste is, dan antwoord Jesus dat dit die een is wat dien (Luk 22:24-27). En nadat Jesus die dissipels se voete gewas het, hou Hy dit voor as iets wat hulle ook moet doen (Joh 13:14-17). In sy studie oor die onderwerp maak Fernando (2001b:210) die volgende gevolgtrekking: “When we think of Jesus as the missionary model, therefore, the main themes that should come to mind, on the one hand are meekness, humility, servanthood, and forgiving others, and on the other hand, suffering and deprivation”.

Die motivering vir die Missionêre Diakonaat kom uit die verstaan van Jesus as Here. Ons is gestuurdes met sy gesag (Matt 28:18). Om diensknegte van die Here Jesus te wees, moet ons die vreugde, outoriteit en sekuriteit ken om kinders van God te wees. Juis hierin lê die krag van die Missionêre Diakonaat, nie in wat gedoen word nie, maar in die Een in wie se Naam dit gedoen word (vgl Fernando 2001b:217).

## HOOFSTUK 7

### DIE HEILIGE GEES AS BEMAGTIGER VAN MISSIONÊRE DIAKONAAT

#### 1. INLEIDING

Dit wat ons glo van die Heilige Gees en waaroor hierdie hoofstuk in wese gaan, word die beste saamgevat in die geloofsbelydenis van Nicea. Hierdie belydenis gee ook die verhouding binne die Drie-eenheid duidelik weer.

Ons glo in een God, die almagtige Vader,  
Die Skepper van hemel en aarde,  
En van alle sienlike en onsienlike dinge.

En in een Here, Jesus Christus,  
Die eniggebore Seun van God,  
Gebore uit die Vader voor alle eeue;  
Lig uit Lig, waaragtige God uit waaragtige God  
Gebore, nie gemaak nie,  
Van dieselfde wese met die Vader;  
Deur wie alle dinge gemaak is;  
Wat ter wille van ons , mense, en ons saligheid  
Neergekom het uit die hemel,  
*Vlees geword het uit die Heilige Gees en die maagd Maria*  
En mens geword het, wat vir ons gekruisig is onder Pontius Pilatus,  
gely het en begrawe is;  
En op die derde dag opgestaan het volgens die Skrifte;  
Opgevaar het na die hemel,  
En sit aan die regterhand van die Vader;  
Wat weer sal kom met heerlikheid

om te oordeel die lewende en die dode,  
wie se ryk geen einde sal hê nie.

*En in die Heilige Gees,  
wat Here is en lewend maak,  
wat van die Vader (en die Seun) uitgaan,  
wat saam met die Vader en die Seun  
aanbid en verheerlik word,  
wat gespreek het deur die profete.*

In een heilige, algemene en apostoliese kerk.  
Ons bely een doop tot vergifnis van sondes.  
Ons verwag die opstanding van die dode,  
En die lewe van die toekomstige eeu.  
Amen (Smit 2001:9).

Die Heilige Gees is van die begin van die skepping af betrokke saam met die Vader en die Seun. Die Heilige Gees is ook die Een wat die “lewe” skenk aan die Here Jesus Christus. Die Heilige Gees was die oorsprong van die bestaan van Jesus Christus in die wêreld van die mens, Matt 1:18: “Die swangerskap het van die Heilige Gees gekom”. Die Seun was *conceptus de Spiritu Sancto*, ontvang van die Heilige Gees. In dié sin is die Heilige Gees die oorsprong van die apostolaat wat die Seun verkondig, asook van die nuwe gemeenskap wat tot stand gekom het (Barth 1963:54). Heyns (1978:191-192) wys daarop dat Jesus se ganse lewe van begin tot einde onder leiding van die Gees staan. Maar die Gees is ook volledig in diens van Christus en die Vader (Dubose 1983:66) wat Hom stuur om Sy - Christus - se werk op aarde te kom voortsit. Die Gees het geen eie boodskap nie (Joh 16:13b-14). Wanneer ons dan bely dat die Gees die Heer en lewendmaker is, kan ons ook net ons lewe vanuit hierdie gesigspunt verstaan.

As Christians and religious today, we can interpret and understand our lives in the present times only if, together with the christological foundations of our way of life ..., we emphasise the pneumatological aspects of ecclesiology and the theology of the *vita consecrata* [consecrated life]. The “Spirit” is the living reality

of God in us, the source from which we drink, the light that illumines our path and leads us into the perfect truth of our life, our history, and our God (Schaluck 2000:39).

Wanneer ons egter die Drie-eenheid so onderskei, moet ons altyd weet dat hoewel hulle onderskei word, kan hulle nooit geskei word nie. Vos (1984:4-5) wys dan heeltemal tereg daarop dat rondom die Vader, die Seun en die Heilige Gees dit steeds gaan om die een ryk van God. Dit wil sê dat daar altyd 'n Paterologiese, Christologiese en Pneumatologiese inspeling op die een ryk van God is. Die aard van die relasie tussen die Drie-eenheid in hierdie een ryk is 'n liefdesrelasie (Vos 1984:16).

Hoekom is die Pneumatologie belangrik? Sonder 'n gesonde Pneumatologie bly die heil van God *extra nos*. Die verwaarlosing van die Christologie het weer tot gevolg dat die heil 'n prestasie van die vrome mens word. En beide is lewensgevaarlik! In die politieke teologie word die heil vertaal in (ont-)blote aardse heil wat in rewolusies ontaard om die maatskaplike geaardheid radikaal te verander. Die vraag na die Pneumatologie is teologies boeiend en onontwykbaar (Vos 1984:10).

## 2. DIE GEES IN DIE OU TESTAMENT

Die Bybelse terme wat gebruik word vir gees is *ruah* (in die Ou Testament) of *pneuma* (in die Nuwe Testament). Beide terme beteken “moved and moving air; they mean breath, wind, probably also storm, and in this sense, spirit” (Barth 1963:53).

Die herskeppende handeling van Jahwe deur sy *ruah* is nie “a pie in the skie when you die” nie. God se handeling gryp in die ekstensie van sy volk in (Vos 1984:95-101). In die ou Testament word daar oor die Gees gepraat in verskillende kontekste, in die verhaal van Israel in verhouding tot die toekoms (Joël 2:28-32; Jes 11:1-2; 42:1; 61:1-2), en in verhouding met die skepping. Veral in die Psalms en Job word die Gees beskryf as skeppende krag in die wêreld (Ps 33:6; 104:29-30; Job 26:12-13; 34:14-15). In hierdie gedeeltes word meestal na die Gees verwys as asem van God wat lewe gee (Shenk

1993:122-124). Die Gees is dan ook in die “asem van God” wat nuwe lewe skep deur die Missionêre Diakonaat. In die Missionêre Diakonaat kan dit dus nooit om “projekte” gaan ter wille van mense nie, maar dit is die werk van die Heilige Gees wat nuut en skeppend werk in hierdie wêreld. Missionêre Diakonaat word gedoen onder leiding van en in gehoorsaamheid aan die Gees.

God gee ook sy *ruah* aan die ganse volk, alle mense sonder inagneming van leeftyd, geslag of sosiale status (Joël 2:28-29). Die profeet Joël sluit by die geykte tradisie van die ekstatiëse profete aan wat “profeteer, drome droom en gesigte sien”, maar die profesie verkry heilsverbreding en verdieping. Want die “charismata” is nie toegewys aan ‘n uitverkorene soos die profeet of die koning nie, maar die hele volk is gevolmagtigde openbaringsmiddelaars. Die versugting van Num 11:29: “Ek sou wou wens dat die hele volk van die Here profete was, en dat Hy sy Gees op almal mag lê”, word in hierdie heilsvoorsegging ‘n uitsig (Vos 1984:100). Deur die krag en die toerusting van die Heilige Gees is die Missionêre Diakonaat nie die bediening van ‘n paar enkelinge nie, maar dit is die werk van die ganse kerk.

Die *ruah* se handeling ten opsigte van die volk is herskeppende handeling. Die herskeppende handeling staan binne die kader van die volk se ontrou aan God. Dit bring mee dat die *ruah* ‘n hartgrondige lewensherskepping vir die volk bewerk. Hierdie lewegewende werk van die Heilige Gees word in die Bybel heel dikwels sigbaar in die besondere kragdade van God, naamlik die vermoë, die mag en die krag van God om iets te skep uit niks; om kinders te verwek waar alles daarteen spreek, geboorte te gee waar dit menslik onmoontlik is; om lewe te gee waar dood heers (Smit 2001:15). Die lewe skeppende krag van die *ruah* gee hoop vir die hooplose volk in ‘n ballingskap situasie (Es. 37). Die Missionêre Diakonaat staan onder leiding van die Heilige Gees, dus nie oorweldig en hooploos voor die nood van die wêreld nie, maar as kanaal van die lewe skeppende krag van die Heilige Gees bring dit Hoop.

Die lig van die herskeppende werking van die *ruah* Jahwe skitter nie slegs op God se volk nie, maar ook aards op sy skepping. Dit is eksistensieel van aard, en het ‘n kosmiese

wyde. Daarom is die herlewing van die skepping 'n voorteken van die herskeppingsgebeure waardeur die *ruah* nuwe lewenskrag aan die volk sal gee. Die *ruah* as Jahwe se skeppende mag, het die kosmos geskep en sal daarom ook leweskeppend werk. Die woestyn sal 'n ruimte word waar mense in reg en vrede sal leef. Die paradys sal uiteindelik 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde word (vgl Jes 66:22 ) (Vos 1984:104).

Die *ruah* handel nie los of sonder Jahwe nie. Hieruit kan ons aflei dat die *ruah* Jahwe in aksie is. Daarom kan met reg gepraat word van die *ruah* as manifestasie van Jahwe se teenwoordigheid (Vos 1984:105-106).

### 3. DIE HEILIGE GEES IN DIE NUWE TESTAMENT

Van die begin van die Nuwe Testament af is Christus, deur konsepsie, woorde en werke ten nouste verbind aan die krag van die Gees. Hy word deur die Heilige Gees verwek. Die Gees is die Skepper van Jesus se menslike syn. “Die passiefvorm van die werkwoord *egenethe* (Matt 1:16) dui op die Pneumatiese handeling in die konsepsie” (Vos 1984:144).

Hy word gesalf met die Heilige Gees by sy doop. Wanneer Jesus na sy doop uit die water opkom, daal die Heilige Gees vanuit die hemel op Hom neer om Hom “verder” toe te rus vir sy bediening. Vol van die Heilige Gees (Luk 4:1) word Jesus die woestyn ingelei. Dit is juis die feit dat Hy vol van die Heilige Gees is en deur die Gees gelei word, dat die versoekings van die begin af tot mislukking gedoem is. Sy hele bediening staan in die krag van die Heilige Gees (Luk 4:14, 18, Matt 12:18). “Die beweging van die Gees wys daarop dat Jesus geheel en al onder die aandrang van die Gees verkeer. Die handeling van die Gees met Jesus (Mark 1:12) het 'n sterk binding aan die dinamiese kragwerking van die *ruah* in veral die optrede van die rigters. Die kragwerking van die *ruah* in die Ou Testament word nou deur die Gees ontplooi. Hy dra die gekome Messias deur sy taak” (Vos 1984:153).

Jesus se hele optrede wys dat Hy die Gees as Gawe ontvang het. Hy bereik die doel om die heerskappy van God te realiseer langs die weg van helende, helpende, selflose liefde (Vos 1984:159). In die lig hiervan is dit interessant dat die evangelies glad nie in die tyd van Jesus se aardse bediening enige iets sê oor die Heilige Gees se verhouding met die dissipels nie. Dit is Johannes wat ons aandag op die verhouding vestig. Wanneer dit vervul word in die kruisiging en die opstanding kan die dissipels "... enter into the new anointing of the Spirit through their identification with the risen Jesus" (Newbiggin 1995:57).

Wanneer Jesus die dissipels in Joh. 20:21-22 uitstuur, blaas Hy oor hulle met die woorde: "Ontvang die Heilige Gees". Dieselfde Gees wat Jesus as gawe ontvang het, en wat die heerskappy van God laat realiseer het langs die weg van helende, helpende, selflose liefde, is die Gees wat Jesus aan die dissipels gee en wat in die gelowiges werk (Ef 1:19). Die bediening van die kerk, ook die Missionêre Diakonaat, word gedra deur die werking en die krag van die Heilige Gees. Dit is die Heilige Gees wat die nuwe lewensmoontlikheid skep en dit bevestig, daar word alleen van die kerk verwag om in gehoorsaamheid en afhanklikheid van die Heilige Gees te leef.

Jesus word, op grond van sy opstanding uit die dood, deur die Heilige Gees aangewys as die Seun van God wat met mag bekleed is (Rom 1:4). In 1 Tim 3:16b word Christus na sy opstanding deur die Gees "geregverdig". Hier val die klem daarop dat die Heilige Gees die bevestiging gee dat Jesus Christus die Messias is. Laastens is dit die leweskeppende werk van die Gees wat in 1 Pet 3:18 op die voorgrond tree. Die leweskeppende werk staan teenoor die dood wat Christus getref het. Die Gees verklaar: Christus is die God van die lewe (vgl Vos 1984:166-175).

Die gelykvormigheid aan Christus se diens word by ons alleen bewerk deur die krag van die Heilige Gees. Deur die Gees het Christus geleer om van Homself af te sien en die offerweg te gaan (Heb 9:14). Die Gees leer ons ook om op die weg van diens te gaan. Met die krag van Christus oorwin Hy in ons die selfsug en die eie ek. Hy open ons oë om die nood raak te sien, en beweeg ons hart om ons gawes en ons lewe met noodlydendes te



deel. Wat God in die opsig in sy wette aan Israel leer, kry deur die Gees gestalte in die lewe van die gemeente. Hand 2 en 4 staan nie as 'n model wat ons moet kopiëer nie maar as 'n belofte. “Diakonaat is pneumatologies: in de kracht van de Geest” (Koole 1991:46).

But our Christian discipleship, personally and in the *communio* of our Church and individual institutes, is not merely reproduction: our life is not a backwards-oriented *sequela* but a “life in the Spirit”; it is a “spiritual life” that makes the *sequela* fruitful for today and helps prepare for tomorrow, i.e., it is always creative. Religious life is only genuine if it is lived out of remembrance and if its *memoria* is more than an intellectual process ... In this perspective, the ultimate goal of Christian life is not simply discipleship, but a total permeation and shaping by the Spirit, which is always the Spirit of the Father, i.e., the continuing creator of the world and the cosmos. ... But spiritual life is still nothing other than being highly sensitive to the presence of God’s Spirit in us and in all culture, while at the same time working to counter some worldly spirits and all false gods (Schaluck 2000:40).

Dit is die Heilige Gees wat vir Christus in verhouding met God die Vader plaas – deur konsepsie, en in verhouding met die skepping en skepsels – deur die kruis en die opstanding. Die aard van die verhoudings waartoe die Gees Christus lei is diensverhoudings. Christus lewe in ‘n diensverhouding van gehoorsaamheid aan die Vader sodat Hy (die Vader) geëer kan word. Netso plaas die Heilige Gees vir Christus in ‘n diensverhouding tot die skepping en skepsels sodat ons gered kan word (Mark 10:45). Hieruit kan ons sekerlik aflei dat die Gees ook hierdie diensverhoudings in ons lewens sal werk. Die Heilige Gees bou verhoudings en verbind ons aan Christus en aan mekaar, soos duidelik blyk uit Hand 2. Wanneer die Gees uitgestort word, is daar ruimte vir die Here Jesus. Hierdie verbondenheid met Christus en met mekaar, deur die geloof, is geen abstrakte saak nie, maar kom konkreet tot openbaring in die “goedere gemeenskap” van die gemeente in Hand 2 & 4. Die gemeenskap is ‘n delende gemeenskap (Noordegraaf 1991:51).

## **4. DIE WERK VAN DIE HEILIGE GEES**

### **4.1 Inleiding**

Die werk van die Heilige Gees bestaan baie duidelik uit twee aspekte, alhoewel dogmatici dit in verskillende terme beskryf. Heyns (1978:296-301) gebruik die terme die kosmologiese werk van die Gees, as voortsetting van die werk van die Vader, en die soteriologiese aspek van die werk van die Gees, as voortsetting van die werk van die Seun. Ons mag nie hierdie twee aspekte in 'n dualistiese sin verstaan nie, aangesien dit Een Gees is, is die werk ook een. Jonker omskryf die werk van die Heilige Gees met die terme algemene en besondere werk van die Gees. Onder die besondere werk van die Gees verstaan hy dan alles wat te make het met die totstandkoming van die ware kennis van God, die verlossing van sonde deur die geloof in Christus en die ontvangs van die ewige lewe (Dordtse Leerreëls 111/1V, 16-17). Hoewel Jonker die kosmiese werk van die Gees as sy algemene werk aandui, hou hy tereg daaraan vas dat die algemene genade 'n uitvloeisel van Christus se heilswerk is (vgl Vos 1984:36).

### **4.2 Die rol van die Heilige Gees in die Missionêre Diakonaat**

Die rol van die Heilige Gees in die Missionêre Diakonaat verskil nie van die rol wat die Gees in die Kerk speel nie, dit is tog een en dieselfde Gees. As ons na die boek Handelingte kyk, dan is dit duidelik dat God se Gees, spesifiek 'n sending-Gees is wat alle grense oorsteek en mense in verhouding plaas met God. Kuitse (1993:107-109) wys daarop dat die Heilige Gees opnuut weer ontdek word in die kerk (vgl Van der Spuy 1996). Kuitse grond die stelling op die ontstaan en die ontwikkeling van die Pinksterbeweging aan die begin van die eeu, die invloed wat die beweging gehad het op die Rooms Katolieke, Protestantse en regdeur tot op die Charismatiese kerke. Verder wys hy op die Pinksterbeweging se sending as werk van die Gees, en dat die meeste mense wat aan die Pinkster-kerke behoort, gevind word in die sogenaamde twee-derde wêreld, spesifiek Latyns-Amerika en Afrika. Dit is opmerklik dat dit ook hier is waar die Christendom die vinnigste groei.

McQuilkin (1997:22-31) wys op die volgende aktiwiteite van die Heilige Gees in die sending:

- Die Heilige Gees gee die Boodskap (2 Tim 3:16).

Die lewe, werk, dood en opstanding van Christus is *euangelion*, goeie nuus. Dit is die Heilige Gees wat die goeie nuus deur middel van sending verkondig. Dit is die Heilige Gees wat grense van taal, kultuur, ras en land oorsteek om die evangelie by mense te bring. Lukas fokus veral hierop as hy die dissipels se teleurgesteldheid en onsekerheid na Jesus se sterwe en opstanding beklemtoon. Die dissipels word nie as geloofshelde geteken nie, maar as swak kwesbare persone wat nie volgens hulle geloof optree in krisis oomblikke nie. Daarmee is dit duidelik dat sending nie 'n menslike aktiwiteit alleen is nie. Net na die dissipels aangestel is, is die eerste ding wat hulle moes doen om te wag vir die "gawe van die Vader", "die krag van bo" (Luk 24:49).

- Die Heilige Gees skep die metode: die Kerk (vgl Hand).

Pinkster was oorspronklik 'n oesfees, die fees van die weke (Eks 23:16; 34:22), die fees van die eerste vrugte. Die koms van die Gees is die begin van die oes, die vergadering van mense in 'n nuwe gemeenskap, die kerk. So word die Gees ook die "Eersteling" genoem (Rom 8:23). Die eersteling van die oes, wat aan die Here geoffer is, was deel van die oes en verteenwoordigend van die hele oes. Wanneer daar nou van die Gees gepraat word as "Eersteling" dui dit nie op nog 'n Gees wat moet kom nie, maar in die eerste plek op die realiteit van die verlossing wat alreeds in Hom gekom het. As "Eersteling" is Hy ook die waarborg van die volkome verlossing (Heyns 1978:292-294).

- Die Heilige Gees is die inisieerder van sending ondernemings.

Nadat Jesus opgevaar het na die hemel, moes die dissipels wag op die Heilige Gees. Sending begin deur te wag op die Heilige Gees, en dit laat geen ruimte vir menslike triomf nie. Handeling begin met die vervulling van die belofte van die Gees in Lukas 24. Hand 1: 11 "Gallileërs, waarom staan julle so na die hemel en kyk?..." Die Gees wil ons nie uit hierdie wêreld uit wegneem nie, maar wil ons juis help om op die nood in hierdie wêreld te fokus (Joh 17:15). "The Great commission, as recorded by Luke in Acts 1:8, directly relates the work of worldwide witness to the promised coming of the Holy

Spirit...in John 20:21-22 the sending is clearly linked with the reception of the Holy Spirit” (Hedlund 1991:191).

- Die Heilige Gees roep die boodskappers (vgl Hand 13).

Die Gees roep en lei die kerk. Die kerk in Jerusalem wou byvoorbeeld nie die evangelie verkondig aan "Judea en Samaria en tot aan die uithoeke van die aarde" nie (Hand 1:8). "Pentecost in that sense was prophetic of the entire missionary age of the church. The worldwide missionary spread of the gospel began from Pentecost. ... From Pentecost onward the church became obedient to the Great Commission. There is no evidence that the disciples attempted to carry out the Commission prior to Pentecost" (Hedlund 1991:195).

So gebruik die Heilige Gees die vervolging van die Christene in Jerusalem om die evangelie in Samaria (Hand 8:4-8) en Antiogië (Hand 11:19-25) te bring. In Hand 8:29 lees ons dat die Gees Filippus na die hofman van Etiopië stuur. Dit is die Heilige Gees wat in Hand 13:2 vir Paulus en Barnabas afsonder vir die werk onder die heidene. In Hand 16:6 lees ons dat Paulus sy planne moet verander, want die Heilige Gees lei hom na Europa. Voorwaar, waar die Heilige Gees werk, daar begin die kerk beweeg, Hy neem die inisiatief (Kuitse 1993:112-117).

- Die Heilige Gees bemagtig die boodskappers.

Dit is ook die Gees wat aan die kerk besondere gawes, charismata, in die vorm van persone en sekere vermoëns gee: apostels, profete, evangeliste, herders, leraars (Ef 4:11); maar ook wysheid, kennis, geloof (1 Kor 12:8); openbaring, profesie, lering, regering, diens, liefde (1 Kor 14:6, 12:28; 1 Kor 13). Die doel van die gawes is: die eer van God, die stigting van die gemeente, eie stigting, en as 'n boodskap vir die ongelowiges (Ef 4:11; 1 Kor 14:5, 22).

- Die Heilige Gees bevestig die Boodskap deur wondertekens (vgl Mark 16:20).

Pentecost inaugurated the church's missionary movement. The speaking in tongues was a sign of the worldwide proclamation of the gospel to every tribe,

tongue, and people. Whatever other “signs following”, there must be this sign: the proclamation of the gospel among populations not knowing God in Christ (Hedlund 1991:198).

- Die Heilige Gees oortuig van sonde.

Die Gees oortuig die wêreld en die kerk van sonde, geregtigheid en oordeel (Joh 16:8) (Heyns 1978:291-302).

Mission is not just church extension. It is something more costly and more revolutionary. It is the action of the Holy Spirit, who in his sovereign freedom both convicts the world (John 16:8-11) and leads the church toward the fullness of the truth that it has not yet grasped (John 16:12-15). Mission is not essentially an action by which the church puts forth its own power and wisdom to conquer the world around it; it is, rather, an action of God, putting forth the power of his Spirit to bring the universal work of Christ for the salvation of the world nearer to its completion (Newbigin 1991:60).

- Die Heilige Gees herskep sondaars.

“Mission is not something that the church does; it is something that is done by the Spirit, who is himself the witness, who changes both the world and the church, who always goes before the church in its missionary journey” (Newbigin 1995:56). Die kerk is die vrug van die werk van die Heilige Gees, naamlik die nuwe gemeenskap wat in 'n nuwe verhouding met mekaar staan (Amaladoss 2000:15). Daar is maar een liggaam en Een Gees (Ef 4:4). Dit maak die kerk 'n gemeenskap wat nie geïdentifiseer kan word met enige ander gemeenskap nie. Sosiologies kan die gemeenskap ook nie verklaar word nie. Die kerk is beide die vrug van die sending van die Gees, maar ook die instrument van die sending van die Gees. Want sending is nie net aktiwiteite nie, maar dit is ook om te wees. Hierdie nuwe identiteit trek mense (Hand 2:43-47) (Kuitse 1993:117-121).

‘n Ander kenmerk van die werk van die Heilige Gees wat van belang is vir die studie, en waarna nie verwys is nie, is dat met die koms van die Heilige Gees ook ‘n nuwe dimensie aan die *diakonia* van die kerk gegee is. Met die koms van die Gees op Pinksterdag het die

barmhartigheidsdiens ook 'n duideliker omlýning gekry. In die gemeente werk die Gees koinoniale binding, die Gees wek 'n koinoniale verpligting en die Gees skenk die koinoniale leiding (De Klerk 1976:14-19). As ons die voorafgaande gedeelte oor die sending en die Heilige Gees saam lees met die barmhartigheidsdiens en die Heilige Gees, dan is dit opvallend dat wat barmhartigheid of diakonaat aanbetref, ons net praat in terme van die gemeente. Dit is natuurlik so dat die diakonaat op 'n besondere manier op die gemeente gerig is, daar waar reeds 'n koinonia bestaan. Maar dit is veral, wat die Missionêre Diakonaat aanbetref, belangrik dat ons duidelik sal toon dat die Gees ook vir die gemeente 'n gerigtheid gee op die wêreld. Ons aanvaar dat sending *Missio Dei* is, en ons aanvaar dat Jesus gekom het om te soek en te red die wat verlore is (Luk 19:10), en dat Hy nie gekom het om gedien te word nie, maar te dien. As ons verder aanvaar dat die Gees uitgaan van die Vader en van die Seun (Heyns 1978:291), en meer nog, dat die Gees geen eie boodskap het nie (Joh 16:13-15), dan is dit logies dat die Gees ook 'n gerigtheid op die wêreld gee, soos duidelik blyk uit Handeling. Dit is in die herskepping van die mens deur die daad van wedergeboorte, wat die besondere werk van die Gees is, dat ons na buite gerig word.

Berkhof dui aan dat die Heilige Gees ook meer is as 'n bemiddelende mag,

... de keerzijde van Christus' werk. Hy wys dan die "meer" aan as: Hij schiept een eigen wereld, een wereld van bekering, bevinding, heiliging; van tongen, profetieën, wonderen; van zending; van het opbouwen en leiden der kerk. Hij wijst ambtsdragers aan; hij organiseert; hij verlicht, inspireert en steunt. Hij doet voorbede voor de heiligen en help hen in hun zwakheid. Hij onderzoekt alles, zelfs de diepten van God; hij leidt in alle waarheid; hij schenkt tal van gaven; hij overtuigt de wereld; hij verkondigt de dingen die komen zullen (Berkhof 1965:24).

'n Besondere belangrike eienskap van die werking van die Gees is die feit dat die Heilige Gees ons bystaan in ons gebede (Rom 8:26), en dat Hy ons gebede aanneemlik maak vir God die Vader. Daar is reeds vroeër daarna verwys dat die Missionêre Diakonaat nie kan geskied sonder hierdie wesenlike aspek nie.

Daar was al baie vrae oor waar hoort sending nou eintlik tuis.

Should it be part of Christology, ecclesiology, or eschatology? More and more in our day, mission is related to pneumatology. This is a result of the rediscovery of the Holy Spirit in church and theology. The pneumatological perspective on mission also does justice to the other three aspects: the Spirit is the Spirit of Christ (Rom 8:9), the Spirit creates the church (2 Cor 13:13), and the Spirit gathers the first fruits of the harvest (Rom 8:23) (Kuitse 1993:109).

Dit is duidelik dat die bediening van die kerk, ook die Missionêre Diakonaat, nooit losgemaak kan word van die pneumatologie nie. Want dit is die Gees wat in ons die nuwe lewe skep om ons lewens na buite te fokus. Dit is die Gees wat ons rig om met verwagting te leef, dat die volkome verlossing, wat ook 'n omvattende verlossing is, elke nuwe dag in die toekoms meer en meer waar sal word. Die Gees laat ons egter nie aan die werklikheid waarin ons leef, ontsnap nie. Byvoorbeeld, wanneer ons die kosmiese werk van die Gees verstaan as sy algemene werk, kan vanuit die Ou Testament aandag gegee word daaraan dat die *ruah* 'n mens toerus, dat hy met vaardigheid, insig en verstand enige werk kan verrig (Eks 35:31-33) en ook ander kan oplei om dit te doen. Hierdie is veral 'n belangrike punt vir die Missionêre Diakonaat, waar dikwels gekyk word na sake soos werkskepping of ontwikkeling, wat baie mense voel nie op die terrein van die sending of die kerk hoort nie. Dit lê juis op hierdie terrein, omdat dit die Heilige Gees is wat ons toerus en bekwaam maak, nie net om sekere werke te kan doen nie, maar ook om ander op te lei.

Netso vind ons in die Nuwe Testament dat die Gees ons nie losmaak van hierdie lewe nie, maar ons juis toerus om in hierdie lewe 'n verskil te maak en ons 'n beter toekoms te waarborg. Wanneer die dissipels vra of dit nou die tyd is dat die Koninkryk weer opgerig gaan word (Hand 1:6), dan sluit die antwoord beide 'n belofte en 'n waarskuwing in. Die waarskuwing is dat God nie gedwing kan word nie, Hy is eiemagtig (Hand 1:7). Die belofte is dat die dissipels nie dadelik die Koninkryk in sy volheid sal ontvang nie, maar die waarborg van die Koninkryk naamlik die teenwoordigheid van die Gees (Hand 1:8, 2 Kor 1:22, Ef 1:14). Die woord wat in die laaste twee gedeeltes gebruik word, is *arrabon*.

Dit is 'n kommersiële woord wat gebruik word om 'n kontant deposito aan te dui as belofte vir die volle vereffening van die rekening. “The disciples are not promised the full victory of God's kingdom now; they are promised immediately the *arrabon* - the advance installment that will make them the living evidences of the reality that is promised” (Newbigin 1995:58).

Verder is dit duidelik uit die verhaal van Petrus en Cornelius dat sending nie net die wêreld verander nie, maar ook die kerk. Dit is die een Gees wat aan ons verskillende bedieninge gee; Hy is gerig op die een wêreld – al is ons geografies verdeeld; gerig op die een mensdom – al is ons demografies verdeeld; tot eer van die een God –Vader, Seun en Gees. Hierdie bedieninge is nie maar ‘n paar los dade nie, maar is ‘n diens wat vanuit die herskepte lewe van die gelowige voortkom.

Als diakonaat geshiedt in de kracht van de Geest - die Gods liefde in Christus in ons doet wonen - zal ons offer ook niet alleen bestaan in gaven die losstaan van onszelf. Onze gaven dragen alleen het merk van Christus als we daarbij (naar de mate waarin ons dat mogelijk is) ook onszelf wille geven en de ontmoeting met de ander zoeken. Anders zouden we kunnen vallen onder het oordeel van 1 Corinthe 13:3 (Koole 1991:46).

Die Heilige Gees rig ons op die toekoms, en wanneer oor die Heilige Gees as eskatologiese gawe gepraat word, kan dit alleen gedoen word vanuit die pinkster gebeurde. Pinksterdag is die teken dat die Heilige Gees dinamies-eskatologies werksaam is, met die oog op die voltooiing van die kosmiese herskeppingsgebeure. Dit is die vervulling van God se belofte. Iets hiervan word gesien met die spreek in tale op pinksterdag (Hand 2), wat ‘n opheffing is van die verdeling wat by Babel plaasgevind het (Gen 11). In Christus is die heil eenmalig en effektief bewerk, maar die Heilige Gees is aan die werk om die heil voluit tot in sy volheid te voer. Dit is juis die inwoning van die Gees in die gelowiges en die syn van Christus in die gelowiges wat die nuwe skepping ‘n werklikheid maak, die nuwe eskatologiese werklikheid. Daarom word die uitdrukkinge “die Gees van God woon in julle” (Rom 8:9) en “Christus (is) in julle” (Rom 8:10) as parallelle begrippe gebruik. Die Heilige Gees bemagtig ons nie alleen deur aan ons gawes te gee nie, Hy maak ons





ook heilig sodat die Missionêre Diakonaat niks anders as 'n stuk *missio Dei* kan en sal wees nie.

## **DEEL 4:**

### **‘N EKKLESIOLOGIES - ESKATOLOGIESE BEGRONDING VAN DIE MISSIONÊRE DIAKONAAT**

In hierdie gedeelte van die studie val die klem baie sterk op die ekklesiologie. Die gedeelte val dan uiteen in twee hoofstukke.

#### **Hoofstuk 8.**

In die hoofstuk word daar ekklesiologies aandag gegee aan die missionêre diakonaat vanuit die hoek van die Koninkryk, die verbond en die eskatologie. Die Missionêre Diakonaat:

- rig tekens op van die Koninkryk en vergestalt dit,
- spruit voort uit die verbondsverhouding,
- bring hoop en Hoop van eskatologiese waarde.

#### **Hoofstuk 9.**

Hierdie hoofstuk handel baie meer spesifiek oor die ekklesiologie. Hier word baie spesifiek gekyk na die identiteit, die roeping en die eenheid van die kerk. Indien hierdie drie sake stewig Bybels begrond word, is die Missionêre Diakonaat byna vanselfsprekend.

## HOOFSTUK 8

### **MISSIONÊRE DIAKONAAT: VERGESTALTING VAN DIE KONINKRYK; VOORTSPRUITEND UIT DIE VERBOND; EN ESKATOLOGIESE HOOP**

#### **1. INLEIDING**

Die sakramente, doop en nagmaal, word meer as ooit as koninkrykshandeling verstaan, saam met die Woord van God gegee, om as heilsmiddele te dien waardeur die kerk na binne opgebou word vir sy getuienis na buite. By die doop val die klem op die eenmalige deel word van en ingang in die gemeenskap met Christus en die gelowiges, terwyl die nagmaal die klem laat val op die voortgang of die versterking van die gemeenskap met Christus en die medegelowiges (Du Preez 1986:102). Om so deel te hê aan die gemeenskap van Christus (1 Kor 10:16) in die nagmaal, beteken om deel te hê aan sy sending in die wêreld. “Die nagmaalstafel dien as voedingsbodem vir die sending; dit is die plek waar kerk en wêreld mekaar in die teenwoordigheid van Christus ontmoet en van waar Christene uitgestuur word om in liefde te dien” (Du Preez 1986:103). Hierdie diens in liefde vind plaas teen die agtergrond van die Koninkryk, maar ook tot stigting van die Koninkryk.

#### **2. DIE KONINKRYK AS BASIS VIR DIE MISSIONÊRE DIAKONAAT**

Dit is baie moeilik om die Koninkryk te omskryf sonder om dit simplisties te doen, aangesien die Koninkryk altyd daar was, en gekom het, en ook nog volledig sal kom. Die Koninkryk is van ewigheid tot ewigheid, en tog speel klein nietige mense ‘n geweldige rol in die Koninkryk. Die Koninkryk is iets wat is en wat kom en wel tot mense – maar dis ook iets waartoe mense kom en ingaan. Terselfdertyd is die Koninkryk ook ‘n plek of ‘n “sfeer”. Die Koninkryk kom naby mense, en mense kom ook naby die Koninkryk. Dit kom van God, van Jesus, maar mense is ook betrokke. Dit moet deur mense gesoek word,

dit word deur hulle verwag, maar dit moet deur mense ontvang word, of geweier word. Die Koninkryk word aan mense gegee en van mense weggeneem, dit word aan en deur mense verkondig, dit word vir en deur mense gesluit, dit word vir en oor mense opgerig. Hieruit blyk duidelik die veel-kleurigheid van die Koninkryksbegrip (Van der Walt 1962:32-33).

Jesus bring die Koninkryk naby, Hy is die Koninkryk, Hy is die Ewige Lewe (Joh 17:1-3). Tog realiseer die Koninkryk eers in die uitstorting van die Heilige Gees op Pinkster. Dit is die Heilige Gees wat die heerskappy, die koningskap van Christus op aarde uitoefen (Floor 1981:44). Wanneer daar oor die Koninkryk nagedink word, gaan dit in wese oor niks anders as die Koning van die Koninkryk nie, nl die Drie-enige God. Daar is in die voorafgaande hoofstukke daarop gewys dat die Drie-enige God, Vader, Seun en Gees in genade en liefde handel met die skepping en die skepsels. Hierdie *visio Dei* op die wêreld – die Koning se visie – kom juis in die nagmaal na vore en is noodsaaklik en bevrydend vir die bediening van die Evangelie aan die mense in die wêreld van die Koning. “The kingdom that Jesus proclaimed and made present is both the context and the goal, not only of our lives, but also of history. The mystery of creation is God wishing to share God’s life with us. That life is a gift of unconditional love” (Amaladoss 2000:15).

Wanneer die vraag dan gevra word hoe ons deel van die Koninkryk word, dan moet ons voorlopig sê: die Koninkryk is ‘n gawe wat deur mense ontvang word, en nie iets wat deur mense verdien word nie. Dit kan alleen ontvang word in die gesindheid soos van ‘n klein kindjie (Mark 10:13-16). Hoe die Koninkryk ontkiem en groei, dit weet niemand nie (Mark 4:26). Tog beteken dit alles nie dat die Koninkryk outomaties kom nie. “The irony of the kingdom is that receptivity does not mean passivity. ... Creative participation in the kingdom of God is both a gift and a demand” (Stone 1996:73-74).

Die Koninkryk van God word in die Ou Testament onderskei van aardse ryke, deurdat daar in die koninkryk van God ‘n intieme, persoonlike verhouding tussen die Koning en sy onderdane is. Hierdie verhouding kan omskryf word as ‘n geloofsverhouding of ‘n

verbondsverhouding. Dit gaan dus nie maar om 'n onpersoonlike heerskappy vanuit 'n magsposisie nie, maar God se koningskap is ingestel op gemeenskap, persoonlike gemeenskap met die mens wat deur Hom geskape is. Hierdie *koinonia* met die Lewende God vind juis gestalte waar ons deelneem aan die tekens van die brood en die wyn (1 Kor 10:16). Dit is dus nie 'n regering oor die aarde en oor die mens nie, maar wat die mens betref, 'n regering van binne uit. Daar is dus nie sprake van 'n alleenheerskappy van God as Koning nie, maar daar word saam met die Koning regeer. Die onderdane sal saam met die Koning op sy troon sit (Dan 7:27) (Floor 1981:10). Die Missionêre Diakonaat kom voort uit hierdie intieme persoonlike verhouding met God, maar het ook ten doel om God (sy liefde, genade en Koningskap) te verpersoonlik in die wêreld deur in intieme verhoudings met mense te gaan leef wat nood ervaar.

Die Koninkryk en die eenheid rondom die nagmaal dra beide 'n baie eksklusiewe karakter en 'n baie sterk getuienis teenoor die wêreld. Dit is 'n gemeenskap met die Here, die *Kurios*, wat sterker is as enige afgodsmag (1 Kor 10:22). Uit eerbied vir God word almal uitgesluit wat naas die tafel van die Here ook tafels vir ander here instand hou (1 Kor 10:19-21). Dus, nie alle mense het deel aan hierdie Koninkryk nie, slegs diegene wat in 'n verbondsverhouding met God staan. Hierdie verbondsverhouding is 'n geweldige voorreg, 'n stuk genade uit God se hand, maar dit vereis ook 'n stuk verantwoordelikheid. Dit sou ook die implikasie hê dat nie almal die voorreg het om aan die Missionêre Diakonaat te mag deelneem nie. Alhoewel dit waar is dat nie alle mense deel het aan die Koninkryk en die besondere Koningskap van God nie, is dit tog waar dat alle skepsels onder die Koningskap van God staan. Juis om hierdie rede dra ook die inklusiewe karakter van die Koninkryk en die nagmaal 'n sterk getuienis na buite, mense van alle soorte en stande word rondom die nagmaalstafel en in die Koninkryk verenig. Indien die inklusiewe karakter van die nagmaal (en Koninkryk) misken word, word Jesus se liggaam wat Hy as offer vir die wêreld gegee het, misken. Daarom moet almal hulleself ondersoek, sodat hulle nie 'n oordeel oor hulleself eet en drink nie. Die gemeenskap waaroor dit hier gaan is "'n gemeenskap waartoe almal geroep is wat tot die liggaam van Christus verkies en verlos is. Hier word 'n nuwe broederskap van versoenende vyande sigbaar'" (Du Preez 1986:108). Vanuit die nagmaal, die nuwe verbond, is dit duidelik dat,

alhoewel almal nie die voorreg het om te mag deelneem aan die missionêre diakonaat nie, almal wel die voorreg het om daarin te mag deel deur dit te ontvang as gawe van God.

Tans is daar 'n verskuiwing van 'n kerk-gesentreerde sendingteologie na 'n koninkryk-gesentreerde sendingteologie. Vir baie eeue was die grondtema van die teologie in die kerk die verhouding sonde – genade. Die verlossing het gehandel oor hoe die mens van die sonde verlos kan word. Dink maar aan die stryd tussen Augustinus en Pelagius, en die konflik tussen die Roomse Kerk en die Reformasie. In vandag se teologie is die grondtema nie meer sonde – genade nie, maar 'n nuwe tema, Gees – wêreld. Dit gaan dus vandag nie soseer oor die vraag hoe die sondaar geregverdig word, of hoe die verlore mens in die koninkryk van God kom nie, maar eerder hoe 'n verontregte, politiek-verdrukte en sosiaal-agtergestelde mens geregverdig word, hoe hy sy reg kry, dit wat hom toekom (Floor 1981:14).

Die vraag is dan hoe die kerk by die sosiale vraagstukke betrokke raak sonder om sy sendingvisie en Bybelse inhoud te verloor? Ook hierin help die verstaan van die nagmaal, aangesien die eenheid rondom die nagmaalstafel juis saamhang met die liefde, nie sentimentele liefde nie, maar liefde gegrond in Christus, m a w barmhartigheid gepaard met die beoefening van geregtigheid (vgl Du Preez 1986:109). Dit is duidelik dat hierdie koninkryk-gesentreerde sendingteologie baie nader aan die trinitariese *missio Dei* is, en dat die volle implikasies van die sending ons nog ontwyk. Wat wel reeds duidelik geword het op hierdie pad, is dat die plaaslike gemeente die belangrikste sendinginstrument in wêreldsending is (Scherer 1993:82). “Kingdom-ministry calls people to a conversion, but this conversion is not understood as a ticket to heaven or as entrance into a lifeboat, so to speak. Conversion to the kingdom of God is the liberation of human creativity for the sake of a new community on earth” (Stone 1996:75).

Opsommenderwys kan ons by die volgende aansluit:

In summarised form, it may be said that for Jesus the kingdom of God means the active presence of God his Father, inaugurated in his own life and death, which brought about a reign characterised by gratuitous forgiveness and reconciliation

through universal justice and peace, in opposition to the anti-reign of division and hatred, injustice and oppression, and which calls for a radical conversion issuing in personal and social transformation (Phan 2000:21).

### **3. DIE VERBOND AS DIE VERONDERSTELLING VAN DIE MISSIONÊRE DIAKONAAAT**

‘n Sendingteologie wat in die verbond begrond word, en gesimboliseer word in die nagmaal as teken van die nuwe verbond, verhoed dat dit in die sending nie net gaan om individuele bekerings aan die een kant, of oor net sosiale aksie aan die ander kant, nie. Hier kan terugverwys word na Gen 1 en 2 waar die mens geskape is as God se beeldraers in die wêreld, en diensknegte van God. Na die sondeval het God telkens die verbond vernuwe tot en met die koms van die Here, Jesus Christus, en die nuwe verbond, waarvan die nagmaal die teken is, en waarvan Hy die voorwaardes baie duidelik uitgestippel het in die verskillende sendingopdragte.

God's covenant law was immediately applicable to the people of the covenant. Those outside the covenant relationship are to be brought inside in order to experience its provisions. They are not excluded, but neither are they full participants until they accept the conditions of the relationship. God's mission then becomes the mission of the people of God (Hedlund 1991:79).

Brueggemann (1994:43-53) wys daarop dat die God van die verbond nie vergelykbaar is met enige ander god nie. Hierdie God gee alles prys en is heeltemal anders as die kulturele verwagtinge van ‘n god. God sluit ‘n verbond met mense, om in gemeenskap met hulle te leef en sodat hulle in gemeenskap met ander sal gaan leef. Ons sien ook dat God mense kies om in ‘n verbondsverhouding met Hom te leef. Hierdie verkiesing behels beide roeping en opdrag. "Trek uit jou land uit, weg van jou mense en familie af... Ek sal jou seën ... en jy moet tot seën wees" (Gen 12:1-2). Dit beteken dat die verkiesing 'n sendingdimensie het. Waarom kies God vir Abram? God kies hom uit genade, en om geen ander rede nie. Die oproep vir diens is gegrond, enkel en alleen, op dit wat God vir

Israel gedoen het (Eks 19:8). Die verkiesing is 'n verkiesing tot diens. Die verbond veronderstel gehoorsaamheid (De Ridder 1975:33).

Met die instelling van die nagmaal het Jesus die wyn geneem, God gedank en gesê: “Drink almal daaruit, want dit is my bloed, die bloed waardeur die verbond beseël word en *wat vir baie* vergiet word tot vergewing van sondes” (Matt 26:27-28). Verskeie skrywers het aangetoon dat die “baie” vir wie Jesus sy lewe gee, op die volkere van die wêreld dui (vgl Du Preez 1986:104). Daar vind dus 'n nuwe verbondsluiting, met 'n nuwe volk bestaande uit alle volke, plaas. Die brood en die wyn spreek reeds by die eerste nagmaal van die heil vir die volke. So word die dissipels verteenwoordigers van die nuwe volk met wie die verbond gesluit is, maar ook verantwoordelikes vir alle volke, net soos in die geval van die verbondsluiting met Abram en Israel. Alhoewel die kern van die wêreldsending reeds in die eerste nagmaal opgesluit lê, vind dit heilshistories eers met Pinkster plaas. Ná Pinkster moet elke nagmaal die gemeente herinner dat hulle 'n verpligting het teenoor die “baie” vir wie die heil bedoel is, die “baie” moet ook na die nagmaalstafel gebring word.

God is die gemeenskapskeppende God (1 Kor 10:16-17). God het behoefte om in noue persoonlike verhouding met mense te leef, en mense in sy Naam aan mekaar te bind. God is die God van liefde (vgl Kraemer 1956:16). Die basiese inhoud van die verbond is dat God uit genade in gemeenskap met sy volk leef - en in gemeenskap met alle mense wil leef. Hy wil hulle seën en bewaar, hulle lei en vermaan, hulle sonde vergewe en hulle 'n nuwe lewe gee. God gee hierdie nuwe lewe sodat hulle Hom sal liefhê, Hom sal prys en dien, na Hom sal luister en daarom anders sal leef as die volke rondom hulle - in heiligheid en reg en geregtigheid, in liefde teenoor die regteloses en armes (König 1986:105). Die verbond is die wyse waarop God die verhouding tussen Hom en sy mense reël, maar hierdie verbond het ook implikasies vir die verhouding van sy kinders onderling. Dit kan duidelik gesien word by Israel se verkiesing en God se verbond met hulle by Sinai. Daar gee Hy 'n verbondswet waarin die lyne vir barmhartigheidsdiens getrek word. God se handeling met sy volk was dié van Een wat barmhartig is, juis daarom moes sy volk ook barmhartigheid betoon teenoor mekaar, maar ook teenoor die



vreemdelinge in hulle midde. Die genade en barmhartigheid van hulle redding uit die slawerny (Eks 20:2) moes hulle dwing tot blymoedige gehoorsaamheid aan die wet. Wanneer ons in 'n verbondsverhouding met God leef, dan is ons verplig om in diens van ons naaste te leef. Die Bybel is vol daarvan.

Feitlik sonder uitsondering staan hulle (die opdragte om goed te doen aan die weduwe, die wees en die vreemdeling) in die apodiktiese of onvoorwaardelike vorm. Diens van barmhartigheid is dus nie 'n opsionele saak nie, maar dit kom met gesag van Jahweh af wat dit as opdrag gee aan diegene wat bely dat hulle sy volk is (Prinsloo 1982:5).

Twee verbandhoudende aspekte van die verbond is die verteenwoordigende (representatiewe) en korporatiewe aspekte. Christus se werk illustreer dit. Hy het vir ons iets gedoen (verteenwoordigend), maar Hy sluit ons ook in Homself in (korporatief). Die korporatiewe betekenis werk op merkwaardige wyse in die Abrahamverbond. As Paulus bv meld dat Christus eintlik die nageslag van Abraham is, dan is dit juis 'n voorbeeld van hierdie korporatiewe betekenis van die verbond (Gal 3:16). As Christus Abraham se nageslag is, beteken dit dat Christus korporatief die nageslag van Abraham is, en dat ons ook as Abraham se nageslag so aan Christus behoort (Gal 3:29) (König 1995:75-78). Dit is dus baie duidelik dat Christus se werk op die wêreld gerig is. As gelowiges verkies is om in 'n verbondsverhouding met God te staan, dan rig God hulle na buite op die wêreld. Die verkiesing en die verbond is ter wille van die wêreld, en op die wêreld gerig. "The election of Israel, as Blauw states it, is never passive but active. Israel is not so much the *object* of divine election as *subject* in the service asked for by God on the ground of election" (Hedlund 1991:36).

Mense wat vanuit die verbondsverhouding met God leef, moet altyd daarvan bewus wees dat hulle nie (net) die objek van die verbond is nie, maar dat hulle veral die subjek is van God se liefde en genade, en dat hulle 'n definitiewe roeping en taak het in hierdie wêreld. Israel het in gehoorsaamheid op die verbond gereageer deur aanbidding en diens. Die kerk sal ongehoorsaam wees as hy op die verbond reageer slegs deur aanbidding. "The church is always in danger of pursuing one at the expense of the other. Worship without

service appears hypocritical. Service without worship becomes secular. Witness is lost if either is missing. Both are necessary to a true faith response” (Hedlund 1991:61).

Israel is nie net deur God uitgekies nie. Hy het hulle ook aan Homself verbind deur die verbond. Die verbond is nie ‘n kontrak, soos wat dikwels daarna verwys word nie. Die verbond is uit-en-uit ‘n vrye genade-handeling van God met die mens. “In its initial form as given to Abraham, it is simply a free promise of universal blessing that is to embrace all the nations (Gal 3:8). It is not a contract that offers a conditional promise, provided that the law is kept. The law is not part of the covenant (Gal 3:15-18)” (Newbigin 1995:74). Hierdie verbond word opnuut voortgesit in die sakramente. Die doop is wel die teken van die verbond en die inlywing in die kerk, maar saam met hierdie teken moet ook ‘n lewensverandering deur God plaasvind. Die teken alleen kan my nie red en deel maak van die verbond nie (Rom 2:25-29) (vgl Gittins 1993:7).

Die verbond vind dus sy vervulling in die Here Jesus Christus. Eerstens het Hy Homself in sy barmhartigheid sonder reserwe weggee (Fil 2), en tweedens het Christus Homself aan die verlorene en ellendige gegee om hom te red en hom te behou (Luk 15; 19:10). Derdens het Christus in sy barmhartigheid sonder sensasionele reklame opgetree (Matt 6:1-4). Vierdens het Christus deur Woord en daad ook die terrein vir die barmhartigheidsdiens aangetoon (De Klerk 1978:12-14). Christus, die Vervuller van die verbond, is ook die Verlosser. As Vervuller en Verlosser bemagtig Hy ons deur sy Gees as verbondskinders, om die verlossing te verkondig en as voorbeeld te leef vir die wêreld. “The covenantal paradigm affirms that the world we serve and for which we care, is a world yet to be liberated. A theology of covenanting is not worth the effort unless it leads to energy and courage for mission. ... And the mission of the believing community is to articulate, anticipate, and practice the transformation that is sure to come” (Brueggemann 1994:50).

Die belangrikste en mees diensbare wat die kerk kan doen, is om nie hoop op te gee met die wêreld se transformasie nie. Jesaja wys vir ons duidelik dat die wêreld verander word (Jes 52:13-53:12) deur een wat misvorm is (Jes 53:2-3), en sy misvorming is “vir baie”.

Op dieselfde manier kom sê Jesus by die instelling van die nagmaal dat “sy bloed vergiet is vir baie” (Matt 26:27-28). Hierdie verandering strek verder as net die onmiddellike omgewing van die kerk, want God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy Enigste Seun gegee het om die verbond te vervul, wat lui: “Ek sal jou God wees en ook die God van jou nageslag” (Gen 17:7) (vgl Van Engen 1996:77).

Daar is verskillende standpunte rondom die interpretasie van die verbond. Van Engen (1996:79) beskryf die verbond se “progressive nature” as ‘n reeks hermeneutiese sirkels wat soos ‘n hermeneutiese spiraal deur tyd beweeg. Hy gebruik veral twee terme om hierdie “progressive nature” te verduidelik: *kainos* en *neos* (Van Engen 1996:81). *Neos* is nuut in tyd en oorsprong, en het die volgende betekenis: "what was not there before, what has only just arisen or appeared". *Neos* verteenwoordig die idee van ‘n radikale breek en 'n nuwe begin. Die gebruik is egter vreemd aan die Nuwe Testament (Matt 9:17; Luk 5:39; 1 Kor 5:7; Ef 4:23; Kol 3:10 en Heb 12:24). Dit is net in Heb 12:24 waar die term spesifiek ten opsigte van die verbond gebruik word.

*Kainos* se betekenisveld is meer dit wat nuut en onderskeibaar is. "What is new in nature, different from the usual, impressive, better than the old, superior in value or attraction". Dit is ook die term wat die meeste vir “nuut” gebruik word in die Nuwe Testament, en spreek van 'n voortgang te midde van verandering (Mark 16:17; Luk 22:20; Joh 13:34; Rom 6:4; 1 Kor 11:25; 2 Kor 3:6; 5:17; Gal 6:15; Ef 4:24; Heb 8:8;9:15; 2 Pet 3:13; 1 Joh. 2:8; Op 2:17; 3:12; 21:1). Jesus gee byvoorbeeld 'n *kainos*, 'n nuwe wet, naamlik: “om lief te hê” (Joh 13:34), maar dit was nie werklik nuut nie. Ons vind dit reeds in die Ou Testament. So help hierdie model met nuwe voorstelle vir ou probleme. Dit help om nie in sekere slaggate van kontekstualisering te val nie.

The *kainos* understanding of the covenant will provide a continuity with the history of revelation, which protects the church in all contexts from syncretism. ... The *kainos* understanding of the covenant can provide a major touchstone whereby God's revelation in each culture, though contextually relevant, can be revelationally consistent with that which has previously been known about God (Van Engen 1996:84).

Aan die anderkant lewer dit 'n nuwe bydrae in veranderende konteks.

Brueggemann (1994:13-42) huldig die standpunt dat ons met meer as een verbond te doen het. Hy wys baie duidelik dat ons met twee verbonde te doen het in die Ou Testament, naamlik die Abram-Dawidverbond en die Mosesverbond. Hy wys ook duidelik dat die verskillende verbondstradisies in verskillende streke gefunksioneer het, nl die Abram-Dawidtradisie in die Suidryk, en die Moses-tradisie in die Noordryk. Tog is die verskille tussen die tradisies meer kultureel en sosiologies as geografies van aard. Wat egter van belang is vir hierdie studie, is dat hy daarop wys dat die verbond (beide tradisies) sekere sosiale implikasies vir Israel ingehou het in verskillende tye.

Dit wil tog voorkom asof die bogenoemde twee standpunte (Van Engen en Brueggemann) nie heeltemal teenoor mekaar staan nie, maar wel versoenbaar is. Dit blyk tog dat daar sekere verbande getrek sou kon word tussen Van Engen se *neos* en *kainos* gedagtes en Brueggemann se "process" en "liberation" hermeneutiek. Die vyf tydperke wat Brueggemann onderskei, sluit goed aan by Van Engen se gedagte van die verbond se "progressive nature" wat soos 'n hermeneutiese spiraal deur die tyd beweeg.

In die verbondsverhouding is God in elke situasie, en met elke nuwe geslag, op 'n nuwe manier betrokke maar tog ook altyd op dieselfde manier: vanuit sy liefde en genade (Hedlund 1991:62).

Dit is duidelik dat die verbond van die begin af alle mense in die oog het. Die belofte aan Abram "*in jou sal al die volke van die aarde geseën wees*" (Gen 12:3), word telkens weer herhaal (Gen 18:18; 26:4; 28:14). Dit is opvallend dat, in die laaste twee gedeeltes, die volke *in die nageslag* van Abram geseën sal word. Hier tree die korporatiewe aspek van die verbond duidelik na vore. Van Selms (1984:178) merk dan heeltemal tereg op: "Hier komt aan het licht, dat de uitverkiezing, ofschoon tijdelijk een beperking, uiteindelijk het geheel op het oog heeft..."

Dit blyk ook baie duidelik dat “om tot seën” te wees ook meer inhou as net woordverkondiging (kerugma). Om tot seën te wees, vra dat ons ook sal uitgaan om te dien. Die verbond lê die verantwoordelikheid van omvattende Woordbediening op ons as gelowiges. “Service which is theocentric will seek to reflect the nature of God as well as the needs of society. Humanitarian service alone is not the mission of the people of God. The service which God demands includes witness. It seems more biblical (and evangelical) to define mission as ‘mission = witness + service’...” (Hedlund 1991:38).

Die riglyne wat vir die verbond geld, sou net so kon geld as missionêr-diakonale riglyne. De Klerk (1978:9-11) dui aan dat die verbondsverhouding bepaal word deur die verbondswet wat God aan sy volk gegee het. Daarom kan 'n boek soos Deuteronomium bekend staan as 'n *diakonale credo*. Juis hier waar dit gaan oor die wet, vind ons die riglyne vir die dienswerk en struktuur van die kerk.

- Die verbondswet / Missionêre Diakonaat word aan die gemeente as broedergemeenskap gegee.

Waar nood is, behoort verby eie belang gekyk te word om die ander te help, en na sy welsyn om te sien (Deut 15:2, 3, 7, 12; 23:19; 24:14, Lev 19:17; 25:25, 36). Dit is as gevolg van die eenheidsbinding deur die genadeverbond dat die volk van die Here so moet optree. Ons vind reeds hier 'n voorspel op die Nuwe-Testamentiese liefdesgemeenskap, wat verplig is tot die diakonale diens van barmhartigheid teenoor mekaar.

- Die verbondswet / Missionêre Diakonaat vereis van die gemeente om as broedergemeenskap te wandel in die gesindheid van diens.

Die diensgesindheid word steeds bepaal deur die voortdurende besef dat die Here uit vrye genade verlos het (Deut 15:15; 26:6, Deut 24:14-22; Lev 19:34,36). Maar tweedens ook deur die voortdurende besef dat hulle, met alles wat hulle het, die eiendom van God is (Lev 25:17). Die reformatoriese beginsel van "*sola gratia*" vind ons dus alreeds hier. Nêrens word die diakonia in die Skrif gemotiveer vanuit eie vroomheid nie.

- Die verbondswet / Missionêre Diakonaat toon aan die gemeente hoé om as broedergemeenskap te wandel teenoor die voorwerpe van diens.

Die voorwerpe van diens is hulle "wie geen helper het nie" (Ps 72:12). Wie is hulle?

- die weduwee en die wese (Deut 24:17,18; Ps 68:6);
- die verarmde volksgenoot en broeder ( Deut 15:11; Deut 15:7, 8; 24:14);
- die leviet wat nie brood het nie (Deut 12:19; 14:27-29);
- die slaaf (Deut 23:15,16); en
- die vreemdeling (Lev 19:10,33-34; Deut 24:17-19).

- Die verbondswet / Missionêre Diakonaat toon aan die gemeente hoe om as broedergemeenskap te wandel t o v die reëling van die diens.

Gewortel in God se barmhartigheid, en gerig op die menslike nood, moet die diens op 'n ordelike wyse geskied:

- Reg moet op 'n onpartydige wyse geskied (Lev 19:15; Deut 16:18-20).
- Die insameling van die tiendes moet die Leviet wat verwaarloos is, ten goede kom (Deut 14:29).
- Die oesland en die wingerd moet nie kaal afgeoes word nie, iets moet vir die arme nagelaat word (Lev 25; Deut 24:17-22; Lev 19:9, 10).
- Met jubeljaar geld die kwytskelding van skulde en loslating van slawe (Lev 25; Deut 15).
- Woekerwinste en ander vorme van uitbuiting mag nie plaasvind nie (Lev 19:13; 5:36; Deut 24:6,14-18).

Die orde van die *diakonia* is 'n lewenshouding waarin ander mense deel (Deut 15:11) en waarin ook die diere van die veld deel. Dit is 'n ontferming waarin daar 'n jammerte is vir die dier (Eks 23:10; 34:26; Deut 25:4); 'n ontferming waarin die land en die akkers deel, sodat roofbou nie toegepas word nie (Lev 25:3); selfs die bome moet opgepas word (Deut 20:19) (De Klerk 1978:9-11). Reeds in die verbondsverhouding met God word die mens in verhouding tot die ekologie geplaas.

Die verbond lê op die mens die geweldige verantwoordelikheid om God se verteenwoordiger te wees in woord en daad. Dit kan alleen gedoen word in navolging van Christus, deur selfontlediging voor God en ons naaste, deur die rol van 'n dienskneg aan te neem. Ons het niks wat ons uit onself kan bied nie. As ons in diens wil uitreik na ander (Missionêre Diakonaat), kan ons dit alleen doen wanneer ons in 'n verbondsverhouding met God leef, omdat ons verseker is dat ons ook deur Hom bemaagtig is vir die taak waarvoor Hy ons geroep het.

#### **4. ESKATOLOGIE AS VERVULLINGSBELOFTE VAN MISSIONÊRE DIAKONAAT**

In die eskatologie handel dit nie net oor God nie, maar ook oor die skepping. Dit is hier waar die Koninkryk van God 'n beslissende rol speel, want in die eskatologie gaan dit om niks minder as juis die Koninkryk van God wat in die volle sin van die woord aanbreek nie. Daar kan nooit oor die eskatologie gepraat word los van die Koninkryk nie. Om deel te hê aan die Koninkryk van God, beteken dat daar in 'n verbondsverhouding met God die Vader, Seun en Heilige Gees geleef word (vgl Berkouwer 1972:13).

Dit is duidelik dat dit in die eskatologie nie alleen gaan oor die toekoms nie, maar dat dit ten nouste verweef en verbind is aan die hier en die nou. Hier sal slegs gepoog word om vanuit die eskatologie enkele riglyne te trek vir die Missionêre Diakonaat. W Nicol (1984) het in sy doktorsale verhandeling waardevolle riglyne ontwikkel waarop veraan teruggekom sal word.

Die bedoeling van die Missionêre Diakonaat is om vir die wêreld hoop te gee deur telkens iets van die Hoop aan die wêreld te openbaar. In die eskatologie gaan dit juis om die vervulling van die hoop in die Hoop. Daarom sal die Missionêre Diakonaat altyd uitgaan van 'n eskatologiese prediking in die struktuur van die Koninkryk. In die eskatologiese verwagting kan die Missionêre Diakonaat nooit losstaan van God se handeling in die verlede nie (vgl Berkouwer 1972:12).

Die primêre wyse waarop die kerk die krag van die eskatologie moet laat inwerk, is deur die verkondiging. Daarom kan of mag die kerk geen kompromieë in die verkondiging van die Woord aangaan nie. Op dieselfde wyse as wat Christus aan ons die nagmaal gegee het om die verkondiging te versterk, word die verkondiging ook versterk deurdat die kerk tekens van die Koninkryk oprig. Die heil is ook deur die daade van die kerk werksaam. Die feit dat die Koninkryk nog nie gekom het nie, impliseer dat die ou wêreld nog bestaan, en dat Christene daarin leef deur verantwoordelikheid vir die lot van hul medemense te aanvaar. So is die lewe van Jesus, waarin verkondiging en diens verweef is, 'n aanwysing dat dit tot die wese van die evangelie behoort (Nicol 1984:219).

Die kerk, en die Missionêre Diakonaat van die kerk, staan nie in diens van die voorsienigheid nie, maar van die heil. Daarom staan dit nie onder die verpligting waaronder die staat staan om die ou wêreld te beheer nie, en kan die kerk in vryheid getuig en tekens van die Koninkryk oprig. Die kerk kan en moet vir die waarheid getuig, al lyk dit nie of iemand dit sal aanvaar nie. Die kruis beteken juis dat die kerk se krag in sy swakheid lê, in sy opregte getuienis, wat nie op die oorredende krag van sy woorde staatmaak nie, maar op die krag van die Gees (1 Kor. 1-2) (Nicol 1984:217).

Wanneer op God gehoop word, word beslis nie op voorspoed gehoop nie. Daarom mag die Missionêre Diakonaat ook nooit in die voorspoedsteologie verval nie, maar moet dit rekening hou met die realiteit waarin die evangelie verkondig word. Missionêre Diakonaat kan dus ook nie net van plek tot plek gedupliseer word nie. Wanneer daar gepoog word om mense so ver te bring om op God te hoop, moet besef word dat sy weë nie ons weë is nie, en dat ons insig ontsettend gebrekkig is. Daarom kan en mag nooit op gunstige toestande of persone gehoop word nie, maar kan alleen gehoop word op die onbegryplike, lewende God, want Hy is die *eschatos* en die *telos*. Hy is die Hoop (vgl Nicol 1984:233).

Ook eskatologiese hoop kan onverstandig en liefdeloos raak, wanneer dit nie besef hoeveel mense moet ly op pad na 'n ideaal nie. Aan die anderkant is liefde sonder hoop ook gebrekkig, omdat dit net nood verlig, sonder om te hoop vir 'n beter toekoms en te



werk aan die wysiging van die maatskaplike strukture wat die nood veroorsaak. Uit al hierdie gesigspunte blyk duidelik dat die hoop gelowiges tot beweging en aksie aanspoor (Nicol 1984:235).

Die hoop van die kerk is nie van groot veranderinge in die kerk en samelewing afhanklik nie. Natuurlik bestaan die moontlikheid daarvoor, en sal dit wonderlik wees wanneer dit gebeur. Die hoop wat die kerk moet kan raaksien, is dat daar reeds tekens van al hierdie dinge waarvoor ons hoop, te sien is in die wêreld, maar veral ook in die kerk van Christus. Al is sommige van hierdie tekens so klein soos 'n mosterdsaadjie, mag ons hulle nie minag nie, want ons weet dat die tekens van God se werk in die kerk met besondere krag en invloed gevul is – dink maar aan die brood en die wyn. Sonder om dromers te word, kan ons dus werklik 'n hoopvolle visie hê vir die toekomstige rol van die kerk en die Missionêre Diakonaat in hierdie land (vgl Nicol 1984:237).

Die eskatologie is deel van die Koninkryk, wat reeds deel is van hierdie wêreld. Daarom moet die eskatologie nou reeds vir ons hoop en nuwe insigte in hierdie wêreld gee, en moet die Missionêre Diakonaat ons help om tekens van die Koninkryk (van hoop) op te rig. Dit sal vra dat ons krities na die samelewing sal kyk, aangesien maatskaplike strukture altyd in 'n mindere of meerdere mate geïnstusionaliseerde selfsug is. Maatskaplike groepe neig om vaste struktuur aan hul selfbeoordeling te gee, want dan kan dit nie meer so maklik bevraagteken word nie. Al die mense wat tot 'n samelewing behoort, is in so 'n groot mate van mekaar afhanklik dat selfsug van een groep noodwendig, tot verontregting en lyding van die ander groepe aanleiding gee. Die eskatologiese liefde sien dit raak, en staan dus besonder krities teenoor die strukture van onreg (vgl Nicol 1984:274). Die Missionêre Diakonaat poog juis om hierdie onreg en lyding uit die weg te ruim deur met 'n hoopvolle toekomsgerigtheid en 'n onvoorwaardelike gehoorsaamheid in die hede te werk te gaan.

Oor die eskatologie en die hoop kan alleen maar saam met die Hebreër skrywer getuig word: "Nou sien ons nog nie dat alle dinge reeds aan die mens onderwerp is nie. Maar

ons sien Jesus, met eer en heerlijkheid gekroon, op grond van sy lyding en dood” (Heb 2:8b-9a).

## **5. ENKELE GEVOLGTREKKINGS VIR DIE MISSIONÊR-DIAKONALE BEDIENING**

Smit (1988a:40) wys daarop dat die bediening/*diakonia* van die kerk een bediening van die Evangelie van die Koninkryk is. Hierdie enkelvoudige bediening het egter verskillende gestaltes. Vanuit die Koninkryks- en verbondsperspektief is daar slegs ‘n tweërlei gerigtheid:

- vanuit die verbond: verbondsuitbou en verbondsopbou; en
- vanuit die Koninkryk: koninkryksvermeerdering en koninkryksbewaring.

Die uitbou en die opbou, die vermeerdering en bewaring, staan nie teenoor mekaar nie, in werklikheid kan die een nooit sonder die ander nie.

## HOOFSTUK 9

### ‘N MISSIONÊRE EKKLESIOLOGIE

#### 1. INLEIDING

Wat ons verstaan van die kerk sal ons hele missionêr-diakonale ingesteldheid bepaal. Stephen Neill maak die volgende oordeel “The problem of mission cannot be discussed *in abstracto*; it becomes intelligible only as the mission of the Church” (Yates 1994:127). Dit is onmoontlik om ekklesiologie te ignoreer in die kommunikasie van die evangelie, “for the gospel does not come as pure message but issues from, and gives rise to, specific communities; and such communities will adopt certain characteristics which they believe express the gospel in churchly form” (Yates 1994:127). In die lig van die bogenoemde is dit belangrik dat in hierdie hoofstuk hoofsaaklik stilgestaan sal word by die ontwikkeling en ontstaan van die kerk, die identiteit van die kerk, taak of roeping van die kerk, asook die vraag na die eenheid van die kerk. Hier sal nie gepoog word om ‘n volledige ekklesiologie te beskryf nie, maar slegs om ‘n bepaalde perspektief op die kerk te gee.

#### 2. OORSIGTELIKE BESKOUING OOR DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE KERK

##### 2.1 Roeping tot diens

God het van die begin af gekies om met die mens gemeenskap te hê. Dit is nie toevallig dat die eerste vraag in die Bybel aan die mens: “Waar is jy?” (Gen 3:9), is nie. God is die God wat soek. Van die begin af gebruik Hy ook mense om na mense te soek, byvoorbeeld Gen 4:9: “Waar is jou broer Abel?” So het God regdeur die geskiedenis mense gekies om “tot seën” te wees. Ons kan dus nie die sendinggedagte in die Ou Testament losmaak van die (uit)verkiegingsgedagte of reddingsgedagte nie. Heilshistories gesien begin die heilslyn by Adam. God openbaar Homself aan Adam met die bedoeling dat die heil van God deur hom sal vloei na die ganse mensdom. Deur die sondeval faal hy in hierdie roeping. Deur die verkiesende genade van God bly daar ‘n genadelyn loop deur

die geskiedenis tot op Jesus Christus, die tweede Adam. Die genadelyn loop deur die geslag van Set, Noag en Abraham, om uit te loop op die verkiesing van Israel. Ook Israel faal deur ongehoorsaamheid. Maar deur getroues in Israel hou God die genadelyn in stand sodat dit uitloop op Jesus, wat sy dienswerk volmaak uitvoer. Van Jesus Christus af loop die verkiesingslyn deur Sy kerk op aarde. Die kerk is uitgekies om dienaar en getuie van Christus te wees tot aan die uiteindes van die aarde en tot aan die einde van die tyd (Crafford 1966:3).

Deur die kerk wil God sy heilswil bekend maak aan die ganse wêreld. Vanaf Adam tot by Israel het dit nie verder gekom as die bewaring van die genadelyn te midde van die verdorwe geslag nie. Vanaf Christus, deur sy kerk op aarde, kan gepraat word van die kragtige uitvloei van die genade van God in Christus na die eindes van die aarde (Crafford 1966:4). Israel se verkiesing beteken nie dat Israel God se lieflingsvolk is nie. Israel is verkore tot diens, “om tot ‘n seën te wees vir die nasies”. Die verkiesing is dus nie so seer ‘n voorreg nie, maar ‘n verantwoordelikheid. Israel se verkiesing was ‘n verkiesingsknegskap. Uit Jes 42 en die ander Knegliedere is dit duidelik dat die knegskap ‘n besondere doel het, nl dat Jahwe in Israel verheerlik word (Jes 49:3). Dit geskied as Israel ‘n lig is vir die nasies (Jes 42:6 en 49:6).

Die vraag is of daar ‘n verband is tussen die knegskap en die missionêre roeping (Jes 42:1-6 en 49:1-6). Crafford (1966:8) maak hier gebruik van die eksegetiese van J Martin-Achard, en kom dan tot die gevolgtrekking dat ons hier nie te doen het met ‘n missionêre roeping in die sin van uitsending na die nasies nie. Israel se taak is eerder om soos ‘n spieël die heerlijkheid (lig) van God te weerkaats na die nasies. Dit is wat die begrip “lig vir die nasies” beteken in Jes 42:6 en 49:6. Israel leef vir die nasies in sover Jahwe in hom leef.

Die Ou-Testamentiese sending is meer sentripetaal, terwyl die Nuwe-Testamentiese sending meer sentrifugaal is. Tog is dit nie ‘n òf òf nie, eerder èn èn. Israel se knegskap het ‘n baie duidelike missionêre faset, met die voorbehoud dat ons missionêr hier verstaan as sentripetaal missionêr. Alleen as kneg van Jahwe kon Israel aan hierdie

roeping voldoen, die heerlikheid en heiligheid aan die nasies vertoon, en so die Naam van Jahwe verheerlik (Jes 49:3).

Ons vind in die Nuwe Testament dieselfde werkswyse deur God, naamlik dat Hy mense, individue en groepe kies om die draers van die evangelie te wees. So kies Hy bv die twaalf dissipels, en later die kerk. Die verskil hier is dat die mense nou baie pertinent gestuur word om uit te gaan en tot seën te wees vir die nasies. Tog het hierdie opdrag ook nog altyd die kerk in die verleentheid geplaas.

Immers de empiriese kerk zit op een schrikbarende wijze gevangen in de klauwen der routine en der conventie, in den verstikkenden greep van kleinburgerlijke beheptheid, bangheid en hardheid, indien van verscheuring, separatielust en reorganisatie-nood. En door het alles heen is wel het grootste nood, dat het goddelijk Woord, dat de Kerk heet te dienen en te bedienen willekeurig, krachteloos, dood, elkaar op kern punten tegensprekend, verkondigd wordt (Kraemer 1945:23-24).

Dit is duidelik dat die doel van die kerk is om God te verheerlik. God kan alleen in die kerk verheerlik word wanneer sy “lig” na die nasies weerkaats word om vir hulle tot seën te wees. Om hierdie rede is sending van die vroegste tye af in die Gereformeerde kerke gesien as groei van die plaaslike gemeente.

Sedert 1857 het daar egter ‘n nuwe sendingbegrip by die Ned Geref Kerk posgevat. Kerkregtelik en institusioneel is ruimte gemaak vir die stigting van afsonderlike gemeentes, en nie vir die groei van die sendende gemeente nie. Die noodwendige verband tussen sending en gemeentegroei is verbreek. Hoewel die sending van krag tot krag gegaan het, deurdat die probleem van kulturele diversiteit by wyse van afsonderlike kerkverbande aangespreek is, het iets wesensliks in die slag gebly. Daar het ‘n kraak in die fondament van die een, heilige, algemene, Christelike Kerk gekom. Die ontwikkeling van hierdie sendingbegrip in die Ned Geref Kerk, en die aanpassing daarvan by die gangbare praktyk, het teologiese konsekwensies gehad, wat eers baie later ingesien is. Dit vra vandag om herwaardering. Die doel van sending is al meer gesien as die planting

of stigting van inheemse kerke. So verword sending dan in die Ned Geref Kerk al meer tot diens in die “sending-” of “dogterkerke”, of hulpbetoon aan hierdie kerke, of skakeling met hierdie kerke (vgl Henning 1996). In hierdie geval sou Kraemer se standpunt (wat in ‘n heel ander verband gemaak is), tog van pas wees:

Men viert deze separatielust zelfs bot, ook teenover diegenen met wie men in de centrale waarheidsvraag niet verschilt. Secundaire verschillen worden zoo, ten koste van de eenheid in Christus, tot onoverbrugbare kloven gemaakt. M a w de menselijke eigennigheid, het verabsoluteeren van gevoelens en inzichten, die de eenheid in Christus niet raken, vieren hier hoogtij, en verschansen zich in godsdienstige hartstocht (Kraemer 1945:32).

## **2.2 Kerklike ontwikkelingsmodelle uit die Ou Testament**

Brueggemann (1994:266-272) hou drie kerklike modelle voor vanuit die Ou Testament:

Die eerste tydperk kom uit die periode van Moses tot Dawid, 1250-1000 vC, met die volgende kenmerke:

- Die lewe en geloof van Israel is gevorm deur die Eksodus liturgie, wat bely dat God hulle geroep het na ‘n morele en konkrete breek met die strukture en lewenspatrone van die dag. Hulle is geroep tot ‘n alternatiewe gemeenskap.
- Die ontmoeting \ verbondsluiting by Sinai lei tot ‘n eindelose proses van interpretasie en herinterpretasie van die Torah waarin Israel hulle geloof herartikuleer in die praktyk en in die lig van die bevryding.
- Israel het geen stabiele instituut; simpatieke, gevestigde leierskap, of profetiese stem nie.
- Anders as in die monargale tydperk was Israel in hierdie periode nie ‘n eenheid nie. Dit was verskillende gemeenskappe gebind deur ‘n gesamentlike verbintenis tot Israel se storie en ‘n sosiale passie.
- Die gemeenskap van die vroeë Israel was ‘n marginale sosio-ekonomiese gemeenskap. In die wildernis leef hulle van brood uit die hemel en water uit die rots, hulle het geen gewaarborgde en bestuurde hulpbronne nie.

Brueggemann (1994:268) wys dan daarop dat Israel op die mees radikale wyse 'n nuwe kerk is wat begin word. "A new church start here means the planting of an alternative community among people who were ready to risk and who shunned established social relations, because such resources and patterns inevitably led to domestic bondage".

Die tweede tydperk is die tempel tydperk, of die monargale periode. In terme van 'n beeld van kerkwees vanuit 'n Ou-Testamentiese perspektief het hierdie model dominant geword, aangesien dit goed inpas by ons goed gevestigde, kultureel aanvaarde kerke. Kenmerke van die tydperk is:

- Daar was sigbare, legitieme, aanvaarde, stabiele en goed gefinansierde godsdienstige stukture, met erkende en versorgde leierskap, naamlik die tempel en die priesterorde. Die rol van die stabiele tempel vir die model van kerkwees kan moeilik oorskot word.
- Die siviele leiers in die vorm van die konings was verbind tot dieselfde teologiese oortuigings as die gevestigde godsdienstige stukture van die tempel. Dit was nie vreemd om die priester in die paleis te sien nie, net so was die koning se betrokkenheid by die tempel ook nie vreemd nie (2 Kon 22).
- Die leierskap van die tempel het ook 'n *intelligentsia* gevorm wat deel was van die burokrasie, asook 'n gedeeltelike drukgroep van die hoër opvoeding.

This intelligentsia, however, exercised considerable freedom and imagination that drifted toward (a) autonomous reason and (b) support of state ideology. That is, established religion served well the stabilization of power and knowledge for some at the expense of others (Brueggemann 1994:264).

- Aansluitende by die gevestigde tempelleierskap (priesters) en die goedgesinde regering wat die tempel ondersteun, vind ons die getuienis van die profete, wat gereeld 'n meer hartstogtelike, radikale en suiwerder visie van Israel se geloof deurgee.

Die derde tydperk, die ballingskap\na-ballingskap periode, vertoon die volgende kenmerke:

- Die geloofsgemeenskap het min invloed op die politiek gehad, polities het hulle irrelevant geraak.

- Die versoekings vir kulturele sinkretisme en die verdwyning van 'n eie identiteit was 'n realiteit, veral in die Hellenistiese periode.

In die lig van die bogenoemde twee punte, moes die gemeenskap baie hard werk aan hulle kultureel-linguïstiese infrastruktuur. Daar was veral drie belangrike strategieë:

- Hulle het hard gewerk aan die herontdekking van hulle herkoms. Die primêre bewys hiervan in die Ou Testament is die uitgebreide geslagsregister (vgl Brueggemann 1994:271).
- Die tweede strategie was die intense uitleef van hoop. Die redenaars in die gemeenskap het altyd hulle gedagtes gevul met die konkrete beloftes van God. Die retoriek van hoop vind ons veral in die apokaliptiese literatuur.
- Die derde strategie was dat die gemeenskap teruggekeer het na die teks, die Woord. Daarom was die tyd rondom die ballingskap ook die tyd wat die Ou-Testamentiese kanon in 'n groot mate gevorm is. Dit was die tyd wat die Sinagoge ontstaan het, en die rabbi's na die voorgrond getree het, wat die onderwysers van die tradisie was.

In die lig van die bogenoemde maak Brueggemann die baie belangrike opmerking wat in gedagte gehou moet word: "There is no single or normative model of church life. It is dangerous and distorting for the church to opt for an absolutist model that insists upon in every circumstance... Every model of church must be critically contextual" (Brueggemann 1994:264).

### **2.3 Kerklike ontwikkelingsmodelle uit die Nuwe Testament en daarna**

Wanneer na die kerklike ontwikkeling in die tydperk van die Nuwe Testament en daarna gekyk word, is daar duidelike ooreenkomste met die ontwikkeling van Brueggemann uit die Ou Testament.

Loren Mead (1991) beskryf in sy boek *The once and future church* drie paradigmas in die verloop van die kerk se geskiedenis. Eerstens was daar die *Apostoliese Paradigma*, wat gekenmerk is deur die helderheid oor die grens tussen kerk en wêreld. Die missie van die



kerk en die getuienistaak van elke gelowige was duidelik. De Jong (1980) beskryf hierdie tydperk tot 312 onder die opskrif “De vroege kerk”.

Die ooreenkomste tussen hierdie en die Ou-Testamentiese tydperk van Moses tot Dawid is baie duidelik. Die geroepenheid tot ‘n alternatiewe gemeenskap staan voorop. Netsoos wat die interpretasie en herinterpretasie van die Torah Israel se geloof in die praktyk gevorm het, vind ons dat die interpretasie en herinterpretasie van die gebeure rondom Christus se sterwe en opstanding, en die implikasies van die bevryding, gedurende die apostoliese tydperk die geloof vorm. Anders as gedurende die volgende periode bestaan die kerk nie werklik as eenheid nie, maar uit verskillende gemeenskappe wat saamgebind word deur die verlossing van Christus. Netsoos Israel van vroeër, was die kerk ook ‘n marginale sosio-ekonomiese gemeenskap.

Die tweede paradigma wat Mead beskryf is die *Christendom Paradigma*. Dit was die Konstantynse era, waar die grense van die kerk se sending na die imperiale uitbreiding verskuif het. Dit het die karakter van die plaaslike gemeente verander van ‘n doelgerigte getuienismag na ‘n soort streeksgebonde onderhoudseenheid, waarin gebede en materiële steun vir sendelinge in die vreemde georganiseer is. Terselfdertyd het die gemeente se toespitsing op lidmate verander van die van toerusting van gelowiges (die priesterlike taak), na die kweek van mense wat lojaal aan die kerk en gehoorsaam aan die staat is. De Jong (1980) beskryf hierdie tydperk onder die volgende opskrifte: 312-1100 as “De Staatskerk”, en die tydperk 1100-1500 as “De Machtskerk”. Die ooreenkomste met die monargale periode in Israel is so voor die hand liggend, dat hier nie verder daarop ingegaan sal word nie.

Gedurende die 16e eeu met die reformatie, lyk dit of die volk van God herstel word. Ons sien egter ook ‘n ander reformatie nl die outonomie van die mens.

In die 18e en 19e eeu verlieste die Kerk die zin van haar ware historiese en kosmiese zending. Wat ernstig is: selfs die gedachte van’t volk Gods houdt op een waarheid te zijn, die werking uitoefent. Godsdienst word een persoonlike aangelegenheid. De Kerk word een verzamelpunt van zielen, die hun heil op

geheel individuele wijze zoeken. Het volk van God houdt op een volk te zijn, houdt op een herkenbaar wezen te hebben, een hechte gemeenschap te vormen (Visser't Hooft 1943:24).

Die individualisme, die privatisering van die geloof, gee aanleiding daartoe dat daar 'n geestelike vakuum ontstaan wat die kerk nie probeer vul nie. Die kerk bied slegs 'n boodskap aan die massa wat behoefte het om weer deel te wees van 'n orde. Die kerk bied slegs religieuse idees aan mense wat 'n honger het na 'n konfrontasie met 'n magtige werklikheid. Die kerk leef nie uit die seker wete dat hulle volk van God is, 'n nuwe skepping, wat die wêreld reeds oorwin het nie. "Moet men zich dan verwonderen, dat de nationale messianismen de massa trekken en dat de leringen van heilige volken de ware godsdiensten van onze tijd worden? ... God hangt dus van het leven der aardse volken af. Het aardse volk is doel in zich zelf, God is slechts een middel" (Visser't Hooft 1943:27).

Hierdie sou die begin van die derde paradigma wees waarna Mead verwys, en is volgens hom nog in proses. Die sendingveld het teruggeskuif na die spreekwoordelike voordeur van die kerk (plaaslike gemeente), soos in die apostoliese tyd, met die verskil dat die konteks totaal en al anders is as in enige van die vorige twee tydperke. Indien ons slegs let op die opskrifte waaronder De Jong (1980) hierdie tydperk beskryf, is die versteurdheid in die kerk baie duidelik. Hy doen dit onder die volgende hoofde: "De Scheurende kerk" (1500-1600), "De Bevoogde kerk" (1600-1775), "De Betwijfelde kerk" (1775-1914), en "De Bestreden kerk" (1914 – huidiglik). Dit is juis in hierdie derde fase waar Brueggemann se insigte rondom die na-ballingskap periode ons geweldig kan help.

Israel se reaksie op die na-ballingskap periode was drieërlei:

- Hulle het hard gewerk aan die herontdekking van hulle herkoms (identiteit).
- Hulle het hulle hoop intens uitgeleef. Hulle het gedurig hulle gedagtes gevul met die konkrete beloftes van God (roeping).
- Die geloofsgemeenskap het terugkeer na die teks, na die Woord.

Mead se gevolgtrekkings oor wat die kerk te doen staan (Smit 1995:19), toon sterk ooreenkomste met dié van Brueggemann nl

- Die (her)ontwikkeling van die amp van die gelowige, asook die herontwerp van die rol van die predikant (identiteit).
- Die funksionering van die kerkverband in sy oorsigtelike en administratiewe rol (roeping).
- Die taak van teologie beoefening, 'n terugkeer na die Woord.

### **3. DIE IDENTITEIT VAN DIE KERK**

#### **3.1 Die roeping van die kerk**

Kol. 1:18: "Hy (Christus) is die hoof van die liggaam, van die kerk. Hy is die oorsprong daarvan, Hy is die Eerste, die Een wat uit die dood opgestaan het..."

Wat is noodsaaklik inherent aan Christenwees? Wat is noodsaaklik inherent aan Kerkwees? Wat kan en mag die Christelike kerk nie verloor, sonder om haar identiteit prys te gee nie? Op al drie vrae pas slegs maar een antwoord: "gebondenheid aan Christus. De levenden Heer en den Verlosser der wereld, den Eenige, door en in Wien wij God kennen en Gods eigendom zijn" (Kraemer 1945:68).

#### **3.2 Enkele teologiese perspektiewe (basisbegrippe)**

Wanneer gepraat word oor die identiteit van die gemeente\kerk (vgl Nel 1994:1-97; Burger 1999:52-76), gaan dit in wese oor die vraag na die bestaansdoel van die kerk, en niks meer of minder nie. Wanneer 'n gemeente gekonfronteer word met sy bestaansdoel, taak en teenstanders in die wêreld, vra die gemeente nie eerstens na sy oorlewing nie. Die oorlewing van die kerk is immers in sy oorsprong, in Christus self, gewaarborg (Matt 16; NGB Art. 27). Die vraag is daarom nie hoe die kerk 'n bepaalde situasie oorleef nie, maar hoe die kerk in 'n gegewe situasie die Here en Verlosser van die gemeente op die mees effektiewe wyse kan verteenwoordig en dien. Hoe kan die gemeente in 'n gegewe situasie aan sy bestaansdoel getrou bly?

Waarom bestaan die kerk, wat is die doel daarvan? In kort kan ons sê dat, die kerk bestaan ter wille van die Een deur Wie dit tot stand gekom het. Daarom is die kerk as skepping van God ook in hierdie bedeling volledig aan God verantwoordelik. Hiermee saam kan die bestaansdoel van die kerk slegs aan die hand van sy identiteit vasgestel word. Wanneer dit oor die identiteit gaan, is die vraag: “Wie is die kerk?” Of anders gestel: “Aan wie behoort ons hart?” Die gemeente staan in verskillende verhoudings, met God, met mense (volke), met die kerkverband en ander kerkverbande, die omgewing. Die vraag sou ook kon wees watter verhouding vir die kerk die belangrikste is. Kraemer (1945:69) wys daarop dat dit slegs gaan oor waarheid en gehoorsaamheid, en nie om teologiese of kulturele vrae nie.

Identiteit is meer as bloot ‘n naam of konfessionele verband. Maar hoe meet mens identiteit? Dit sou byvoorbeeld nie voldoende wees om op hierdie punt te antwoord dat daar gekyk moet word na die geloofsbelydenis of belydenisskrifte of die gemeente missie nie. Dit kan wees dat belydenisse een ding sê, maar dat die praktyk van die gemeente se lewe ‘n totaal ander storie oor hulle ware identiteit vertel. Twee van die mees sentrale Bybelse metafore wat gebruik word om die kerk te beskryf, nl “volk van God” en “liggaam van Christus”, wil juis ‘n duidelike antwoord gee op die vraag oor wie die kerk is of aan wie die kerk behoort. Ook die metafoor “huisgesin van God” lê klem hierop. Hierdie beelde wil God se eksklusiewe gesag, sy seggenskap en sy eiendomsreg oor die kerk aandui. Netso beklemtoon die eerste gebod, “Jy mag naas my geen ander gode hê nie” (Eks 20:3), die kern van identiteit.

Deze, wat men zou kunnen noemen, theocratische heilseconomie Gods is saamgeperst in die drie lapidaire woorden: ‘Jezus is Heer’, en daarom is daar onze eenige wettige grond te vinden waarom de Kerk in dezen schrikkelijken en grootschen tijd van chaos, ondergang en vernieuwing, wederopstanding en omwenteling voor de geheelde bewoonde wereld, de moed en het geloof moet vinden om zich als de eerstgeroepen dienaar van Gods te weten tot verantwoordelijke en krachtige medewerking (Kraemer 1945:101).

Die getuienis van die kerk hang nie net saam met wat ons doen nie, maar ook met wat of wie ons in Christus is. Want hiermee word die kerk se geloofwaardigheid en integriteit op die tafel geplaas. Die kerk sal nie vorder met dit wat gedoen moet word, as daar nie klaarheid is oor wie ons ten diepste in Christus is nie (1 Pet 2:9). Die volgende sake rakende identiteit kan uitgelig word (vgl Burger 1999:55-62; Du Toit 1987:3-5):

- Die kerk\gemeente kan alleen bestaan uit arm-saliges, mense wat arm is aan hulleself en hulle besittings (hulle kan maar skatryk wees, maar hulle besittings bepaal nie hulle lewe nie). Die “kenosis” leer (Fil 2:5-11), om leeg te word van jouself en jou eie belange, is bepalend in die identiteit van die kerk. Die kerk wie se eie belange, tradisies en gebruike vir hom belangriker is as die Koninkryk van God, moet weer gaan besin oor sy identiteit. Die kerk\e moet arm word voor die Here, en erken dat ons maar net getuies is van die Waarheid, die Here Jesus Christus. Ons besit nie die Waarheid nie, die Waarheid, die Here Jesus Christus, besit ons.
- Die kerk\gemeente se identiteit word bepaal deur sy verhouding met God: ons behoort aan God. God is ons Skepper en Verlosser en daarom is die kerk sy eiendom. Vanuit hierdie verhouding word die oë gerig op God (Ps 123), om te sien waarmee Hy besig is, sodat die plaaslike gemeente saam met God toegewyd betrokke kan raak waar Hy werk, en nie met eie agendas besig bly nie. Dat die kerk God-bepaald is, is baie duidelik uit die beelde wat vir die kerk gebruik word: volk van God, bouwerk van God, tempel van die Heilige Gees, liggaam van Christus, bruid van Christus, ens. Die kerk word gekwalifiseer deur God die Vader, Jesus Christus en die Heilige Gees. Hierdie teologiese waarheid hou nie alleen in dat die kerk deur God daargestel is nie, maar ook dat sy hede en toekoms deur God bepaal word (Heidelbergse Kategismus vraag 1). Dit beteken dat alle oorwegings wat opkom uit gewoon aardse werklikhede (sosiale, ekonomiese, kulturele, politieke, en volksake), gerelativeer word. Die kerk mag dus geen ander dienstigheid hê as aan God nie.
- Die kerk\gemeente se verhouding met die Here is ‘n baie eksklusiewe verhouding. Die implikasies hiervan is baie duidelik: ‘n “ja” vir God beteken ook ‘n

onomwonde “nee” vir alle ander “gode”, lojaliteite of verhoudings wat aanspraak maak op ons hart. Newbigin wys daarop dat die gemeenskap wat Jesus as Here bely het, vanaf die begin ‘n beweging was wat ‘n groot rol gespeel het in die breër gemeenskap. Daar was ook ander gemeenskappe in die Grieks-Romeinse wêreld wat bestaan het uit mense met bepaalde gelowe, en gekenmerk was deur die praktiese uitlewing daarvan. Daar was spesifieke Griekse woorde wat vir sulke gemeenskappe gebruik is, maar die kerk het nooit enige van daardie woorde gebruik om homself te beskryf nie.

It was not and it could not be, a society offering personal salvation for those who cared to avail themselves of its teaching and practice. It was from the beginning a movement claiming the allegiance of all people, and it used for itself with almost consistency the name *ecclesia* – the assembly of all citizens called to deal with the public affairs of the city (Newbigin 1995:16).

Hierdie vergadering van gelowiges het verskil van die ander deurdat dit bymekaar geroep is deur ‘n veel groter gesag as die van die stadsklerk. Hulle was naamlik *ecclesia theou*.

Its affirmation that “Jesus is Lord” implied a public, universal claim that was bound eventually to clash with the *cultus publicus* of the empire. The confession “Jesus is Lord” implies a commitment to make good that confession in relation to the whole world – its philosophy, its culture, and its politics no less than the personal lives of its people. The Christian mission is thus to act out of the whole life of the whole world the confession, that Jesus is Lord of all (Newbigin 1995:16-17)

- Die Here het die reg op hierdie eksklusiewe verhouding met die kerk\gemeente, omdat Hy hulle gered het. Die inisiatief van die verhouding tussen God en sy kerk lê by God. Hy het die gelowiges uitverkies, gered en versorg. Hy het die gelowiges aangeneem tot sy kinders. Hulle word gered op grond van sy genade (Ef 2).

- Die Here se reg op die kerk\gemeente word gekwalifiseer deur die feit dat Hy hulle liefhet, en dat Hy wil hê dat hulle Hom moet liefhê met alles wat Hy hulle gegee en gemaak het. Die kerk kan nie 'n lewende verhouding met God bely – en homself en ander probeer oortuig dat die verhouding in goeie orde is – as mense van buite nie iets van God se merkwaardige liefde in die kerk se optrede kan bespeur, of wanneer die kerk sy liefde en genade vir hulleself hou, asof Hy dit net vir hul kom gee het nie.
- Die kerk\gemeente bewys hulle liefde aan en vir die Here deur sy wil te doen, en sigbaar aan Hom gehoorsaam te wees (Joh 14:15, 21; Matt 7:21). Veral waar die kerk besig is om te kwyn, is dit belangrik dat daar aandag gegee sal word aan die manier waarop ons as lede van die geloofsgemeenskap saam leef. “Dit moet daarom as 'n baie donker teken vir die kerk aangemerkt word as ons hoor dat ons in 'n tyd leef waarin nie veel energie is vir die ekumene en die eenheid van die kerk nie. Dit mag verrai dat ander identiteite en verhoudings tans vir ons belangriker is as ons verhouding met Christus en die mense en gemeentes wat aan Hom behoort” (Burger 1999:61).
- Die kerk is, netsoos verlossing, 'n eskatologiese werklikheid. Ons is “alreeds verlos”, en ons leef reeds vanuit die verlossing maar ons is “nog nie” sondeloos nie, omdat ons nog in hierdie sondige wêreld leef. Die kerk is God se uitverkore, unieke toekomstgemeenskap midde in 'n sondige en gebroke wêreld. Die kerk bestaan uit nuutgemaakte mense wat leef volgens die Koninkrykwaardes van God. Tog leef ons in die wêreld, daarom is sonde, krisis en verdeeldheid van binne en buite die kerk deel van ons daaglikse bestaan. Dit is juis hierdie teologiese en eskatologiese karakter van die kerk wat sy eenheid aandui (Ef 4:4-6).
- Die kerk is egter nie net 'n metafisiese grootheid wat in die lug sweef, saam met die kerk se “nog nie” bestaan nie. Die kerk besit ook 'n sosiologiese dimensie.

Die kerk is 'n gemeenskap van gelowiges wat heel konkreet in die barre werklikhede van die geskiedenis leef en handel, en hulle so binne 'n bepaalde sosiologiese konteks bevind. Daarom kan en mag die kerk nooit kerk en konteks van mekaar skei nie.

- Die gemeente word opgeroep om met God te leef, binne 'n bepaalde konteks, soos wat Hy Hom aan hulle openbaar. Die kerk moet versigtig wees dat hy nie vir hom 'n afbeelding van God maak soos dit hom pas nie (vgl Eks 32). Die kerk moet bereid wees om die manier waarop hy oor Christus, oor God en oor die kerk self dink, gedurig te toets aan die Skrif, en nooit te seker te wees dat sy interpretasie korrek is nie. "Een dogma is een menschelijk, dus een onvolkomen antwoord. Het volkomen dogma zou theologia gloriae zijn en dat kan de dogmatiek der Kerk niet zijn. De kerk blijft ecclesia militans en heeft alleen theologia crucis" (Kraemer 1945:80).

### **3.3 Die eenheid van die kerk**

Die eenheid van die kerk word hier bespreek, omdat dit (soos die sending) tot die wese van die kerk behoort. Daar kan nie gekies word tussen sending en eenheid nie, die enigste keuse is óf vir albei óf teen albei (vgl Saayman 1986:118-125). Waarom is die kerk nie die draer van versoening, geregtigheid en vrede nie? Die antwoord is tweërlei van aard: teoreties en prakties. Teoreties is daar geweldig baie verskille oor die identiteit en die verantwoordelikheid van die kerk. Op praktiese gebied lê die probleem grootliks by 'n traagheid om voluit gehoorsaam te wees aan die Bybelse eise vir eenheid.

Die kerk het een doel en dit is om God te verheerlik deur tot sêen te wees vir die nasies. Die kerk hoef nie te wag om gestuur te word nie, die kerk is gestuur (Joh 20:21). Uit Joh 20:22 blyk baie duidelik dat ons hierdie gestuurdheid nie in ons eie krag kan doen nie. As ons dan sê die kerk is deur God bepaal, dan kan ons nie anders gestuur wees as wat Christus gestuur was deur die Vader nie. Ons kan ook nie iets anders doen as wat Hy gedoen het nie. Ons kan dit ook nie op 'n ander manier doen as wat Hy dit gedoen het



nie. Ons kan alleen maar ons Christenskap uitleef in absolute afhanklikheid van God ons Vader.

Dit is baie belangrik dat ons sal raaksien dat ons deur ons verkondiging van die evangelie deel kry aan dieselfde geloofsgemeenskap (1 Joh 1:5-7). Die verkondiging van die evangelie is onlosmaaklik deel van die gemeenskap van die gelowiges wat dit verkondig. Wanneer daar dan nuwe bekeerlinge kom, kry hulle deel aan Christus en so ook deel aan ons as gelowiges se gemeenskap. Wanneer ons na sommige van die vroeëre gemeentes gaan kyk, sien ons dat dit juis hierdie gestuurdheid, hierdie na-buite gerigtheid is, wat die vraag na eenheid en verskeidenheid na vore bring. Solank die gemeente na binne gerig is, was dit nooit 'n probleem nie. Johnstone wys uit hoe die vroeë kerk (dissipels, en Handelingse gemeentes) na binne gerig gelewe het. Dit verklaar die "patent failure of the Church to embrace the vision of mission. It was a failure which began with the slowness of the first disciples' understanding of the message of Scripture, which led to the early Church failing to understand its role" (Johnstone 1998:79).

Van die vroegste tye af was daar verdeeldheid en konflik in die kerk (bv Hand 6). Dit is egter eers wanneer die evangelie uitgedra word na ander volke dat die stryd werklik opvlam. "Konflik word in die oë van Lukas opgelos deur onderlinge verbondenheid te handhaaf – deur bymekaar te hou wat God Self bymekaar bedoel het, maar dan op 'n wyse van wedersydse tegemoetkoming en begrip. Die Godgewilde eenheid van gelowiges word ten diepste bepaal deur onderlinge liefde en bereidheid tot diensbetoning" (De Villiers 1987:33).

Die brief aan die Galasiërs kan as verdere illustrasie gebruik word, in navolging van Lategan (1987:6-22). Tot op hierdie stadium was die Joodse volk die stroombedding waarlangs God se heil die mens bereik het. Israel het 'n besondere plek onder die volke ingeneem, en was draer van God se openbaring aan die mense. Reeds in die Ou Testament was daar die besef dat God se heil vir alle volke is. Dit was ook moontlik vir 'n nie-Jood om deel te word van die Joodse volk. Dit het egter beteken dat so 'n persoon die Joodse leefwyse moes aanvaar en deur 'n proses van onderrig en besnydenis alle

voorskrifte van die wet moes nakom. Daar was ook diegene wat nie vir so 'n stap kans gesien het nie, en op die rand van die Joodse gemeenskap geleef het – die sogenaamde “godvresendes”. Die Joodse leefwyse was dus in dié geval die aanvaarde norm.

Die groot verandering kom wanneer hierdie vanselfsprekende uitgangspunt vir die eerste keer bevraagteken word. Vir Paulus gebeur dit wanneer hy teen 'n al groter wordende weerstand van die Jode stuit. Wanneer hy hom doelbewus na die heidene wend, kom hy tot die verrassende ontdekking dat hulle reaksie baie meer positief is as dié van die Jode. Wanneer Paulus rekenskap gee oor sy eie bediening, is daar net een gevolgtrekking: die Joodse lewenswyse is nie 'n essensiële voorwaarde vir die Christelike geloof nie. Daarom stel hy nie die besnydenis as 'n voorvereiste om aan die geloofsgemeenskap te behoort nie. Hierdie was 'n radikale teenstelling tussen die wet en die evangelie. Daarom dat die apostels ooreenkom, in Hand 15 (vgl De Villiers 1987:23-45), dat die besnydenis as teken van die onderwerping aan die Joodse wet nie as vereiste vir die heidense bekeerlinge gestel sal word nie.

Om te sien hoe hierdie besluit in die praktyk toegepas is, moet mens gaan kyk na Gal 2:11-14. Aanvanklik aanvaar Petrus die gelowiges uit die heidendom as volwaardige geloofsgenote sonder om enige vereistes aan hulle te stel. Hy eet selfs saam met hulle. Maar as daar ander Jode bykom, verander Petrus se gesindheid. Hulle sou die Jerusalem ooreenkoms eerbiedig. Die heidene hoef nie die hele wet te onderhou nie. Maar die Jode se besnydenis kon tog nie tot niet gemaak word nie, en dus sou hulle onder die verpligting bly om die wet, asook die reinheidsvoorskrifte van die wet, te onderhou. Onder andere sou hulle dus nie saam met die heidene kon eet nie. Die gelowiges uit die heidendom mag wel as mede-Christene beskou word, maar kultiese afsonderlikheid moet gehandhaaf word. Petrus probeer die probleem ontduik deur hom eenkant te hou en hom van sy medegelowiges uit die heidendom te onttrek. Dit is duidelik dat sy verandering in gesindheid nie berus op geloofsgronde of die dieper verstaan van die evangelie nie, maar op vrees vir wat sy mede-Jode van hom sal dink. Ter wille van die vrede, en omdat hy nie aanstoot aan sommige se sterk groepsgevoel wil gee nie, probeer hy die saak stil-stil uit die wêreld help. Die feit dat selfs Barnabas hom deur Petrus laat meesleep het (Gal 2:13),

toon dat Petrus se “oplossing” groter steun onder die Joodse gelowiges geniet het as wat Paulus graag sou wou toegee (Lategan 1987:10).

Paulus skroom egter nie om hierdie huigelary bloot te lê vir wat dit werklik is nie, naamlik ‘n afwyking van die reguit pad van die evangeliese waarheid (Gal 2:14). Petrus sien nie in dat hy in sy poging om sy mede-Jode te paai, sy medebroers uit die heidendom degradeer tot tweede klas gelowiges nie. Petrus se tafelgemeenskap met medegelowiges was die konkrete uitdrukking van die nuwe werklikheid wat deur die geloof in Christus tot stand gekom het (Gal 3:28). Die eenheid in Christus is die alles oorheersende werklikheid van die nuwe bedeling.

Die ironie is dat, in Petrus se poging om die integriteit van die Joodse Christene as Jode te bewaar, hy die integriteit van die nie-Joodse Christene as gelowiges in Christus aantas. In plaas daarvan dat hy hulle as volwaardige medegelowiges tot die Christendom verwelkom, wil hy eerder van hulle bekeerlinge tot die Joodse geloof maak. Hier stuit ons teen die werklike krisis in Galasië: die vraag van die eerste lojaliteit van die Christene teenoor alle ander lojaliteite van taal, kultuur ens. Dit handel dus in wese hier oor die identiteit van die kerk. Paulus werk in Gal 4:21-31 dit baie duidelik uit dat die onderhouding van die wet nie ‘n voorvereiste is vir geloof nie. Paulus kyk na Abraham, Isak en Ismael as voorbeelde van *sola gratia* teenoor verdienste geloof. Die wet en evangelie is dus nie maar twee aanvullende sake wat eenvoudig met mekaar gekombineer kan word op die wyse wat Paulus se teenstanders die Galasiërs wil wysmaak nie. Die evangelie veronderstel ‘n nuwe werklikheidsbegrip (vgl Lategan 1987:13-16).

Dat die eenheid vir die kerk in Antiochië baie belangrik was, blyk duidelik uit die volgende opmerking van Visser’t Hooft:

Zijn kan de positie en de ware sin van het woord: Daar waar Christus is, is de eenheid omkeren en zeggen: ‘Daar waar de eenheid is, is Christus’. Dit gevaar is zeer reël en we komen het zelfs in het begin der Kerkgeschiedenis tegen. Het is van grote betekenis, dat Ignatius van Antiochië, die als eerste, om de Kerk te

kenschetsen het woord ‘katholiek’ gebruik, die eenheid so ‘n mate vergoddelijk, dat hij spreek van “de eenheid, die God Zelf is” (Visser’t Hooft 1943:67).

Breytenbach (1987:49-59) toon aan dat Paulus in die brief aan die Korinthiërs die eenheid van die kerk baie nou verbind aan die herstel van die sakramente, as die realisering van die eenheid van die liggaam van Christus. Die doop en die nagmaal is by uitstek die kerklike handeling wat sigbare en ervaarbare uitdrukking gee aan die bo-aardse *soma christou*. Die kerk, hetsy die plaaslike gemeente, ‘n bepaalde kerkverband, die kerkgenootskappe binne ‘n bepaalde omgewing, of die kerk van die Here Jesus Christus, mag nie toelaat dat die feit dat ons in verskillende “kerke” is, of deur verskillende ampsdraers uit verskillende teologiese tradisies gedoop is (1 Kor 1:10-17), ons verder in groepe verdeel nie. Die doop bind ons as een liggaam saam en mag ons nie verdeel nie. Dieselfde geld vir die nagmaal. Die kerk mag nooit toelaat dat sosiale verskille tussen mense daartoe lei dat die viering van die nagmaal tot geleenthede ontaard waar elke sosiale groep sy eie maaltyd eet (1 Kor 11), en die ander groep deur die verdeeldheid beskaam word nie. Daarom val die klem weereens op die *sola gratia*. Slegs wanneer ons die genadekarakter van die sakramente beklemtoon en begryp, kan ons die sakramente herstel.

In die eenheid van die kerk gaan dit nie net om formele institusionele eenheid nie, maar om eenheid as gestalte van liefde. Hierdie liefde is die vrug van die “geloof wat deur liefde tot daad oorgaan” (Gal 5:6). Die eenheid waarvoor dit in die kerk gaan, is koinonia. Tog is dit moeilik om hieruit sommer ‘n direkte organisatoriese eenheid (vgl Joh 17) uit die voorbeeld van die Vader en die Seun af te lei (Du Rand 1987:128-130).

It is always a ministry of unity and diversity. Unity and *communio* do not originate through decrees or bureaucratic regulation, but through mutual penetration and relationship, just as the trinitarian persons deeply penetrate one another (*perichoresis*)... The church must always allow itself to be corrected by its primeval image in order to remain a living church (Schaluck 2000:42).

Net so min as wat ons sigbare eenheid en organisatoriese eenheid moet vereenselwig, mag ons organisatoriese eenheid identifiseer met institusionele eenheid. Daar sou ook gesê kon word dat die ganse kerk een instelling (instituut) van die Drie-Enige God is. Dit kom tot uitdrukking in die verskillende institutêre elemente soos die een doop, een boek, een apostolaat. Tog is dit onmoontlik om van een instituut te praat vanuit die Geref Kerkreg, aangesien kerke en gemeentes nie in een vergadering (Sinode) bymekaar kom wat bindende besluite neem nie.

Hoe zal trouwens ... de Kerk, d i niet een organisatie of conglomeraat van gemeenten, maar een echte gemeenschap zijn, als ze niet in alle gebrek, een weergave is van het eene lichaam, met de vele leden en van de vele leden, die een lichaam vormen (1 Kor 12)? Het wordt hoog tijd, dat wij ophouden met stichtelijk van dit hoofdstuk bij elke eenigzins belangrijke vergadering kennis te nemen, en met het juist en diepzinnig theologiseeren erover, terwijl ons kerklijk leven in zijn realiteit er een rechtstreeksche verloochening en overtreding van is (Kraemer 1945:49).

Behoort die eenheid van die kerk sigbaar te wees? Die leer van die Rooms-Katolieke Kerk is skerp omlin, hulle proklameer dat die kerk as liggaam van Christus terselfdertyd 'n geestelike en sosiale werklikheid is. Die twee aspekte kan nie geskei word nie, netsoos die liggaam onafskeidbaar van die siel is. Die eenheid is sigbaar en besit 'n volkome konkrete maatstaf, d w s 'n onderwerping aan die Heilige Stoel wat die "wortel, bron en middelpunt van die eenheid is". Dit is om't ewe om te sê "Daar waar Christus is, is die kerk", as om te sê "Daar waar Petrus is, daar is die kerk".

Wat leer die protestante in hierdie verband? Wat die Reformatore in die eerste plek interesseer, is nie of die eenheid van die kerk sigbaar of onsigbaar is nie, maar vanwaar die eenheid kom. Waar die Rooms-Katolieke Kerk die eenheid van 'n sosiologiese feit laat afhang (onderwerping aan die Heilige Stoel), leer die Hervormers dat die eenheid enkel en alleen die werk van Christus in sy Kerk is. Dit is duidelik dat daar nie 'n standaard Bybelse model vir eenheid is nie. Daarom moet die voorstanders van een instituut ook duidelikheid kry oor hulle dryfvere. Een indrukwekkende instituut mag

uitdrukking wees van eenvormigheid en triomfalisme. Tog mag geen ander motief funksioneer as die verlange om aan die wese van die kerk, as die gemeenskap van die armsaliges, gestalte te gee nie. Selfs nie eers die motief dat die wêreld sal glo, is die primêre nie. Indien ons net een word sodat die wêreld kan glo, sal hulle nie glo nie, want ons sal hulle nie so maklik bluf nie (vgl Visser't Hooft 1943:56-57).

Die versoeking om self die eenheid uit te werk en dit te probeer skep, is voortdurend deel van ekumeniese gesprekke. 'n Ekumeniese gesprek kan baie maklik ontaard in slegs horisontale verhoudinge, waar belydenisse en kerkordes vergelyk word, maar vergeet word dat gesamentlik voor die Woord van God gestaan moet word, en ons daaraan onderworpe moet wees. Daarom mag die eenheid nooit van die waarheid geskei word nie. "Er kan slechts heil zijn in dit gemeenschappelijke uitgangspunt: de eenheid der Kerk te zoeken is gesamentlijk zoeken de Kerk van Jezus Christus te zijn" (Visser't Hooft 1943:68). Eenheid is nie eendersheid nie, en verskeidenheid nie noodwendig verskeurdheid nie. Verskillende gemeentes beteken nie noodwendig geslote gemeentes nie. Die groot bedreiging vir die eenheid van die kerk is eerder afsonderlikheid.

Afsondering was nog altyd eie aan sektes en ketterye. Die alternatief hierop is nie 'n ope geloofsgemeenskap waarbinne die waarheidsvraag geen rol speel nie, maar 'n nederige geloofsgemeenskap waarbinne gelowiges bewus is van hulle beperkte insigte, van die eskatologiese aard van die waarheid en van die noodsaaklikheid om aan mekaar vas te hou, terwyl die een die ander hoër as homself ag (De Villiers 1987:42).

'n Moontlike oplossing is 'n "kompromie". Soms is Paulus baie streng (Gal 1:8), ander kere baie gematig (1 Kor 9:20-23). In Gal 4:10-11 neem hy sterk standpunt in oor onder andere die Sabbat, terwyl hy in Rom 14:5, 6 veel gemakliker is. Hy weier om Titus te besny (Gal 2:3-5), maar is bereid om Timoteus te besny (Hand 16:3). Alleen die Heilige Gees, wat die Gees van genade en liefde is, kan ons hierdie weg wys. Dit is weereens duidelik dat die kerk nooit losgemaak kan word van sy konteks nie. Dit is nie 'n aantal leerstellings of gemeenskaplike formulering van geloofsinhoud wat die vroeë Joodse en nie-Joodse Christene aan mekaar gebind het nie, maar die een Naam, Jesus Christus. Dit

is nie 'n meervoudige interpretasie of relativisme nie. Hierdie Waarheid relativeer wel allerlei kriteria deur dit te plaas in die groot verband van die verhouding tot die Waarheid, Jesus Christus.

#### **4. DIE ROEPING VAN DIE KERK**

Jurgen Moltmann has captured both the intent and content of Scripture in saying that “mission does not come from the church, it is from mission and in the light of mission that the church has to be understood”. The church does not create mission; mission creates the church. In mission the church has its identity and purpose (DuBose 1983:105).

Die kerk se roeping lê inderdaad vasgevang in sy identiteit: sy verhouding met God. Hierdie verhouding word van “onder af”, van die mens se kant af, bepaal deur gehoorsaamheid. Gehoorsaamheid aan God is niks anders as bereidheid tot diens nie. Daar kan geen verhouding wees as daar nie gehoorsaamheid is nie. Gehoorsaamheid en die ontvangs van die Heilige Gees is onlosmaaklik aan mekaar verbind (Kraemer 1945:61,76). Die draers van die Christelike boodskap het geen keuse nie, die boodskap moet gekommunikeer word, omdat dit die Woord van die God van die wêreld is. “It has called a community in being, the Church, which exists for the sake of the world, and not for its own sake. The communication of this message of divine Heil and healing to the world is the thing for which the church exists” (Kraemer 1956:22).

##### **4.1 Die kommunikasie van die evangelie**

Die Christelike boodskap moet die openbaring van God oordra, nie 'n idee van God wat kompeteer met ander voorstellings van die goddelike nie. “Revelation means that God wants to be known, not to be known about. God discloses himself in his acts in concrete human history by opening his heart and making known the ‘mystery’ of his saving will in order to commune with man. Dietrich Bonhoeffer beautifully says that the Church is founded in the revelation of God’s heart” (Kraemer 1956:23).

Volgens die Nuwe Testament is dit duidelik dat die kommunikasie van die evangelie nie soseer daarop gemik is dat die hoorders dit liggies moet kan verklaar nie, maar dat hulle bewus sal word van die beroep wat op hulle geloof gedoen word. Die enigste aanvaarbare antwoord op God se openbaring van sy hart, is die oorgee van hulle eie harte. “At Pentecost the crowd heard the apostels proclaim ‘the wonderful works of God’, and not their undeniably marvelous experiences of their Master” (Kraemer 1956:25). Die hele skepping sug en wag met ‘n vurige verlange na die nuwe wêreld, waarin alles nuut en in plek sal wees. Die kerk verkondig dat die verlange besig is om vervul te word. In Jesus Christus het die nuwe skepping ‘n aanvang geneem, Hy is die eerste verteenwoordiger van die nuwe wêreld en die Hoof daarvan. Die oomblik toe Hy die wêreld oorwin het, het die nuwe eeu begin, en die oorwinning wat Hy behaal het, is van kosmiese belang. Die grootste taak van die Kerk, sy plig teenoor God en die wêreld, is dus om die herskepping van die wêreld in Jesus Christus te verkondig.

Die kerk bouwt niet alleen op door de herschepping te verkondigen, maar door de gemeenschap van de nieuwe schepping op aarde te belichamen... De Kerk bouwt de wereld weder op door Kerk te zijn, door de gemeenschap onder de gemeenschappen te zijn, door mensen zonder band saam te binden, door aan eenzamen naasten te geven en door op deze wijze de massa's in gemeenschap te veranderen (Visser't Hooft 1943:82).

Die Evangelie van Jesus Christus is die wesenlike, die absoluut onmisbare in alle kommunikatiewe handeling van God en van sy gemeente wat hieraan deelneem. Die kerk is apostolies en die apostolisiteit van die kerk is meer as net maar ‘n eienskap van die kerk. Dit is ook nie maar ‘n gevolg van kerkwees nie, dit is inderdaad ‘n voorwaarde vir kerkwees (Nel 1994:28).

#### **4.2 Die dienskarakter van die kerk**

Aangesien die kerk primêr die skepping van die Vader, Seun en Heilige Gees is, moet daarteen gewaak word dat by sy diens, in navolging van Christus, die werk van die Vader en die Heilige Gees gering geskat of uit die oog verloor word. Jesus die Christus en Jesus die Kurios is tegelyk ook Jesus die Diakonos (Fil. 2:5-11). “Kerkwees is diens doen,



omdat Christus sy werk deur die *ekklesia* (gemeente) voortsit en laasgenoemde daar is ter wille van die Ryk van God en so ter wille van die wêreld. Lidmaatskap van die gemeente, en gemeentewees as sodanig, is nooit 'n doel op sigself nie. Lidmaatskap vra diensbaarheid wat veranker is in die soenverdienste van Christus" (Nel 1994:36).

### 4.3 Geroep tot dissipelmaking

Dikwels word die grondliggende waarhede ten opsigte van lidmaatskap en Christenskap verwaarloos, en die soms radikale eise van die navolging van Christus te hoog geag. Indien dit sou gebeur, is ons besig met 'n ernstige oortreding van die opdrag van Christus, naamlik om die nasies sy dissipels te maak. Om dissipels te maak, beteken nie maar net om iemand tot 'n beslissing vir Christus te bring nie. Dit is eerder om so iemand te leer en te help om te groei tot diens. Jesus was inderdaad besig om vir meer as drie jaar "dissipels te maak" van die wat Hom gevolg het.

Dissipelmaking is dus nie 'n begrip wat naas begrippe soos "lidmaatskap" en "Christenskap" funksioneer nie, maar moet eerder as verryking van hierdie begrippe dien. Daarom is die onderskeid wat McGravan maak tussen "discipling" en "perfecting" (Yates 1994:217) nie aanvaarbaar nie. Want om dissipels van mense te maak, is 'n taak wat nooit afgehandel word nie. Netso is die strewe na volmaaktheid (perfecting) 'n proses wat reeds begin word wanneer iemand tot dissipelskap gelei word (vgl Nel 1994:83-85). Die kerk is die weg, nie die einddoel nie. Op weg na God se Koninkryk moet die kerk homself voortdurend evangeliseer, nie net deur woorde nie, maar ook deur voor te leef wat hy glo (Schaluck 2000:41). Die dissipelskap gedagte verwys na die werkwoord *manthanein* wat letterlik beteken om jou gedagtes op iets te fokus. Die werkwoord kom egter net ses keer in die Nuwe Testament voor. Kenners is van mening dat die werkwoord vir "volg" (*akolouthein*) die Nuwe Testamentiese dissipel waarmerk, eerder as die begrip wat vir onderrig of lering gebruik word. Jesus se bedoeling was dan ook nie net om inligting oor te dra of bestaande houdings te bevestig nie, maar om 'n onvoorwaardelike oorgawe aan en verbondenheid met Hom wakker te maak.

Die begrip “dissipel” (*mathytys*) is die woord wat in die Griekse wêreld gebruik is vir vakleerlingskap, maar ook vir ywerige navolger, selfs nabootser. Dit gaan in ‘n bepaalde sin om die ideale verhouding tussen dié wat intellektueel uitgee en die wat intellektueel ontvang. “Dissipel” impliseer ‘n persoonlike verbondenheid wat die hele lewe van die dissipel bepaal. Hierdie persoonlike verhouding kom baie duidelik na vore in die verhouding tussen Jesus en sy dissipels, ‘n verhouding wat deur Jesus self geskep is, en deur sy persoon beheer is. Jesus bied Homself aan vir sy dissipels, nie vir ‘n saak of ‘n dogma nie. Bybelse dissipelskap word daarom gekonstitueer in twee spilpunte, naamlik: (a) aanvaarding in ‘n persoonlike verhouding deur Hom wat jou tot hierdie verhouding met Hom roep; en (b) ‘n roeping wat insluit dat jy binne die verhouding navolger en leerling is van die Een wat jou hiertoe geroep het, naamlik God in Christus. Wie binne hierdie verhouding is, is per definisie lerende navolger van Christus (Nel 1994).

Vir die dissipels van Jesus was dissipelskap nie maar die eerste stap, met ‘n belofte van groter dinge wat volg, soos om bv self rabbi te word, nie. Dit was die vervulling van hulle lewensbestemming. Hier gaan dit dus om ‘n lewenslange navolging as leerling van en by Christus. Gelowiges (dissipels) is leerlinge op weg. “The church is a representative community, which belongs not to itself, but to a mission. We don’t give purpose to ourselves; we give ourselves to a purpose. All of these has to do with the church’s prophetic role” (Armstrong 1979:43).

## 5. KERK EN KONTEKS

Die kerk moet leer om met sy verlede saam te leef. Dit beteken dat in die oortel van die geskiedenis onderskei sal moet word tussen kerk, die evangelie, die koninkryk en die wêreld. Die kerk se verhaal is ‘n belydenis van ontrouheid. Die wêreld sal die evangelie agter die kerk moet raaksien.

The gospel is not just a message; it is the reality of God’s redeeming activity through Jesus Christ. The church is a human community called into existence by God and sustained by God as a witness to the gospel, but the church is not the gospel. The history of the church is the story of how far the church is from the

gospel, but it is also the history of how God uses the church to witness to God's redemption of creation (Wilson 1997:11).

Wanneer aandag gegee word aan die geskiedenis sal ons ook leer om soos sendelinge na ons eie kultuur te kyk. Dan sal die bedreigings daarvan raakgesien moet word, asook die geleenthede om geloofwaardig te leef in 'n gefragmenteerde wêreld. Wilson maak 'n baie duidelike onderskeid tussen 'n pluralistiese en 'n gefragmenteerde wêreld.

Pluralism... describes a world of competing outlooks, traditions, or claims of truth. It pictures a culture made up of coherent, integral communities, traditions, or positions that can be clearly differentiated from one another ... Western culture is fragmented, not pluralistic. It is incoherent; our lives are lived piecemeal, not whole. The disagreements that we have are difficult to resolve, because we cannot locate them within some coherent position or community. We do not live in a world filled with competing outlooks; we live in a world that has fallen apart (Wilson 1997:27).

Die wêreld waarin in ons leef is gesekulariseerd. Die implikasies daarvan is dat die Kerk of die Christen se mening nie beskou word as gesagdraend of respekterbaar nie (Kraemer 1956:57). Ongelukkig het die kerk ook verwêreld in die sin dat gesekulariseerde interpretasies van die evangelie toegepas word in die teoretiese funksionering van die Bybelse geloof. Dit lei daartoe dat die Bybelse gesag bevraagteken word deur wetenskaplikes. Sekularisasie het tot gevolg dat vroeëre waardes net nie meer geld nie, wat tot gevolg het dat die evangelie nie meer 'n rol speel in miljoene mense se lewens nie (Kraemer 1956:89). Die wêreld waarin ons leef, is ook geglobaliseerd. Dit het 'n eie invloed op die kerk se rol binne die wêreld. Die kerk sal 'n alternatiewe gemeenskap moet vorm wat die positiewe eienskappe van die globalisering sal aanvaar en die negatiewe sal verwerp, nie net in woord nie, maar veral deur 'n leefwyse in hierdie alternatiewe gemeenskap (Amaladoss 2000:17).

Juis in hierdie verband is die koinonia van die kerk so belangrik. Indien daar 'n sterk eenheidsband en gemeenskap tussen die gelowiges bestaan, kan die nood in sekere

wêrelddele, asook die nood van sendelinge en kerk baie gouer en baie meer spesifiek aandag kry. So kan ons vanuit ons huise en plaaslike gemeentes deel kry aan die Missionêre Diakonaat wêreldwyd deur aktief daarby betrokke te wees, al sou hierdie betrokkenheid dan ook bloot geestelik deur gebed wees.

## 6. SAMEVATTING

Die geloofwaardigheidstoets lê juis in die identiteit van die kerk, naamlik sy verhouding met God. Dit het te doen met die gehoorsame uitleef van die verhouding met God, in diens aan mekaar en aan die wêreld. Die priesterskap van elke gelowige sal weer uitgeleef moet word binne die gemeente, deur aandag te gee aan die maak van dissipels, sodat almal in die kerk as gelykes beskou sal word. Een van die voordele van die Reformasie was dat die priesterskap van die gelowiges (Hand 2:17 en 1 Pet 2:9) erken is. Ongelukkig het die kerke van die Reformasie mettertyd teruggeval op die onderskeid tussen die “professionele” en die “leke” Christene. Daar is ook geweldige gapings tussen ons dogmatiek oor die kerk en ons bedieningspraktyk in die algemeen. Hendrikus Berkhof skryf dat die Reformasie ‘n reformasie van die leer van die kerk (verlossingsleer, ens) was, eerder as ‘n leer oor die kerk (ekkesiologie). Dit gee aanleiding daartoe dat die gemeente as die objek van die bediening gesien word: mense aan wie die evangelie bedien moet word, die kudde van die herder. Die priesterskap van die gelowiges beteken egter dat die gemeente subjek van die bediening is: mense wat toegerus is om die evangelie te bedien. Hulle is vrygespreek. Hulle het die Heilige Gees ontvang en is toegerus met die gawes van die Gees. Hulle is mense deur wie die bediening van die evangelie moet geskied. Daarom moet die plaaslike gemeente gerig word na buite, na hulle wat nie aan ‘n kerk behoort nie. Daarom kan die gemeente niks anders as gestuurdes wees nie (vgl Smit 1995:22).

Alhoewel nie elkeen van die verskillende diensterreine van die kerk - koinonia, leitourgia, diakonia en kerugma - afsonderlik bespreek is nie, is dit baie duidelik dat hierdie diensterreine almal geïnkorporeer is in die roeping van die kerk (vgl Burger



1999:203-260). Ons kan wel hierdie diensterreine onderskei, maar ons mag hulle nooit skei en afsonderlik probeer toepas nie.



## **DEEL 5:**

### **OPWEG NA 'N MISSIONÊR DIAKONALE EKKLESSIOLOGIE**

Hierdie is die slotgedeelte van die studie, waar gepoog word om tot 'n "nuwe" ekklesiologiese verstaan te kom. Hierdie ekklesiologie kom voort uit die roeping van die kerk en nie uit die dogmatiese of kerkregtelike verstaan nie, alhoewel daarmee rekening gehou word. Hierdie gedeelte van die studie val uiteen in die volgende twee hoofstukke.

#### **Hoofstuk 10.**

Hier word op grond van die voorafgaande studie, asook spesifieke Skrifgedeeltes, sekere gevolgtrekkings gemaak wat omgesit is in 'n beskrywing van die nood aan en gestaltes van die Missionêre Diakonaat. Laastens word weer gewys op die belangrikheid van die eenheid van die kerk.

#### **Hoofstuk 11.**

In hierdie laaste hoofstuk word sekere riglyne gegee vir die implementering van 'n missionêr- diakonale bediening.

## HOOFSTUK 10

### OP WEG NA 'N MISSIONÊR-DIAKONALE EKKLESIOLOGIE

#### 1. INLEIDING

In hierdie hoofstuk sal gepoog word om op grond van die voorafgaande 'n missionêr-diakonale ekklesiologie te beskryf. Dit spreek vanself dat hierdie ekklesiologie gerig sal word op die Missionêre Diakonaat. Vir hierdie doel sal daar na spesifieke Skrifgedeeltes gekyk word wat van toepassing is. Daar sal verder gekyk word na die verskillende bedienings waarby die Missionêre Diakonaat betrokke is, asook na verskillende gestaltes wat die Missionêre Diakonaat aanneem. Laastens sal ook gekyk word na die uitdagings wat die Missionêre Diakonaat aan die ekklesiologie stel. Aangesien daar vanuit spesifieke Skrifgedeeltes gewerk word, sal daar noodgedwonge wel onderlinge oorvleueling in die genoemde gedeeltes wees.

In hierdie hoofstuk word uitgegaan van die volgende verstaan van die Missionêre Diakonaat: Missionêre Diakonaat is die heilshandeling van die Drie-enige God, Vader, Seun en Gees, wat as dankbaarheidsdade van die kerk gestalte vind in verskeie vorme van die diakonaat om - uitdrukking te gee aan God se liefde en betrokkenheid by die wêreld in nood. Dit het 'n missionêre dimensie omdat dit op alle mense en alle nood in alle omstandighede gerig word. Missionêre Diakonaat vind plaas daar waar die liefdesdade van God aan die wêreld verkondig word deur dankbaarheidswoorde, woorde wat gedra word deur dankbaarheidsdade van die kerk.

#### 2. DIE INSTELLING VAN DIE MISSIONÊRE DIAKONAAT

##### 2.1 Inleiding

Die kerk staan dikwels, te dikwels, oorweldig deur die groot nood in hierdie wêreld, wat ons verleë en ontsteld laat. Die kerk is nie altyd seker wat sy rol en

verantwoordelikheid is teenoor die wêreld nie. Daarom moet die kerk altyd onthou dat die *missio ecclesiae* niks anders is as die *missio Dei* nie. Fernando (2000d:240) wys daarop dat Jesus die model van die *missio Dei* is. Die feit dat Hy die model vir die sending is, verleen soveel meer gesag aan die woorde van Jesus wanneer Hy sy dissipels troos in hulle vrees om alleen agter te bly. “Julle moet nie ontsteld wees nie. Glo in God; glo ook in My” (Joh 14:1). Jesus is egter nie net die model nie, Hy is ook self (die boodskap van) die *missio Dei*: Joh 14:6 “Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie”. Jesus kom vertel nie net van die *missio Dei* nie, Hy is dit. Hy wys nie net die weg na die Vader nie, Hy is die weg. Daarom weet die kerk wat van hom verwag word. Die kerk weet wat en hoe om te doen wat verwag word. Die kerk moet sy kruis opneem en op weg gaan met Jesus. Die nood hoef nie die kerk te ontstel en moedeloos te maak nie, want Jesus het aan die kerk die versekering gegee: “Wie in My glo, sal ook die dinge doen wat Ek doen; en hy sal nog groter dinge as dit doen, omdat Ek na die Vader toe gaan”. Dan gaan Jesus nog verder en beloof om aan sy kerk die Gees van die waarheid te stuur as voorspraak (Joh.14:16-17). Die Gees bemagtig nie net vir die Missionêre Diakonaat nie, Hy gee ook die gawes wat nodig is om dit te doen. Wanneer daar dus oor die instelling en die inwerkingstelling van die Missionêre Diakonaat gepraat word, dan moet begin word met die feit dat dit *missio Dei* is.

### **2.2 1 Pet. 2:4-10**

Wanneer die kerk verleë en oorweldig staan deur die nood in die wêreld, moet begin word by die kerk se identiteit. Die kerk, die lidmaat op die grond, beleef ‘n christelike identiteitskrisis. Dit blyk uit verskeie sake, soos: onbetrokkenheid, kerkvervreemding, kerkwisseling (van een kerk na ‘n ander), tradisionalisme, “kerkpolitiek en politiek in die kerk”, ens . Baie van hierdie genoemde sake is maar net die resultaat daarvan dat mense die kerk nie meer as betekenisvol en rigtinggewend beleef nie. In 1 Petrus word die gelowiges juis opgeroep om te onthou waar hulle vandaan kom “uit die duisternis”, en nou leef hulle “in die wonderbare lig” (1 Pet 2:9) (vgl Steuernagel 1986:8).



Wanneer 'n missionêr-diakonale bediening geïmplementeer word, sal dit in die kerk moet begin, by die plaaslike gemeente. Die gemeente sal begelei moet word om hulle identiteit in Christus te (her)ontdek. Die sentrale tema in 1 Pet 2 is die uitverkiesing. "Julle, daarenteen, is 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig". Hierdie uitverkiesing moet verstaan word as gegrond op Jesus Christus en wel as "die lewende steen, wat deur mense afgekeur is, maar deur God vir 'n ereplek uitverkies is" (1 Pet. 2:4). Vreemdelinge en bywoners in die wêreld word verkies tot lewende stene in die *oikos pneumatikos*. Wat is dan die verskil tussen die gelowiges en die ongelowiges? Die enigste en grootste verskil is die genade van God (1 Pet 1:3, 18-19; 2:5, 10). God se genade is egter nie eksklusief nie, maar inklusief. Om hierdie genade aan buitestaanders te demonstreer, is dit belangrik dat die gelowiges die "verlossingsdade" van God aan almal moet verkondig. So gebruik Petrus die Ou-Testamentiese verstaan van die verkiesing van Israel "om tot seën te wees", en hy kom pas dit toe op hierdie nuwe vreemde gemeenskap, die kerk in Klein Asië (vgl Steuernagel 1986:10-11).

Die uitverkiesing lei tot 'n wilsbesluit om die Here te volg. Petrus gebruik die woord *proserchomai* (1 Pet 2:4) as aanduiding van die geloofsbesluit wat geneem moet word aangaande Christus, die Here. Hierdie mees basiese besluit van 'n mens se lewe, word gekenmerk deur 'n definitiewe verandering van onverskilligheid (struikeling) t o v God, na 'n ken en dien van God met die totale lewe, om jou te laat opbou as "lewende steen" (Robinson 1989:179).

Die uitnodiging in vers 5 aan mense om hulle te laat opbou in 'n geestelike huis, is sosiologies van belang, want dit impliseer die vorming van 'n nuwe gemeenskap. Daar word groot klem gelê op die feit dat die woord *oikos* gebruik word, en nie bv tempel nie, aangesien daar sosiologiese, politieke en ekonomiese implikasies in die woord opgesluit is. "Oikos denotes a group of persons, a household as well as the domicile in which they lived; that is the basic social community to whom the message of salvation was addressed. Households thus constituted the focus, locus and nucleus of the ministry and

mission of the Christian movement” (Robinson 1989:180). Petrus beweeg dus hier weg van die verstaan dat God in die tempel woon, na die oorspronklike Hebreeuse begrip dat God tussen sy mense woon.

Dit is belangrik om te beklemtoon dat dit ‘n geestelike huis is, dit word deur die Gees geskep. Hierdie opbou tot ‘n geestelike huis is ook nie ‘n eenmalige aksie nie, maar ‘n voortgaande, ewigdurende aksie, soos baie duidelik blyk uit die teenswoordige tydvorm van *oikodomeisthe*. Binne die konteks is die betekenis van *oikodomeisthe* dat God aktief besig is om hierdie gebroke wêreld te herstel, en daarom is die bestaan van die kerk alleen al ‘n teken van hoop, mits dit nie die gebrokenheid van die wêreld weerspieël nie (vgl Robinson 1989:180-181).

Die feit dat die gelowiges uitverkies is tot ‘n koninklike priesterdom, sluit baie nou aan by die voorafgaande argumente. Die gemeente was nooit bedoel om net die aktiwiteitsveld te wees van ‘n paar geïnstitusioneerde ampte nie, maar elke gelowige is geroep tot ‘n koninklike priesterdom. Die taak van hierdie koninklike priesterdom is om geestelike offers te bring wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is (vgl Lea 1988:17). Die gelowiges self is die werksmag van die Heilige Gees, om God se reddingsplan vir al die nasies uit te voer. Die gelowiges behoort aan die Here, daarom word hulle “heilig”, “afgesonder vir God” genoem. Die gelowiges verteenwoordig God in die wêreld en staan voor God, deur in te tree vir die wêreld. Die diens wat gelewer word in die wêreld, die “geestelike offers”, vind onder leiding van die Heilige Gees plaas. Die Heilige Gees gee nie net leiding nie, Hy bemagtig ook die gelowiges vir hulle diens, deur gawes te gee (vgl 1 Pet 4:7-11).

Die kerk is ‘n nuwe, alternatiewe gemeenskap, deur God geskep, om in hierdie gebroke werklikheid te leef. Die kerk is die eerste vrug van God se sending na hierdie wêreld. Die kerk sou dus beskryf kon word as die bekendstelling van God se vernuwingswerk in die mens, in die totale skepping. “That is why they are called a new race (*genos*), not as one alongside the first race (Gentiles) and the second race (Jews), but as one that transcends both. The church is therefore constituted irrespective of race or nationality. This aspect is

further elaborated by the notion *ethnos* (nation), which includes the cultural and sociological aspects” (Robinson 1989:182).

Uit hierdie gedeelte is dit eerstens duidelik dat geen volk homself kan beskou as God se volk nie. God skep vir Hom ‘n totaal nuwe volk uit alle volke, tale en nasies. Elke mens het dus die geleentheid om deel te word van die volk van God. Tweedens is die stigting van die kerk God se soewereine werk. Dit is Hy wat ons roep uit die duisternis na die wonderbare lig. Hy is die hoeksteen waarop die hele kerk gebou word. Derdens is die sintese in die funksies van die “ampte” wat hier aan die gelowiges toegeskryf word, van belang. Die kerk is ‘n koninklike priesterdom wat ‘n profetiese taak moet uitvoer. Die oorkoepelende beeld van die kerk wat ons hier vind, is dat dit ‘n gemeenskap in diens is, eerder as ‘n gemeenskap wat bedien word. Die kerk bestaan nie vir homself nie, maar dit bestaan in die reddingsdade van God, en is gerig op die wêreld, as agente van God se genade (Robinson 1989:183).

Wat opvallend is in die geheel van die Petrus brief is dat die gelowiges nie net opgeroep word om die verlossingsdade te verkondig nie, maar ook telkemale opgeroep word om te let op hoe hulle lewe in hierdie wêreld (1 Pet 1:16, 17, 22; 2:1, 12, 13, 15, 17, 18; 3:1-12; 5:5). Die gemeente word opgeroep om deel te neem aan die sosiale lewe, en so ‘n voorbeeld te wees in die gemeenskap. Indien die gelowiges so leef, sal ander sien dat hulle gewone mense is, soos enige iemand anders, wat in die gemeenskap wil leef en bekommerd is oor mense (vgl Steuernagel 1986:14). “The congregation itself (that is, its being) is part of the message it proclaims. Faith and life are the two sides of the same coin. The congregation exists ‘in order that’ it should proclaim the amazing liberating acts of God” (Robinson 1989:185).

Steuernagel (1986:14-18) wys baie duidelik daarop dat woord en daad beide dimensies is van die Christelike getuienislewering. Hierdie getuienislewering is baie sterk gemeenskapsgerig en dit kom uit die hart van die gemeente, nie uit die harte van verskillende individue nie. “And last, but not least, mission is also conceived of as a task to be exercised in a communitary dimension. In word and deed, in joy and suffering, it is

the privilege of the community to ‘declare the marvellous deeds of him until he comes’ ” (Steuernagel 1986:16).

### 2.3 Gevolgtrekking

Jesus Christus self is die insteller van die Missionêre Diakonaat. Die implementering van die Missionêre Diakonaat sal vereis dat daar sekerheid oor die kerk se identiteit sal wees. Dit is God se kerk. Hy het die kerk uitverkies om die “verlossingsdade” te verkondig. Die kerk moet baie duidelik verstaan wat dit beteken om uitgekies te wees, en moet leer uit Israel se verhouding met God. Die kerk moet vreugde vind in die genade wat God aan hulle betoon het om hulle “uit die duisternis tot die lig te bring”. So kan die kerk hom verheug, al word hy bedroef gemaak deur nood (allerhande beproewings), en so sal die egtheid van die geloof blyk (1 Pet 1:6). Die kerk moet verantwoordelikheid aanvaar vir die *missio Dei* in sy verskillende gestaltes (*missiones*), want hy is God se volk, sodat die *missio Dei* inderdaad ook *missio ecclesiae* sal word.

Die missionêr-diakonale bediening sal bepaal word deur die siening van die kerk as instituut. Teologiese denke oor die kerk het geweldige praktiese implikasies vir die struktuur van die kerk, wat in ‘n groot mate die funksionering van die kerk en dus ook die bediening van die kerk raak. Die teologiese denke oor die kerk het ook implikasies vir hoe gedink word oor die missionêr-diakonale karakter van die kerk. Daar sal nie ‘n (meer) sinvolle bediening kom voor daar nie nuut gedink word oor die verhouding sending en kerk nie (vgl Nacpil 1998:18).

Die Bybel is duidelik daarvoor dat sending en kerk onlosmaaklik deel is van mekaar. Dieselfde Gees wat die kerk kom stig, is die Gees wat die sending van stapel stuur. Die uitgangspunt vir die Missionêre Diakonaat is dat dit:

- In die eerste plek *missio Dei* is.
- Tweedens is die doel van Missionêre Diakonaat die redding van die wêreld.
- Derdens is die kerk die “eerste vrug” van die sending (Rom 8:23). Tog moet onthou word dat die roeping van die sending nie in die eerste plek die bymekaar roep van ‘n kerk is nie, maar die redding van die wêreld.

- Vierdens kan daar alleen gepraat word van *missio ecclesia* wanneer die kerk deel is van die *missio Dei*. Daarom is die doel van die kerk, die wese van die kerk, niks anders as *missio Dei* nie. Kerk word dus gedefinieer deur sending en nie sending deur die kerk nie (vgl Nacpil 1998:18-19).

Sonder 'n bepaalde identiteit kan daar geen Missionêre Diakonaat wees nie. Daarom is dit belangrik dat die kerk terugkeer na die Woord en die belydenisskrifte, om te sien en te beleef hoe dit ons op die wêreld rig. Die kerk is nie (net) die objek van die bediening nie maar veral ook die subjek van die bediening. Die kerk se identiteit in Christus is juis daarin geleë dat hy gestuur is na die wêreld. Die kerk sal nie net as instituut bewus gemaak moet word van sy identiteit nie, maar elke individuele gelowige sal die voorreg en die verantwoordelikheid van die verkiesing moet besef. Daar sal dus opnuut baie aandag geskenk moet word aan die amp van die gelowige, en die bediening van die gawes (vgl Kritzinger 1979:189-191). "Die hele lewe van die kerk, ja, die ganse bestaan van elke gelowige is deel van sy of haar 'sending'. Elke gelowige is 'n sendeling ... Daar is baie min van 'n onderskeid tussen die 'bediening' van 'n persoon, en sy/haar 'sending'" (Kritzinger 2001:74).

Wanneer na die Suid-Afrikaanse en Afrika konteks gekyk word, is dit, in die lig van byvoorbeeld die Vigs-pandemie, Afrika oorloë en hongersnood, van wesentlike belang dat elke gelowige sy gawe sal gebruik om mense te lei tot 'n ontmoeting met die Here Jesus Christus. Dink vir een oomblik aan die "geestelike/pastorale" las wat al die Vigs sterfgevallen op 'n gemeente lê. Dit is onmoontlik dat die leraar dit alleen kan hanteer. Dit is uit die Afrika konteks verder duidelik dat ons nie net met die kerugma, die geestelike, kan besig wees nie - Jak 2:15-16 spreek ons baie duidelik aan: "Sê nou daar is 'n broer of 'n suster wat nie klere het nie en dag vir dag honger ly, en sê nou een van julle sou vir hulle sê: 'Mag dit met julle goed gaan; gaan trek julle warm aan en eet genoeg,' maar julle gee nie vir hulle wat hulle nodig het om van te lewe nie wat help dit dan?" Daar moet 'n strategiese, doelbewuste diakonale (daad) verkondiging wees.

### 3. MISSIONÊRE DIAKONAAT BEDIEN 'N OMVATTENDE NOOD

#### 3.1 Inleiding

Uit die Ou Testament vind ons die meeste voorbeelde van Missionêre Diakonaat in die wette wat aan Israel gegee is, veral in Deuteronomium en Levitikus. Telkens word die Missionêre Diakonaat in die gedeeltes gegrond op die verhouding met God. 'n Duidelike voorbeeld hiervan is Lev 19:2, "Praat met die hele gemeente Israel en sê vir hulle: Wees heilig, want Ek die Here julle God is heilig". Telkens word Israel op een of ander manier herinner aan hulle identiteit, of dat hulle moet leef volgens dit wat hulle alreeds is. Belangrik dat dit hier nie net gaan om hulp nie, maar 'n bepaalde gesindheid en verhouding teenoor dié wat minderbevoorreg is. Ook die profete lewer baie skerp uitspraak oor die miskenning van die hulpbehoewendes.

In die Nuwe Testament wemel die evangelies van Missionêre Diakonaat in die lewe van Jesus. Hier word kortliks verwys na twee voorbeelde. Die eerste is die baie bekende verhaal van die barmhartige Samaritaan (Luk 10:25-37). Die Samaritaan het die minste rede gehad om die hulpbehoewende te help, tog help hy omdat sy hulp gemotiveer word vanuit 'n Jesus-gesindheid. Luk 15:33 sê dat hy die man wat onder die rowers geval het, "innig jammer gekry het". Dikwels in die evangelies lees ons dat Jesus die mense "innig jammer gekry het". Die Missionêre Diakonaat het nie vooropgestelde grense of vereistes nie. Die grense en vereistes word slegs bepaal deur die liefde van Christus. "The principles of the Christian *sophia* are at most maxims, never rules or precepts, and they illuminate situations, but do not dictate decisions" (Van Peski 1968:250).

Uit Romeine 12 is dit duidelik dat die liefde van Christus nie beperk word nie. In Rom 12:1 word 'n beroep gedoen op die broers "op grond van die groot ontferming van God", om eerstens te kyk na hulle verhouding met God en dan na hulle verhoudinge onderling in die gemeente. Die motivering is weereens vanuit God se verhouding met hulle, God se ontferming oor hulle. Daar word verwys na die onderlinge verhouding met "mekaar"

(Rom 12:10). Hierna word verwys na medegelowiges (vers 13). Of hierdie kring wyer is as die “mekaar”, bedoelende van 'n ander gemeente, is nie heeltemal duidelik nie. Vers 17: "Wees goedgesind teenoor alle mense", en dan vers 23: "As jou vyand honger is, gee hom iets om te eet...". Dit is duidelik dat "die ontferming van God" oor alle grense strek, dat dit van binne na buite uitkring. Ons mag nie mensgemaakte grense stel aan die Missionêre Diakonaat nie. Ons mag dit nie beperk tot ons vermoëns, of die gelowiges, of ons gemeenskap nie. Ons mag dit slegs beperk tot die liefde van Christus. “Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was: Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, maar Hy het homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word” (Fil 2:5-7).

Die kerk is nie belangriker as sy Meester nie, daarom moet gelowiges saam met mense in hulle nood kom staan en bereid wees om hulle te dien, omdat Christus aan die kerk die voorbeeld kom stel het (Joh 13:15-17).

### **3.2 God se verlossingsplan**

Waar gelowiges bewus is van hulle identiteit in Christus, sal hulle spontaan ‘n aanvoeling hê vir God se verlossingsplan, maar dit moet ook doelbewus en daad-werklik aan hulle verkondig en geproklameer word. Gelowiges moet begryp dat hulle uitverkies is tot diens. God se verbond met hulle, dat Hy in ‘n spesifieke verhouding met hulle staan, dring hulle en stel hulle in staat om tot seën te wees. Een van die vereistes van die verbond is, dat daar omgesien moet word na hulle wie nie werklik regte het nie; die vreemdeling, die weduwee en die wees. Verbondskinders het dus die verantwoordelikheid om die boodskap te verkondig dat God in Christus die genadeverbond aangaan met elkeen wat met ‘n ware berou en opregte geloof die Here Jesus Christus aanneem. Gelowiges moet begelei word om te verstaan dat God sy verlossingsplan deur hulle laat aanbreek, die Koninkryk van God kom deur menslike handeling in hierdie wêreld.

God se verlossingsplan is spesifiek, naamlik geloof in die Verlossingsdaad van die Here, Jesus Christus. Dit is die kriterium vir die verlossing, nie om mense te verwesters nie. Missionêre Diakonaat moet binne die Afrika konteks beoefen word, en aanvaarbaar wees vir die Afrika mens, en hom/haar ophef om te wees wat God bedoel dat die mens moet wees. Daarom sal die kerk versigtig moet wees om nie die noodlydendes se insette te misken en op neerbuigende en paternalistiese wyse die nood aan te spreek nie. Die noodlydendes moet juis bevry word van hulle nood, God alleen kan bevry (deur mense), en dit geskied op persoonlike vlak, daarom moet noodlydendes begelei word om eienaarskap vir hulle nood en hulp (geloofsgemeenskap en projekte) te aanvaar. Alleen so kan hulle ook die verlossing van God op 'n persoonlike wyse beleef. Verskeie voorbeelde van historiese modelle word beskryf deur Kritzinger (1994).

Om die omvattendheid van die verlossing wat Christus gebring het, te verstaan, en dan te besef hoe omvattend die Missionêre Diakonaat is, word in die volgende gedeelte met Luk 4 gehandel.

### **3.2 Luk 4:16-30**

Om sinvol oor die omvang van die Missionêre Diakonaat te kan praat, moet daar eers 'n slag gekyk word na die nood. Wat is die oorsaak van die nood in die wêreld? In die Gereformeerde tradisie word veral klem gelê op die sonde van die mens wat aan die wortel van sy ellende lê, en verantwoordelik is vir sy nood/lyding op alle lewensterreine, so asof onetiese optrede, of geweld, of onverantwoordelike seksuele gedrag, of diskriminasie, of onregverdigde strukture glad geen rol speel in die nood van mense nie. Job en Prediker leer tog dat sonde nie die oorsaak is van alle nood/lyding nie. Sonde self is egter ook 'n stuk lyding. Lukas kom skilder Jesus se lewe en bediening as antwoord op menslike nood en lyding. Lukas wys daarop dat Jesus se lyding ook in noue verband staan met die lyding van die mens, en dat Hy deur sy lyding vir die mens bevryding bewerk (Scheffer 1990:97).

Hierdie gedeelte moet verstaan word teen die agtergrond van die aankondiging van “die genadejaar van die Here” (vgl Conradie 1996:111-113). Hierdie genadejaar staan in



verband met die jubeljaar waarvan ons in Lev 25 lees: “Die ramshoring is die teken dat almal in die land die jaar van die vyftigste landbouseisoen op ‘n besondere wyse aan die Here moet wy. Daar moet ‘n landswye afskrywing van skuld geproklameer word. Dit moet vir almal ‘n hersteljaar wees: elke Israeliet moet sy grond terugkry en mag na sy familie toe teruggaan” (Lev 25:10). Die punt van die genadejaar was dus dat elkeen die geleentheid kry om voor te begin. Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie landbouseisoen op ‘n besondere wyse aan die Here gewy word, deur die medemens se skuld vry te skeld, sodat hy weer voor kan begin. Die genadejaar het dus veral sosiale implikasies gehad, dit het veral mense van fisiese nood verlos.

Na die beste van ons wete het die Jubeljaar nooit plaasgevind nie. Jesaja het egter in sy profesie hierdie hoop verwoord met die verwagting dat die ramshoring wel eendag sal blaas en die jubeljaar sal aankondig. Dit is teen hierdie agtergrond dat die verwagting van die koms van die Messias, wat ‘n jaar van herstel sal bring vir almal wat in nood is, groei (Conradie 1996:112). Dit is dan teen hierdie agtergrond wat Jesus die woorde van Jes.61:1-2a op Homself van toepassing kan maak, wanneer Hy sê: “Vandag is hierdie Skrifwoord wat julle nou net gehoor het, vervul”.

Scheffer (1990:99-105) dui die ingrypende vernuwing van die genadejaar aan wanneer Hy dit bespreek aan die hand van die verskillende vorme van lyding/nood wat aangespreek word in die gedeelte.

- Ekonomiese nood

Die armes waaroor dit hier gaan, is die werklik materiële armes. Hiervoor gebruik Lukas die term *ptochos* tien keer in sy evangelie, en nie een keer noop die teks mens om die term figuurlik of allegories te verstaan nie. Uit die teks kan mens nie anders as om die term letterlik te verstaan nie. *Ptochos* verwys na totale armoede, in so mate dat die arme moes bedel om te bestaan. So word bv verwys na die weduwee van Sarfat (4:25-26), Lasarus en die ryk man (16:19-31).

- Fisiese nood

Jesus noem hier dat Hy gekom het om die blindes weer te laat sien. Ook hier moet dit letterlik verstaan word. Hier word vooruitgegryp na Jesus as die groot Geneesheer. Jesus staan nie onverskillig teenoor fisiese pyn nie. Vers 23 laat duidelik blyk dat fisiese genesing 'n belangrike motief in die perikoop is, verder is daar ook nog verwysings na die Kapernaum episode (4:31-41), asook die genesing van Naäman die Siriër (4:27). Die lyding van die siekes word meermale deur Lukas beklemtoon, en saam met die woordverkondiging vorm Jesus se genesings die kern van sy bediening. Naas siekte is daar ook ander vorme van fisiese-liggaamlike lyding, aanranding (10:25-37), diegene wat fisies honger is (1:53; 3:11; 6:1-5 e a), of wat fisies in gevaar verkeer (8:22-25). "Ware godsdiens beteken barmhartigheid teenoor die wat ly en die praktiese uitvoering van Jesus se opdrag: 'gaan maak jy ook so' (10:37)" (Scheffer 1990:101).

- Psigologiese nood

In Luk 4:18 is sprake van die vryheid van gevangenes en onderdrukte. In die konteks van Jesaja kon dit dui op die Babiloniese gevangenskap, of die arm onderdrukte wat in Palestina agtergebly het. Daar is genoeg bewyse uit die direkte konteks van die perikoop 4:31-39, asook ander gedeeltes in Lukas en Handeling (10:38) waar verwys word na die gesondmaking van diegene wat "deur die duiwel onderdruk is" (letterlik vertaal), om die afleiding te maak dat dit hier na alle waarskynlikheid handel oor duiwelbesetenheid. Daar moet dus nie te gou aangeneem word dat ons hier met politieke onderdrukking te make het nie. Politieke lyding kom wel later in die evangelie aan die orde. In Lukas se beskrywings van Jesus se eksorsismes val die klem nie in die eerste plek op die uitdrywing van demone of op Jesus se "magtige dade" nie. Lukas se simpatie lê by die slagoffers van duiwelbesetenheid, daarom skryf hy in 4:35 (anders as Mark 1:26) dat die duiwel uit die man gegaan het "sonder om hom seer te maak".

- Geestelike of religieuse nood

Dit is opvallend dat *aphesis* wat in 4:18 met "vrylating" en "vryheid" vertaal word, elders in Lukas vertaal word met "vergifnis", soos in die uitdrukking "vergifnis van sonde" (1:77; 3:3; 24:47). Dus kan aangeneem word dat Lukas met die gevangenes en onderdrukte ook dié in die oog het wat onder die skuld van hulle sonde ly. In Lukas is

daar ook nie altyd so 'n duidelike onderskeid tussen geestelike en fisiese lyding nie. Duiwelbesetenheid en siekte is dikwels nou aan sonde gekoppel (Luk 5:17-26). So kan die uitdrukkings vrylating van die gevangenis en onderdrukte in vryheid, sonder probleme gelyktydig na duiwelbesetenheid, siekte en sonde verwys.

- Politieke nood

Die perikoop op sigself is polities gelaai. Nadat Jesus uit Jesaja gelees het, en Hy aankondig dat die Skrif vervul is, ontvang Hy eers baie positiewe reaksie (4:22). Wanneer Hy egter aandui dat God se genade ook waar is vir die nie-Jode, is dieselfde mense woedend en wil hulle Hom doodmaak. Hierin kom die Nasareners se politieke vooroordeel oor die nie-Jode duidelik na vore. Hulle het geen probleme met die genade van God solank dit tot redding van hulle eie mense is nie. As dit egter ook waar is vir die heidene, is die positiewe gevoel oor die redding ook daarmee heen. Hierdie motief vir die aanvaarding van die heiden nasies word telkens in die evangelie bevestig.

- Sosiale nood

Lukas maak baie van die wat geen sosiale regte het nie. In 4:25-26 word klem gelê op die feit dat die weldoener aan Elisa 'n weduwee (van Sarfat) was. So ook vind die opwekking van die seun van 'n weduwee (van Nain) plaas. Lukas lê ook in die res van die evangelie sterk klem op vrouens, en dan veral weduwees. Ander sosiaal verontregtes aan wie hy baie aandag skenk, is tollenaars, herders, soldate en kinders. Ons sou ook kon dink aan melaatses en armes.

Die nood van mense kom na vore in verskillende vorme van lyding. As antwoord op die nood sal die kerk een omvattende bediening moet beoefen in navolging van Christus. Hierdie enkelvoudige bediening het beide 'n instandhoudings- en 'n vernuwings- of vermeerderingskarakter. Jesus se lyding staan in noue verband met menslike lyding, omdat Hy sonder enige kompromieë intree vir die noodlydendes. So word Jesus se dood voorgehou as die dien van sy volgelinge (Luk 22:27). In die Missionêre Diakonaat gaan dit dus daarom dat, in navolging van en in gehoorsaamheid aan Christus, gelowiges hulle

vereenselwig met alle mense in nood, deur die genadejaar van die Here vir hulle aan te kondig deur woord en daad, sodat elkeen weer die geleentheid kan kry om voor te begin.

In die lig van die omvattende nood wat deur die kerk aangespreek moet word, sal die Missionêre Diakonaat ten minste die volgende gestaltes vertoon.

#### **4. VERSKILLENDE GESTALTES VAN DIE MISSIONÊRE DIAKONAAT**

Vanuit die Pentateug lig Prinsloo (1982:5-7) essensiële sake in verband met barmhartigheid uit. Wat dadelik opval, is die vorm waarin hierdie barmhartigheidsopdragte gegiet is.

- Feitlik sonder uitsondering staan hulle in die apodiktiese of onvoorwaardelike vorm. Diens van barmhartigheid is dus nie 'n opsionele saak nie. Jahweh gee dit as opdrag aan diegene wat bely dat hulle sy volk is.
- Die opdrag tot barmhartigheidsdiens word nooit losgemaak van Jahweh en sy dade nie, maar dit word juis ingebed in die heilsgeskiedenis.
- Die barmhartigheidsopdragte het met konkrete sake te make. Die volk van die Here moet 'n konkrete bydrae lewer tot die lewe van die minderbevoorregtes.
- Opdragte tot barmhartigheid word beheers deur die feit dat die hele land en alle eiendom van die volk, aan die Here behoort.
- Die Pentateug tekste dui aan dat God die barmhartigheidsopdragte so belangrik ag, dat dit 'n integrale deel van die volk se bestaan vorm. Dit is so belangrik dat die verontagsaming daarvan God se toorn opwek en sy straf teweeg bring, terwyl die nakoming daarvan weer seën bring.

Die Missionêre Diakonaat kom voor onder verskillende benamings en gestaltes. So wyd soos die nood (geestelik en fisies) in die wêreld is, so wyd is die verskeidenheid gestaltes wat die Missionêre Diakonaat kan aanneem. Crafford (1982 : 37-49) gee die volgende indeling:

#### **4.1 Eksemplariese diakonaat - die voorbeeld van die lewe**

Die beste voorbeeld van eksemplariese diakonaat is die lewe van Jesus Christus. Jesus het nie alleen geleer nie, Hy het dit wat Hy geleer het, geleef. Hy het mense as mensdom, maar ook as individue, liefgehad, hulle nood ernstig opgeneem. Ook die kerk moet so oor mense dink. 'n Dienslewerende kerk is een gemeenskap waar elke individu ernstig geneem word, en waar persone in geheel aanvaar word. 'n Persoon is nie maar iemand wat gewen moet word, of gehelp moet word nie, hy/sy is 'n unieke beeldraer van God. Christus kyk na mense wat heelheid en betekenis soek in 'n gebroke sinlose wêreld (vgl Armstrong 1979:44).

Dit is Jesus se diakonale lewenswyse wat mense na Hom toe trek. Ook die eerste gemeente in Handeling 2 is 'n voorbeeld van die krag van eksemplariese diakonaat. Hulle lewenswyse - eengesindheid, onderlinge verbondenheid, mededeelsaamheid - het daartoe gelei dat ons die volgende lees: "Die hele volk was hulle goedgesind. En die Here het elke dag mense wat gered word, by die gemeente gevoeg" (Hand 2:47). Alle diakonaat, as tekens van die koninkryk, is eksemplaries van aard, omdat dit voorbeelde is van God se ingrype in die nood en lyding in hierdie wêreld. Hier moet die klem val op die eksemplariese lewenswandel van elke gelowige. 1 Pet 1:16 "Wees heilig, want Ek is heilig". Die diakoniese gesindheid en dienende lewenswandel van elke gelowige lidmaat is die mees primêre vorm van die Missionêre Diakonaat. Alleen as die lidmate tot diensbetoon in die wêreld bereid is, kan daar 'n diakoniese gemeente tot stand kom. Die bestaan van 'n dienende lidmaat en 'n diakoniese gemeente is die heel eerste teken van die realiteit van die koninkryk (vgl Crafford 1966:360).

#### **4.2 Karitatiewe diakonaat - dade van barmhartigheid**

Barmhartigheidsdade op vele terreine is die tradisionele vorm van diakonaat waarmee ons goed bekend is. Die vraag is net, het ons 'n oog vir die nood buite die gemeente grense bv oor die kleurgrens? As ons moet kies tussen diakonaat binne of buite die gemeente, dan kies Paulus nie vir die een of die ander nie (vgl Gal 6:10). Die kerk mag nooit die Missionêre Diakonaat opgee ten gunste van die diakonaat binne die gemeente

nie, want dit is nie òf die een òf die ander nie. Net so mag die diakonaat in die gemeente nie opgegee word t w v die Missionêre Diakonaat nie (vgl Velema 1991:211). Oral waar daar armoede, lyding en siekte is, is daar ruim geleenthede vir die kerk om sy diakonaat uit te leef - ook buite die gemeenteverband. Dit moet op spontane en georganiseerde wyse deur die Missionêre Diakonaat bevorder word (vgl Crafford 1966:361).

#### **4.3 Koinoniale diakonaat - gemeenskapskeppend**

Diakonia is 'n sigbare uitdrukkingsvorm van koinonia (vgl AKDB 1986), daarom het diakonaat ook die funksie om die gemeenskap tussen mense te bevorder, nie net in die kerk nie, maar ook in die samelewing.

'n Sosiologiese definisie van die samelewing is: “Maatschappij is het geheel van individueel en collectief gevarieerde relatievormen tussen mensen” (Noordegraaf 1991:158). Dit gaan dus oor 'n netwerk van verhoudinge tussen persone, instellings, asook kollektiewe verbande soos skole, kerke, gemeentes, besighede, ens. Die diakonia is daarop gerig om in die samelewing tekens van die koninkryk op te rig. Jesus se diakonia is altyd gemeenskapskeppend gerig. Dit wat versteuring in die gemeenskap veroorsaak - siekte, besetenheid, armoede, ongeregtigheid, sonde, ens - spreek Jesus aan deur sy woorde sowel as sy daade. Telkens nadat Jesus wonders gedoen het, sien ons dat Hy die mense terugstuur (Mark 5:19; 8:9) of dat hulle self teruggaan (Joh 4:28) na hul eie gemeenskap om daar as nuwe mense te gaan lewe. Die wonder is om te lees dat daardie gemeenskappe ook verander het (Joh 4:39-41) deur tot geloof te kom. So word daar spesifiek ook diakens aangestel (Hand 6), onder andere met die doel om die gemeenskap tussen die strydende faksies in die gemeente te herstel.

#### **4.4 Sosiale diakonaat - die eise van geregtigheid**

Die kerk is nie daar ter wille van homself nie, maar ter wille van die wêreld. Dus kan die diakonia van die kerk ook nie net op homself of na binne gerig wees nie, maar moet dit gerig wees op die wêreld.

We wijzen een introverte kerklikheid die geen oog heeft voor de sociaal-ethische aspecten van de diakonia af. Wij verwerpen ook een vermaatschappelijking van

de kerkelike praxis, waarbij de kerk verwordt tot een maatschappelijke actiegroep. Diakonaat is getuigenis metterdaad in de sameleving niet conform de normen van de een of andere welzijnspolitiek, maar overeenkomstig Gods Woord. Het is de liefde van Christus die drijvend motief is in de dienst jegens de samenleving (Noordegraaf 1991:163).

Dit is egter van wesenlike belang dat die gerigtheid op die wêreld deur die verhouding met God bepaal word. "For there is now a more general awareness that there can be no 'service' without 'doctrine', that, in other words, it is your theologia which determines your diakonia" (Gensichen 1971:80).

Die diakonaat het ook nie net met sekere aspekte van ons lewens te doen nie, maar met ons totale lewe en lewensstrukture (Armstrong 1979:58). Die diakonaat het nie net met barmhartigheid en liefde te doen nie, maar veral ook met geregtigheid, nie net met armes en lydendes nie, maar veral ook met verdruktes en verontregtes. Want juis daar waar nie geregtigheid is nie, vind ons vorme van armoede en lyding. Baie van die terreine op sosiale gebied is primêr die verantwoordelikheid van die staat, soos byvoorbeeld werkverskaffing, gesondheid, behuising, gemeenskapsdiens, ontwikkelingshulp, vryetydsbesteding, verantwoordelike burgerskap, bestryding van sosiale euwels, ensovoorts. Die kerk moet egter dikwels deur sy getuienis die staat oproep tot sy verantwoordelikheid in hierdie verband. Soms moet die kerk tekens van sosiale diakonaat oprig om die nood onder die aandag van die staat te bring (Crafford 1966:361).

#### **4.5 Industriële diakonaat - die arbeidsterrein**

Die terrein van die arbeid met sy vele arbeids- en verhoudingsvraagstukke, verg heel gespesialiseerde aandag. Moeilike vraagstukke soos vakbonde, trekarbeid, gesinsontwrigting, lone, werksure en talle ander industriële vraagstukke, behoort deurlopend gespesialiseerde aandag te kry. Die kerk se werk is om toe te sien dat die beginsels van die koninkryk ook in die wêreld van die industrie ingedra word. Wat die taak meer dringend en ingewikkeld maak, is die rewolusie in die inligtingstegnologie, die rol van byvoorbeeld televisie en internet.

#### **4.6 Politieke diakonaat - die eis van bevryding**

God tree in vir die magteloses en verdruktes (Eks 3:8). Die kerk as instrument van God het die opdrag om dieselfde te doen. Daarom gaan dit in die Missionêre Diakonaat oor alle vorme van die samelewing se nood (Noordegraaf 1991:162). Politieke besluite en strukture bepaal mense se daaglikse lewenswyse en kanse. Die taak van die politieke diakonaat sal eerstens die wetgewing, veral wetgewing wat sosiale implikasies het, soos bv wetgewing rondom aborsie, MIV/Vigs, ens, moet toets aan die eise van die Woord. Tweedens moet die politieke diakonaat daartoe meehelp dat basiese menseregte en geregtigheid daar gestel word, omdat die mens geskape is na God se beeld.

Die politieke diakonaat het tog ook duidelike grense. Die kerk mag nie drukgroepe organiseer en ondermyning en revolusie aanblaas om die sosiale orde te verander nie. Daar moet onthou word dat chaos en ordeloosheid 'n groter euwel kan wees as onregverdige strukture (Crafford 1966:362). Die politieke diakonaat se grense is die liefde van Christus en sy voorbeeld.

#### **4.7 Revolusionêre diakonaat - gestalte van ongeduld**

Algaande het in die WRK die diakonaat al meer revolusionêre gestalte begin aanneem. Dit is 'n gestalte van ongeduld, want as getuienis nie die strukture verander nie, dan moet dit deur geweld gedoen word. Hoe mooi die teorieë van die teologie van die revolusie ook al klink, dit dra in hulself die kiem wat die hart van die evangelie kan vernietig. Die kerk kan nie die diakonaat beoefen, of die wêreld tot bevryding lei, soos wat ons wil nie. Die kerk kan dit alleen in navolging van Christus doen: "Nie deur krag of geweld nie, maar deur my Gees ..." spreek die Here. Wanneer die kerk te ongeduldig is om die Here self vir die koms van sy koninkryk te vertrou, is ons besig om die fundamente van die geloof self te ondergrawe. As God, die Transendente, nie meer 'n werklikheid is vir die kerk nie, moet die kerk weer na sy ware identiteit gaan soek. Die kerk mag nie soos die



wêreld volgens die wêreld se metode deur revolusie poog om oplossings te bring vir die nood van die wêreld nie (Crafford 1966:362).

Tog kan die kerk ook nie anders as om rewolusionêr betrokke te wees by die wêreld en sy nood nie. Dit is egter 'n gekwalifiseerde rewolusionêre betrokkenheid in die sin dat dit positief betrokke is by die wêreld en dat die kerk die wêreld aanpraat en rigting gee vanuit die Skrif.

Die kerk wat nie 'n maatskappykritiese instituut is of wil wees nie, is soos 'n fabriek wat goedere fabriseer soos ossewawiele en vetkerse, wat in die moderne samelewing nie nodig is nie. Maar vir 'n rewolusionêre maatskappy het ons 'n rewolusionêre kerk nodig. 'n Gespiritualiseerde kerk met al sy meditasie en dogma kan die koninkryk van God in 'n samelewing soos die van ons nie dien nie. So 'n kerk bied vetkerse vir brood aan (Heyns 1975:78).

#### **4.8 Ekumeniese diakonaat - samewerking tussen kerke**

Die nood in die wêreld is dikwels te groot vir een kerk om te kan hanteer. Verskillende kerk- genootskappe of ekumeniese liggame wat in so situasie saamwerk, lewer 'n geweldige getuienis aan die wêreld. Ekumeniese samewerking is nie net iets wat op hoë vlak moet plaasvind nie, maar veral en spesifiek ook op plaaslike vlak waar een gemeente 'n ander se hande vat om hom in sy nood te help. Ekumeniese samewerking is onontbeerlik in die Missionêre Diakonaat.

Dikwels word by ekumeniese diakonaat slegs gedink aan finansiële bydraes, veral as gedink word in terme van die verhouding met jonger kerke. Tog is daar in die ekumeniese diakonaat soveel meer geleenthede in terme van hulp, met administrasie, opleiding, beplanning, bestuur en geestelike ondersteuning, om maar enkeles te noem.

Graag sal ek die volgende terrein van die diakonaat by dié van Crafford voeg, naamlik:

#### **4.9 Die ekologiese diakonaat – ons en ons omgewing**

Die kerk het ook 'n verantwoordelikheid om om te sien na die skepping. God het ons tog immers aangestel as sy verteenwoordigers om te heers oor die skepping. Die kerk het daarom ook 'n verantwoordelikheid om om te sien na die natuur, na die gebruik van hulpbronne, die verstedeliking, die landbou, bosbou, wildbewaring, ens. Die ekologiese diakonaat sal dikwels ook baie nou aansluit by die politieke diakonaat, veral waar dit handel oor die bewaringsaspek van hulpbronne, maar selfs met verstedeliking en die industrieë.

Tog sit daar ook meer in die ekologie Dit is juis die ekologie, die skepping van God wat ons aan mekaar bind en ook van mekaar onderskei. Dit is ons verstaan van die kosmos en ons rentmeesterskap wat ons verhouding, met God, medemens en skepping bepaal. Deur die liefde van God is ons gedring tot 'n ekologiese diakonaat.

Cosmologies locate human life within a cosmic order across which the moral fabric of society is often woven. Every model of the cosmos conveys an ethos as well as a mythos. The relation between cosmos and ethos is dialectical: the way in which a cosmos is structured reveals something of the community's ethos but the constructed cosmos also shapes the community's ethos ... There seems, therefore, to be an inextricable link between cosmologies and a system of moral values. Cosmologies provide a sense of identity, orientation and order ... Without a common cosmology a common moral language cannot be sustained (Conradie 2001: 279-280).

#### **4.10 Pogings tot vergestaltung van die missionêre diakonaat**

##### **4.10.1 Die "Comprehensive approach"**

'n Belangrike aspek van die "Comprehensive approach"-gedagte is dat die gelowige ook op sosiaal-ekonomiese terrein sy taak moet sien.

Die gedagte van 'comprehensive approach' vind ook uitdrukking in die skema van kerygma, koinonia en diakonia. Hierdie skema is ongeskik om die volle wese van die kerk tot uitdrukking te bring, omdat dit veral die funksionele aspek van die kerk se bestaan op die voorgrond stel, maar die syns-aspek verwaarloos. Wanneer dit egter gaan om die aksie van die kerk na buite, wat wesensuiting van

sy syn-in-Christus in sy bestaan in die wêreld is, is die drie terme besonder geskik om die benadering ("approach") van die sending tot die wêreld uit te druk (Crafford 1966:150-151).

Teen hierdie beweging is veral kritiek uitgebring, omdat dit maklik kon vervlak tot "social gospel", en die diakonaat dan 'n sosiaal-etiese humanitêre beweging word met slegs 'n strewe tot wêreldverbetering. Op die kerk rus 'n tweeledige roeping in soverre dit kontak met die wêreld betref, naamlik: 'n missionêre roeping, en 'n diakoniese roeping. Die motief van die diakonaat moet altyd wees die verkondiging van die groot daad van God in die Here, Jesus Christus. In die diakonaat moet die verkondigde woord sigbaar gemaak word. Dit moet ook die norm en die belangrikste begrensing vir die diakonaat in die sending wees. Sodra die dienste kom op die vlak van die "social gospel", en dit nie meer verband het met die verkondiging nie, dan is dit vir die kerk 'n teken dat hy in sy diakonaat die grense reeds oorskry het.

Die Evangelie moet hom rig op die mens in sy totaliteit, maar dit moet primêr verkondiging bly. Die bekeerlinge sal self die evangelie in die praktyk van hulle lewe in daad omskep. Die sending het nie die taak om ook 'n sosiaal-ekonomiese diens te ontvou nie (Crafford 1966:150). Daar moet daarteen gewaak word om mense te verwesters, en dan te dink dat die evangelie in sy volle omvang tot die mense gekom het. Mense moet eerder geleer word om vanuit hulle konteks en kultuur goeie rentmeesters te wees van dit wat God tot hulle beskikking stel. Missionêre Diakonaat is ingestel op diens, nie op voorskrifte nie.

Juis hierdie sosiaal ekonomiese diens hoort by die diakonaat van die kerk, vergelyk byvoorbeeld die eerste gemeente in Handeling, en selfs 2 Korinthiërs 8 en 9. Die diakonia van die kerk is geneig om in 'n groot mate net na binne gerig te wees, sonder 'n oog vir die sosiaal ekonomiese omstandighede van die wêreld. Daarom pleit ek dat daar iets soos 'n Missionêre Diakonaat sal wees wat juis op die wêreld gerig is. Moontlike gevare van die "comprehensive approach" waarteen gewaak moet word is:

- dat dit die daadverkundiging te veel op die voorgrond kan bring ten koste van die woord, sodat die klem net val op sosiaal-ekonomiese skemas.
- Hiermee saam hang die gedagte dat in die "comprehensive approach" die evangelie vervlak word tot 'n "social gospel" wat alleen streef na wêreldverbetering.

Soos duidelik blyk, is daar ook baie positiewe beginsels in die "comprehensive approach", want juis hierdie benadering lê ten grondslag van die Missionêre Diakonaat. Smit (1982:35-36) dui aan dat dit nie 'n ongekwalfiseerde "Comprehensive Approach" mag wees nie. Die sendingaanpak is nie multi-dimensioneel nie, maar eenvoudig. Die evangelie prediking is die sentrale diens – die hart – van die sending en die ander dienste is verduideliking, konkretisering en toespitsing van die evangelie. Die evangelie self is multi-dimensioneel en raak die hele mens en sy hele lewe in al sy dimensies.

#### **4.10.2 Wêrelddiakonaat**

Wêrelddiakonaat word dikwels verwar met Missionêre Diakonaat, terwyl dit maar een aspek daarvan is.

Onder het werelddiakonaat verstaan we het dienstbetoon van de christelike gemeente over de grenzen heen. Wat voor de samenleving in zijn totaliteit geldt, geldt ook voor de kerken op landelijk en plaaslijk niveau: Grenzen hebben zich in onze eeuw verwijd. We verkeren in een mondiale, wereldwije samenleving. De politieke en economische ontwikkelingen in onze eeuw, de moderne transportmiddelen en de ontwikkelingen in de media hebben als gevolg dat we ons niet kunnen beperken tot de samenleving van eigen dorp, stad, provincie of land (Noordegraaf 1991:197).

Ook Karres (1969) onderskei tussen "Dienst over de grenzen" waaronder hy wêrelddiakonaat bespreek, "Diakonaat en zending", en "gemeente diakonaat". Dit is inderdaad so dat wêrelddiakonaat soos dit vandag bekend is sy wortels in die sending het. Wêrelddiakonaat verskil van wat onder Missionêre Diakonaat verstaan word, om die volgende redes:

- Om wêrelddiakonaat gelyk te stel aan Missionêre Diakonaat veronderstel 'n spesifieke "geografiese" verstaan van sending.
- Wêrelddiakonaat vind hoofsaaklik plaas vanuit die Weste na die Derdewêreldlande, omdat dit opgaan in ontwikkeling en strukturele ontwikkeling. Heeltemal tereg waarsku Noordegraaf (1991:214) dan ook hierteen.
- In die wêrelddiakonaat word die Woordverkondiging dikwels op die agtergrond geskuif: "Daarnaast bespeuren we een *verschuiving* van het woord naar de daad. Zending wordt in toenemende mate assistentie aan jonge kerken bij de ontwikkeling van hun gemeenschapsleven en bij de opbouw van de samenleving. De werelddiakonale daad dreigt het woord en de Woordverkondiging te overschaduwten" (Noordegraaf 1991:218).

Wêrelddiakonaat het 'n plek binne die Missionêre Diakonaat, maar dan moet daar sekere voorwaardes aan gestel word:

- Die motivering vir wêrelddiakonaat moet die liefde van God wees en daarop gerig wees om die verhouding met Hom te herstel. Die grond is nie in die eerste plek die liefde vir die naaste, of een van die vele vorme van medelyde, simpatie of medemenslikheid nie.
- Offerbereidheid bly in die eerste plek die taak van die kerk. Dit is 'n gawe en 'n stuk genade aan die kerk, daarom kan die kerk nie van enige regering of politieke party verwag om aan die bestaande en steeds groeiende nood in die wêreld te beantwoord nie. 'n Regering of politieke party kan ook nie daaraan beantwoord nie, want daarvoor is bekering nodig. "Genade kan nooit alleen bezit zijn, maar schenk juist een nieuwe kijk op al men bezit, als mogelijkheid tot inzet voor het rijk van de Heer. Wellicht is dat momenteel de ergste vorm van wereldgelijkvormigheid, als de gemeente zich in deze in niets van de wereld onderscheidt" (Karres 1969:116).

Bogenoemde twee opmerkings kan nie die vorm van 'n bevel aanneem nie, maar bly slegs 'n Bybelse oproep om die egtheid van die liefde te toets. Diens oor grense heen gaan dus oor 'n daad van geregtigheid. "Armoede is immers in de bijbel geen schande voor de armen, maar een schande van de rijken" (Karres 1969:120). T w v duidelikheid moet

bygevoeg word dat rykdom nie 'n skande is nie, dit is deel van die genadige seën van die Here. Hy seën ons “sodat sy dae oor die wêreld bekend mag word, sy reddende krag onder al die nasies” (Ps 67:2-3). Die wanverhouding tussen die rykes en die armes is die skande!

#### 4.11 Gevolgtrekking

Die bogenoemde terme bevat inderdaad elkeen 'n aspek van Missionêre Diakonaat. Die probleem daarmee is dat dit dreig om die sending (evangelie verkondiging) in 'n spesifieke rigting te wil dwing, of dit wil verskraal deur dit los te maak van die diakonaat. Die gevare van die "comprehensive approach", en wêrelddiakonaat is reeds uitgewys. Na my oordeel is die terme nie toegespits genoeg op die totale verlossing van Christus nie. In die sin is dit nie werklik omvattend nie, met die gevaar dat ons òf net met sending, òf net met diakonaat òf net met humanitêre werk besig kan wees.

Die bogenoemde terme is pogings om uitdrukking te gee aan die gespanne verhouding tussen woordverkondiging en diakonaat, die omvattendheid van die evangelie (Noordegraaf 1991:222). Deur egter diakonaat aan ander "wêreldse" terme (revolusie, politiek, ens) te bind, word die diakonaat juis verskraal. In 'n poging om die gevaar te ontgom, moet ons die begrip diakonia inspan sonder om afbreuk te doen aan die ideaal van 'n allesomvattende benadering.

- As byvoorbeeld gepraat sou word van Missionêre Diakonaat sou dit beteken dat die sending nie kan volstaan met woordverkondiging nie, maar ook moet volhard in die bediening van die daad. Dit beteken dat in die verkondiging van die sending (kerygma), en die diens in die sending (diakonia), 'n eenheid vorm en dat in die een bediening altyd gesoek sal word na weë om aan beide uitdrukking te verleen.
- Die tweede gevaar kan voorkom word deur sekere aspekte van die "comprehensive approach" meer direk aan die kerklike diakonaat toe te vertrou, totdat die regering van die dag die verantwoordelikheid daarvoor aanvaar. So kan die kerk getuieis lewer teenoor die staat en in die wêreld. Byvoorbeeld grootskaalse hulpverlening in geteisterde gebiede, uitgebreide hospitalisasie, groot sosiaal-ekonomiese skemas, landbouvoorligting, ensovoorts, sou deur die verskillende vergestaltungen van die

Missionêre Diakonaat aangespreek kon word, terwyl dit ook wonderlike geleentheid skep om te getuig van die groot daade van God. Hierdie groot strukturele onderneming maak dit egter vir die kerk moeilik om die verkondiging steeds sentraal te maak.

In elk geval word gekies vir die term “Missionêre Diakonaat”. Dit beteken dat die diakonaat hom ook na buite beweeg op die terrein van die wêreld - dat hy daar suiwer uit barmhartigheid hulp en diens verleen. Die missionêre kant van die diens is dat dit iets weerspieël van Christus se bemoeienis met die wêreld tot hulle redding (Crafford 1966:154-155). Die term diakonia in die Nuwe Testament, sluit reeds woord en daad in. In die diakonia val die klem op die daaddiens, maar die woorddiens is daarin inbegrepe en die getuienis-karakter direk aanwesig. Daarmee saam gaan die verkondiging (kerygma) wat gestalte moet vind in diensbetoon (diakonia). Daar word gepleit vir die term Missionêre Diakonaat, omdat daardeur tot uitdrukking gebring word dat die sending in sy dienskneggestalte sy verkondiging deur woord en daad rig tot die wêreld.

## **5. EENHEID AS GETUIENIS VAN DIE MISSIONÊRE DIAKONAAT**

### **5.1 Die eenheid van die kerk**

In ‘n poging om herhaling te voorkom gaan die kwessie rondom die eenheid van die kerk nie hier gedebatteer word nie, maar word hier uitgegaan van die standpunt dat die verskillende gestaltes van die eenheid van die kerk vir die Missionêre Diakonaat van wesenlike belang is. “At different times we read of a eucharistic unity, a charismatic unity, a unity of Jew and Gentile, a unity of faith, and a unity like that between husband and wife – all manifestations of the oneness of the body” (Dunn 1992:150).

Vir baie kerke het die sogenaamde drie-selwe formule (Venn & Anderson) die ideaal geword.

But alongside the Church-kingdom-world model its failing are apparent. The three-self view is narrow, shallow, and self-centered. As covenant communities of the King and provisional representations of the kingdom, local congregations are so much more than money, administration, and converts” (Van Engen 1991:116).

Dit is nodig dat die kerk weer die noodsaaklike en gereformeerde lewensgroeïende beginsel, nl dat die “sturende” kerk deur sy sending groei, sal (her)ontdek, en so die eenheid van die liggaam van Christus in sy verskillende gestaltes sal vergestalt.

Missionêre Diakonaat is so ‘n omvattende bediening dat dit nie anders kan as om ook ‘n ekumeniese bediening te wees nie. Missionêre Diakonaat is die bediening van die hele liggaam, met al sy afsonderlike lede, aan die hele wêreld, binne en buite die liggaam, in al sy nood, fisies en geestelik.

## **5.2 Die eenheid van die bediening**

In die Missionêre Diakonaat handel dit ook om die een bediening van die Woord, wat multi-dimensioneel is, en gestalte vind in die volgende vier bedieninge (vgl Burger 1999:203-260).

### **5.2.1 Leitourgia**

Hier word die begrip *leitourgia* gebruik as ‘n koepelbegrip vir al die aanbiddingsaktiwiteite van die gemeente. Die klassieke vorm van *leitourgia* wat ons ken, is die erediens. In die sin wat dit hier gebruik word, is die betekenis “om te bid”. Burger (1999:206) deel die *leitourgia* in die volgende momente:

- om bewus te raak en te fokus;
- om te onthou en verwonderd te raak;
- om te ontvang en te vier;
- om te kla, te vra en te bely (skuld); en
- om ons toe te wy en te verbind.

Daar is ‘n geweldige nood in die (jong) kerk, meer spesifiek klein gemeentetjies wat nie ‘n leraar kan bekostig nie, aan geestelike- en aanbiddingsleiding. Hierdie is ook ‘n groeiende probleem vir kleinerwordende plattelandse gemeentes van die Ned Geref Kerk. As die kerk werklik ernstig is oor die Missionêre Diakonaat as bediening, sal ons nie net tevrede wees met die spontane kontak van individue nie, maar sal ons ook pogings aanwend om amptelik te skakel deur bv gesamentlike byeenkomste van kerkrade,



vrouedienste, jeugaksies en eredienste. Hierdie ekumeniese of koinoniale bediening is deel van die normale bediening van die gemeente, dit moet deel wees van die prediking, huisbesoek, kategetiese skoling, aksies en ander werksaamhede van die gemeente. Daar moet in die eerste plek aandag gegee word aan die nood van aanbidding, voordat aandag gegee word aan die voorkeure van aanbidding soos bv. taal, bevolkingsgroepe, ens.

### 5.2.2 Kerugma

*Kerugmatiese* diens soos dit hier gebruik word, verwys na alle aktiwiteite in die gemeente wat primêr gefokus is op die Bybel en sy unieke boodskap – hetsy om die boodskap beter te hoor; dit te verstaan, dit met ander te bespreek of om dit deur te gee aan mense wat dit nog nie ken nie. Die hart van die *kerugmatiese* diens bly die lewensveranderende kennis van God wat aan ons meegedeel word. Burger (1999:217) dui aan dat daar 'n besorgdheid in die Protestantse kerke is en dat daar by tye 'n oorbeklemtoning van die verkondiging was ten koste van die ander dienste. Daarom moet daar nou ernstig aandag gegee word aan die ander drie dienste van die kerk. Om die veelkantigheid van die *kerugmatiese* diens te sien, die gemeentelike aktiwiteite daar rondom te beplan, en die seën wat in die Woord is te ontvang en dit meer effektief te kanaliseer, onderskei Burger(1999:220) die volgende momente:

- om stil te word en te luister;
- om te lees en na te dink;
- om te verstaan en te droom;
- om geleer te word en om ander te leer; en
- om te vertel (getuig) en te verkondig (preek).

Uit die bogenoemde is dit tog duidelik dat die *kerugmatiese* diens van die kerk die werk van die hele kerk is, daarom moet die gemeente ook meer betrek word by die prediking. So sal die prediking grond toe kom, en baie meer kontekstueel, en aktueel wees. Die kerk moet baie versigtig wees om Missionêre Diakonaat so te laat opgaan in die fisiese nood van mense dat verby die geestelike nood van minder bevoorregtes gekyk word. Dikwels hoef die kerk nie iets “groots” te gaan doen nie, maar moet ons net meer word wat ons reeds in Christus is. So het die Ned Geref Kerk reeds in 1986 gesê dat die

woordverkondiging toeganklik moet wees vir almal wat wil kom luister (vgl Kerk en Samelewing 1986). Trouens ons is tog Kerk van die Woord, daarom moet juis die woordverkondiging die modus wees wat ons benut as 'n manier van Missionêre Diakonaat, om so mense se behoefte aan God aan te spreek. Daarom moet die gewone erediens aangewend word as een van die belangrikste evangeliseringsmodi in die kerk. Smit (1990:75) dui aan dat die Ned Geref Kerk dit ook (aanvanklik) so verstaan het. Daarom het Sinodes van 1934 en 1937 spesifiek hierna verwys in besluite oor sitplekke vir slawe in die kerk en predikante wat in hulle preke moet sorg dat dit bevatlik is vir sulke luisteraars.

Missionêre Diakonaat vind spontaan plaas, soos byvoorbeeld dat 'n besoeker uit enige gemeenskap of bevolkingsgroep die erediens mag bywoon. Tog moet die kerk ook doelbewus daaraan werk. Wat sou die die getuienis nie wees as die kerk doelbewus mense sou begin uitnooi na Pinkster, Goeie Vrydag, Paasfees, die week van gebed en ons eredienste nie! Die vraag is of die kerk die nuwe Missionêre Diakonale geleentehede raaksien met die vryvestingsgebiede en die opheffing van die groepsgebiede wet. Sluit die kerk sy deure vir die Griek, Chinees, Indiër en swartman, omdat hy polities nie saamstem nie, of het die kerk 'n oop gemeentebediening waarin ons moeite doen om alle mense deel te maak van die liggaam van Christus, deurdadig hulle deur bekering tot geloof in Jesus Christus kom?

### 5.2.3 Koinonia

*Koinonia* handel oor die ondersteunende en gemeenskapskeppende aktiwiteite wat gelowiges in die gemeente uitvoer, waardeur Christene aanmekaar gebind word en so die versorgende helende krag van die evangelie ervaar. Indien *koinonia* so verstaan word, is dit belangrik om die band tussen die sturende gemeente en die sending te handhaaf, sodat nuwe bekeerlinge kan deel in die *koinonia* en so die liefde van Christus prakties ervaar. *Koinonia* het dus te doen met die gemeente se missie tot liefde (Burger 1999:231).

Burger (1999:235) deel die koinoniale dienswerk in die volgende momente op:

- om deel te word van mekaar en ons aan mekaar te onderwerp;

- om mekaar te leer ken en mekaar te aanvaar;
- om vriende te word en mekaar te leer liefkry;
- om vir ander te sorg en deur hulle versorg te word; en
- om ons gebrokenheid en ons skuld te leer bely en mekaar te vermaan.

Binne die Suid-Afrikaanse situasie deins die kerk heel dikwels terug vir 'n missionêr-diakonale bediening. Hy is bang om die koinoniale roeping ten volle uit te leef, want dit mag lei tot kerkskeuring. Tog sal die kerk ernstig moet kennis neem daarvan dat kerkeenheid ook parameters het.

Maar die eenheid van die gemeente is 'n gekwalifiseerde eenheid. Die gemeente is een in sy geloof in Jesus Christus as Verlosser en die gemeente is een in die aanvaarding van die Koningskap van Jesus Christus. Daarom is die gemeente een in die oorgawe aan en gehoorsaamheid aan die Woord van die Koning. Hierdie eenheid in geloof en gehoorsaamheid is ons vertrekpunt (Smit 1990:81).

Hierdie gemeenskapskeppende bediening na binne en na buite is deel van die Missionêre Diakonaat en moet ernstig opgeneem word.

#### 5.2.4 Diakonia

Terwyl *leitourgia* fokus op God en *koinonia* op die gemeente, fokus *diakonia* op die wêreld en op mense buite die gemeente, as selfverloënde dae van liefdesdiens. Die volgende momente word deur Burger (1999:249) in die *diakonia* onderskei:

- om raak te sien en geraak (beweeg) te word;
- om 'n drif vir die reg te hê en bereid te wees om verantwoordelikheid te aanvaar;
- om betrokke te raak en van onself te gee;
- om ons daaglikse werk as lewensroeping (*vocatio*) te ontdek, te aanvaar en dit so uit te leef; en
- om te deel in ander se pyn en vir hulle te bid.

Teen die agtergrond van die Vigs pandemie is dit duidelik dat daar 'n geweldige missionêr-diakonale bedieningsbehoefte – veral onder die jeug - in Suid-Afrika bestaan.

Daar is geweldige geestelike nood, rondom die sin van die lewe, wanneer my ouers op sterwe lê, ek wees agterbly, ek seksueel gemolesteer of misbruik word ter wille van oorlewing, wanneer ek honger en koud gaan slaap en geen heenkome het nie. Daar is ook die fisiese nood van die jeug wat as wesies agterbly. Ook die fisiese versorging van hulle wat versorging nodig het as gevolg van Vigs, wat siek lê in 'n warm sinkhuisie sonder die basiese behoeftes soos sanitêre geriewe of lopende water. Daar is veral geweldige behoefte aan pastorale begeleiding in die arm gemeenskappe, en doelgerigte jeugbediening binne die Afrika konteks. Die kerk moet versigtig wees dat ons nie die Afrika mens verwesters nie, maar dat hulle werklik gelei word tot 'n lewende verhouding met Christus.

Die bogenoemde bedienings handel almal oor die een bediening van die Woord. By al vier hierdie bedienings moet daar 'n gemeentegerigtheid en 'n gemeenskapsgerigtheid wees. Hierdie bedieningsgerigtheid moet spontaan plaasvind, maar moet ook amptelik georganiseer word. Alleen so kan 'n missionêr-diakonale ekklesiologie op weg kom.

## HOOFSTUK 11

### IMPLEMENTERING VAN DIE MISSIONÊRE DIAKONAAT IN DIE EKKLESIOLOGIE

#### 1. INLEIDING

Die vraag is hoe kom die kerk tot 'n missionêr-diakonale bediening? Daar is al baie kenmerke van die Missionêre Diakonaat in die kerk soos wat dit huidiglik bestaan. Moet ons nie daarmee volstaan nie? Indien die vraag so gevra word, blyk dit duidelik dat dit meer oor die kerk gaan, as oor die eer van die Here. Waar moet begin word wanneer oor 'n missionêr-diakonale ekklesiologie gepraat word?

Alhoewel daar reeds baie van die missionêr- diakonale elemente in die kerk teenwoordig is, vereis 'n grondige missionêr-diakonale ekklesiologie verdere vernuwing. Burger (1999:301) dui aan dat daar sonder vrees vir teenspraak gesê kan word dat die Bybel vol is van verhale, briewe, boodskappe en preke wat ons oproep om nie maar tevrede te wees en te berus in die bestaande toestand van die kerk nie. In die Naam van die Here word ons opgeroep om alles in ons vermoë te doen om die kerk en gemeentes meer in lyn te bring met die wil en plan van God. Daarom mag die kerk nie moedeloos word met sy roeping in hierdie wêreld nie, want die opstanding van Christus staan vir ons in die teken dat ons in 'n wêreld leef waar, deur die genade van die Here, min dinge onmoontlik is.

Gemeente- of kerkvernuwing kan nooit deur mense alleen gedoen word nie. Dit is die werk van die Gees, want net God kan mense vernuwe. Dat ons dit glo, beteken dat daar nooit oor vernuwing van die kerk of gemeente gepraat kan word in dieselfde terme as oor vernuwing in ander organisasies nie. Daar sal altyd rekening gehou moet word met die unieke aard van die gemeente en die se volslae afhanklikheid van God en sy Gees. Dit beteken dat die kerk voortdurend sal terugkeer na die Skrif, op soek na inligting en leiding, en dat daar moeite gedoen sal moet word met gebed, asook 'n openheid om God

se werksaamheid rondom ons raak te sien. Dit impliseer dat daar geen vernuwing kan of sal plaasvind sonder gehoorsaamheid en dissipelskap nie.

## 2. GEHOORSAAMHEID AAN DIE EVANGELIE

Een van die groot redes waarom die kerk nie tot vernuwing kom nie, is dat die kerk lidmate begelei tot en met hulle bekering, en hulle daarna in die duister los oor hoe om hierdie nuwe lewe te leef. Die kerk, veral die Ned Geref Kerk, sal ernstig moet kyk na 'n dissipelskapsbediening onder belydende lidmate, wat hulle nie net begelei ten opsigte van hulle geestelike groei en dissipline nie, maar ook ten opsigte van hulle praktiese uitleef van hulle geloof deur daade en deur rentmeesterskap. Daar sal ernstig aandag gegee moet word aan verskillende vlakke van teologiese opleiding (vgl Kritzinger 2001). Ons is nie altyd goeie rentmeesters van die gawes (geestelik en fisies) wat God aan ons gee nie.

Die kerk as instituut en die gemeente as organisasie moet die “volle” implikasies van die evangelie verstaan. Hulle moet verstaan dat hulle 'n bediening het wat hulle iets gaan kos. Hulle moet verstaan dat geloof tyd en geld vra. Daarom sal gelowiges begelei moet word tot 'n gesindheidsverandering (wat net deur die Gees kan plaasvind), dus tot 'n (nuwe) bekering in hulle verhoudings: met God, met hulle naaste (die gemeenskap), hulself (die kerk/gemeente) en die skepping.

Die implikasie van so 'n gesindheidsverandering (of bekering) is dat Missionêre Diakonaat nie maar net nog 'n bediening saam met al die ander bedienings sal wees nie, maar dat dit die bediening is waaruit alle ander bedienings voortvloei. Dat die sending gesien word as maar net nog 'n kerklike diensterrein, word deur Smit (1988a:23) bevestig. Sending word gesien as een van die aktiwiteite van die kerk, en gewoonlik gesien as die taak van 'n kommissie en nie noodwendig 'n wesenstaak van die hele kerk en elke lidmaat nie. Smit (1988a:23-42) wil juis aantoon dat sending 'n wesenlike deel is van die diakonia (bediening) van die hele gemeente. Die diakonia/bediening van die kerk is een, naamlik die bediening van die Evangelie van die Koninkryk. Daar is dus 'n enkelvoudige evangeliebediening met meervoudige gestaltes, naamlik *kerugma*,

*diakonia, koinonia en leitourgia*. Hierdie meervoudige gestaltes sou ook beskryf kon word as die *marturia* van die kerk, wat altyd 'n tweërlei gerigtheid het:

- vanuit die verbond: verbondsuitbou en verbondsopbou;
- vanuit die Koninkryk: Koninkryksvermeerdering en Koninkryksbewing;
- vanuit die kerk: ekstensiewe en intensiewe kerkopbou; gemeente-uitbou en gemeente-opbou.

### **3. INLIGTING OOR EN IDENTIFIKASIE VAN DIE NOOD**

In die verlede het die kerk dikwels die fout gemaak om antwoorde te gee voor daar werklik by die vrae gekom is. Daar moet gewaak word om nie maar net iewers betrokke te raak om ons gewete te sus nie. Daarom is dit baie belangrik dat elke gemeente soveel as moontlik inligting rondom die nood in sy eie plaaslike gemeenskap bymekaar maak, en dat hierdie inligting deurgegee word aan die gemeente. Omdat die gemeente gestuur is, en omdat die gemeente deel het aan God se sending, moet daar ook deur die gemeente in gebed met God gepraat word om duidelikheid te kry oor waar om betrokke te raak. Dit is nie maar sommer die gemeente se lukraak keuse nie. In elk geval is dit onverantwoordelik, en 'n stuk ongehoorsaamheid, om nie die nood hier waar God ons geplaas het aan te spreek nie, maar eerder iewers elders betrokke te raak. Ons mag nie verby hierdie noodlydendes stap om iemand daar ver te help nie.

Hierdie inligting moet ook met die verskillende belangegroepes - mense in nood, ander kerke en instansies betrokke - deurgepraat word, sodat daar duidelikheid is en saamgestem word oor wat die werklike nood is. Missionêre Diakonaat vind nooit in isolasie plaas, asof die kerk alleen die waarheid besit nie, die kerk is alleen maar getuies van die waarheid, en kan alleen maar getuig waarvan hy weet. Alhoewel Missionêre Diakonaat onder leiding van die Heilige Gees plaasvind, vind dit in hierdie wêreld plaas en moet soveel as moontlik van die charismata - kundiges en ander mense wat kan help (bv werkloos wat tyd het) - betrek word. Vir praktiese riglyne oor hoe om hierdie inligting in te samel, kan gekyk word na die VAM kommissie se werkboek, *Hoop in Nood* (2001:20-35).

#### 4. AANSPREEK VAN DIE NOOD

As gestuurdes, soos wat Christus gestuur is, kom of gaan die kerk na mense as dienskneg, nie as meerdere met antwoorde nie. Die kerk soek dus saam met mense in nood, met die Woord as riglyn, na die oplossings vir hulle nood. In die Missionêre Diakonaat word mense altyd gesien as beelddraers van God, in wie die Heilige Gees teenwoordig is. Die kerk bely dat die Gees Heer en Lewegewer is, daarom sal die Missionêre Diakonaat mense help om die Gees in hulle lewe te ontdek. Daarom moet goeie oplossings mense help om vry te word en self eie verantwoordelikheid te aanvaar, en nie meer afhanklik te wees nie. Mense moet deur die Missionêre Diakonaat die Gees as Lewendmaker ontdek. Die oplossing moet daarom 'n vergestaltung wees van die liefde en regverdigheid van God, en sodoende dien as getuie aangaande Jesus Christus. Dit is ook wesenlik belangrik dat oplossings effektief, bekostigbaar en haalbaar moet wees (vgl VAM:2001:2).

#### 5. DIE KERKSTRUKTUUR EN DIE MISSIONÊRE DIAKONAAT

Die struktuur waarin die Ned Geref Kerk hom bevind, kniehalter in baie opsigte 'n missionêr-diakonale bediening. Dat dit verder tot spanning binne die kerk lei, is nie te bevraagteken nie (vgl Kritzinger 1979:1-36, 189; Strauss 2001:395-405). Die kerk as instituut het in baie opsigte vir gemeentes te duur geword. Kritzinger (1979:189-190) pleit dan vir 'n organiese siening van die kerk, dat gefokus moet word op die vergadering van die gelowiges. Die plaaslike gemeente is tog *ecclesia completa* (Strauss 2001:396). Daar waar die groepie christene Sondag bymekaar kom, daar is die kerk. Dit is die kerk wat gerig is op die gemeenskap en wat 'n verskil in die gemeenskap moet maak. Dit is tog die plaaslike gemeente wat moet groei deur sy missionêr-diakonale bediening, ook numeries moet groei. En uit hierdie numeriese groei vloei nuwe gemeentes voort.

Tog moet ons versigtig wees om nie die gemeente so teenoor die kerkverband te stel, asof die gemeente die hele kerk is nie, want gemeentes is deur Christus self aan mekaar



verbind. Hy is die Een wat die band lê tussen die gemeentes (Op 2-3). Indien die eenheidswerkende krag van die Skrif, en die gereformeerde belydenis, afwesig is in en tussen gemeentes, sal die kerk verword tot 'n klomp klein kerkies, elkeen met sy eie etos en dryfkragte. So verswak ons nie alleen die kerkverband nie, maar ook die marturia van die kerk. Tog mag die kerkverband nie so voorskriftelik word dat dit die bestaan van die plaaslike gemeente bedreig nie, maar moet hom juis dra in sy bediening.

Hoe moet die kerkstruktuur dan verander word? Die struktuur van die kerk moet bepaal word deur die roeping van die kerk. Daarom sal gefokus moet word op die vergadering van die gelowiges (plaaslike gemeente) – die organiese siening – sonder dat die kerkverband in die slag bly. Hierdie tendens is besig om plaas te vind binne die Ned Geref Kerk, waar daar al meer gefokus word op die plaaslike gemeente, maar die roeping van die kerk word nog nie genoeg verreken in die struktuur en kerkorde nie. Die kerkverband moet aan die gemeentes baie duidelike leiding gee oor die identiteit (soos vroeër bespreek) van die kerk. Die kerk en gemeente sou sy bediening teologies duidelik uitdruk as hy deur twee “kommissies” funksioneer: gemeentebediening na binne, en gemeenskapsbediening na buite, gerig op die wêreld (vgl Smit 1988:41).

## 6. SAMEVATTING

Vir 'n missionêr-diakonale ekklesiologie is dit belangrik vir die kerk om sekerheid te hê oor:

- sy identiteit in Christus
- sy roeping deur Christus
- sy eenheid in Christus.

Vir 'n missionêr-diakonale bediening is dit belangrik dat die kerk sal weet dat hy maar een roeping in die wêreld het, naamlik die verkondiging van die Woord. Hierdie een roeping is multi-dimensioneel, en word vergestalt in die volgende bedienings:

- Leitourgia
- Kerugma

- Koinonia
- Diakonia

Hierdie bedienings het 'n na-binne (gemeente) gerigtheid, sowel as 'n na-buite (gemeenskaps) gerigtheid. Hierdie een roeping van die kerk staan dan ook bekend as die *marturia*, en kom prakties tot uitdrukking in die Missionêre Diakonaat. Missionêre Diakonaat is egter nie die somtotaal van evangelisasie plus diens nie.

Egte *kerugma* het 'n inherente sosiale dimensie, egte *diakonia* 'n inherente verkondigingsdimensie. Sider sê tereg: 'The time has come for all biblical Christians to refuse to use the sentence: the primary task of the Church is ... I do not care if you complete the sentence with evangelism or social action. Either way it is unbiblical and misleading.' Albei dimensies is onlosmaaklik aan mekaar verbonde. Verloor jy die een, verloor jy ook die ander (Bosch 1979:228).

AL WAT VAN BELANG IS, IS GELOOF WAT DEUR LIEFDE TOT DADE

OORGAAN.

(Gal. 5:6)

-----

**BRONNE GERAADPLEEG**

AKDB, 1986. *Diakonia en Koinonia*. "Die diakonaat en die gemeenskap van die heiliges".

Pretoria: Nederduitse Gereformeerde Kerk

Achtemeier, PJ 1996. *1 Peter: A commentary on First Peter*. Minneapolis: Fortress Press (Hermeneia).

Amaladoss, M 2 000. Challenges of mission in the 21<sup>st</sup> century. *Theology Digest* 47:1, 15-20.

Armstrong, RS 1979. *Service Evangelism*. Philadelphia: The Westminster Press.

Badenhorst, T & Theron, F 2001. Ons hoogste Profeet en Leraar: die uitdaging van die aardse optrede van Christus aan die dogmatiek, *NGTT* 42:3&4, 219-236.

Barnard, AC 1982 (Red). *Die Diens van Barmhartigheid in Skrif en praktyk*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Barnett, JM 1979. *The Diaconate*. Minneapolis: Winston Press.

Barth, K 1963. *Evangelical Theology: An Introduction*. Grand Rapids : B. Eerdmans.

Bavinck, JH 1960. *An introduction to the science of missions*. Grand Rapids: Baker Book House.

Berkhof, H 1965. *De leer van de Heilige Geest*. Tweede druk. Callenbach: Nijkerk.

Berkouwer, GC 1972. *The return of Christ*. Grand Rapids: B. Eerdmans.

Bosch, DJ & Jansen, G 1968. *Sending in meervoud*. Kerk en Wêreld nr 5.

- Bosch, DJ 1979. *Heil vir die wêreld*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- Bosch, DJ 1983. Evangelism and social transformation. *Theologia Evangelica* 16:2, 43-55.
- Bosch, DJ 1991. *Transforming mission. Paradigan Shifts in Theology of Mission*. New York: Orbis Books.
- Breytenbach, C 1987. Die konflikte in die kerk te Korinte en die eenheid van die liggaam van Christus, in Breytenbach (red).
- Breytenbach, C (red) 1987. *Eenheid en konflik*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- Bromiley, GW 1985. *Theological Dictionary of the New Testament*. Grand Rapids: B. Eerdmans.
- Brueggemann, W 1994. *A social reading of the Old Testament*. Minneapolis: Fortress Press.
- Bruwer, E 1994. *Beggars can be choosers*. Pretoria: IMER
- Burger, C 1997. *Familie van God!* Kaapstad: Lux Verbi.
- Burger, C 1999. *Gemeentes in die kragveld van die Gees*. Stellenbosch: BUVTON
- Conradie, EM 1996. *Rus vir die hele aarde*. Kaapstad: Lux Verbi.
- Conradie, EM 2001. On cosmology, plurality and morality. *NGTT* 42:3&4, 278-286.
- Conradie, JH 1995. Christen vrywilligerdiens: 'n toepaslike sendingbenadering in en na 'n kontinent in krisis. DD Proefskrif; Universiteit van Pretoria.
- Costas, OE 1979. *The Integrity of Mission*. New York: Harper & Row.

Crafford, D 1966. Wêreldsending en wêrelddiakonaat. Die missionêre en diakoniese roeping van die kerk in die wêreld. DD Proefskrif; Universiteit van Pretoria.

Crafford, D 1982. Gestaltes van missionêre diakonaat, in Barnard (Red), 37-49

Crafford, D 1982. *Aan God die dank 1*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Crafford, D 1996. Teologie van die godsdienste, in Meiring, P (Red.), *Suid-Afrika, land van baie godsdienste*. 210-234. Pretoria: Kagiso uitgewers.

De Jong, OJ 1980. *Geschiedenis der kerk*. Nijkerk: Callenbach.

De Klerk, JJ 1976. *Weldadigheid en mededeelsaamheid*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

De Ridder, RR 1975. *Discipling the nations*. Grand Rapids: Baker Book House.

De Ruijter, CJ 1992. *De horizon van het heil*. Kampen: J.H. Kok .

De Vaux, R 1967. *Ancient Israel. Its life and institutions*. London: Darton, Longman & Todd.

De Villiers, E 1995. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die nuwe situasie in die samelewing. *NGTT* 36:4, 558-569.

De Villiers, P 1987. Die apostelkonvent (Handelinge 15), in Breytenbach, C (Red), 23-47.

Driver, J 1993. The Kingdom of God: Goal of Messianic Mission, in Shenk, WR (ed).

DuBose, FM 1983. *God who sends*. Nashville: Broadman Press.

Dunn, JDG 1992. 'The body of Christ' in Paul, in Wilkins, MJ & Paige, T (ed), 285-293.

Du Preez, J 1986. Sendingperspektiewe in die sakrament van die nagmaal, in Du Preez, J, Pauw, C M & Robinson P J, 102-117.

Du Preez, J, Pauw, C M & Robinson P J, 1986. *Sendinggenade*. Bloemfontein: NG Sendingpers.

Du Rand, JA 1987. Johannes 17: Jesus se gebed om eenheid en solidariteit te midde van krisis en konflik, in Breytenbach, C (Red), 105-133.

Du Rand, JA 1990. *Johannese perspektiewe*. Pretoria: Orion

Du Toit, A 1987. Ter inleiding, in Breytenbach, C (Red), 3-6.

Du Toit, HDA 1955. *Olie op die wonde*. Kaapstad: NG Kerkboekhandel.

*Fast Facts*. No 1 January 2002. South African Institute of Race Relations.

Fensham, F C & Oberholzer, J P 1976. *Bybelse Aardrykskunde, Oudheidkunde en Opgrawings*. Pretoria: Interkerklike uitgewerstrust.

Fernando, A 2001a. God: the source, the originator and the end of mission, in Taylor, WD (ed), 191-205.

Fernando, A 2001b. Jesus: the message and model of mission, in Taylor, WD (ed), 207-221.

Fernando, A 2001c. The Holy Spirit: the divine implementer of mission, in Taylor, WD (ed), 223-237.

Fernando, A 2001d. The church: the mirror of the Trinity, in Taylor, WD (ed), 239-256.

- Floor, L 1981. *Die evangelie van die koninkryk*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- Froise, M (ed.) 2000. *South African Christian Handbook*. Welkom: Christian Info.
- Froise, M, 2000. The Church in context, in Froise, M (ed), 15-28.
- Gensichen, HW 1971. The dual mandate of the Church witness and service, in *Church and development*. Missiological Institute, Umpumulo.
- Gittins, AJ 1993. *Bread for the journey*. New York: Orbis Books.
- Glasser, A F & McGavran, D A, 1983. *Contemporary Theologies of Mission*. Grand Rapids: Baker Book House.
- Guthrie, D 1981. *New Testament Theology*. Downers Grove: Inter-Varsity Press.
- Harvey, JD 1998. Mission in Matthew, in Larken & Williams (eds) 119-136.
- Hedlund, RE 1991. *The mission of the church in the world*. Baker Book House Company
- Heil, JP 1995. Jesus as the Unique High Priest in the Gospel of John. *The Catholic Biblical Quarterly*. 57, 729-745.
- Hendriks, J 2001(a). Demographic data from the 1996 Census. In Odendal, H (ed), 16-28. .
- Hendriks, J 2001(b). Religion in South Africa: Census 1996. In Odendal, H (ed.), 29-82.
- Henning, JS 1996. Gemeentegroei en sending in die Nederduitse Gereformeerde kerk. 'n Missionêr-historiese studie. D.Th-Proefskrif: UOVS
- Heyns, JA 1975. *Teologie van die revolusie*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

Heyns, JA 1978. *Dogmatiek*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Johnstone, P 1998. *The Church is bigger than you think*. Fearn: Christian Focus Publications

Jongeneel, JAB 1986. *Missiologie 1 Zendingswetenskap*. Zoetemeer: Uitgeverij Boekencentrum.

Jongeneel, JAB 1991. *Missiologie 11 Missionaire theologie*. Zoetemeer: Uitgeverij Boekencentrum.

Jonker, WD 1977. *Christus die Middelaar*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Kane-Berman, J (ed.) 2001. *South Africa survey 2001/2002*. Johannesburg: South African Institute of Race Relations.

Karres, DJ 1969. *De gemeente en haar diakonaat*. Zoetenmeer: Boekencentrum.

Kirk, JA 1997. *The mission of theology, and theology as mission*. Valley Forge: Trinity Press International.

Knitter, PF, 1985. *No other Name?* New York: Orbis books.

König, A 1980. *Jesus die laaste*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

König, A 1983. *Heil en Heilsweg*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

König, A 1986. *Die doop as kinderdoop en grootdoop*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

König, A 1995. *Stof jou doop af*. Kaapstad: Lux Verbi.



König, A 2001. *Die helfte is my nooit oor Jesus vertel nie*. Wellington: Lux Verbi.BM.

Koole, D & Velema, W H (red.), 1991. *Zichtbare liefde van Christus*. Kampen: J.H. Kok Voorhoeve.

Kraemer, H 1938. *The Christian message in a non-christian world*. Londen: The Edinburgh House Press.

Kraemer, H 1942. *Het christelijk geloof en de moderne mensch*. S'-Gravenhage: D.A. Daamen's uitgeversmaatschappij.

Kraemer, H 1945. *De roeping der kerk*. S'-Gravenhage:D.A. Daamen's uitgeversmaatschappij.

Kraemer, H 1956. *The communication of the Christian Faith*. Philadelphia: The Westminster press.

Kraemer, H 1962. *Why Christianity of all religions?* Great Britain: Lutterworth press.

Kritzinger, JJ 1979. *'n Missionêre bediening – op weg na strukture vir 'n jong kerk*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

Kritzinger, JJ 1988. *Die onvoltooide sendingtaak in Suid-Afrika*. Pretoria: ISWEN.

Kritzinger, JJ, 1994. Die hantering van armoede. Historiese perspektiewe. Ongepubliseerde lesing gelewer by SEVTO op 26 September 1994. Universiteit van Pretoria.

Kritzinger, JJ 2001. Missionêre perspektiewe op Teologiese opleiding, *Verbum et ecclesia*. 22:1, 72-84.

Kuitse, RS 1993. Holy Spirit: Source of Messianic Mission, in Shenk, WR (red), 106-129.

Küng, H 1968. *The Church*. Wellwood:Search Press.

Lategan, B 1987. Die krisis in Galasië, in Breytenbach, C (red), 6-22.

Larken, WJ & Williams, JF (eds) 1998. *Mission in the New Testament. An evangelical approach*. Maryknoll: Orbis.

Lea, TD 1988. The priesthood of all Christians according to the New Testament, in *Southwestern Journal of theology*, 30:2, 15-21.

Louw, J P & Nida, E A 1988. *Greek-English Lexicon of the New Testament*. New York: United Bible Societies.

McConnell, CD (ed) 1997. *The Holy Spirit in Mission Dynamics*. Pasadena:William Carey Library (Evangelical Missiological Society Series nr 5).

McQuilkin, R 1997. The role of the Holy Spirit in Mission, in McConnell, CD (ed), 22-35.

Mead, L 1991. *The once and future church: Reinventing the congregation for a new mission frontier*. Washington: The Alban Institute

Meiring, P 1996. *Land van baie godsdienste*. Pretoria: Kagiso uitgewers

Müller, J & Van Deventer, W 2001. Armoede, armes en arm mense: 'n Prakties-teologiese narratiewe perspektief, in *Acta Theologica* 2001:2, 85-97.

Nacpil, EP 1998. *Jesus' strategy for social transformation*. Nashville: Abingdon Press.

Ned. Geref. Kerk, 1986. *Kerk en samelewing*.

Neil, W 1973. *The Acts of the Apostles*. The New Century Bible commentry. Grand Rapids: B.

Eerdmans.

Nel, M 1994. *Gemeentebou*. Halfweghuis: Orion uitgewers.

Newbigin, L 1969. *The Finality of Christ*. London: SCM Press.

Newbigin, L 1995. *The open secret, An introduction to the theology of mission*. Grand Rapids: B. Eerdmans.

Newman, B M, & Nida, E A, 1972. *A translator's handbook on the acts of the apostles*. New York: United Bible Societies.

Nicol, W 1984. Die betekenis van die eskatologie vir die sosiale etiek. D.Th. Proefskrif: Universiteit van Stellenbosch.

Noordegraaf, A 1991. *Oriëntatie in het diakonaat*. Zoetermeer: Uitgeverij Boekencentrum.

Odendaal, AA 1986. Gemeenskapsontwikkeling: 'n nuwe sendingprioriteit?, in Du Preez, Pauw, & Robinson (red), 190 – 196.

Odendal, H (Ed) 2001. *South African Christian Handbook*. Kaapstad: CNW Media.

Oosterhoff, BJ 1991. Diakonale kernwoorde, in Koole, D en Velema, WH (red), 47-58.

Peters, GW 1972. *A Biblical Theology of Missions*. Chicago: Moody Press.

Phan, PC 2000. Kingdom of God: a symbol for Asians? *Theology Digest*. 47:1.

Pieterse, HJC 2001. 'n Diakonale kerk. *Acta Theologica* 2001:2, 98-112.

Pretorius, EAC, 1982. Christusbeeld en Kerkmodel in die Hebreërbrief. *Theologia Evangelica*,

15:3, 3-18.

Prinsloo, WS 1982. Barmhartigheid in die Ou Testament: enkele riglyne, in Barnard, AC (Red), 1-9.

Ravens, DAS 1990. Luke 9.7-62 and the prophetic role of Jesus, *New Testament Studies*, 36, 199-129.

Reinhartz, A 1989. Jesus as Prophet: Predictive prolepses in the fourth Gospel, *Journal for the Study of the New Testament*, 36, 3-16.

Robinson, PJ 1989. Some missiological perspectives from 1 Peter 2:4-10, *Missionalia*, 17:3, 176-187.

Rossouw, PJ (red) 1990. *Die bediening van die kerk in 'n veranderende Suid-Afrika*. Bloemfontein: Pro Christo.

Saayman, WA 1986. Ware eenheid en sending hoort saam, in Du Preez, Pauw & Robinson (red), 118-125.

Schaluck, H 2000. Religious life on the threshold of the third millennium, *Theology Digest*, 47:1, 39-46. .

Scheffer, E 1990. Lyding volgens Lukas, in Vos, C & Müller, J (red), 97-108.

Schweizer, E 1992. The priesthood of all believers: 1Peter 2.1-10, in Wilkins, MJ & Paige, T (eds), 285-293.

Shank, DA 1993. Jesus the Messiah: Messianic Foundation of Mission, in Shenk, WR (ed), 37-82.

- Shelp, E E & Sunderland R H 1985. *The Pastor as Prophet*. New York: The Pilgrim Press.
- Shelp, E E & Sunderland R H 1987. *The Pastor as Priest*. New York: The Pilgrim Press.
- Shenk, WR 1993. *The Transfiguration of mission*. Scottsdale: Herald Press.
- Smit, A 1995. *Nuutgedink oor leierskap in gemeentes*. Kaapstad: Lux Verbi
- Smit, D 2001. *Wat Here is en lewend maak*. Wellington: Lux Verbi. BM.
- Smit, JH 1981. Die bediening en sending in eskatologiese perspektief, *Fax Theologica*, 11, 94-108.
- Smit, JH 1982. Diakonaat in missionêre perspektief, *Fax Theologica*, 22, 22-43.
- Smit, JH, 1988a. Die sending in die Nederduits Gereformeerde Kerk vandag, *Fax Theologica*, 8:1, 23-42.
- Smit, JH, 1988b. Verbond en missionêre bediening. *Fax Theologica*, 8:2, 54-58.
- Smit, JH, 1990. Die getuienis van Kerk en Samelewing in die normale gemeentebediening, in Rossouw, PJ (red), 73-87.
- Smit, JH, 1991. 'n Visie van God se wêreld waar die Koninkryks-evangelie bedien moet word, in 'n *Visie van die Bediening*, 48-58. UV Teologiese Studies no 5. Bloemfontein: ProChristo.
- Steenbergen, W 1991. Bijbelse achtergronden, in Koole, D & Velema, WH (red), 11-43.
- Steuernagel, VR 1986. An exiled community as a missionary community. A study based on 1 Peter 2:9,10, *Evangelical Review of Theology*, 10:1, 8-18.

Stone, BP 1996. *Compassionate ministry : Theological foundations*. Maryknoll : Orbis Books.

Strauss, PJ 2001. Kerkverband in die Ned Geref Kerk vandag, *NGTT*, 42:3&4, 395-405.

Tate, ME 1990. *Psalms 51-100*. Dallas: Word Books Publisher. (World Biblical Commentary)

Tavard, GH 1987. The Meaning of Melchizedek for Contemporary Ministry, in Shelp, EE & Sunderland, RH (ed) 64-85.

Taylor, WD (ed) 2001, *Global missiology for the 21<sup>st</sup> century*. Grand Rapids: Baker Book House.

Tieman, WAZ & Zonneberg, H 1990. *Bevrijd tot verbondenheid*. Zoetenmeer: Uitgeverij Boekencentrum.

VAM-kommissie van die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk, 2001. *Hoop in Nood. Werkboek vir gemeentelike werkgroepe*. Bloemfontein: CLF-Uitgewers.

Van der Spuy, D 1996. *Wanneer die Heilige Gees werk: die Persoon, die werking en die gawes van die Gees*. Kaapstad: Struik.

Van der Walt, BJ 1991. *Die idee van reformasie*. Studiestuk nr 41, F3. Potchefstroom: IRS (IRS=Instituut vir Reformatoriese Studies).

Van der Walt, BJ 1995. *Evangelieverkondiging en/of sosiale betrokkenheid? 'n Reformatoriese alternatief*. Potchefstroom: Studiestuk nr 325, F1.

Van der Walt, T 1962. *Die koninkryk van God – naby!* D.Th. Proefskrif: Kampen

Van der Watt, PB 1976. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652-1824*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Van der Watt, PB 1977. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1834-1866*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Van Engen, C 1996. *Mission on the way*. Grand Rapids: Baker Books.

Van Niekerk, A 1998. Postmodernisme en NG sending in die Nuwe Suid-Afrika. *NGTT* 39:4, 367-378.

Van Peski, AM 1968. The outreach of diakonia. D.Th. Proefskrif: Rijksuniversiteit Leiden.

Van Selms, A 1984. *Genesis deel 1. Het prediking van de Oude Testament*. Uitgeverij G.F. Callenbach bv-Nijkerk.

Van Well, HH 1991. Werken als diaken buiten de gemeente, in Koole, D & Velema, WH (red), 179-191.

Van Zyl, AH 1977. *Israel en sy bure*. Durban: Butterworth en Kie.

Velema, WH 1991. Diakonale roeping, in Koole, D en Velema, WH (red.), 196-221.

Venez, H, 2000. The God in Jesus parables. *Theology Digest*, 47:1, 11-14.

Venter, C 1996. *Uitkringende liefdesbetoon*. Pretoria: RGN Uitgewers.

Verkuyl, J sd. *Inleiding in de nieuwere zendingswetenschap*. Kampen: JH Kok.

Verslag van die sub-kommissie sendingdiens en diakonaat aan die ASSK vergadering 4 Maart 1998.

Verster, P 1998. Van veroordeling (Babilon) tot heil (die Nuwe Jerusalem) – kontoere vir sending in die stad. *NGTT*, 39:4, 325-333.

Visser't Hooft, W.A 1943. *Droefenis en Grootheid der kerk*. G.F Callenbach N.V. Nijkerk.

Von Rad, G 1961. *Genesis*. London: SCM Press Ltd.

Vos, CJA, 1984. Die Heilige Gees as kosmies-eskatologiese gawe – 'n Eksegetiese-Dogmatiese studie. DD-Proefskrif: Universiteit van Pretoria.

Vos, C & Müller, J (red) 1990. *God in ons lyding*. Pretoria: Orion.

Westermann, C 1981. *Hooflijnen van een theologie van het Oude Testament*. Kampen: J.H. Kok.

Westermann, C 1987. *Genesis 1-11*. Minneapolis: Augsburg Publishing House.

Wilkins, MJ & Paige, T (ed) 1992. *Worship, Theology and Ministry in the Early Church*. Journal for the study of the New Testament. Supplement Series 87.

Wilson, F & Ramphele, M (ed) 1989. *Uprooting Poverty: The South African challenge*. Kaapstad: David Philip.

Wilson, JR 1997. *Living faithfully in a fragmented world*. Valley Forge: Trinity Press.

Yates, Y 1994. *Christian mission in the twentieth century*. Cambridge: Cambridge University Press.

Yoder, JH, 1985. The Prophetic Task of Pastoral Ministry: The Gospels, in Shelp, EE & Sunderland, RH (ed) 78-98.